DR. JOHN PHILIP SE KOMS NA SUID-AFRIKA EN SY WERKSAAMHEDE TOT 1828

deur

P.H. KAPP.

Pectora roborant cultus recti

Verhandeling ingelewer ter verkryging van die graad M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1966.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD.

VOORWOORD ..... i.

1. INLEIDING ..... 1.

2. JOHN PHILIP VOOR SY KOMS NA SUID-AFRIKA ... 9.

3. DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP SE WERKSAAMHEDE IN SUID-AFRIKA TOT 1819 ..... 36.

4. DIE DEPUTASIE IN SUID-AFRIKA, 1819-1821 .... 88.

5. PHILIP EN DIE KAAPSE OWERHEID, 1819-1822.. 116.

6. PHILIP EN LORD CHARLES SOMERSET, 1822-1826 .. 176.

7. PHILIP EN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK .... 241.

8. PHILIP EN ORDONNANSIE 50 ..... 271.

9. BESLUIT ..... 321.

LITERATUUR EN BRONNE ..... 327.

Kaart van die Kaapkolonie in 1826 om sendingstasies van Londense Sendinggenootskap aan te toon teenoor bladsy 88.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD.

In die geskiedenis van Suid-Afrika is meer as een omstrede figuur - persone wat deur sekere mense gehuldig en bewonder word en deur ander veroordeel word. So iemand is dr. John Philip, die eerste superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika. Rondom sy persoon is sedert sy dood in 1851 baie verhale en beelde gebou. In die dertig jaar van sy verblyf in Suid-Afrika was hy voortdurend in die nuus en dikwels die middelpunt van heftige geskille. Na sy dood is hy nog steeds die middelpunt van heftige meningsverskille en word sy naam dikwels gebruik om totaal verskillende standpunte te verdedig.

Die twee bekende geskiedskrywers Theal en Cory het in hul werke Philip se optrede veroordeel en 'n beeld van hom geskep wat nie vleiend is nie. Die Philip-familie, wat in besit was van 'n groot versameling van sy privaat dokumente, was begerig om sy beeld in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verbeter. Met hierdie doel voor oë het J. Frederick Philip, 'n kleinseun van dr. Philip, begin werk aan 'n lywige biografie oor Philip se lewe. Prof. Cory was begerig om die Philip-dokumente vir sy navorsing te gebruik, maar dit is hom geweier omdat hy te onsimpatiek teenoor Philip was. Frederick Philip het sy poging om 'n biografie te publiseer, laat vaar, en in 1919 is die ongeordende Philip-versameling aan William Macmillan, later professor aan die Witwatersrandse Universiteit, oorhandig met die versoek dat hý 'n biografie oor Philip opstel. Die resultaat van prof. Macmillan se werk was twee boeke wat nie biografies nie maar tog wel verdedigend van aard was. In 1927 het hy <u>The Cape Colour Question</u> en in 1929 <u>Bantu, Boer and Briton</u> gepubliseer. Macmillan was van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plan om nog 'n populêre biografie oor Philip en 'n seleksie van sy manuskripte te publiseer. In 1931 is die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand, waar die Philip-dokumente gehuisves was, egter deur 'n brand in puin gelê. Dit was 'n groot ramp, want dit is nou moeilik om Philip se werksaamhede deeglik te bestudeer en om Macmillan se bewerings te kontroleer.

Daar is ernstige besware teen Macmillan se werk The Cape Colour Question in te bring. Dit is opvallend tendensieus. Die skrywer was daarop ingestel om Philip te verdedig, en baie bewerings wat deur Philip gemaak is, is op Philip se gesag aanvaar, sonder dat dit met ander bronne vergelyk is. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat alles wat deur Philip geskryf is, betroubaar was. Wanneer 'n mens met 'n omstrede figuur soos dr. Philip te doen kry, is dit egter noodsaaklik om alles wat hy gesê het, krities te ontleed en te evalueer. Na my mening het Macmillan dit nie gedoen nie en gevolglik 'n oordrewe gunstige beeld van Philip geskep. Sekere sake is voorts deur Macmillan glad te lig aangeslaan. Hy volstaan bv. met die bewering dat Philip se Researches in South Africa „some slight inaccuracies" bevat, en daarmee het hy 'n diepgaande evaluering van dié boek ontduik. Daardeur het hy die belangrikste oorsaak van Philip se ongewildheid nie na waarde geskat nie. Dit is interessant om te weet dat skrywers wat 'n nuwe waardering van Philip bepleit, deurgaans sy Researches probeer negeer. In sy boek The South African Melting Pot het Desmond Clinton hom bv. ten doel gestel om die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap te verdedig, maar hy het die Researches en die uitwerking wat dit op die koloniste gehad het, vermy. Die enigste persoon wat tot dusver ernstige aandag aan die Researches gegee het, was C.E.G. Schutte wat dit in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy M.A.-verhandeling geanaliseer het. In 1940 is hierdie verdienstelike geskrif in die Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis gepubliseer. Schutte het 'n goeie metode gevolg. Hy het Philip se bewerings in die Researches met mekaar en met ander bronne vergelyk en tot sekere belangrike gevolgtrekkings gekom. Hierdie studie was egter beperk tot één enkele faset van Philip se werksaamhede, t.w. die ontleding van die inhoud van die Researches.

In 1929 het A.H. du Preez van Wyk 'n M.A.-verhandeling, getitel Die D'Urban-Philip verhouding ingelewer. Hierdie studie was egter beperk omdat die skrywer nie van alle beskikbare gegewens gebruik kon maak nie.

Dit is ál ernstige studies wat oor dr. Philip aangepak is. Die feit dat die Philip-dokumente vernietig is, maak dit noodsaaklik vir enige student oor hierdie onderwerp om hom op die stukke van die Londense Sendinggenootskap te beroep ten einde 'n so volledig moontlike beeld van Philip te verkry. Toe ek in Londen oor hierdie onderwerp navorsingswerk gedoen het, het ek besluit om al die bronne oor Philip se werksaamhede tot aan sy doud te raadpleeg. Die resultate hiervan het my tot die gevolgtrekking gebring dat 'n mens Philip se werksaamhede in twee tydperke kan indeel. Die eerste tydperk bereik sy hoogtepunt met Philip se besoek aan Engeland in 1826-1829 en Bourke se proklamasie bekend as Ordonnansie 50.

Sy besoek aan Engeland en die verskyning van sy Researches in South Africa in 1828 was nie die hoogtepunt van sy werksaamhede in Suid-Afrika nie. In die jare na 1828 het hy steeds bedrywiger geraak met agitasies ten behoewe van die verskillende inboorlinggroepe in Suid-Afrika. Dit is onder

iv/meer .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer toe te skryf aan die feit dat sy invloed in Londen toe veel groter was en hy as 'n deskundige oor toestande in Suid-Afrika beskou is. Die eerste tydperk van Philip se verblyf in Suid-Afrika was dus eintlik die wegbereider vir sy latere werksaamhede en het die patroon vir latere ontwikkelinge gelê.

Hierdie dissertasie dek die periode tot 1828 en ek is van voorneme om dit D.V. met 'n studie oor dr. Philip se werk ná 1828 op te volg. Uit die aard van die saak kan Philip se werksaamhede nie in waterdigte kompartemente verdeel word nie. Sommige werksaamhede begin alreeds met sy aankoms in Suid-Afrika, maar word eers van belang ná 1828. Slegs sekere aspekte van sy werksaamhede word dus in hierdie verhandeling behandel. Aspekte wat nie hier bespreek word nie omdat dit méér of uitsluitlik op die tydperk ná 1828 betrekking het, sluit o.a. die volgende in: dr. Philip se opvattings i.v.m. die nie-blankes, veral die Hottentotte en Bantoes; sy verhouding tot ander sendinggenootskappe; sy werksaamhede op opvoedkundige gebied; sy administrasie van die sake van die Londense Sendinggenootskap, sy opvattings i.v.m. sendingwerk en sy kerklike werksaamhede.

In hierdie verhandeling word die aandag gevestig op Philip se strewe om sekere veranderings te weeg te bring in Suid-Afrika en die politieke stryd wat daaruit voortgevloei het. Hierdie stryd was die gevolg van Philip se strewe om die Hottentotte op gelyke voet met die blankes te plaas. Philip se houding t.o.v. die Hottentotte het in die tydperk vóór 1828 sy beslag gekry, maar omdat dit eers ná 1828 tot sy volle implikasies uitgegroei het ten gevolge van die geleenthede wat hy gekry het om dit in die praktyk toe te pas, word dit nie in hierdie verhandeling bespreek nie.

v/Dit .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is belangrik om, by wyse van inleiding, aandag te vestig op sekere kenmerke van die bronne wat geraadpleeg is. Enige dokument wat deur Philip geskryf is, moet met groot omsigtigheid gehanteer word. Philip het graag met woorde gespeel en hy het daarvan gehou om mense te beïnvloed deur feite en gegewens dramaties aan te bied. Philip het homself ook só dikwels weerspreek dat dit interpretasie bemoeilik. Hy het voorts die gewoonte gehad om vaag te skryf. Sy handskrif is ook moeilik leesbaar, terwyl sy sinsbou en spelling dikwels interpretasie bemoeilik.

Teen die einde van sy lewe het Philip hom op Hankey gaan vestig en dáár die laaste dae van sy lewe deurgebring. Hy het toe o.a. begin om sy dokumente vir sy biograaf voor te berei en het self biografiese aantekeninge gemaak. Hy was vas oortuig daarvan dat ná sy dood 'n biografie oor hom geskryf sou word. In sommige van dié stukke, soos die dokumente in die reeks L.M.S. Africa Odds B7 F5, word sy optrede derhalwe in die beste lig gestel.

Die argief van die Londense Sendinggenootskap is die belangrikste bron van inligting i.v.m. hierdie onderwerp. Die dokumente is goed geordend en maklik toeganklik. Ongelukkig is die grootste deel van die uitgaande korrespondensie na Suid-Afrika gedurende die Tweede Wêreldoorlog vernietig. Die argief van die Wesleyaanse Sendinggenootskap bevat waardevolle gegewens oor die tydperk wat in hierdie verhandeling gedek word, maar dit is nie goed geordend nie.

Om gegewens oor Philip se lewe vóór sy koms na Suid-Afrika te kry, was moeilik. Mnr. Peter Philip, 'n afstammeling van dr. Philip, is besonder geïnteresseerd in die familiegeskiedenis van die Philips en het my waardevolle inligting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in dié verband verskaf. In die Parlementsbiblioteek in Kaapstad is fragmente van 'n outobiografie van Philip gevind. Dit is moeilik leesbaar en bestaan uit 'n deurmekaar versameling van dubbelgevoude velletjies papier. Tussen sommige van die stukke kan geen verband vasgestel word nie. Tog het hierdie fragmentariese outobiografie waardevolle inligting opgelewer.

'n Laaste bron waarvan melding gemaak moet word, is die Macmillan Notes. Prof Macmillan het die aantekeninge wat hy van die Philip-dokumente gemaak het, aan die Rhodes House-biblioteek in Oxford geskenk. Dit is op enigiets van sigaretdosies tot bruin oortrekpapier gemaak. Die bruikbaarheid van hierdie stukke is beperk, maar dit help tog om sekere sake te verklaar.

Ek wil graag aan enkele persone dank betuig. In die eerste plek aan prof. dr. D.J. Kotzé wat die onderwerp aan die hand gedoen het en met sy belangstelling en besondere insig in dié onderwerp waardevolle leiding gegee het. Ook wil ek prof. dr. P.J. van der Merwe bedank, wie se voorlesings en voorbeeld as navorser vir my baie beteken het. Aan die personeel van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad, die Carnegie-biblioteek op Stellenbosch en die Parlementsbiblioteek in Kaapstad, asook die personeel van die Kaapse Argief en die Public Record Office in Londen is ek dank verskuldig vir hul vriendelikheid en hulpvaardigheid. Mej. Irene Fletcher van die Londense Sendinggenootskap verdien my besondere dank vir die wyse waarop sy my tegemoet gekom het.

Waardering word ook uitgespreek teenoor die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap vir finansiële steun in verband met hierdie tesis.

KEMPTONPARK,
30 September 1966.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

Dr. Philip se koms na Suid-Afrika was die gevolg van die geestelike herlewing wat aan die einde van die agtiende eeu in Engeland ontstaan het. In Engeland het hierdie geestelike herlewing twee duidelike stadia deurgemaak. Die eerste kan bestempel word as die Wesleyaanse of Metodistiese herlewing omdat dit die gevolg was van die opwekkingspreke van John Wesley en ander Metodiste. Die besondere kenmerk van hierdie herlewing was die emosionaliteit daarvan.

Die tweede stadium, wat bekend staan as „Evangelicalism", is vir óns doel belangriker, want hieruit het die nuwe sendingywer ontstaan. Dit het tot grootskaalse sendingwerk oorsee gelei en hierdeur is o.a. nuwe gebiede bekendgestel wat later deur Brittanje geannekseer is.[1]

'n Belangrike verskil tussen Metodisme en „Evangelicalism" was dat eersgenoemde geen belangstelling gehad het vir die mens se tydelike behoeftes nie en slegs geïnteresseerd was in die redding van siele terwyl laasgenoemde ook die tydelike welsyn van die mens beklemtoon het.

„Evangelicalism" was sterk onder die invloed van die humanisme: hulle het gedink dat die mens religieus, sedelik en goed is en dat sy religieuse neigings slegs gestimuleer of opgewek moes word. Hulle het dus vir die onbeskaafde mens wat volgens hulle die natuurlikste, en

2/dus .....

---

1 Williamson, James A.: A Short History of British Expansion, I, p. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus die mees onbedorwe was, 'n hoë agting gehad. Abraham Kuyper sê in dié verband: „Het liberalisme van het eind der vorige eeuw, weinig ingenomen met den moreelen, socialen en politieke staat van de menscheid uit dié dagen, had gemeend zijn ideaal te moet zoeken, niet in de beschaafde mens, maar in den natuurmensch wiens simpel, zwerwend bestaan werd opgeschilderd tot idylle. Daarom deed ieder zich voor als beschermer en weldoener van den inboorling, zoowel op staatkundig gebied - de deïsten met hun Aborigines Society - als op godsdienstige terrein - de Christen, met hun Missionary Societies."[2]

Die „Evangelicals" het die gedagte gepropageer dat die Britse regering 'n nuwe gesindheid moet openbaar t.o.v. die inboorlinge in sy kolonies en hul welsyn as sy plig en verantwoordelikheid moes aanvaar. Dit is grootliks deur húlle toedoen dat filantropiese organisasies, soos die „Anti-Slavery Society," „The Aborigines Protection Society" en die „African Institution" gestig is.[3]

Die nuwe sendingywer het langsaam ontwikkel. In 1776 is die „Societas Evangelica" gestig om die geestelike bearbeiding van die Engelse platteland meer doeltreffend te organiseer. Dit is deur Dissenter Kerke in die lewe geroep en het heel eerste die beginsel van samewerking tussen verskillende kerkgenootskappe in belang van die verspreiding van die Evangelie toegepas.

3/In .....

---

2 Kuyper, A.: De Crisis in Zuid-Afrika, p. 16.

3 Telford, J.: A Sect that Moved the World; en Williamson, James A.: A Short History of British Expansion, I, p. 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1787 het dr. Haweis, die rektor van Aldwinkle, twee jongmanne uitgerus vir sendingwerk in die Suidseeeilande.[4] Alhoewel hul poging om 'n sendingstasie te stig misluk het, was dit die eerste poging om sendingwerk te organiseer. Nog enkele individuele pogings is aangewend, maar nie een was 'n sukses nie.

In 1792 het die Baptiste Kerk die eerste sendinggenootskap gestig en in 1793 het daar in Londen 'n vergadering van predikante van verskillende kerkgenootskappe plaasgevind en is oorgegaan tot die stigting van 'n sendingtydskrif wat die Evangelical Magazine genoem is. Die doel daarmee was om vir sendingwerk belangstelling op te wek. Die eerste uitgawe het in Julie 1793 verskyn.

Eerw. Melville Horne se boek genaamd Letters on Missions: addressed to the Protestant Ministers of British Churches (1795) het heelwat belangstelling vir sendingwerk gewek.[5] Horne was 'n predikant in Sierra Leone en het probeer om dáár sendingwerk te doen. In sy boek is daarvoor gepleit dat kerkgenootskappe hul kragte met die oog op sendingwerk moes saamsnoer. Sy oproep het nie op dowe ore geval nie, want eerw. John Eyre van Londen het met tweeweeklikse byeenkomste vir sendingentousiaste begin.

4/Hierdie .....

---

4 Horne, C. Silvester: The Story of the London Missionary Society, 1795-1895, p. 4.

5 Lovett, Richard: The History of the London Missionary Society, 1795-1895, pp. 11-12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie byeenkomste het gelei tot 'n belangrike vergadering van agt predikante van verskillende kerkgenootskappe in Baker se koffiehuis in Cornhill op 4 November 1794.[6] Hulle het besluit om gereeld maandelikse byeenkomste te hou. Dit het op sý beurt gelei tot 'n konferensie van predikante van verskillende kerkgenootskappe wat van 22 tot 24 September 1795 in Londen gehou is. By hierdie geleentheid is „The Missionary", wat later „The London Missionary Society" genoem is, gestig. Direkteure is gekies en daar is begin met die insameling van fondse en ander voorbereidings vir sendingwerk.

Die sogenaamde grondbeginsel van die Genootskap het bepaal dat dit nie van plan was „to send Presbyterianism, Independency, Episcopacy, or any other form of Church Order and Government about which there may be difference of opinion among serious persons, but the glorious Gospel of the Blessed God, to the heathen; and it shall be left (as it ought to be left) to the minds of the persons whom God may call into the fellowship of His Son from among them to assure for themselves such form of Church Government as to them shall appear most agreeable to the Word of God."[7] Sy sendelinge sou dus nie 'n bepaalde kerkleer verkondig nie. Met verloop van tyd het

5/elke .....

---

6 Horne, C. Silvester: The Story of the London Missionary Society, 1795-1895, pp. 8-9; en Lovett, Richard: The History of the London Missionary Society, 1795-1895, pp. 13-33.

7 Goodall, Norman: The "Fundamental Principle" of the London Missionary Society, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

elke Dissenter Kerk egter sy eie genootskap gestig, sodat die Londense Sendinggenootskap al hoe meer Kongregasionalisties geword het.[8] Dit het dikwels tot jaloesie en vyandskap onder die sendelinge gelei.[9]

Die Londense Sendinggenootskap kon interkerklik wees omdat hy nie in dogmatiese probleme geïnteresseerd was nie.[10] Hy het meer belanggestel in 'n Christelike lewenswandel as in korrekte dogma.[11] By die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het hierdie gees tot uitdrukking gekom in die waarde wat geheg is aan dramatiese bekering as 'n bewys van die waarheid van die Evangelie.[12] Omdat die klem op bekering geval het, het hulle literatuur bestaan uit beskrywings van bekerings en ander persoonlike godsdienstige ervaring. Geen geskrifte is gelewer waarin hulle geloof verdedig is nie.[13]

6/Die .....

---

8 Du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa, p. 99.

9 Sien Hoofstuk 3.

10 Hanekom, T.N.: Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, p. 110.

11 Christian Magazine, April 1844, pp. 209-215.

12 Hanekom, T.N.: Helperus Ritzema van Lier, p. 172; en Philip, J.: Researches in South Africa, I, p. 243.

13 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dié benadering het daartoe gelei dat die Londense Sendinggenootskap nie veel opvoedkundige kwalifikasies van hul sendelinge verwag het nie. Die vernaamste vereiste waaraan 'n sendeling moes voldoen alvorens hy tot hul diens toegelaat is, was 'n diepgaande geloof.[14] Dr. Philip was een van die weinige sendelinge wat 'n redelike opvoedkundige agtergrond besit het en dàárom het hy by geleentheid die behoefte gevoel om die werk van die Londense Sendinggenootskap te verantwoord.

Die Londense Sendinggenootskap is 'n sprekende voorbeeld van hóé sterk „Evangelicalism" deur die humanisme beïnvloed is. Die Genootskap was oor niks meer entoesiasties as oor die opheffing van die inboorlinge nie. Prof. Hanekom noem hierdie houding filantropiese liberalisme.[15]

Die Londense Sendinggenootskap het só 'n sterk vesting van die filantropisme geword dat hy naderhand 'n middel was om Konformiste en Non-Konformiste te laat saamwerk.[16]

Omdat sy sendelinge op die voorposte gestaan het, en dus oor kennis i.v.m. die inboorlinge beskik het, het die Genootskap hom mettertyd in die geselskap van

7/vooraanstaande .....

---

14 Williams, D.: The Missionaries on the Eastern Frontier of the Cape Colony, 1799-1853, p. 35.

15 Hanekom, T.N.: Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, p. 144.

16 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooraanstaande politici, soos Wilberforce, Buxton, Macauley, dr. Lushington en James Stephen, bevind. Hierdie mense, wat aan dieselfde Anglikaanse kerk in die Londense voorstad Clapham behoort het, het as die „Clapham Sect" bekend gestaan.[17] Déúr hulle het die Londense Sendinggenootskap h politieke invloed uitgeoefen, en omdat hy hom alhoemeer met filantropiese bewegings geassosieer het, het hy dieper in die politiek gewikkel geraak.[18]

Die Genootskap het hom ook beywer vir die uitbreiding van die Britse gesag. Die Britse gesag en invloed moes die inboorlinge oor die wêreld heen bevry van onderdrukking en hulle die seën van vryheid en gelykheid besorg.[19]

Omdat die Londense Sendinggenootskap homself beskou het as wegbereiders vir die Britse gesag en invloed, het hy staatgemaak op hulp van die Britse regering en hom die reg toegeëin om hom met sy moeilikhede tot die Britse regering te wend.[20]

Hoofsaaklik deur die toedoen van die Londense Sendinggenootskap het daar in die eerste paar dekades van die neëntiende eeu groter bedrywighede en botsings

8/in .....

---

17 Halevy, E.: A History of the English People in 1815, II, pp. 380-381.

18 Van der Merwe, W.J.: The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa, p. 95.

19 Williamson, James A.: A Short History of British Expansion, I, p. 17.

20 Van der Mewer, W.J.: The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa, p. 95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Suid-Afrika plaasgevind en meer kennis oor Suid-Afrika in Europa bestaan as in die honderd-en-vyftig jaar wat sedert die stigting van die verversingspos verloop het.[21]

Geen ander sendeling van die Genootskap het 'n groter invloed op die geskiedenis van Suid-Afrika uitgeoefen nie as dr. Philip. Hy is in 1819 na Suid-Afrika gestuur. Aanvanklik sou hy slegs 'n kort tydjie hier bly om die Londense Sendinggenootskap se sake in orde te bring en dan na Engeland terugkeer. In plaas van drie jaar, het sy verblyf twee-en-dertig jaar geduur en het hy die verpersoonliking van die filantropiese strewe in Suid-Afrika geword.

9/.....

---

21 Lucas, Sir Charles: A Historical Geography of the British Colonies, IV, p. 130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2.

JOHN PHILIP VÓÓR SY KOMS NA SUID-AFRIKA.

John Philip was 'n Skot van geboorte. Hy was afkomstig uit die dorpie Kirkcaldy in die streek Fife. Die meeste Skotte met die familienaam Philip is uit hierdie streek afkomstig. Die oorspronklike naam was Philp sonder 'n tweede i, maar dr. Philip het die „i" ingevoeg. Die verandering is eers ná sy aankoms by die Kaap aangebring om dit vir sy gemeentelede makliker te maak om sy naam uit te spreek.[1]

In 1743 word die familienaam Philpe vir die eerste keer in die amptelike stukke van Skotland vermeld en wel waar verwys word na Stevin Philpe wat in Newburgh aan die Firth of Tay gewoon het. Daar was ook nog ander Philps, soos Philp van Ormiston, Philp van Almerieclose en die Philps van Fife wat by Kirkcaldy, in die suide van Skotland, gewoon het. Of hulle almal tot dieselfde familie behoort het, is nie duidelik nie.

Die eerste Philp wie se naam in die stukke van Kirkcaldy verskyn, is ene David, die seun van William Philp en Margaret Mackie. Hy is in 1625 gedoop. Nege jaar later verskyn 'n ander Philp in die rekords, t.w. John Philp, wat toe met Eupham Birrell getroud is. Hulle het minstens vier seuns en een dogter gehad. Dit is moontlik

10/dat .....

---

1 Philip, Peter Hugh: A Brief Memoir on the origin of the Philip family, p. 1.

In die notule van die Londense Sendinggenootskap, asook in die briewe wat uit die eerste jare van Philip se verblyf aan die Kaap dateer, word na hom verwys as J. Philp. Op die grafsteen wat hy in 1822 op sy ouers se graf laat oprig het, is die van Philp gegrafeer.

CARNEGIE BIBLIOTEEK
FAKULTEIT V. TEOLOGIE
U.S.
U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat hulle meer as vyf kinders gehad het, want daar is ŉ gaping in die doopregister tussen 1630 en 1638. Aangesien hierdie vyf kinders na 1638 gebore is, kon daar nog ouer kinders gewees het. John Philip se familie het blykbaar van hierdie groep Philps afgestam.

Vir die volgende aantal jare is daar weer baie gapings in die rekords, tot ons kom by James Philp wat teen ongeveer 1690 getroud is met Janet Wallace. Volgens die doopregisters het hulle twee seuns gehad, David en Alex. Van Alex is geen besonderhede bekend nie, maar David het in die skeepvaart belange verkry en in 1753 „Bailey" van Kirkcaldy geword.[2] Hoewel slegs hulle twee se name in die amptelike stukke verskyn, het James en Janet nog ŉ seun James gehad wat die grootvader van dr. Philip was.

James Philp jr. is in 1716 met Katherine Imbrie getroud. Hy was ŉ smid van beroep. Sy nasate was egter almal wewers. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat sy skoonvader Andrew Imbrie, wat van Vlaamse afkoms was waarskynlik ŉ wewer was.

James en Katherine het vier seuns gehad waarvan die oudste kort na sy geboorte oorlede is. Die tweede oudste was John wat in 1749 met Mary Dougal getroud is. Hierdie John was dr. Philip se oupa. Hy was ŉ meesterwewer wat volgens dr. Philip dertig tot veertig werkers in sy diens gehad het.[3] Toe dr. Philip twintig jaar oud was, is sy

11/oupa .....

---

2 Die „Bailey" van ŉ streek was in Skotland ŉ persoon van aansien. Die titel beteken ongeveer dieselfde as hoofmagistraat en is slegs in Skotland gebruik.

3 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oupa oorlede, terwyl sy ouma hom op dertienjarige leeftyd ontval het. Dr. Philip vertel dat sy oupa welgesteld was, maar na die dood van sy vrou het sy besigheid agteruitgegaan, totdat hy as 'n arm man oorlede is.[4]

James Philp se broerskind Robert het ryk geword uit sy wewersbesigheid. Hy het „Bailey" van Kirkcaldy geword, en nadat hy vir hom 'n eiendom aangekoop het, was hy bekend as Philp van Edenshead. By sy dood in 1828 het hy £77,000 (R144,000) nagelaat vir die onderwys van arm kinders uit sy distrik.[5] 'n Deel van hierdie rykdom sou dr. Philip toegekom het indien sy oom nie eksepsie geneem het teen sy naamsverandering nie.

Mnr. Peter Philip, 'n nasaat van dr. Philip, vertel dat John Philip se oupa nege seuns en 'n dogter gehad het. Dr. Philip self maak melding van drie seuns en een dogter „who lived to have a family".[6] Dit is moontlik dat die ander seuns oorlede is voordat hulle 'n gesin gehad het.

Die oudste van hierdie kinders was James wat op 24 Oktober 1750 gedoop is. Hy is later getroud met Elizabeth Marshall en hulle was die ouers van John Philip. Laasgenoemde se oupa aan moederskant was 'n boer en hy was familie van die Marshalls van Hilkarney wat in die graafskap Fife eiendom besit het.[7]

12/James .....

---

4 Philip, John: Fragments of an autogiography, p. 2.

5 Mnr. Peter Philip, 'n nasaat van dr. Philip, meld dat die Philip Trust nog steeds in werking is en op die oomblik universiteitsbeurse voorsien.

6 Philip, John: Fragments of an aoutobiography, p. 2.

7 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

James Philp is op 29 September 1808 oorlede. Hy is in die ou begraafplaas van Kirkcaldy begrawe. In 1822 is sy vrou oorlede en sy is langs hom begrawe. Dr. Philip het 'n grafsteen op hul graf laat plaas waarvan slegs 'n gedeelte nog leesbaar is.

John Philip is op 14 April 1775 gebore. Daar is ook ander kinders uit die huwelik gebore, t.w. James, op 17 Mei 1777; die tweelingdogters Helen en Rachel, op 30 Augustus 1779; 'n broer Thomas wat later skoolmeester in Banffshire geword het; en 'n broer Oswald van wie geen besonderhede bekend is nie. Die geboorte van die laaste twee seuns is nie geregistreer nie, omdat daar in 1790 'n belasting gehef is op die registrasie van geboortes en baie Skotte toe opgehou het om geboortes te registreer.

John se vader het ook tot die weefbedryf toegetree, maar sy twee ooms, wat jonger as sy vader was, het vervaardigers van kouse geword. Hulle was, terloops, van die eerste mense in dié gebied wat die weeftou vir die maak van kouse gebruik het. Hierdie ooms het 'n groot invloed op John Philip uitgeoefen. Toe hy ses of agt jaar oud was, was hulle nog ongetroud. Hulle was nie geleerd nie, maar hul gesprekke was van 'n ernstige aard en dr. Philip getuig dat hulle by hom 'n begrip vir die werke van bekende Engelse skrywers soos Addison, Swift, Pope, Johnson en Locke, gewek het. Daardie tydperk is gekenmerk deur baie veranderings en geestesstrominge. Die idees van mense soos Bacon, Newton, Chatham, Franklin, Washinton, Pitt, Sheridon en Bourke, het mense aan die praat gehad. In Philip se omgewing was dit juis sy ooms wat 'n belangstelling vir hulle beskouings geopenbaar het.

13/Philip .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip verklaar dat dit sy ooms se invloed was wat by hom die begeerte laat ontstaan het om te leer lees.

Philip was dus afkomstig uit 'n familie van redelike aansien. Omdat sy oupa welvarend was, het hy gesorg dat elkeen van sy seuns 'n goeie opvoeding kry en het hy ook elkeen aan 'n eie sake-onderneming gehelp. Dr. Philip se vader was wel nie ryk nie, maar redelik welvarend: hy het sy eie weefbedryf gehad waarin vyf of ses persone werksaam was. Die wewers van dié tyd was nie arm nie. A.M. Mackenzie beskryf die weefbedryf soos volg: „For some time longer the weaving of the yarn remained as a domestic industry, very highly skilled and proportionately paid. The fine weaver was the aristocrat of craftsmen with three or four times the common run of wages, he worked often not more than a four day week, and came out on Sundays brow in blue coat and brass buttons, with fine lawn ruffles and his hair in powder. The great days of hand-weaving were round about 1800, when Glasgow merchants employed 15,000 looms over a district going as far as Stirling".[8]

John Philip het nie geleentheid gehad om ver te studeer nie. Op elfjarige leeftyd moes hy in sy vader se wewery begin werk. Sy skoolopleiding was dus maar gering en Macmillan beweer dat as gevolg hiervan: „ ..... Philip shows himself very little a finished or exact scholar ... His writing, to the considerably distress of would-be

14/biographers, ...

---

8 Mackenzie, A.M.: Scotland in Modern Times, p. 101. Sien ook Macmilland W.M.: The Cape Colour Question, pp. 97-98.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

biographers, lacks the finish and precision which more severe scholastic discipline might have given".[9] In die Philip-dokumente is daar gewoonlik drie dinge wat 'n mens tref: eerstens Philip se moeilik leesbare handskrif; tweedens sy onvermoë om gedagtes helder uit te druk, en laastens sy swak spelling. Dit is juis ten gevolge van sy swak sinsbou dat die Universiteit van Aberdeen geweier het om aan hom 'n ere-doktorsgraad toe te ken.[10]

Op vyftienjarige leeftyd het Philip sterk daaraan gedink om tot die staatsdiens toe te tree en wel as klerk.[11] Later het hy na Dundee verhuis en by die Hattich Meule in diens getree.

Die vraag ontstaan nou wáárom Philip die familiesaak in Kirkcaldy verlaat het om na Dundee te gaan. Daar is geen inligting hieroor in die fragmente van sy outobiografie nie, maar dit is moontlik dat die verskuiwing in verband gestaan het met die Industriële Revolusie. Die Industriële Revolusie was toe nog in sy kinderskoene en Mackenzie wys daarop dat die handwewery teen die jaar 1800 alreeds op sy hoogtepunt was. Die tekstielbedryf is juis die eerste deur nuwe uitvindings, soos Kay se skietspoel (1733), Hargreaves se spinmasjien (1767), Cartwright se weeftou (1784) en veral James Watt se verbetering van Newcomen se stoommasjien in 1763, beïnvloed. Baie van hierdie

15/uitvindings .....

---

9 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 98.

10 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Dewar- Burder, 9 Januarie 1819.

11 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 97.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Onderwerp waaroor sy ooms dikwels gepraat het, en wat op Philip 'n onuitwisbare indruk gemaak het, was die verhaal van die „Covenanters". Dit was 'n beweging wat in 1557 begin het en tot Skotland beperk was. Die „Covenanters" was Protestante wat teen die Rooms-Katolieke Kerk en die Anglikaanse Kerk gekant was. Na die Restourasie van 1660 is hulle vyf-en-twintig jaar lank wreed vervolg. Volgens Philip het die verhale van die „Covenanters" by hom 'n haat vir onderdrukking gewek.[15]

In sy jeugjare was Philip nie teenoor die godsdiens onverskillig nie, want hy het in 'n godsdienstige huis opgegroei. Die geestelike herlewing het ook by hom die begeerte laat ontstaan na 'n diep en ernstige godsdienstige lewe. Veral tydens sy verblyf by die Flemings, wat baie godsdienstige mense was, het hy van dié probleem bewus geword. Hyself getuig daarvan soos volg: „By the affect (sic!) of education the difficulties I had to contend against and a regard to character which had a beneficial influence upon me, I had been preserved from what the world calls grave immoralities but I was still a stranger to my own heart and to the consolations of religion. My heart was full of the world, and to reconcile myself to this state of feeling, I had always delayed repentence and a return to God under the notion that I could beleif (sic!) and repent, and become a decided Christian when I pleased. My worthy friends who kept up family worship urged me to join with them and to take my turn in conducting this service. This I was obliged to decline, but

17/I .....

---

15 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I began to think that it was time for me to put my resolutions of becoming religious into practise, and which I had always postponed and I began to sit about it in good earnest, but I soon found how much I had deceived myself. When I attempted to transfer my affections from the world to God, a revulsion took place which filled me with despair. I saw what Christianity was, and instead of bringing up my heart to its standard, I pressed all my passions in arms against it".[16]

Philip was dus bekend met sy gebrek, naamlik dat die „gees van die wêreld" 'n te sterk houvas op hom gehad het en hom verhinder het om hom aan God te wy. Elke poging om tot geloofsoorgawe te kom, het in sy hart 'n opstand téén God verwek, sodat hy naderhand in so 'n toestand was, „ ....that I was for some months afraid to go to sleep, least I should awake in endless misery before the morning".[17]

In Dundee het Philip tot bekering gekom. Hy beskryf dit soos volg: „Sitting one afternoon with my back to a window, into which the sun was shining, with my heart cold and hard as a stone, it occurred to me without any recollection of any passage of scripture in which Christ was represented as a sun, that I had heard Christ compared to that luminary. I could see not gestures or profanity in the metaphor. The sun said I is a glorious body, and he gives light and warmeth, I see not beauty in the Saviour, I derive not light from him, and there is not heat proceeding from him to soften my heart. At that moment the

18/passage .....

---

16 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 7.

17 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

passage from Malachi, to them that fear my name shall the sun of rightness arise with healing under his wings etc.

„The words came to me as if I had heard them addressed to me in audible vain, and such was the forum with which my apprehensions of them was at that moment accompanied, that my head was instantly set a bleedy, and this I must say was the first time I ever realised the presence of God, and poured out my heart before him in thankfulness".[18]

Ná sy bekering het Philip aan geen spesifieke kerkgenootskap behoort nie.[19] Hy het met 'n heeltemal nuwe vriendekring kennis gemaak, want hy het 'n Sondagskoolonderwyser geword en gereeld sendingvergaderings bygewoon. In hierdie kring het Philip spoedig bekendheid verwerf. Dit het veral gebeur nadat hy by een van die sendingvergaderings 'n belangrike verandering in die prosedure teweeggering het. Dit was by sulke vergaderings die gebruik om geldelike bydraes vir die sending te ontvang. Elke bydrae is individueel ontvang, en nadat die bydrae ontvang is, is dit met water besprinkel en het 'n lang bedankingstoespraak gevolg. Dit het daartoe gelei dat sulke vergaderings lank geduur het. By een vergadering het Philip voorgestel dat al die bydraes gelyktydig ontvang moes word en dat net één bedankingstoespraak gehou moes word. Dié voorstel is aangeneem. Volgens Philip was dit die eerste keer dat hy aan 'n vergadering deelgeneem het.[20] Hy het ook eenkeer aan 'n

19/debat .....

---

18 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 9.

19 Philip, John: Fragments of an autobiography, pp. 10-11.

20 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

debat deelgeneem waarin hy die geloof téén die ongeloof moes verdedig, en ook hier het hy vir homself naam gemaak.[21] Hierdie optrede het hom onder die aandag van die kerklike publiek gebring. Hyself getuig daarvan: „I was now an object of curiosity, I got credit with the public for a greater share of abilities than I possessed, and though as yet connected with no particular denomination I was consulted, and my acquaintance sought after by the active portion of the religious people of different communities".[22]

In Skotland, soos in die res van die Britse Eilande, het die godsdienstige lewe op daardie tydstip 'n laagtepunt bereik. Een van die moeilikhede was dat die Christene in 'n groot aantal kerkgenootskappe verdeel was. Twee persone wat 'n poging aangewend het om hierdie toestand te verbeter, was die broers Robert en James Haldane.

Die Haldanes was welgestelde mense. Ná hul bekering het hulle besluit om hul rykdom aan te wend vir die verspreiding van die Evangelie. Eers wou hulle 'n sendingonderneming in die Oosté aanpak, maar toe dit misluk, het hulle hulle vir interkerklike samewerking beywer. Met hierdie doel voor oë het hulle in 1797 'n interkerklike liggaam - die „Society for the Propagation of the Gospel at Home" - in die lewe geroep. Hoewel hulle nie die stigters van die Kongregasionalisme in Skotland was nie, het hulle groot somme geld aan die oprigting van Kongregasionalistiese Kerke bestee.[23]

20/Die .....

---

21 Wardlaw, Ralph: What is Death?, p. 27; en Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, p. 54.

22 Philip, John: Fragments of an autobiography, pp. 10-11.

23 Walker, Norman L. (Red.): Religious life in Scotland: from the Reformation to the present day, pp. 151-153.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Haldanes het in die begin, ten spyte van heftige opposisie, goeie werk gedoen. Binne die geledere van die Haldanes het daar later ernstige verskille ontstaan, en hulle het weggebreek en by die Baptiste Kerk aangesluit. Ná hulle sukses het eiebelang en eersug veroorsaak dat hulle nie meer slegs vir die verkondiging van die Evangelie geywer het nie maar ook vir die verhoging van hul eie aansien.[24]

In 1797 het die Haldanes vir die eerste keer met hul nuwe gedagte na Dundee gekom. Hulle het dáár heelwat ondersteuners, ook onder predikante gewerf. Philip het hul werksaamhede met belangstelling gevolg, alhoewel hy hom nie by hulle aangesluit het nie.[25]

Philip het toe alreeds 'n taamlike rol gespeel in die kerklike lewe van Dundee. Hy was goed bevriend met eerw. Douglass van die gemeente van die „Synod of Relief" (West Port Chapel) in Dundee, en toe hierdie predikant besluit om sy verbintenis met sy gemeente te verbreek, het die gemeente hulle na Philip gewend vir hulp. Op húlle versoek het hy toe met Robert Haldane in verbinding getree en hom gevra om 'n predikant te voorsien. Laasgenoemde was begerig om dit te doen, want hy en sy broer het toe juis 'n nuwe skema geloods om hul invloed uit te brei. Hulle het jong predikante vir ses weke lank na 'n dorp of gemeente gestuur om daar te preek.

21/'n .....

---

24 Walker, Norman L. (Red.): Religious life in Scotland, from the Reformation to the present day, pp. 157-160 en p. 177; en Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 29.

25 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Jong predikant van Chatham, genaamd Slather, is toe na Dundee gestuur, en by sy eerste diens was daar só 'n groot opkoms dat selfs die paadjies in die kerk beset was. Die gemeente was besonder beïndruk met sy preek en Philip moes toe namens hulle 'n amptelike versoek tot die Haldanes rig om Slather toe te laat om die gemeente se permanente leraar te word. Robert Haldane was egter glad nie gretig om Slather aan die gemeente af te staan nie omdat hy 'n eie kerk wou oprig: hy het gevolglik die versoek geweier.

Philip het vir Slather goed leer ken. By geleentheid het hulle saam geëet en Slather het toe uitdruklik aan Philip gevra of hy dit al oorweeg het om predikant te word. Dit het vir Philip as 'n verrassing gekom omdat hy nog nooit aan hierdie moontlikheid gedink het nie. Sy antwoord was dat hy dit nog nooit oorweeg het nie omdat hy nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie. Slather het toe by Philip daarop aangedring om die saak te oorweeg en aan die hand gedoen dat Philip eerder daarvoor na Hoxton Kollege as na 'n Skotse Universiteit moes gaan.

Dié saadjie het wortel geskiet. Philip het ernstig aandag begin skenk aan die vraag of hy predikant moes word. Daar was egter heelwat probleme. Hy het weinig akademiese agtergrond gehad, hy het nie genoeg geld gehad nie, en hy het nie geweet of hy van die amp 'n sukses sou maak nie.[26]

22/Slather .....

---

26 Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson, p. 174.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slather moes baie beïndruk gewees het deur Philip se talente vir die herderlike amp. Nadat hy die eerste keer met hom hieroor gesels het, was hy 'n tyd lank in die buiteland, maar met sy terugkeer het hy met Thomas Wilson in verbinding getree en Philip onder sý aandag gebring.

Thomas Wilson was 'n gewone lidmaat wat 'n groot rol in die kerklike lewe van die Protestantse Kerke in Londen gespeel het.[27] Hy was 'n welgestelde sakeman en leier van sy gemeente. Die probleem van hóé om die Christendom oor die Britse Eilande en deur die wêreld te versprei, het baie van sy aandag in beslag geneem. Hy het hom in die besonder vir die opleiding van predikante beywer. Omdat hy welgesteld was, het hy sy sake-onderneming in 1798 laat vaar en hom voltyds aan sy kerklike werksaamhede gewy. Hy was bv. tesourier van die Hoxton Kollege, waar predikante opgelei is, en direkteur van die Londense Sendinggenootskap. Hy was trouens een van die stigters van die Genootskap.[28]

Thomas Wilson het nie net langs dié weg vir hom groot bekendheid verwerf nie, maar ook op grond van wat hy vir studente aan die Hoxton Kollege gedoen het. Hy het uit sy eie fondse jongmanne gehelp om vir predikant te studeer en het gereeld studente aan sy huis ontvang en hulle waardevolle raad gegee.[29]

23/Nadat .....

---

27 Vir sy lewensverhaal sien Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson.

28 Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson, p. 441.

29 Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson, p. 174.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat Slather vir Philip onder Wilson se aandag gebring het, het Wilson aan Philip geskryf en by hom aangedring om die sakelewe te laat vaar en vir studie na Hoxton te kom.[30] Philip was egter nog onseker en het 'n ontwykende antwoord gegee. Hy het Wilson egter versoek om hom met sy onmiddellike probleem te help, nl. om die West Port Chapel-gemeente van 'n leraar te voorsien. Wilson het dit gedoen en 'n student, genaamd Thomas Durrant van Poole, na Dundee gestuur om gedurende die herfsvakansie van 1798 dáár waar te neem.

Tydens Durrant se verblyf in Dundee het daar ongetwyfeld lang gesprekke tussen hom en Philip plaasgevind, veral oor die vraag of Philip predikant moes word. 'n Intieme en lewenslange vriendskap het tussen hulle ontstaan - soseer dat toe Philip in 1819 na Suid-Afrika moes kom, sy twee dogters in Engeland by die Durrants agtergebly het.

Thomas Durrant het Philip se twyfel uit die weg geruim, en nâ die herfsvakansie het Philip saam met hom na Hoxton teruggekeer. As gevolg van Durrant se invloed het Philip lid geword van die Kongregasionalistiese Kerk.[31] Sy geldelike probleme is deur Thomas Wilson se finansiële steun opgelos.

By sy aankoms in Londen het Philip 'n paar weke lank by Wilson tuisgegaan. Hy is daar met groot gasvryheid

24/ontvang, ...

---

30 Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson, p. 14.

31 Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, p. 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang, en dwarsdeur sy studentejare was Wilson vir hom soos 'n vader. Hy getuig self hiervan in 'n brief aan Wilson: „The few weeks which I spent in your family immediately after my arrival in London has always been recollected by me as one of the happiest circumstances in my life. The devotedness to God and to his cause, which I have witnessed in yourself and your esteemed partner in life, the advice and admonitions which I then received from you both, the condescension and tenderness which you then showed me ..... the Christian spirit with which you and Mrs. Wilson encouraged me when I was on the point of being overwhelmed, and giving up the intention of entering into the ministry, from a sense of my own deficiencies, together with all the delightful and profitable intercourse I have since had under your own roof and with the various branches of your beloved family, are still fresh in my mind, and will remain so till it is our privilege to meet in the kingdom of our heavenly Father".[32]

Slegs lede van die Anglikaanse Kerk is in daardie tyd tot die universiteite van Cambridge en Oxford toegelaat, met die gevolg dat Dissenters nie die geleentheid gehad het om in die teologie te studeer nie.[33] In 1778 is 'n „Evangelical Academy" vir die opleiding van predikante in Londen gestig. In 1791 is die kollege na Hoxton Plein verskuif, en tot 1825 was dit bekend as Hoxton

25/Kollege. .....

---

32 Uittreksel uit 'n brief van Philip gepubliseer in Wilson, Joshua: Memoir of Thomas Wilson, p. 174.

33 Bennet, James: The History of the Dissenters, pp. 131-135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kollege. Dit is daarna na Highbury Park verskuif en het toe bekend gestaan as Highbury Kollege. Van 1791 tot 1818 was ene dr. Simpson hoof van dié Kollege.[34] Dít was die inrigting waaraan Philip gestudeer het.

Philip se verblyf aan die Hoxton Kollege was nie baie gelukkig nie. Hy skryf: „I never can look back upon the time I spent in Hoxton College but with mingled emotions. The first year I spent in a state of mind almost bordering upon despair, the second in preparing and preaching sermons in the work houses in London and in Sunday Schools and small places of worship in the neighbourhood of London, and the third and last year I was chiefly occupied in preparing and preaching sermons the most part in country congregations".[35] Sy groot probleem was sy swak akademiese agtergrond. Omdat hy op elfjarige leeftyd die skool verlaat het, moes hy 'n groot agterstand inhaal. Hy was daarvan bewus dat die belangrike stap wat hy geneem het, hoë eise aan hom sou stel. Sy ernstige pogings om die agterstand in te haal, het daartoe gelei dat hy gespanne geraak het, en kort na sy toetrede tot die kollege het hy 'n senuwee-aanval gehad wat hom 'n tyd lank buite aksie geplaas het.[36] Hy was blykbaar 'n senuweelyer, want in die loop van hierdie verhandeling sal ons verneem van nóg geleenthede toe hy ernstig siek was en die meeste het voorgekom terwyl hy onder groot spanning geleef het.

26/Ten .....

---

34 Dale, A.W.W.: History of the English Congregationalism, p. 594.

35 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 15.

36 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van sy agterstand was Philip 'n ywerige student. Die klassieke, die geskiedenis, die wetenskap en die teologie het hom veral geïnteresseer.[37] Hoxton Kollege het nie hoog aangeskrewe gestaan nie omdat die akademiese peil van die kollege laag was. Sy hoofdoel was om predikante op te lei om in die dringende behoefte van die platteland te voorsien, en die studie van die letterkunde en die wetenskap was 'n bysaak, sodat die studente 'n baie oppervlakkige opleiding ontvang het. Hierdie swakheid van die kollege is deur Philip self veroordeel.[38]

Met sy preke het Philip aanvanklik nie sukses behaal nie. Hy het slegs één Sondag in Londen gepreek en is daarna na die platteland gestuur omdat dié preek nie geslaagd was nie. Philip wou sy preke te geleerd maak. Hy wou glad te veel sê en dinge wat deur almal as vanselfsprekend aanvaar is, in die vorm van beginsels uitdruk waarvoor niemand vatbaar was nie.[39] Dr. Simpson het hom baie gehelp, en na 'n lang tyd het hy wéér in die betrokke gemeente in Londen gepreek en toe só 'n gunstige indruk gemaak dat hulle gretig was om weer na hom te luister.

Philip se Skotse aksent het ook 'n nadelige uitwerking op sy prediking gehad. Tydens sy studentejare het hy nie

27./van .....

---

37 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 17; en Philip, John: Journal of a voyage to the Cape.

38 Philip, John: Fragments of an autobiography, pp. 17-18.

39 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die aksent probeer ontslae raak nie, en dit was eers nadat hy in die bediening gestaan het dat hy daaraan ernstige aandag gegee het. Sy aksent was só erg dat die mense gekla het dat hulle nie kon verstaan wat hy sê nie.[40] In sy gemeente in Newbury het ene Toamer egter gereeld vir hom lesse in die korrekte uitspraak van Engels gegee en op hierdie wyse het hy sy gebrek oorwin.

Hoewel Philip nie juis gelukkig was op kollege nie, het sy driejarige verblyf aan Hoxton tog vir hom belangrike gevolge gehad. Hy het daar bevriend geraak met mense wat later 'n belangrike rol in sy lewe gespeel het. Die eerste persoon wat in hierdie verband genoem moet word, is natuurlik Thomas Wilson. Aan die huis van George Aillison, Philip se junior dosent, het hy vir Thomas Buxton ontmoet met wie hy later in belang van die inboorlinge sou saamwerk.[41] Op Hoxton Kollege het hy ook die eerste maal vir John Campbell, met wie saam hy later na Suid-Afrika sou gaan, ontmoet.[42]

Philip het sy eerste gemeente deur die toedoen van sy vriend Thomas Durrant gekry. Durrant het sy studies vóór Philip voltooi en hom in Poole gevestig. In 1801 het hy met 'n mej. Friend, die oudste dogter van William Friend van Newbury, in die huwelik getree. Op Durrant

28/se .....

---

40 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 26; en Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 99.

41 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 19.

42 Philip, Robert: The life, times, and missionary enterprises of the Rev. John Campbell, p. 313.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se versoek moes Philip die huwelikspleqtigheid bywoon. Toe hy daar aankom, het dit egter geblyk dat Durrant gereël het dat hy nog dieselfde aand daar sou preek.

Newbury was 'n protestantse vesting met 'n Baptiste Kerk, 'n Presbiteriaanse Kerk en 'n Kongregasionalistiese Kerk. Die leraar van die laasgenoemde Kerk was eerw. John Winter, 'n man van welstand en aansien. In sý kerk moes Philip toe preek. Die gemeente was op soek na 'n assistent vir eerw. Winter en Durrant wou hulle die geleentheid gee om Philip te hoor preek sodat hulle kon besluit of hulle hom wou beroep. Philip was hiervan onbewus, en dit was dus vir hom 'n verrassing toe hy die volgende dag gevra word om na dié gemeente as assistent te kom.

Dit was tydens die Kersvakansie dat Philip hierdie beroep gekry het. Omdat hy nie die kollege vóór die middel van 1802 wou verlaat nie, het hy met die gemeente 'n ooreenkoms aangegaan dat hy voorlopig een Sondag in die maand daar sou preek. Studente van Hoxton sou op die ander Sondae help tot tyd en wyl Philip sy studies voltooi het.

Philip het twintig maande lank in die gemeente Newbury gewerk. Hy was daar baie gelukkig. Hy sê self dat sy populariteit só toegeneem het dat hy elke weeksdag vir ete genooi is en dat hy naderhand verplig was om 'n streng rotasiestelsel te volg ten einde te verhoed dat die indruk geskep word dat hy aan sekere persone voorkeur gee.[43]

29/Ten .....

---

43 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van die feit dat Philip in Newbury gelukkig was, het hy nie lank daar gebly nie, maar 'n beroep na die stedelike gemeente Aberdeen aangeneem. Die agtergrond hiervan was soos volg.

Die stigting van die Londense Sendinggenootskap het, soos alreeds gesê, tot 'n nuwe belangstelling in sendingwerk gelei en Aberdeen was een van die plekke waar daar 'n besondere belangstelling in dié verband ontstaan het. In 1796 is daar 'n sendingbeweging gestig wat nog dieselfde jaar by die Londense Sendinggenootskap aansoek gedoen het om affiliasie.[44] Onder die invloed van die beleid van die Londense Sendinggenootskap om nie aan 'n bepaalde kerkleer gebonde te wees nie, is onder leiding van manne soos George Moir en Alexander Innes, en met die hulp van dr. Bennett en dr. Bogue in September 1797 die eerste Kongregasionalistiese Kerk in Aberdeen gestig.[45] 'n Kerk is opgerig wat bekend gestaan het as die „Belmont Congregational Church", en in 1800 is die eerste voltydse leraar, ds. William Stephens, daarheen beroep.[46]

Die Haldanes het nie 'n aandeel gehad in die stigting van dié kerk nie. Op daardie tydstip het hulle nog geen kerk van hul eie in Aberdeen gehad nie. Dundee en Edinburgh was die middelpunt van hul werksaamhede.

30/Hulle .....

---

44 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book I: Notule van 12 September 1796, p. 129.

45 King, George: Brief Historical Sketch of the Congregational Church formerly in George Street, Aberdeen now in Belmont Street, p. 12; en Gammie, Alexander: The Churches of Aberdeen, p. 242.

46 In die fragmente van sy outobiografie spel Philip die van Stevens. Hierdie spelling is ontleen aan Gammie, Alexander: The Churches of Aberdeen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle het toe vir Stephens ooroehaal om hom by hulle aan te sluit, en ten spyte van vertoë deur sy gemeente het hy na Edinburgh gegaan. Aberdeen het egter skepties gestaan teenoor die Haldanes se idees en was dáárom nie bereid om daarna een van húlle predikante te ontvang nie. Op aanbeveling van ds. Cowie van Huntley het Philip toe in Julie 1803 na Aberdeen gegaan om 'n ruk lank daar te help. Nadat hy 'n paar weke lank daar behulpsaam was, is hy daarheen beroep. Omdat Philip so gelukkig was in Newbury, was dit vir hom 'n moeilike besluit. Dit is nóg verder bemoeilik deur die feit dat Newbury besluit het om sy status te verhoog na dié van mede-leraar.[47] Die twee gemeentes van Aberdeen en Newbury het egter oor die saak onderhandel en in Februarie 1804 het Philip na Aberdeen verhuis.

Philip het aanvanklik die Haldanes daarvan verdink dat hulle Stephens doelbewus uit Aberdeen weggestuur het met die doel om oor daardie kerk beheer te verkry.[48] Onderweg van Newbury na Aberdeen het Philip Edinburgh besoek en op versoek van James Haldane by hom tuis gegaan. Tydens dié verblyf het Haldane Philip probeer beweeg om nie na Aberdeen te gaan nie.[49] Toe hy sien dat Philip nie daarvoor te vinde was nie, het hy teenoor hom erken dat hy berigte oor sy karakter in Aberdeen versprei het wat hom nie tot eer strek nie. Haldane het ook erken dat hy intussen vasgestel het dat die gerugte onwaar was en

31/dat .....

---

47 Philip, John: Fragments of an autobiography, pp. 27-28.

48 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 27.

49 Philip, John: Fragments of an autobiography, pp. 29-32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat hy reëlings getref het om hulle te weerlê. Philip was geskok oor hierdie optrede van Haldane.

Die omstandighede waaronder John Philip hom in Aberdeen bevind het, was die teenoorgestelde van dié in Newbury. Hy het van die begin af met ernstige moeilikhede te kampe gehad. Die kerkvergaderings is net eenmaal per maand gehou in plaas van die gebruiklike weeklikse vergaderings en dit het altyd op 'n botsing uitgeloop. 'n Groot verskeidenheid sake is op dié vergaderings aangeroer, maar oor geeneen is finale besluite geneem nie. Die vraag of die gemeente moes staan of sit as hulle sing, is bv. twaalf maande lank bespreek voordat daaroor 'n besluit geneem is.

Philip het Haldane vir sy moeilikhede verantwoordelik gehou. Volgens hom was Haldane nog steeds van plan om die gemeente onder sý invloed te kry.[50] Haldane het ook van sy studente na Aberdeen gestuur om die „Belmont Congregational Church" te probeer verdeel. Dié studente het van huis tot huis gegaan om die mense na die Haldanes te probeer oorhaal.[51] Stephens het ook by geleentheid na Aberdeen gekom en 'n opelugdiens gehou in 'n poging om vir die Haldanes steun te werf, maar daarmee nie veel sukses behaal nie.

Die ontevredenes in die gemeente wat teen Philip gekant was, het onder leiding van Alexander Innes gestaan.

32/Hy .....

---

50 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 27.

51 Philip, John: Fragments of an autobiography, p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy was sekretaris van die gemeente, maar hy het geweier om notule te hou of om, as alternatief, die notuleboek aan iemand anders te oorhandig.[52] Die toestand het só ernstig geword dat Philip besluit het om drasties op te tree. Hy het die gemeente ontbind en verklaar dat dié wat hom ondersteun, hulle opnuut by die gemeente moes aansluit. Dit het toe geblyk dat die ontevredenes min in getal was, want van die 277 gemeentelede het 247 hulle by Philip geskaar. Van die sewe stigterslede wat nog geleef het, het vier bedank.

Al die ontevredenes het hulle by die Haldanes aangesluit en 'n nuwe kerk in Northstraat begin.[53]

Die probleem in verband met die notuleboek was egter daarmee nog nie opgelos nie. Nadat Philip die saak twee jaar lank laat sloer het, het hy in 1806 drasties opgetree. Die stelsel van notulering is afgeskaf, en as rede daarvoor is aangevoer dat dit onskriftuurlik en wêreldlik is. Hoewel almal nie hiermee saamgestem het nie, en verskeie pogings aangewend is om hom hiervan te laat afsien, het Philip in sy standpunt volhard. Dit het 'n spanning laat ontstaan en Bulloch verklaar: „.... he pressed the pastoral prerogative too far in a Congregational Church, and needlessly strained the loyalty of his flock .....".[54]

In 1809 is Philip met Jane Ross getroud. Al wat van haar bekend is, is dat sy die dogter van 'n welgestelde

33/inwoner .....

---

52 Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, p. 55.

53 Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, p.58.

54 Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, p. 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoner van Aberdeen was en dat haar vader o.a. die Unionbrug oor die Denburnrivier ontwerp het. Sy moes 'n vrou met besondere bekwaamhede gewees het, want aan die Kaap het sy die finansies van die Londense Sendinggenootskap op 'n bekwame wyse behartig.

Philip was in Aberdeen werksaam tot sy vertrek na Suid-Afrika in 1819. Hy was op daardie tydstip 'n uitstekende prediker wat die vermoë gehad het om mense te boei. Daar word vertel dat die kerk by sy afskeidspreek so vol was dat hy deur 'n venster moes klim om die preekstoel te bereik.[55] Hy het veral jongmense getrek, want hy het 'n besondere belangstelling vir die jongmense van sy gemeente getoon en veel vir hulle gedoen. Bulloch skryf in die verband soos volg: „He was a warm-hearted man, earnest and forceful; sometimes moved to strenousness when the appellant cause had his sympathy such as missionary efforts and young men's interests. In the pulpit he was not only a presence, but a living power, and it is not too much to say that he was then the most attractive and impressive preacher in Aberdeen".[56]

Eerw. David Arthur, wat ten tyde van Philip se dood predikant van die „Belmont Congregational Church" was, getuig soos volg oor Philip: „As a preacher, he had

34/perhaps .....

---

55 Gammie, Alexander: The Churches of Aberdeen, p. 243.

56 Bulloch, John: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen, pp. 58-59.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

perhaps no equal, certainly no superior, at that time in Aberdeen ..... Always pointed on faithful - never below mediocrity - frequently far above it, - he often rose to the highest degree of excellence. His pulpit eloquence, on such occasions, was not the eloquence of mere sound or action; - it was the thrilling expression of cultivated and sanctified intellect. His manner was calm, but intensely earnest. Without vehemence, or noise, or gesticulation, on which the fame of so many pulpit orators depends, he frequently spoke with a power that for the moment the most careless would feel and confess; and at other times with a patos that could melt the most hardened".[57]

John Philip was dus 'n prediker van formaat. Hy was iemand met deursettingsvermoë en wilskrag. Behalwe jongmense, het die sending ook sy besondere aandag geniet. Een van die beweegredes vir sy verskuiwing na Aberdeen was immers dat dáár belangrike sendingbedrywighede aan die gang was.[58] In Aberdeen het Philip heelwat vir die sending gedoen en verskeie lede van sy gemeente, o.a. ds. George Thom, het sendelinge geword.

Philip het sy gewig ingegooi by die „Aberdeen Missionary Society" waarvan hy later sekretaris geword het. Hy het hom veral daarop toegelê om geld in te samel

35/vir .....

---

57 Aangehaal deur Wardlaw, Ralph: What is Death?, p. 48.

58 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir sendingwerk en hiervoor het hy dikwels reise in Skotland onderneem.[59] Hy het ook sendingstudente gehelp deur aan hulle losies te verskaf.[60] Aan 'n sistematiese huisbesoek het Philip egter nie veel aandag gegee nie omdat dit volgens hom te veel tyd in beslag neem.[61]

Hoewel Philip tot by sy vertrek na die Kaap in 1819 aan Aberdeen verbonde was, het hy in die tyd minstens vier beroepe ontvang.[62] Hy het egter vir almal bedank.

Philip het deur sy pastorale werk en prediking vir hom aansien verwerf, nie slegs in Aberdeen nie, maar in die hele Skotland.[63] Om hierdie rede, en omdat hy so 'n ywerige ondersteuner van die sending was, het Philip onder die aandag van die Londense Sendinggenootskap gekom op 'n tydstip toe hulle op soek was na iemand om na Suid-Afrika te stuur.

36/HOOFSTUK 3 .....

---

59 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 5: Notule van 26 Maart 1811, p. 46.

60 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 10: Notule van 13 Oktober 1817, p. 12.

61 Wardlaw, Ralph: What is Death?, p. 49.

62 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 101.

63 Philip, Robert: The life, times, and missionary enterprises of the Rev. John Campbell, p. 514; en Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, voetnoot p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3.

DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP SE WERKSAAMHEDE IN SUID-AFRIKA TOT 1819.

Die Londense Sendinggenootskap het kort na sy stigting in die Kaap as sendingveld begin belangstel. Die rede waarom die Genootskap besluit het om aan die Kaap sendingwerk te doen, is omdat 'n Nederlander, dr. Van der Kemp, sy dienste vir die Genootskap aangebied het. Om te begryp waarom 'n Nederlander in diens van die Londense Sendinggenootskap getree het, moet die aandag gevestig word op die rol wat die Genootskap gespeel het om belangstelling vir sendingwerk in Europa op te wek.

By een van die eerste direksievergaderings van die Londense Sendinggenootskap, op 29 September 1795, is besluit dat die direkteure al die Engelse predikante en predikante van buitelandse Protestantse Kerke in Londen sou besoek om hulle in sendingwerk te interesseer en om deur hulle finansiële hulp te kry. Daar is ook besluit om 'n omsendbrief aan Protestantse Kerke in die buiteland te rig om hulle oor die stigting en werk van die Genootskap in te lig. Hierdie poging van die direksie het goeie vrugte afgewerp in Duitsland, Switserland en Nederland.[1] In Duitsland is baron August van Schirnding se belangstelling gewek en dit is as gevolg van sý kontak met die Londense Sendinggenootskap dat hy 'n belangrike aandeel gehad het in die stigting van die

37/Berlynse .....

---

1 Die nuwe belangstelling in sendingwerk wat uit hierdie optrede van die Londense Sendinggenootskap voortgespruit het, word beskryf in Fletcher, Irene: The fundamental principle of the London Missionary Society.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Berlynse Akademie, waar sendelinge opgelei sou word. Vanaf 1797 was die Londense Sendinggenootskap ook gereeld in verbinding met 'n Sendinggenootskap wat in Basel gestig is. In 1797 het, ook ten gevolge van die werk van die Genootskap, in Swede 'n Sendinggenootskap tot stand gekom.

Intussen het die omsendbrief van die Londense Sendinggenootskap in die hande van dr. Johannes Theodorus van der Kemp beland. Hy het dadelik aan hulle geskrywe en homself as sendeling aangebied. Hy was alreeds vyftig jaar oud en het 'n veelbewoë lewe gehad.[2] Hy was begaaf en het aan die universiteite van Leiden en Edinburgh in die Geneeskunde gestudeer. Voordat hy sy studie in Leiden voltooi het, het hy hom by die leër aangesluit en sestien jaar lank as offisier gedien. Hy het o.a. 'n persoonlike vriend van prins Willem van Oranje geword, maar nadat hy met hom gebots het, het hy uit die leër bedank. Hy het sy studie aan die Universiteit van Edinburgh voltooi en hom op Middelburg in Nederland as mediese praktisyn gevestig. Hy was op daardie tydstip 'n volslae ateïs. 'n Skokkende gebeurtenis het egter sy lewensloop verander. Sy vrou en kind het voor sy oë verdrink. Dit het van hom só 'n toegewyde gelowige gemaak dat hy besluit het om sy verdere lewe aan sendingwerk te wy.

Die Londense Sendinggenootskap was verheug toe hulle van Van der Kemp verneem. Hulle het hom dadelik na Londen ontbied, waar hy maande lank met die direkteure samesprekings gevoer het. Die gevolg van hierdie samesprekings was dat daar besluit is dat hy mettertyd as

38 /sendeling.....

---

2 Besonderhede oor Van der Kemp se lewe word verstrek in Martin, A.D.: Doctor Vanderkemp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sendeling na Suid-Afrika sou gaan en dat hy in Nederland 'n Sendinggenootskap in die lewe sou roep wat met die Londense Sendinggenootskap verbind sou wees.[3] Hierdie Sendinggenootskap - die Rotterdamse Sendinggenootskap - het 'n filiaal van die Londense Sendinggenootskap geword. Gedurende sy verblyf in Suid-Afrika was Van der Kemp voortdurend met die Rotterdamse Sendinggenootskap in verbinding.

Van der Kemp het egter nie alleen na Suid-Afrika gekom nie. 'n Jong landgenoot, Johannes Jacobus Kicherer, en twee Engelse sendelinge, John Edmonds en William Edwards, het hom vergesel. In Desember 1798 het hulle na Suid-Afrika vertrek.

Die Kaap die Goeie Hoop, waar die geselskap in 1799 gearriveer het, was toe juis besig om uit 'n geestelike doodsheid te ontwaak.[4] Die werk van predikante soos dii. Helperus Ritzema van Lier en M.C. Vos het veel daartoe bygedra om die peil van die godsdienstige lewe te verhoog. Van der Kemp het met hierdie predikante op 'n baie vriendelike voet verkeer.

Daar was toe heelwat politieke onrus. Die besetting van die Kaap deur Groot-Brittanje het in sekere gebiede tot oproerigheid gelei en die gevestigde koloniste het hul misnoeë te kenne gegee deur die stigting van die „republieke" Swellendam en Graaff-Reinet.

39 /Die .....

---

3 Fletcher, Irene: The fundamental principle of the London Missionary Society.

4 Hanekom, T.N.: Helperus Ritzema van Lier, p. 152.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Londense Sendinggenootskap was 'n jong organisasie met byna geen ondervinding van sendingwerk oorsee nie. Dit spreek dus vanself dat hy sou sukkel om sy voete te vind en om 'n goeie organisasie op te bou. Finansiering was ook 'n belangrike probleem. Die direkteure was van oordeel dat die land waar sendingwerk gedoen word, van die begin af 'n belangrike bydrae, finansieel en andersins moes lewer, en dat elke land eventueel finansieel self-standig moes word. Daar moes dus in elke land 'n plaaslike hulp-genootskap in die lewe geroep word wat met die Londense Sendinggenootskap geaffilieer is, maar 'n groot mate van selfstandigheid besit.

Op 22 en 23 April is derhalwe, deur die toedoen van dr. Van der Kemp en sy mede-sendelinge, die „Zuid-Afrikaansch Genootschap, ter Bevordering van de uitbreiding van Christus Ryk" gestig.[5] Sy grondwet is in Nederlands opgestel en die direksie van agt persone was almal Nederlandssprekende persone. Hulle was C.P. Slotsloo, B. Schonk, A.J. Vos, F.S. Berlinch, F.H. Jurgens, M. Pentz, J.W. Zulg en J.A. Heyse. Slegs artikel 14 het verwys na die verhouding met die Londense Sendinggenootskap en die Rotterdamse Sendinggenootskap. Daarvolgens sou dié twee organisasies in kennis gestel word van die stigting van die Suid-Afrikaanse Genootskap „ ..... met Aanbieding en Verzoek van Onderlinge Bystand ter Bereiking van het Algemeen oogmerk." Hoewel die grondwet geen

40 /verdere .....

---

5 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B1F1JD: Dokument getitel: Ontwerp van't Zuid-Afrikaansch Genootschap ter Bevordering van de Uitbreiding van Christus Ryk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verdere omskrywing van die verhouding tussen dié Genootskappe bevat nie, het dit later geblyk dat die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap sou bydra tot die werk van die Londense Genootskap, maar ook onafhanklik sendingwerk kon onderneem.

Generaal Dundas, wat aan die hoof van die Britse administrasie aan die Kaap gestaan het, het die sendelinge vriendelik ontvang en hulle hulp en ondersteuning beloof.[6]

Nadat die Suid-Afrikaanse Genootskap gestig is, het die sendelinge met hulle werk begin. Daar is besluit om twee sendingstasies te stig. Van der Kemp en Edmonds sou na Kafferland gaan terwyl Kicherer en Edwards onder die Boesmans sou gaan arbei. Laasgenoemde twee het hulle aan die Zakrivier gevestig en hul stasie Blijde Vooruitzichts Fontein genoem.[7]

Aanvankelik was hierdie sendelinge se pogings nie voorspoedig nie. Jare lank het onrus en moeilikhede op die oosgrens dit vir Van der Kemp onmoontlik gemaak om homself behoorlik op een plek te vestig, terwyl Kicherer en Edwards hul sendingstasie binne 'n jaar verlaat het. By die aankoms van nóg vier sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in September 1800 - nl. twee Engelse, William Anderson en James Read, en twee Hollanders, Bastiaan Tromp en A.A. van der Lingen - was die sake van die Genootskap nog baie deurmekaar en ongevestig, sodat

41/hulle .....

---

6 Du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa, p. 102.

7 Du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa, p. 102.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle hulle ŉ paar maande lank met sendingwerk in die westelike deel van die Kaapkolonie moes besig hou.[8] Teen die einde van 1801 het sake egter begin vlot en was Anderson gevestig by Rietfontein, veertig myl noord van die Oranjerivier, Edwards aan die Kurumanrivier en Kicherer langs die Zakrivier. Tromp, Van der Lingen, Read en Van der Kemp was in die oostelike deel van die Kolonie werksaam, maar nog nie goed gevestig nie. Van der Kemp het gepoog om sendingwerk in Kafferland te doen, maar sy pogings het misluk. Dáárom het hy hom in die distrik Graaff-Reinet gaan vestig en dáár onder Hottentotte gewerk. Hy was begerig om ŉ eie inrigting te hê waar hy die Hottentotte kon bearbei. Hy het dus kort na sy aankoms in Graaff-Reinet by generaal Dundas aansoek gedoen vir verlof om ŉ inrigting naby Algoabaai te stig.[9] Dundas was die idee goedgesind, maar voordat hy iets kon doen, is die Kaap aan die Bataafse owerheid teruggegee. Genl. Janssens het toe aan Van der Kemp by Bethelsdorp grond gegee om daar ŉ stasie van die Rotterdamse Sendinggenootskap in te rig.

Die eerste Britse besetting was ŉ tydperk van politieke en ekonomiese onstabiliteit. Die vreemde oorheersing was vir die Hollandse koloniste, veral dié van die grensdistrikte, nie juis welkom nie. Vir die Londense Sendinggenootskap was dit ook ŉ tydperk van onstabiliteit, want alhoewel die Britse Owerheid die sending goedgesind was, kon die werk nie op dreef kom nie.[10] Die

42 /teruggawe.....

---

8 Du Plessis, J: A History of Christian Missions in South Africa, p. 106.

9 Clinton, Desmond K.: The South African Melting Pot, pp. 24-27.

10 Liebenberg, B.A.: Die Kaapse Hottentotte, 1795 - 1806.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teruggawe van die Kaap aan die Bataafse Republiek was nóg 'n terugslag vir die Londense Sendinggenootskap, want die Britse invloed waarop die Londense Sendinggenootskap staatgemaak het, is hierdeur uitgeskakel. Hoewel Janssens en De Mist verligte persone was, wat ook die filantropiese gees van dié tydperk geadem het,[11] het hulle getwyfel aan die lojaliteit van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en dáárom bv. bepaal dat die sendelinge vir geen ander owerheid as die Betaafse regering mag bid nie.[12]

Van der Kemp was 'n kampvegter vir die Hottentotte en het alreeds in 1802 klagtes oor die mishandeling van Hottentotte by die Kaapse regering ingedien.[13] As gevolg hiervan was hy ongewild onder die koloniste en is hy in 1805 deur generaal Janssens na Kaapstad ontbied om op sekere klagtes te antwoord.[14] Janssens het reeds kort na sy aankoms in Suid-Afrika getoon dat hy wantrouig staan teenoor die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en daarom bepaal dat die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap onder die gesag van die Rotterdamse Sendinggenootskap moes staan en nie onder dié van die Londense Sendinggenootskap nie.[15] Die Londense Sendinggenootskap se bande met Suid-Afrika was toe amptelik verbreek, maar in die praktyk was dit nie die geval nie.

43/In .....

---

11 Van der Merwe, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806, p. 69.

12 Liebenberg, B.A.: Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806, p. 66.

13 Sien Liebenberg, B.A.: Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806.

14 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 4: Notule van 17 Maart 1806, pp. 68-69.

15 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B3F1JA: Van der Kemp - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1804.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1806 het die Kaap weer in Britse hande gekom en dit is deur die Londense Sendingnenootskap met vreugde begroet. Terwyl hulle die verlies van menselewens, en veral Britse soldate, by die geleentheid afgekeur het - volgens hulle sou daar 700 Hollanders en 240 Engelse gesneuwel het - „yet we indulge a hope that the cause of Missions in that country may be benefitted by its reverting into British hands".[16] Gedurende hierdie tweede Britse bewind het die werk van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika gevestig geraak en het die uitbreiding daarvan, wat in die volgende halfeeu baie dele van Afrika sou bekendstel, begin.

Met die oog op 'n doeltreffende administrasie moes die Londense Sendinggenootskap die een of ander vorm van beheer daarstel. Die direkteure het gemeen dat die aangewese oplossing die aanstelling van 'n superintendent sou wees, wat aan die hoof van hul sendingwerk in elke land moes staan. Reeds vóór die vertrek van dr. Van der Kemp en sy kollegas is besluit dat hy as superintendent van die sending in Suid-Afrika sou optree.[17] Daar is egter geen skerp omlynde uiteensetting van die superintendent se pligte gegee nie. Van der Kemp was iemand wat hom op die standpunt gestel het dat daar in sendingwerk geen dwang of verheffing van persone moes wees nie,[18]

44/met .....

---

16 Evangelical Magazine, April 1806, p. 187.

17 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B1F1JD: Dokument getitel Extract from the Minutes of the Meeting of the Committee of Examination of the London Missionary Society, 18 Oktober 1797.

18 Lichtenstein, Henry: Travels in Southern Africa, I, p. 295.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die gevolg dat hy so vroeg as Mei 1799 die direkteure in kennis gestel het dat hy dit nodig vind „..... to suspend the exercise of this directorship, and to establish a perfect equality among us".[19] As rede hiervoor het hy aangevoer dat die amp van superintendent tussen die sendelinge spanning laat ontstaan. Nogtans het hy voortgegaan om 'n vorm van algemene toesig uit te oefen, want hy het nog gereeld aan die direkteure verslag gedoen oor die bewegings van sendelinge, oor die vordering van die werk en veral oor die beweerde onderdrukking van die Hottentotte deur die koloniste.

Van der Kemp het dit blykbaar as sy plig beskou om die belange van die Hottentotte te behartig. In 1802 het hy alreeds briewe oor die behandeling wat Hottentotte van koloniste ontvang, aan die Kaapse regering geskryf.[20] In 1803 het hy en James Read aan maj. Van Gilten, die kommandant van Fort Frederick, 'n lys van klagtes insake die behandeling van Hottentotte oorhandig.[21] Dit was die begin van 'n langdurige agitasie, wat uiteindelik uitgeloop het op die Swart Ommegang van 1812.[22] Die koloniste se gevoelens teen hom en ander Londense sendelinge het oor 'n tydperk van jare begin oplaai en later daartoe gelei dat die koloniste openlik vyandig geword het. Dit op sigself was genoegsame rede vir die direkteure om bekommerd te wees oor die toekoms van hul werk in Suid-Afrika.

45 /Dié .....

---

19 Transactions of the L.M.S., I, pp. 367-371.

20 Liebenberg, B.A.: Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806, p. 22.

21 Viljoen, P.J.: Barrow en die Kaapse koloniste, p. 184.

22 Philip, John: Researches in South Africa, I, pp. 117-132.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dié toestand is nog verder versleg deur die gebrek aan ŉ doeltreffende organisasie. Elke sendeling het na eie goeddunke opgetree en daar was geen eenvormige beleid, metode, dissipline of sentrale beheer nie. Die direkteure het dit besef en dáárom het hulle in Februarie 1811 besluit om dr. Van der Kemp weer te nader met die versoek dat hy as superintendent sal optree.[23] Terselfdertyd is ŉ brief aan hom gerig waarin sy mening gevra is oor hóé die finansies van die Londense Sendinggenootskap hier gereguleer moes word.

In sy antwoord het Van der Kemp aanbeveel dat ŉ senior sendeling in bevel moes wees van elke stasie.[24] Dit is opvallend dat hy nou afstand gedoen het van die beginsel dat „perfect equality amongst us" noodsaaklik is. Behalwe hierdie reëling het Van der Kemp ook aanbeveel dat in Kaapstad ŉ agent moes wees wat gelde moes ontvang en aan sendelinge beskikbaar moes stel, en wat reëlings kon tref om die sendelinge te voorsien van wat hulle verder nodig mag hê. Hy het aanbeveel dat ene Hammes, ŉ welgestelde inwoner van Kaapstad, as agent vir die Londense Sendinggenootskap aangestel word.

Om te verhoed dat daar ŉ ernstige meningsverskil tussen sendelinge ontstaan, moes daar ook ŉ algemene inspekteur wees „..... to prevent unnecessary or extravagant expenditures, and other disorders, or to

46/rectify .....

---

23 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 5: Notule van 11 Februarie 1811, p. 104.

24 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B4 F5 JA: Van der Kemp - Direkteure van die L.S.G., 25 Julie 1811.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rectify them if they shall have taken place". Hy was bereid om so 'n pos te beklee mits die direkteure die volgende voorwaardes aanvaar:

1. Die naam superintendent het vir hom heersugtig geklink en sou vir sy mede-sendelinge verfoeilik wees. Dáárom het hy die benaming inspekteur verkies.

2. In geval van sy vertrek of oorlye moes iemand as waarnemende inspekteur aangestel word tot tyd en wyl die direkteure 'n nuwe aanstelling maak.

3. Omdat daar by baie van sy mede-sendelinge 'n gees van ongebondenheid en onafhanklikheid bestaan, sou die inspekteur dit moeilik vind om as verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap op te tree. Dáárom moes hy terselfdertyd 'n buitelandse direkteur van die Genootskap wees. Van der Kemp het dus gepleit vir 'n pos met 'n redelike status en bevoegdheid.

4. Die agent moes ondergeskik wees aan die inspekteur en moes jaarliks, of wanneer hy daarvoor gevra word, aan die inspekteur 'n finansiële staat voorlê.

5. Geen geld mag deur 'n sendeling of assistentsendeling getrek word nie, maar dit moet slegs deur die agent geskied.

6. Die sendelinge, die agent en die inspekteur moes goed ingelig word oor hul taak ten opsigte van die sendingwerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie voorstelle gee vir ons goeie insig in die persoon en in die idees van dr. Van der Kemp sowel as in die toestand van die Londense sending op daardie tydstip. Waar Van der Kemp twaalf jaar tevore as superintendent bedank het omdat hy gelykheid onder die sendelinge begeer het, het hy nou met voorstelle gekom wat juis daarop gemik was om die gelykheid tussen die sendelinge te vernietig.

Hierdie voorstelle bewys ook dat daar nie ŉ gees van eensgesindheid onder die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap geheers het nie.

Hierdie voorstelle is almal deur die direkteure aanvaar. Van der Kemp is as inspekteur aangestel en Hammes as agent. Die stelsel van hoofsendelinge (ruling missionaries) is ook ingevoer.[25] Hoewel Van der Kemp nou nie meer superintendent was nie, het sy werk presies dieselfde gebly en is sy pligte omskrywe as „..... a general oversight of the affairs of every Station to exercise as a Director of the Society and its representative at the Cape such powers of control and influence as may appear requisite for the promotion of the great object in view". Hy moes die sendelinge van raad bedien; hulle moes elke ses maande verslae aan hom stuur wat hý dan weer na die direkteure moes aanstuur en geen geld kon sonder sy toestemming uitbetaal word nie. Van der Kemp het dus ŉ posisie van besondere mag en gesag beklee.

48/Intussen .....

---

25 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JA: Direkteure van die L.S.G. - Van der Kemp, Januarie 1812.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Intussen het dr. Van der Kemp, voordat hy iets van die Londense Sendinggenootskap verneem het, dié nuwe organisasievorm uiteengesit in 'n aantal regulasies wat hy aan al die sendelinge gestuur het.[26] In artikel 2 hiervan is die onafhanklikheid van elke sendeling beklemtoon. Hierdie reëling het 'n contradictio in terminis bevat, want dit het enersyds bepaal dat die onverbondenheid van die sendelinge beperk moes word, terwyl dit aan die anderkant die vryheid van die sendelinge om hul eie kerkorde en organisasie toe te pas, beklemtoon het. Dié tweeslagtigheid was die noodwendige gevolg van die interdenominasionele karakter van die Londense Sendinggenootskap. Om 'n kompromis te vind tussen konfessionele onomlyndheid en dissipline, sou nog jare lank 'n groot probleem wees.

Die direkteure het sterk gevoel oor die noodsaaklikheid van 'n superintendent en nog voordat hulle Van der Kemp se nuwe voorstelle ontvang het, het hulle weer in Augustus 1811 'n versoek tot hom gerig om dié betrekking te aanvaar. Toe die brief aan die Kaap kom, was hy egter reeds oorlede. Die mantel het op Read geval, maar die totale ongeorganiseerdheid en die baie probleme het daartoe gelei dat Read onmiddellik versoek het dat iemand uitgestuur word om dié betrekking te beklee.[27]

49/Die.....

---

26 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B4F5JC: Omsendbrief van Van der Kemp, 10 November 1811.

27 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JB: Read - Direkteure van die L.S.G., 25 Januarie 1812.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het egter vir Read aangestel as „Representative and Superintendent".[28] Hy moes na Kaapstad verhuis en aan hom is opgedra om die werk van die Genootskap hier te plaas op „an entire new footing or rather enforcing anew the Regulations already adopted".[29] Die sending moes ook finansieel onafhanklik gemaak word.

Benewens hierdie maatreël is besluit om iemand na Suid-Afrika te stuur om 'n algemene ondersoek in te stel na plaaslike toestande, om waar nodig veranderings aan te bring en aan die direkteure volledig verslag te doen. Daar is gehoop dat hierdie maatreël alle moeilikhede uit die weg sou ruim en dat die sendingwerk daarna voorspoedig sou verloop. Eerw. John Campbell, 'n predikant van Kingsland, is daartoe afgevaardig en hy het in Desember 1812 by die Kaap aangekom.

Campbell het na Suid-Afrika gekom met duidelike opdragte van die direkteure in verband met die probleme waaraan hy aandag moes skenk. Daar is egter nie gesê hoe hy dit moes oplos nie.

Een probleem waaraan Campbell aandag moes skenk, was die verhouding tussen die Londense Sendinggenootskap en die plaaslike owerheid. Die direkteure het dit as noodsaaklik beskou dat hy die Regering se goedgesindheid moes verwerf.[30] Read en Van der Kemp se klagtes oor

50/die.....

---

28 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JD: Direkteure van die L.S.G. - Read, April 1812.

29 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JD: Direkteure van die L.S.G. - Van der Kemp, April 1812.

30 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5 F1JD: Direkteure van die L.S.G. - Van der Kemp, Januarie 1812.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die mishandeling van Hottentotte het die direkteure in 'n ongemaklike posisie geplaas omdat dit die gesindheid van die Kaapse regering teenoor hulle kon laat versleg. Die opdrag om met die Kaapse regering oor sekere sake te onderhandel, was dus vir Campbell 'n moeilike saak.[31]

Campbell is egter deur die Regering vriendelik ontvang en hy het dit hoog op prys gestel. Ten einde te verhoed dat die direkteure onder die indruk mag kom dat hy besig is om voor die Regering se vriendelikheid te swig, het hy, ná 'n reeks lofuitings, dit nodig gevind om te verklaar: „..... I am fully aware that great men are apt to hold up a fair appearance while it is only appearance and that I should only be sure of their doing what I request when they have done it."[32]

Die eerste saak waaroor hy met die Regering moes onderhandel, was die kwessie van die behandeling van die Hottertotte omdat dr. Van der Kemp beklemtoon het dat die mishandeling van die Hottentotte 'n struikelblok was in die vooruitgang van sendingwerk in Suid-Afrika.[33]

Dr. Van der Kemp wou nie die besluit om sy klagtes oor die mishandeling van die Hottentotte na die Rondgaande Hof te verwys, aanvaar as die enigste wyse

51/waarop .....

---

31 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JA: Campbell - Hardcastle, 6 Januarie 1813.

32 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JA: Campbell - Hardcastle, 6 Januarie 1813.

33 Clinton, Desmond K.: The South African Melting Pot, pp. 23-24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarop opgetree kon word nie. Hy wou ook 'n artikel oor die aangeleentheid publiseer ten einde die onderdrukking van die Hottentotte onder die aandag van die Britse publiek te bring. Die direkteure het hom hierteen gewaarsku omdat dit gevaarlik kon wees indien die ondersoek nie verloop soos hy verwag nie.[34] Hoewel die artikel nie in die beoogde vorm van 'n beroep op die Britse publiek gepubliseer is nie, is 'n artikel oor beweerde moorde op Hottentotte gepubliseer. Dié artikel het vir Campbell in 'n netelige posisie geplaas.[35] Waar hy aanvanklik berig het dat die Regering hom vriendelik gesind is, het hy ná die terugkeer van die Rondgaande Hof geskryf: „..... I find the Government speaking in a much higher tone against Bethelsdorp than they ever did to me before the return of the circuit and added that they did not know (sic!) but damages might be demanded for the aspersion it brought upon the character of Lord Caledon - the Landdrost etc."[36]

Hoewel die betrekkinge tussen Campbell en die Regering gespanne geword het, het hy nog heelwat hulp uit dié oord ontvang. Hulle het aan hom verlof verleen

52/om.....

---

34 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JD: Direkteure van die L.S.G. - Van der Kemp, Januarie 1812.

35 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Campbell - Burder, 27 Januarie 1813.

36 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Campbell - Burder, 27 Januarie 1813.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om alle dokumente in verband met die sending - dus private briewe van landdroste, die Regering se briewe aan landdroste, dokumente in verband met die Kafferoorlog, ens. - na te gaan en uittreksels te maak. Dit het hom tot twee gevolgtrekkings gebring. Eerstens: „ ..... I perceive considerable moderation and fairness in the Government and an over-tenaciousness and severity of language in some of our Missionaries."[37] Tweedens: „Every paper I ask for is instantly furnished me by the Deputy Colonial Secretary - which certainly shows a consciousness in the minds of the rulers that they have acted with integrity in our business."[38]

'n Tweede saak waarvoor Campbell met die Regering moes beraadslaag, was die aansoek van die Londense Sendinggenootskap om die permanente besit van Bethelsdorp gewaarborg te kry. Die Regering se standpunt was dat soiets kragtens die Engelse wet nie moontlik was nie, veral daar die Londense Sendinggenootskap nie 'n geoktrooiëerde maatskappy is nie.[39] Hoewel Campbell heelwat onderhandelings in dié verband gevoer het, kon hy die saak nie finaal oplos nie. Die Regering het egter drie stukke grond vir nuwe sendingstasies beloof.[40]

53/Die .....

---

37 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Campbell - Burder, 27 Januarie 1813.

38 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Campbell - Burder, 27 Januarie 1813.

39 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Campbell - Burder, 27 Januarie 1813.

40 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JC: Campbell - Burder, 5 Mei 1813.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die verhouding tussen die Londense Sendinggenootskap en die „Zuid-Afrikaansch Genootschap, ter Bevordering van de uitbreiding van Christus Ryk" was nie baie goed nie. Die Suid-Afrikaanse Genootskap moes as 'n agent vir die Londense Genootskap optree. Eersgenoemde het egter in 1809 besluit om sy bande met die Londense Sendinggenootskap te verbreek „weegens de moeilikheden die zij met sommige eigensinnige en weerbarstige sendelings broeders gehad hebben en nog hebben .....".[41] Daarby was die Genootskap ook bekommerd oor die feit dat dit met die werksaamhede van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap nie goed gegaan het nie. Die Londense Sendinggenootskap het dié Genootskap se bedanking as sy agent aanvaar en was bewus daarvan dat sy invloed hierdeur 'n ernstige knou gekry het. Daarom is aan Campbell opdrag gegee om die verhouding tussen hierdie twee genootskappe deeglik te ondersoek.

Dit was nie net die algemene verhouding tussen die Londense Sendinggenootskap en die Suid-Afrikaanse Genootskap wat nie goed was nie, maar veral die finansiële verhoudings. Ons het alreeds daarop gewys dat die motief met die stigting van die plaaslike genootskap was om die finansiële laste van die Londense Genootskap te verlig. Eersgenoemde sou 'n bydrae lewer vir sendingwerk van die Londense Sendinggenootskap maar sou ook onafhanklik sendingwerk kon onderneem waartoe die Londense Sendinggenootskap weer geld sou bydra.

54/Daar .....

---

41 Lazarus, Z.J.: Die stigting en vroeë jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap, 1799-1830, pp. 103-105.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarom het hy aan die direkteure geskrywe en dit beklemtoon dat tot tyd en wyl sy maatreëls deur hulle opgehef word, hy dit vir die sendelinge in Suid-Afrika so bindend beskou asof dit deur die direkteure self uitgevaardig is.[45]

Een van die dinge wat Campbell gehinder het, was die gebrek aan eenheid by die sendelinge. Om 'n groter mate van eenheid te verkry, het hy bepaal dat daar 'n jaarlikse byeenkoms van sendelinge moes wees. Hy het ook reëlings getref vir die eerste van hierdie soort vergaderings wat vanaf 10 tot 31 Augustus 1814 onder voorsitterskap van Read op Graaff-Reinet gehou is.[46] Tydens hierdie vergadering is twee gewigtige sake aangeroer. Die eerste was Read se posisie as superintendent. Read het nl. voorgestel dat hy van sy gewone amp as sendeling onthef moes word ten einde sy volle aandag aan administratiewe sake te kan bestee.[47] Die Konferensie was egter nie bereid om dit te ondersteun nie, en Read moes gevolglik hierdie werk tesame met sy gewone sendingwerk verrig.

56/Die .....

---

45 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JC: Campbell - Burder, 5 Mei 1813.

46 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JF: Minutes of the first Conference of the Missionaries of the L.M.S. in South Africa held at Graaff-Reinet from 10th - 31st August, 1814.

47 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JF: Minutes of the first Conference of the Missionaries of the L.M.S. in South Africa held at Graaff-Reinet from 10th - 31st August, 1814.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tweede saak wat geopper is, het betrekking gehad op die sendelinge se verhouding tot die Regering. Die sendelinge het nl. die behoefte gevoel aan iemand deur middel van wie hulle vertoë tot die Regering kan rig. Anderson, sendeling te Griekwastad, het van die geleentheid gebruik gemaak om deur middel van die Konferensie vertoë tot die Regering te rig om Griekwastad te onthef van die verpligting om twintig man vir die CAPE REGIMENT te voorsien.[48]

Ná sy besoek aan Suid-Afrika het Campbell, behalwe vir die swak finansiële toestand, 'n bemoedigende prentjie van die toestande in Suid-Afrika vir die direkteure geskilder. Hy het verklaar dat hy al die klagtes teen Bethelsdorp ondersoek het en dat hulle almal vals was.[49] Ten spyte van die uitwerking wat die uitspraak van die Rondgaande Hof van 1812 in Suid-Afrika gehad het, het hy op 'n goeie voet met die Kaapse regering verkeer en kon hy afskrifte van, en uittreksels uit, alle belangrike dokumente maak. Verder het hy die direkteure verseker dat die sendelinge in Suid-Afrika almal bekwaam, gelukkig en tevrede was.[50] Hy het vas geglo dat die nuwe reëls en regulasies wat hy in werking gestel het, die sendingwerk voortaan doeltreffend sal laat funksioneer.

57 /By .....

---

48 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F4JA: Read, Anderson, Kicherer, Ullbrecht, Smit en Corner-Bird, 25 Augustus 1814.

49 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JC: Campbell - Burder, 5 Mei 1813.

50 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JD: Campbell - Burder, 30 Julie 1813.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By nadere ondersoek blyk dit egter dat die prentjie nie so bevredigend was as wat Campbell wou voorgee nie en dat nóg ernstiger moeilikhede onvermydelik was. Saam met Campbell het ds. George Thom na Suid-Afrika gekom. Hy is in 1809 deur die Londense Sendinggenootskap as sendingkandidaat aanvaar. Die daaropvolgende twee jaar was hy student aan die seminarium te Gosport.[51] Hy was bestem om in Indië te gaan sendingwerk doen, maar het later opdrag ontvang om tydelik aan die Kaap waar te neem en Campbell by te staan.

George Thom was 'n baie selfstandige waarnemer en alhoewel sy menings somtyds beïnvloed is deur sy groeiende ontevredenheid met die Londense Sendinggenootskap oor die behandeling wat hy van hulle ontvang het, was hy juis as gevolg hiervan die enigste sendeling wat die moed gehad het om vryelik te spreek en toestande te skets soos dit was. Hy het die geleentheid gehad om die toestande aan die Kaap goed te leer ken omdat hy ná die vertrek van Campbell na die binneland as agent in Kaapstad waargeneem het.[52] In sy kritiek op die toestande van sendingwerk in Suid-Afrika is hy deur ander sendelinge ondersteun.

Ook mense buite die Londense Sendinggenootskap het tot die gevolgtrekking gekom dat Campbell se besoek nie veel tot stand gebring het nie. Eerw. Barnabas Shaw

58 /van .....

---

51 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 5: Notule van 26 Junie 1809, p.12; en L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 5: Notule van 12 Februarie 1810, p. 38.

52 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Thom - Direkteure van die L.S.G., 21 Februarie 1813.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Wesleyaanse Sendinggenootskap verklaar bv. dat Campbell se besoek meer skade as goed gedoen het omdat hy aan die sendelinge beloftes gemaak het wat nooit uitgevoer is nie.[53]

Dit het gou duidelik geword dat die sendelinge 'n groot aantal griewe gehad het en dat Campbell se besoek weinig gedoen het om dit uit die weg te ruim.

Die sendelinge was in die eerste plek gegrief oor die toestande op Bethelsdorp. In 1813 het ds. Thom verskeie sendingstasies van die Londense Genootskap besoek om die werklike toedrag van sake te leer ken aangesien talle ongunstige berigte hom bereik het. Vyf maande nadat ds. Campbell geskryf het hoe gunstig toestande by Bethelsdorp lyk, skrywe Thom aan die direkteure oor die betreurenswaardige toestande dáár soos hy dit verneem het van ander sendelinge.[54] Nadat hy in Desember self die stasie besoek het, en 'n onderhoud met die sendelinge gevoer het,[55] het hy daartoe oorgegaan om éérs Campbell se briewe aan die direkteure te lees alvorens hy dit aanstuur.[56]

59 /Ter .....

---

53 W.M.M.S. South Africa B1F3: B. Shaw - Taylor, Maart 1820.

54 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JE: Thom - Hardcastle, 27 Oktober 1813.

55 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F3JA: Aantekening oor eerw. Thom se onderhoud met sendelinge op Bethelsdorp 1 en 2 Desember 1813.

56 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 30 April 1814. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ter verduideliking moet hier genoem word dat dit die taak van die agent was om alle korrespondensie van sendelinge te ontvang, dit deur te lees, en dan te besluit of hy dit netso moes aanstuur na die direkteure en of hy dit moes verwerk in h verslag of moes volstaan met enkele uittreksels. Dit was wat Thom ook met Campbell se briewe gedoen het. Nou is dit egter só dat Campbell aan Thom instruksies gegee het om sy briewe aan te stuur sonder om dit oop te maak. Dit het Thom laat vermoed dat alles nie pluis was met die briewe nie en dáárom het het hy hulle oopgemaak.[57]

Thom se oordeel oor toestande te Bethelsdorp was heeltemal anders as dié van Campbell: „It is well known to the Society and the Religious World that Dr. Vanderkemp and Mr. Read and Bethelsdorp have occupied a considerable part of the Reports and particularly that Dr. Vanderkemp has been held up almost as an Angel to the World. Had Dr. Vanderkemp and Mr. Read's character, talents and labours been represented with due prudence and moderation, the Eye of the World and particularly the eyes of this colony would not have been directed so much to Bethelsdorp. God is a God of Truth and he is jealous of his own honour and he will never sanction that which is presented beyond truth. As an intelligent

60/man .....

---

57 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 30 April 1814. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

man a cordial friend to the Society observed 'were a lawyer to be sent from London to Bethelsdorp he would perhaps be able to make out that such marks of civilization had or did exist - that a few stockings had been knitted, a few families had made soap - and that some gathered salt (not manufactured it as stated in one of the reports); but the question is if an intelligent man, an honest man, a man that wished rather to err in not stating the full truth, rather than beyond it; would have written such things, or made out from the accounts of the Missionaries what the Society have in their Reports publicly read and printed in London .....' I sincerely wish that Mr. Campbell had never written a line on the subject: he has made a bad thing worse."[58]

In die gepubliseerde jaarverslae van die Londense Sendinggenootskap word 'n mens getref deur die oordrewe gunstige prentjie wat altyd van die Genootskap se werk geskilder word. Die Londense Sendinggenootskap moes goeie resultate toon om die steun van die Britse publiek te wen en vandaar die verskynsel dat oordrewe gunstige verslae aan die publiek voorgelê is. Die verhale van wonderlike bekerings, buitengewone toegewydheid aan die kant van bekeerde Hottentotte en nooit 'n negatiewe woord oor die toestand van sake nie, was die patroon van die publikasies van die Genootskap. Ook ander sendelinge het in opstand gekom teen hierdie gebruike.[59]

61/Tweedens .....

---

58 South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 30 April 1814. Gemerk Private.

59 South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Brownlee - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1818; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Evans - Sekretaris van die L.S.G., 20 Mei 1817; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Minutes of a conversation at Bethelsdorp, 5 Junie 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens was die sendelinge, volgens Thom, gegrief oor die wyse waarop die Londense Sendinggenootskap sy sendingwerk in Suid-Afrika georganiseer het. Dié organisasie het voortgevloei uit die voorstelle wat Van der Kemp gemaak het, wat deur die direkteure goedgekeur is en wat deur Campbell in 'n ietwat gewysigde vorm finaal in werking gestel is. Die sendelinge het veral beswaar gemaak teen die amp van superintendent, maar ook teen die reëls in die algemeen omdat dit, volgens hulle, 'n heeltemal outokratiese stelsel in die lewe geroep het.

Vir die doel van hierdie bespreking moet daar duidelik onderskei word tussen die amp van superintendent en dié van agent. Jare lank was Hammes die agent van die Londense Sendinggenootskap. Hy moes wissels verdiskonteer en die boeke en ander finansiële sake behartig. Sover vasgestel kan word, was al die sendelinge ten gunste van dié amp, maar hulle wou 'n agent hê wat méér as net finansiële sake sou behartig. Hy moes veel minder magte as die superintendent hê, maar hy moes as plaasvervanger vir 'n superintendent kon optree. Dit is veral as 'n behoefte gevoel dat so 'n agent die belange van die Genootskap by die Regering moes verteenwoordig.[60] Volgens

62/ds. Thom .....

---

60 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JB: J. Ullbrecht - Direkteure van die L.S.G., 4 Augustus 1817; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F4JC: Anderson - Barker, 15 November 1814; en L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Direkteure van die L.S.G., 25 Januarie 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ds. Thom moes die agent 'n administratiewe amptenaar wees en liefs 'n gekwalifiseerde predikent, sodat hy terselfdertyd as predikent van 'n gemeente in Kaapstad kon optree.[61] Hy moes gereeld sendingstasies besoek, alle verslae en korrespondensie behartig en die sendelinge van hulp en raad bedien. Die werklike gesag moes egter by 'n konferensie van sendelinge berus, wat al om die twee jaar gehou word. Eerw. Evans was ook 'n voorstander van die gedagte dat die sendelinge as groep self die hoogste gesag moes besit.[62]

Die meeste sendelinge was gekant teen die stelsel van een persoon aan die hoof van die hele sending.[63] Dit was vir hulle in stryd met die beginsel van 'n interkerklike organisasie,[64] en ook strydig met die Nuwe Testament.[65]

63 /Hulle .....

---

61 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B6F2JE: Thom - Sekretaris van die L.S.G., 23 Desember 1815; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F2JB: Thom - Direkteure van die Londense Sendinggenootskap, 23 Februarie 1813.

62 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Evans - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 20 Mei 1817.

63 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JA: Moffat - Burder, 17 Januarie 1820; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JD: Melville - Hayward, 18 Desember 1819.

64 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Direkteure van die L.S.G., 25 Januarie 1817.

65 Manuscript Diary of John Campbell, I, pp. 108 - 110.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle was ook gekant teen die idee van 'n hoof-sendeling by elke stasie, omdat dit die een sendeling bo die ander verhef het.[66] Volgens hulle moes alle geordende sendelinge gelyk in status wees, hoewel daar 'n onderskeid gemaak moes word tussen geordende sendelinge, katkiseermeesters, ambagsmanne, ensovoorts.

Die feit dat daar 'n gebrek aan eenheid onder die sendelinge was, was by sommige sendelinge 'n bron van klagte.[67] Openlike jaloesie en vyandigheid het dikwels voorgekom. Dit was 'n gevolg van die inter-kerklike karakter van die Londense Sendinggenootskap omdat mense van verskillende agtergronde en beskouings en verskillende nasionaliteite eenvoudig bymekaar gevoeg is sonder dat oorweeg is of hulle bymekaar sal aanpas of sal saamwerk. Ds. Thom getuig hiervan soos volg: „The Society in such a space of square miles have in no other part of the world such a number of missionaries - we are composed of men from many nations - bred up to different ideas of the world - some without any education at all and others with some degree of learning. Some act very inconsistently, not to say worse in reference to the

64/great .....

---

66 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Evans - Sekretaris van die L.S.G., 20 Mei 1817; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B6F2JA: Thom - Sekretaris van die L.S.G., 23 Desember 1815; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 16 Februarie 1814; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Brownlee - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1818.

67 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JD: Melville - Hayward, 18 Desember 1819; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JB: Mev. Hamilton - Burder, 20 April 1819.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

great ordinances of the civilized and religious world - marriage and ordination. One takes upon himself to read a form of marriage and pronounces himself afterwards married - and the more bold lays aside within the limits of colonial law, all forms and acts upon the broad laws of nature. As to ordination the Directing Miss. assumes the character of a Bishop and lays his hands alone on his Brother; another less conspicious in the Missions follow his example. Necessity is the plea, and the doctrine of necessity is carried so far that neither Methodist, Independent, Presbyterian or Episcopalian; nor any Society of men can with reason justify - not to speak of the great snades of difference to Doctrine. The unique duty is to have some kind of union, order and Direction among the Missions ....."[68]

Die sendelinge was ook ontevrede met die swak behandeling wat hulle van die direkteure ontvang het. Die direkteure het selde hul briewe beantwoord en weinig aandag aan hul probleme en klagtes gegee.[69] Die salarisse was ook heeltemal ontoereikend: dit was te klein om h bestaan te maak en hulle was gevolglik verplig om h aanvullende bron van inkomste te hê. Twee ander sake

65 /waaroor .....

---

68 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Direkteure van die L.S.G., 25 Januarie 1817.

69 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Taylor - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 2 Oktober 1818; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JA: Evans - Burder, 8 Januarie 1819; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F4JC: Thom - Burder, 27 Desember 1814.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waaroor die sendelinge gegrief gevoel het, was die feit dat die direkteure geen voorsiening vir die onderhoud van hul weduwees en weeskinders gemaak het nie, en dat die Londense Sendinggenootskap nie bereid was om hul kinders na Engeland te laat gaan vir hul opvoeding nie.[70]

Die sedelike verval wat onder sendelinge van die Londense Sendinggenootskap ingetree het, was een van die ernstigste bronne van klagtes van die kant van die sendelinge self.[71] Bartlett het reeds twee jaar vantevore owerspel gepleeg; Wimmer het op Zuurbraak in ontug met 'n Hottentotvrou geleef; Read het homself aan owerspel skuldig gemaak; en Verhoogd het hom as 'n sendeling voorgedoen en 'n salaris ontvang, terwyl hy ongedoop en onbekeerd was. 'n Nie-blanke assistent te Bethelsdorp, genaamd Corner, het in ontug met 'n Hottentotvrou geleef. Behalwe hierdie individuele gevalle van onsedelikheid het eerw. Evans ook nog misbruike in verband met die sakramente, die eerbiediging van die Sondag en die algemene godsdienstige lewe te Bethelsdorp vermeld.[72]

66 /Een .....

---

70 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B4F1JB: Ullbrecht - Direkteure van die L.S.G., 19 April 1809; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Brownlee - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1818; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F1JD: Thom - Burder, 29 April 1817.

71 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JC: Minutes of the Missionary Meeting held in Cape Town from 12th - 22nd August, 1817.

72 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Evans - Sekretaris van die L.S.G., 20 Mei 1817; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F1JD: Thom - Burder, 29 April 1817; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Minutes of a conversation at Bethelsdorp on the 5th June, 1817; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JB: Mev. Hamilton - Burder, 20 April 1819; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Brownlee - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1818.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een van die nuwe aankomelinge in Suid-Afrika, Robert Moffat, het spoedig onder die indruk van die omvang van hierdie sedelike verval gekom. Hy getuig daarvan soos volg: „..... surely never was there a period when a body of Missionaries were in such a confused deplorable and awful to add degraded condition."[73] h Endjie verder in dieselfde brief sê hy: „Oh! my esteemed Father were you to witness the deeds done by your Missionaries in this country, your very soul would melt with anguish." Eerw. Evans, wat veel langer in Suid-Afrika werksaam was, spreek met net soveel teleurstelling en moedeloosheid: „If I write everything as it is now in Africa, as I was desired, I am afraid of doing injury to the Miss. cause for I am sure if the religious public in England and Wales know how things are now here, they would never support it ....."[74]

Die sendelinge van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Suid-Afrika was deeglik bewus van die moeilikhede binne die Londense Sendinggenootskap en Barnabas Shaw het van die geleentheid gebruik gemaak om die direkteure van die Wesleyaanse Genootskap se aandag te vestig op die lesse wat hulle kon leer uit die toestand van die Londense Sendinggenoctskap aan die Kaap.[75]

67/Op .....

---

73 South Africa Incoming Correspondence B7F2JB: Moffat - Sekretaris van die L.S.G., 28 Junie 1817.

74 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JA: Evans - Sekretaris van die L.S.G., 20 Mei 1817.

75 W.M.M.S. South Africa B1F3: B. Shaw - Taylor, Maart 1820; en W.M.M.S. South Africa B1F3: B. Shaw - Watson, Maart 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 23 Januarie 1817 het lord Charles Somerset alle sendelinge verbied om oor die grens te gaan om sendingwerk te doen.[76] Die belangrikste rede vir sy optrede was die feit dat sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap 'n toevlugsoord vir weggeloopte slawe geword het.[77] Volgens ds. Thom was dit veral William Anderson, van Griekwastad, teen wie klagtes van hierdie aard ingebring is.[78]

Somerset se optrede was gebaseer op inligting wat Andries Stockenström, die landdros van Graaff-Reinet, aan hom verskaf het.[79] Laasgenoemde het veral teen Anderson se sendingstasie klagtes ingebring - 'n plek wat hy dikwels besoek het. Hy het na Griekwastad verwys as „ ..... a cradle for the most serious mischief".[80]

Die tweede rede vir Somerset se verbod was die feit dat baie sendelinge 'n slegte invloed op die inboorlinge

68 /uitgeoefen .....

---

76 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 23 Januarie 1817), pp. 252-256.

77 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 23 Januarie 1817), pp. 252-256.

78 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Burder, 25 Januarie 1817.

79 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Stockenström - Bird, 14 Desember 1816), pp. 228-230.

80 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XII (Stockenström - Bird, 27 Augustus 1818), pp. 34-36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgeoefen het. Uit wat reeds gesê is oor die toestand van die Londense Sendinggenootskap, is dit duidelik dat Somerset goeie grond vir hierdie bewering gehad het. Ds. Thom gee hierin vir Somerset gelyk.[81] Nadat hy 'n rukkie lank in Suid-Afrika was, was dr. Philip ook verplig om op hierdie punt met Somerset saam te stem.[82]

Somerset het nog drie ander redes vir sy verbod aangevoer, nl. dat die Basters van Anderson se sendingstasie rondtrek en plunder; dat die sendelinge die inboorlinge van geweers voorsien; en dat die sendelinge anderkant die grens weier om die gesag en wette van die Koloniale Regering te erken.[83]

Ds. George Thom het besondere aandag aan die verhouding tussen die Londense Sendinggenootskap en die Regering gegee. Hoewel hy by meer as een geleentheid die mening uitspreek dat lord Charles Somerset die sending nie so goedgesind is soos sir John Cradock nie,[84] noem hy ook as oorsake van Somerset se optrede die opstand van die Basters op die noordwestelike grens en die feit dat „..... Dr. Vanderkempts sentiments being republican his ideas on equality etc. and that several believe some of the Brethren to have imbibed those".[85]

69/Ds. Thom .....

---

81 L.M.S, South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 30 April 1814. Gemerk Private.

82 Sien Hoofstuk 4 bladsy 98.

83 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 23 Januarie 1817), pp. 252-256.

84 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Burder, 25 Januarie 1817; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F1JD: Thom - Burder, 29 April 1817.

85 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Burder, 25 Januarie 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ds. Thom het ook bevind dat die gedurige klagtes van sendelinge oor die mishandeling van Hottentotte 'n vyandige gevoel teenoor die Londense Sendinggenootskap tot gevolg gehad het. Hy het dié optrede van sendelinge ten sterkste afgekeur en daarop gewys dat dit 'n sendinggenootskap nie tot eer strek om sulke onwaarhede te verkondig nie.[86]

Hoewel ds. Thom reeds verskeie briewe aan die direkteure geskryf het om sekere dinge in Suid-Afrika onder hulle aandag te bring, het dit geen positiewe resultate opgelewer nie. Daarom het hy in April 1817 'n lang brief aan die direkteure geskryf waarin hy al hierdie klagtes saamgevat het en 'n ernstige beroep op hulle gedoen het om op te tree. Hy het soos volg geskryf: „Gentleman Directors. I blame you for not settling the affairs of Africa before they have come to this length. Did you see and read the Note of Conversation with the Brethren at Bethelsdorp in 1813 which I put into the hands of your Deputy, with Mr. Read's answer and my replies or were they destroyed as was proficied? Have you not seen for the last three years that matters were not correct in Africa, did you not suspect a wrong direction even before I left England?" Dan noem hy al die klagtes wat reeds behandel is. Oor die verhouding tussen die Londense Sendinggenootskap, die koloniste en regering skryf hy: „Many of the Directors are Ministers of Christ, they know well that if they are opposed in their ministry, they do not set all that opposition to the enmity of men - they ask if there is not a cause in them? .....
Let by analogy this be applied to such a Christian Body

70/as .....

86 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F3JC: Thom - Burder, 30 April 1814. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as the Miss. Soc. Opposition has been subsisted for a long course of years, little brotherly love has been among the Miss. for these 5 or 6 years. Travellers have made some of the Missions the object of their remarks and ridicule. Battles are always to be thought (sic!) with Landdrosts and Governors, with Veldcornets and Secretaries. Why, why all this? Yes it is soon solved 'the enmity of the Boors those men who would shoot every Hottentot', those men who now give about 5,000 Rx D. p. ann. to support Missionaries and the Societies Agent. If five of the Colonists are hanged for rebellion an answer is allowed to this, because British Justice is to be exercised in punishing crimes of Colonists committed on the Hottentots but there are more reasons than one." Hy sluit sy pleidooi af deur te verklaar: „Believe me that dreadful will be the consequences if the chaos continues. The Christian public may be deceived by fine letters in the Magazine and the sinful practice of praising Missionaries in Sermons and reports may continue but the truth will really come out and generations unborn will consider us hypocrites."[87]

Daar het nou sterk stemme opgegaan dat die direkteure 'n deputasie na Suid-Afrika moes stuur om toestande te ondersoek.[88] Toe Thom se pogings om die direkteure te beweeg om op te tree, tevergeefs blyk te wees, het hy die inisiatief geneem en 'n vergadering van sendelinge

71/ in .....

---

87 L.M.S. Africa Odds B7F1JD (Philip Papers): Thom - Burder, 29 April 1817.

88 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JB: Mev. Hamilton - Burder, 20 April 1819; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JB: Ullbrecht - Direkteure van die L.S.G., 4 Augustus 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Kaapstad gereël. Die sendelinge sou dus die geleentheid kry om die toestand van die sending en die administrasie daarvan in oënskou te neem.[89] Die vergadering het van 12 tot 22 Augustus 1817 in Kaapstad plaasgevind en alle aspekte van die sending en alle klagtes van sendelinge is bespreek. Al die sendelinge was egter nie teenwoordig nie. Sommige was selfs sterk gekant teen so 'n vergadering omdat dit, volgens hulle, 'n onwettige byeenkoms was wat nie die goedkeuring van die direkteure weggedra het nie.[90] Die sendelinge teen wie klagtes ingebring is, was nie teenwoordig nie, hoewel Thom beweer het dat hy almal gehoor het.[91] Hoewel Barker nie met die idee van so 'n vergadering saamgestem het nie, was hy tog teenwoordig en hy was die enigste persoon wat nie teen dr. Van der Kemp se regulasies beswaar gemaak het nie.

Die sake wat by hierdie vergadering bespreek is, dek die hele terrein van die Londense Sendinggenootskap se werksaamhede in Suid-Afrika.[92] Baie tyd is gewy aan 'n bespreking van die klagtes teen sewe sendelinge t.w. Verhoogd, Wimmer, Corner, Bartlett, Read, Schmelen en Hooper. Inligting i.v.m. die betrokke sake is ingesamel en aan die direkteure gestuur.

72/Dr. Van der Kemp .....

---

89 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F1JD: Thom - Burder, 29 April 1817.

90 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JB: Barker - Burder, 9 Junie 1817; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F3JC: Mev. Smith - Campbell, 13 November 1817.

91 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JB: Thom - Burder, 11 Julie 1817.

92 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JC: Minutes of the Missionary Meeting, 12-22 Augustus 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dr. Van der Kemp se regulasies is afgekeur, en daar is besluit om by die direkteure aan te beveel dat die sendelinge uit hul eie geledere 'n komitee kies en dat hierdie komitee dan aan die hoof van die sending in Suid-Afrika moes staan. Dit moes vir 'n tydperk van twee of drie jaar gekies word en minstens een keer per jaar vergader. Een van die lede moes permanent in Kaapstad woonagtig wees. Dan moes daar ook 'n agent in Kaapstad wees wat 'n sendeling moes wees.[93]

Daar is voorts besluit om tot die direkteure vertoë te rig vir beter salarisse, beter woongeriewe, beter voorsiening vir die weduwees en wese van sendelinge, 'n skool waar al die sendelingkinders kon skoolgaan en stewige, permanente kerkgeboue. Lang besprekings is ook gewy aan sake in verband met die kerkleer, die ordening van sendelinge, die doop, die nagmaal en die voltrekking van huwelike.[94]

Sommige sendelinge het hierdie besluite as van die allergrootste belang beskou en besluit om die direkteure te probeer dwing om aan hul versoeke gehoor te gee. Daarom het Evan Evans, Leopold Marquard, Robert Moffat, Seidenfaden, Taylor en Thom verklaar dat hulle nie langer aan die Londense Sendinggenootskap verbonde wou wees

73/indien .....

---

93 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JC: Minutes of the Missionary Meeting, 12-22 Augustus 1817.

94 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JC: Minutes of the Missionary Meeting, 12-22 Augustus 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

indien Verhoogd, Wimmer, Bartlett en Reed toegelaat word om in diens van die Genootskap te bly nie. Hulle sou ook hul verbintenis met die Londense Sendinggenootskap verbreek as daar nie beter salarisse betaal word en goeie voorsiening gemaak word vir die weduwees en wese van sendelinge nie.[95]

'n Notule van die vergadering en 'n verslag deur ds. Thom is aan die direkteure gestuur. Die direkteure het twee dae gewy aan 'n bespreking van hierdie verslag en die algemene toestand van die sending in Suid-Afrika.[96]

Die direkteure het ook klagtes van lord Charles Somerset ontvang. Nadat Somerset die verbod op sendelinge anderkant die grens geplaas het, het die direkteure vertoë tot hom gerig om hierdie beperkings op te hef. Die direkteure het hom verseker dat hulle aan die wanorde onder die sendelinge ernstige aandag skenk en hoop om die saak in die reine te bring deur 'n deputasie na Suid-Afrika te stuur.[97] Omdat dit nog 'n geruime tyd sou duur voor so 'n deputasie met hul werk kon begin, het die direkteure besluit om drie Kapenaars, o.a. Beck en Kuyper, te vra om ondersoek in te stel na die beweerde oortredings van sendelinge.[98] Hierdie poging om die

74/probleme .....

---

95 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F2JC: Minutes of the Missionary Meeting, 12-22 Augustus 1817.

96 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 17 en 20 November 1817, pp. 33-45.

97 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 17 en 20 November 1817, pp. 33-45.

98 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F4JC: Thom - Burder, 8 Maart 1818.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

probleme op te los, het egter nie geslaag nie.

Die briewe van ds. George Thom is deur die direkteure na John Campbell verwys.[99] Die klagtes wat Thom in sy eerste brief geopper het oor die wanvoorstellings van Campbell, is deur laasgenoemde met groot beslistheid verwerp. Dit het die direkteure blykbaar tydelik gerusgestel. Thom se klagtes het egter voortgeduur en toe sy belangrike brief van 29 April 1817 die direkteure bereik, is dit weer na Campbell verwys vir skriftelike kommentaar. Campbell was nou minder beslis in sy verwerping van die klagtes. Hy het hom nou meer op die verdediging en regverdiging van sy optrede in Suid-Afrika toegespits en ten slotte verklaar: „ ..... from what Mr. Thom has written I have no doubt but evils, serious evils, exist in Africa, and that will become worse if not soon checked."[100] Campbell het sy eie optrede probeer verdedig deur daarop te wys dat 'n superintendent die beste vorm van beheer is, maar dat die pos moontlik jaarliks onder die plaaslike sendelinge kon roteer. Hy het Read se beweerde onsedelikheid sterk betwyfel want hy het hom goed leer ken en het geen teken van onsedelikheid by hom of enige ander sendeling aangetref nie.

Dit het egter geblyk dat die direkteure ook aan ernstige nalatigheid skuldig was. 'n Kommissie van die

75/direkteure .....

---

99 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F4JB: Campbell - Direkteure van die L.S.G., 27 September 1814.

100 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F3A: Observations of J. Campbell on a letter by Rev. G. Thom dated 29th April, 1817, 6 Augustus 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

direkteure, wat ondersoek innestel het na die kwessie van die salarisse van sendelinge, het bevind dat die klagtes van die sendelinge in Suid-Afrika in dié verband reeds vier jaar lank gereeld in briewe aan die direkteure geopper is, maar dat daaraan geen aandag gegee is nie.[101]

Ander aspekte van die sending in Suid-Afrika is vir ondersoek aan ander komitees opgedra. Dr. Van der Kemp se reëls en ander administratiewe sake, soos kerkgeboue, skole, meubels ens., is verwys na die „Southern Committee". Sake soos kerkordonnansies, dissipline, doop, huwelike, nagmaal, ens. is verwys na die „Committee of Examination", terwyl die versorging van weduwees en wese deur die „General Mission Committee" ondersoek moes word. Hierdie komitees moes by die direkteure aanbevelings doen, waarvolgens die beleid van die Genootskap neergelê kon word.

Ten opsigte van die sendelinge teen wie daar spesifieke klagtes ingebring is, het die direkteure sekere besluite geneem. Read se verbintenis met die Londense Sendinggenootskap is tydelik beëindig, maar hy sou nog steeds 'n salaris ontvang en die deputasie moes verder op die saak ingaan.[102] Die direkteure was dus nie bereid om finaal teen Read op te tree nie. Wimmer, daarenteen, is summier uit die diens van die Londense Sendinggenootskap ontslaan.[103] Omdat die klagte van

76 /immoraliteit .....

---

101 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 24 November 1817, p.46.

102 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F3J8: Burder se omsendbrief aan sendelinge in Suid-Afrika, 27 Oktober 1817; en L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 17 en 20 November 1817, pp. 35-45.

103 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 28 November 1817, p. 47.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

immoraliteit teen John Bartlett nie voldoende bewys is nie, is hy slegs tydelik gesuspendeer en die saak vir verdere aandag na die deputasie verwys.[104] Die saak teen Corner is deur die direkteure nietig verklaar omdat hy die eerste was om sy sonde te erken, omdat sy berou volgens hulle eg was, omdat hy intussen 'n behoorlike huwelik gesluit het en omdat die voorval reeds drie jaar tevore plaasgevind het.[105] Oor Schmelen se gedrag het die direkteure alleenlik hulle ontevredenheid uitgespreek.

Ten spyte van die feit dat die direkteure geluister het na die klagtes van die sendelinge, was hulle glad nie ingenome met die vergadering van 1817 nie.[106] In twee briewe, gedateer 27 Februarie en 16 April 1818, is die besluite van die direkteure aan die sendelinge meegedeel. Die maatreëls wat getref is, kon egter nie die dreigende breuk heel nie, en gedurende 1818-1819 het vier sendelinge, t.w. George Thom, Evan Evans, J. Brownlee en J. Taylor, uit die diens van die Londense Sendinggenootskap bedank.[107]

77 /Nadat .....

---

104 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 2 Desember 1817, p. 49.

105 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 2 Desember 1817, p. 49.

106 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 17 en 20 November 1817, pp. 35-45; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F4JC: Thom - Burder, 8 Maart 1818.

107 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Thom - Burder, 28 September 1818; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Taylor - Sekretaris van die L.S.G., 2 Oktober 1818; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F5JB: Brownlee - Sekretaris van die L.S.G., 1 November 1818; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JA: Evans - Burder, 8 Januarie 1819.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat die direkteure besluit het om 'n deputasie na Suid-Afrika te stuur om toestande alhier te ondersoek, was die vraag wie gestuur moes word. Die sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, eerw. George Burder, het opdrag ontvang om 'n omsendbrief uit te stuur waarin gevra word dat aanbevelings vir moontlike lede van die deputasie gemaak moes word.[108] Burder het hierdie omsendbrief ook aan John Philip gestuur met 'n kort nota daarby om te vra of hy bereid sou wees om te gaan.[109]

Philip was egter nie die enigste persoon vir wie Burder in gedagte gehad het nie. Hy het ook met eerw. William Roby van Manchester in verbinding getree oor die saak, maar hoewel Roby graag wou gaan was sy vrou nie bereid om saam te gaan nie sodat Roby dit van die hand gewys het.[110]

Op 24 Oktober 1817 het Philip aan Burder geskryf dat, nadat hy ernstig oor die saak gebid het, en dit met sy vrou bespreek het, hy besluit het om na Suid-Afrika te gaan omdat hy geglo het dat dit die wil van God is.[111]

78/Die .....

---

108 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 101.

109 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 101.

110 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B3F4JB: Roby - Burder, 28 Oktober 1817.

111 L.M.S. Africa Odds B5F1JA (Philip Papers): Philip - Burder, 24 Oktober 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het ook vir eerw. John Campbell genader om wéér na Suid-Afrika te gaan as lid van die deputasie.[112] Campbell was egter nie gretig om dit te doen nie.

Aanvanklik het die direkteure dit oorweeg om drie persone na Suid-Afrika te stuur, maar na 'n lang bespreking is besluit om net twee af te vaardig.[113] Vir Philip het dit nie saak gemaak hoeveel gestuur word nie, solank hulle mekaar net vooraf goed leer ken en 'n wedersydse vertroue in mekaar het.[114] Campbell was gekant teen 'n deputasie van drie, en het ook nie gelukkig gevoel oor die feit dat terwyl hy in 1813 alleen na Suid-Afrika gestuur is, iemand nou saam met hom gestuur word nie. Hy het moeilikheid voorsien en dáárom gesê: „ ..... Paul and Barnabas differed on such a journey - three are still more likely to differ, especially where the journey is long, tedious; irksome and sometimes perilous, which is calculated to put in motion even the most latent temper of a man like us ".[115] Die feit dat Campbell gevra is om wéér na Suid-Afrika te gaan, is veelseggend. Dit is blykbaar gedoen nie net omrede van sy ondervinding nie, maar ook omdat die

79/maatreëls .....

---

112 L.M.S. Africa Odds B5F1JA (Philip Papers): Campbell - Burder, 28 Oktober 1817.

113 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 2 Desember 1817, p. 49.

114 L.M.S. Africa Odds B5F1JA: (Philip Papers): Philip - Burder, 24 Oktober 1817.

115 L.M.S. Africa Odds B5F1JA (Philip Papers): Campbell - Burder, 25 November 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maatreëls wat hy tydens sy vorige besoek getref het, ondersoek moes word.

In Oktober 1817 was dus alreeds twee manne beskikbaar wat die direkteure na Suid-Afrika kon stuur. Daar het egter nog talle probleme opgeduik wat opgelos moes word alvorens die deputasie kon vertrek.

Philip se gemeente in Aberdeen was glad nie te vinde vir die gedagte dat hy hulle verlaat om by die Londense Sendinggenootskap in diens te tree nie. Toe hulle verneem van die Londense Sendinggenootskap se planne, het die kerkraad dadelik aan die direkteure geskryf en gevra dat hulle Philip nie moes wegneem nie en vier belangrike redes aangevoer waarom hy hulle nie moes verlaat nie:[116]

1. Sy werk in Aberdeen was volgens die kerkraad besonder geseënd en hy het veel gedoen vir godsdienstige en liefdadigheidswerk. Talle verenigings en organisasies is deur sý toedoen gestig, en die kerkraad het gevrees dat al hierdie werk ten gronde sou gaan indien hy die gemeente verlaat.

2. As gevolg van Philip se geseënde arbeid het Aberdeen een van die reservoirs geword waarvandaan sendingarbeiders getrek is. Sy vertrek sou daartoe kon lei dat veel minder mense na die sendingveld gaan.

80/3. Die .....

---

116 L.M.S. Africa Odds B5F1JA (Philip Papers): Kerkraad van Aberdeen - Direkteure van die L.S.G., 1 Desember 1817.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Die werkprogram wat vir daardie bepaalde graafskap opgestel is, en waarvolgens intensiewe evangelisasiewerk gedoen sou word waarin Philip 'n leidende aandeel sou hê, sou deur sy vertrek 'n groot terugslag ondervind. Die kerkraad se hande is in hierdie argument gesterk deurdat die predikante van die graafskap 'n ernstige beroep op Philip gedoen het om te bly.[117]

4. Laastens het die kerkraad aangevoer dat Aberdeen 'n belangrike rol speel in die interkerklike lewe van die susterkerke in die noorde, en dat verskeie van hierdie kerke gevra het dat Philip moes aanbly.

Aan die jongmense van die gemeente het Philip besondere aandag gegee en hulle was ook sterk daarteen gekant dat hy die gemeente verlaat.[118] 'n Groep jong dames het ook 'n beroep op die Londense Sendinggenootskap gedoen om hom te laat bly. Hulle het veral melding gemaak van sy „affectionate addresses .... successful labours ..... and Christian conduct".[119]

Sy gemeente se houding het Philip se keuse net moeiliker gemaak. Hy het besef dat, indien hy die gemeente verlaat, daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat

81 /die .....

---

117 L.M.S. Odds B5F1JB (Philip Papers): Philip - Burder, 4 Desember 1817.

118 L.M.S. Africa Odds B5F1JB (Philip Papers): Petisie deur jongmense van Philip se gemeente, ongedateer.

119 L.M.S. Africa Odds B5F1JB (Philip Papers): Petisie deur jong dames van Philip se gemeente, ongedateer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gemeente kan skeur. As dit later blyk dat hy nie geskik is vir die werk in Suid-Afrika nie, sou sy gewete hom oor twee mislukkings aankla.[120] Aan die ander kant het hy in die Londense Sendinggenootskap se versoek die roepstem van die Here God gesien. Sy verblyf in Aberdeen was moontlik maar 'n voorbereiding vir hierdie werk, want daar het hy 'n geleentheid gehad „ ..... of viewing human nature under its various aspects such as perhaps did not fall to the lot of one minister in a century ... that I very much questioned but that God had placed me here to be schooled for the important station to which the Directors were now calling me".[121]

Hóé moeilik die keuse was, word duidelik as ons voorts daarop let dat Philip 'n posisie van aansien beklee het. Hy was nie slegs 'n vooraanstaande kerkman in Aberdeen nie, maar ook in Skotland en Engeland as 'n geheel. Hy het 'n rooskleurige toekoms gehad. Dáárom was baie van sy vriende verwonderd toe hulle verneem dat hy bereid is om na Suid-Afrika te gaan, want hy het op daardie stadium „ ..... the most influential position which the North of Scotland could give to a minister"[122] beklee.

82/Die .....

---

120 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Philip - Direkteure van die L.S.G., 14 Januarie 1814.

121 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Philip - Direkteure van die L.S.G., 14 Januarie 1814.

122 Philip, Robert: The life, times, and missionary enterprises of the Rev. John Campbell, p. 514. Sien ook Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, voetnoot p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die besware van Aberdeen se kerkraad is deeglik deur die direkteure van die Londense Sendinggenootskap bespreek en daarna is aan dr. Waugh, een van die direkteure, opdrag gegee om met die kerkraad te onderhandel.[123]

Die gemeente van Aberdeen het 'n hele dag aan 'n bespreking van die saak gewy.[124] Daar is ook 'n spesiale biduur gehou waarvoor daar 'n buitengewoon groot opkoms was.[125] Die gevoelens het hoog geloop en die gemeente het die Londense Sendinggenootskap van troubreuk beskuldig omdat hulle die gemeente se teenkanting teen Philip se vertrek nie wou aanvaar nie.[126] Philip was hieroor baie ontevrede.[127] Die direkteure het toe besluit om geen verdere onderhandelings met die gemeente te voer nie, maar om die saak geheel en al aan Philip se beslissing oor te laat.[128]

83 /Philip .....

---

123 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 8 Desember 1817, pp. 53-54.

124 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Philip - Direkteure van die L.S.G., 14 Januarie 1818.

125 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Mathews, Taylor en Mackay, diakens van Philip se gemeente - Philip, 14 Januarie 1818.

126 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Mathews, Taylor en Mackay, diakens van Philip se gemeente - Philip, 14 Januarie 1818.

127 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 9 Februarie 1818, p. 111.

128 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 9 Februarie 1818, p. 111.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip het self begin twyfel of hy na Suid-Afrika moes gaan. In die eerste plek was hy bevrees dat hy en ds. Thom nie oor die weg sou kom nie. „I dare not question his piety, but there is something in his spirit I could wish to see altered and amended," het hy gesê.[129]

Teen Februarie 1818 het Philip nog nie finaal besluit of hy na Suid-Afrika sou gaan nie.[130] Dáárom het hy nou eerw. Alex Dewar van Avach in Rosshire vir dié betrekking aanbeveel. Philip was toe ernstig siek en hy het die direkteure in kennis gestel dat, indien hy sooedig gesond word, hy dit sou beskou as 'n teken dat hy na Suid-Afrika moes gaan,[131] maar tog daarop aangedring dat Dewar gestuur moes word.[132] Dewar is inderdaad na die „Committee of Examination" verwys. 'n Ander persoon wat deur Philip aanbeveel is, was Richard Homer van Preston.[133]

84/Die .....

---

129 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Philip - Burder, 24 Desember 1817.

130 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Philip - Hankey, 12 Februarie 1818.

131 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule 16 Februarie 1818, p. 116.

132 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 9 Februarie 1818, p. 111.

133 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 30 Maart 1818, p. 146.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die saak het toe al ŉ paar maande lank gesloer. Bewus van die dringende omstandighede, het die direkteure besluit om ŉ finale uitnodiging aan Philip en Campbell te rig. ŉ Kommissie is benoem om Philip te gaan spreek en dit onder sy aandag te bring dat dit noodsaaklik is dat hy na Suid-Afrika gaan.[134]

Philip was nou bereid om vir twee jaar te gaan, mits sy geneesheer toestem.[135] Die direkteure het gevoel dat twee jaar te kort is. Philip wou hom egter nie vir langer verbind nie en daar is besluit dat hy voorlopig vir twee jaar sou gaan en daarna self kon besluit of hy langer wou aanbly al dan nie.[136]

Sy salaris is op £200 (R400) per jaar vasgestel. Ten einde voorsiening te maak vir sy vrou en kinders, het Philip gevra dat sy lewe verseker moes word. Die Londense Sendinggenootskap was bereid om sy lewe vir £1,500 (R3,000) te verseker. Hy het egter later hiervan afgesien omdat dit vir hom na ŉ onnodige wantroue in die direkteure gelyk het.[137]

85 /Voor .....

---

134 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 18 Mei 1818, pp. 188-194.

135 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 25 Mei 1818, p. 201.

136 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 1 Julie 1818, pp. 228-230.

137 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 9 November 1818, p. 105.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voor Philip se vertrek is daar deur die toedoen van die direkteure, twee doktorsgrade aan hom toegeken. In 1819 het die Universiteit van Columbia en in September 1820 die Kollege van New Jersey (wat in 1896 Princeton Universiteit geword het) aan hom doktorsgrade toegeken.[138]

Die direkteure wou vir Philip 'n doktorsgraad verkry omdat hulle geglo het dat die Hollanders baie waarde heg aan so 'n graad. Die graad van die Universiteit van Columbia was 'n doktorsgraad in die Regte en het die Londense Sendinggenootskap £17 (R34) gekos. Vir daardie tyd was dit 'n groot bedrag.[139] Oor die ander graad is daar nie voldoende inligting beskikbaar nie, maar dit was in daardie tyd 'n gebruik om grade te koop. Philip self wou in 1835 deur bemiddeling van sy vriende van die „Commissioners for Foreign Missions" vir sy skoonseun John Fairbairn en vir prof. Rose-Innes van die „South African College" in Kaapstad doktorsgrade koop.[140]

86/Die .....

---

138 Prof. Macmillan noem slegs die toekenning van die doktorsgrade en publiseer twee briewe in dié verband. (Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 99). Pamela Ffolliott meld dat die twee grade aan Philip toegeken is op aanbeveling van iemand in Aberdeen. (Ffolliott, P.: One Titan at a time, p. 33).

139 L.M.S. Africa Odds 85F1JC (Philip Papers): Dewar - Waugh, 16 September 1818.

140 A.B.C.F.M.-argief, Harvard Universiteit: Philip - Sekretaris, 29 Oktober 1835.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het eers probeer om vir Philip 'n doktorsgraad van die Universiteit van Aberdeen te verkry, maar hy het nie aan hulle vereistes voldoen nie. Hulle het beweer dat sy grammatika te swak was. Daarna is die Universiteite van Glasgow en St. Andrews genader, maar ook sonder sukses.[141]

Dit is dus duidelik dat hierdie grade nie op grond van verdienste toegeken is nie, maar doelbewus verkry is om sy aansien in Suid-Afrika te verhoog.

Philip en sy gesin het in Oktober 1818 aan boord die Nimrod uit Aberdeen na Londen vertrek. By hul vertrek uit Aberdeen was 'n groot skare aanwesig. Ene Bisset, wat ook daar was, beskryf dié toneel soos volg: „I could hardly get a sight of the ship for the crowds that were standing on the pier; notwithstanding the multitudes that had gone away."[142]

In Londen het die Philips by Thomas Wilson tuisgegaan. Op hierdie tydstip was daar vier kinders in die familie: Mary, gebore in 1810; Elizabeth, gebore in 1812; William Enowy, gebore op 31 Julie 1814; en John Ross, gebore in 1816.[143]

87/Die .....

---

141 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Dewar - Burder, 9 Januarie 1819.

142 Aangehaal deur Ffolliott, Pamela: One titan at a time, p. 32.

143 Aan die Kaap is daar nóg drie kinders gebore t.w. Thomas Durrant in 1819, Margaret in 1825 en Wilberforce Buxton in 1830. Mary het later met eerw. George Christie en Elizabeth met John Fairbairn, redakteur van The South African Commercial Advertiser, in die huwelik getree. Margaret is jonk dood. Drie van die seuns, William, Thomas en Wilberforce het sendelinge geword. William het later op tragiese wyse by Hankey verdrink. John het een van die stigters van die Eastern Province Herald geword.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die twee dogters is in Engeland by die Durrants agtergelaat, terwyl die seuns hul ouers na Suid-Afrika vergesel het. Op 18 November 1818 het die gesin aan boord die Westmoreland uit Liverpool vertrek. 'n Storm op see het die hoofmas gebreek en hulle moes weer na die hawe van Liverpool terugkeer. Op 10 Desember 1818 het hulle weer vertrek en op 26 Februarie 1819 in Kaapstad aangekom.

Die jare 1806-1847 in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word gekenmerk deur heftige filantropiese bedrywighede. In die eeu en 'n half sedert 1652 is daar min aandag aan die verhouding tussen blank en nie-blank gegee. Reisigers het daaroor geskryf, maar in Europa het dit min aandag geniet. Soos in hierdie hoofstuk aangetoon is, het die koms van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap hieraan 'n einde gemaak. Sendelinge soos Van der Kemp en Read het slegs aan die Hottentotte se belange aandag gegee. Waar dit met ander belange in Suid-Afrika gebots het, het hulle hulle op 'n fanatieke wyse vir die belange van die Hottentotte beywer.

Van der Kemp en Read het egter nie daarin geslaag om van hul klagtes 'n imponerende agitasie te maak nie. Dit was eers toe 'n man met die persoonlikheid, deursettingsvermoë en aanleg van 'n John Philip op die toneel verskyn het dat van hierdie klagtes 'n indrukwekkende politieke agitasie gemaak is.

88/HOOFSTUK 4.....



http://scholar.sun.ac.za
Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4.

DIE DEPUTASIE IN SUID-AFRIKA, 1819-1821.

Nadat die direkteure besluit het om 'n deputasie na Suid-Afrika te stuur, het hulle ook ander stappe geneem om die toestand van hul sendingwerk in Suid-Afrika te verbeter. Een van die eerste stappe was die benoeming van 'n afvaardiging om met sir John Cradock, 'n gewese Kaapse goewerneur, en lord Bathurst, die Minister van Kolonies, samesprekings te voer oor die verbod wat Somerset op sendingwerk anderkant die grens geplaas het en die wetlike erkenning van Hottentotthuwelike wat deur 'n sendeling gesluit is.[1]

Kort hierna is 'n tweede afvaardiging na Bathurst gestuur om oor dieselfde saak te onderhandel.[2] Terselfdertyd is 'n memorandum, wat deur John Campbell opgestel is, aan Bathurst gestuur.[3] Laasgenoemde is versoek om aan sendelinge die reg te gee om óór die grens te gaan sonder om eers by die Goewerneur daartoe verlof te verkry. Daar is ook gevra dat sendelinge die reg moes ontvang om hulle bekeerlinge te doop, dat so 'n doop as wettig beskou moes word en dat sendelinge die reg moes hê om wettige huwelike te sluit.

http://scholar.sun.ac.za

89 /Bathurst .....

---

1 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 10 November 1817, p. 25.

2 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 30 November 1818, pp. 126-128.

3 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 3 November 1818, p. 96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bathurst het onderneem om opdrag te gee dat aan hierdie versoeke van die direkteure voldoen word.[4]

Terselfdertyd het die direkteure ook aan lord Charles Somerset 'n skrywe i.v.m. hierdie saak gerig.[5]

Die verslae van die komitees wat die verskillende aspekte van die sending ondersoek het, het die direksie in staat gestel om beleid te formuleer. Die direkteure het die beginsel dat die weduwees en wese van sendelinge op bystand van die Londense Sendinggenootskap geregtig is, aanvaar. Daar is besluit dat by die dood van 'n sendeling sy vrou in diens van die Genootskap bly en vergoed moes word. Indien sy verkies om na Europa terug te keer, dan moes die Londense Sendinggenootskap haar passaat betaal. Sendelinge wat te oud geword het om te werk, sou geregtig wees op bystand.[6]

http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het ook baie tyd gewy aan die bespreking van nuwe regulasies. Hierdie nuwe regulasies is uiteindelik op 19 Oktober 1818 finaal bekragtig.[7]

Dié regulasies het bepaal dat die persoon wat aan die hoof van die Genootskap se sending in Suid-Afrika

90 /staan, ...

---

4 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 30 November 1818, pp. 126-128.

5 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 3 November 1818, p. 96.

6 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 18 Mei 1818, pp. 188-194.

7 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 11: Notule van 19 Oktober 1818, pp. 56-57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan, nie bekend sou staan as inspekteur of superintendent nie, maar as 'n direkteur van die Londense Sendinggenootskap. Die sendelinge by die verskillende sendingstasies sou almal gelyk in status wees, met geen verskil in gesag nie, behalwe die natuurlike verskil wat die gevolg is van ouderdom, ondervinding en kwalifikasies. By elke stasie sou één sendeling as sekretaris aangewys word. Hy moes die joernaal hou, alle korrespondensie behartig en jaarliks 'n verslag oor die sendingstasie, o.a. 'n opgaaf van die getal inwoners en die stand van die kerk by sy bepaalde stasie, opstel.

Oor sommige sake wat in die verlede verwarring veroorsaak het, is 'n definitiewe beleid neergelê. So is bv. bepaal dat geen sendeling sy stasie mag verlaat sonder die toestemming van sy mede-sendelinge nie, en dat geen sendeling na Kaapstad mag reis sonder die goedkeuring van die Resident-Direkteur nie, behalwe indien so 'n sendeling deur die Goewerneur beveel word om na Kaapstad te kom. Die sendelinge moes oor mekaar se sedelike lewe 'n wakende oog hou, en hulle is selfs gemagtig om onder sekere omstandighede, in geval van vermeende onsedelikheid, op te tree tot tyd en wyl die Resident-Direkteur oor die saak kon beslis.

http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het nie hulle weg oopgesien om die salarisse te verhoog nie. Hulle het nogeens die standpunt ingeneem dat elke sendeling sy stasie so spoedig moontlik selfvoorsienend en selfonderhoudend moes maak. Die direkteure het ook in beginsel aanvaar dat 'n sendeling se salaris bepaal moes word met inagneming van die

91 /besondere .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besondere omstandighede wat by elke stasie heers. Dit is gevolglik aan die deputasie opgedra om opnuut die salarisse vas te stel.

Kort hierna het die direkteure nog 'n bepaling by hierdie regulasies gevoeg.[8] Dit het bepaal dat die werksaamhede van die sendelinge tweërlei van aard is, nl. om as verkondigers van die Evangelie op te tree en om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die siviele toestand van die inboorlinge onder wie hulle arbei. Hierdie „siviele toestand" moes langs die volgende weë verbeter word:

1. Deur die aanleer en toepassing van beskaafde landboumetodes.
2. Deur die aanleer van ambagte.
3. Deur die voordele van 'n georganiseerde gemeenskap met 'n vaste bestuurswyse onder die inboorlinge se aandag te bring.
4. Deur die inboorlinge bewus te maak van hul pligte en lojaliteit teenoor die wettige owerhede en van die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid aan die landswette. Hoewel die direkteure van hul sendelinge verwag het om die regering van die land te eerbiedig, het hierdie klousule van sendelinge verwag om 'n sekere politieke invloed uit te oefen.

92/Op .....

http://scholar.sun.ac.za

---

8 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 11: Notule van 5 November 1818, p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Vrydag 26 Februarie 1819 het Philip en Campbell in Tafelbaai aangekom, en nog dieselfde dag aan wal gegaan. Op die hawe is hulle deur ene mnr. en mev. Beck ontvang. Vir Philip en sy familie is 'n huis gehuur, terwyl Campbell by die Van Breda's tuisgegaan het.

Die volgende dag het die deputasie met hul werksaamhede begin deur aan die regeringsekretaris 'n besoek te bring. Uit die staanspoor is hulle oorval met klagtes teen die Londense Sendinggenootskap.

As lid van die deputasie het Campbell hom in 'n onbenydenswaardige posisie bevind omdat dit tot 'n groot mate sy werk was wat beoordeel moes word. Hy het 'n ondergeskikte posisie teenoor Philip beklee: hy kon niks selfstandig doen nie, terwyl Philip dikwels op sy eie gehandel het en ook by meer as een geleentheid aan Campbell opdragte gegee het.[9] Philip het nie 'n baie hoë dunk van Campbell gehad nie.[10] Hy het Campbell van drankmisbruik beskuldig en gesê dat hy hom gedurig met politieke sake bemoei het.[11]

http://scholar.sun.ac.za

Die klagtes teen die Londense Sendinggenootskap, en die beskrywings van die toestande by sommige sendingstasies, moes 'n besondere indruk op Philip gemaak het,

93/want .....

---

9 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 146.

10 Sien p.104.

11 Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - James en Mary Smith, 20 Augustus 1822), p. 60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

want binne 'n week na sy aankoms skryf hy aan die direk-teure dat indien laasgenoemde voortgaan „ ..... to send the refuse of (the gospel) to Africa they will shortly put an extinguisher on the spirit of the missions here".[12]

Die deputasie het geen maklike taak gehad nie. Onder die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap was die ontevredenheid só groot dat vier sendelinge reeds bedank het en sommige ander dit ook ernstig oorweeg het om uit die diens van die Londense Sendinggenootskap te tree. Die Kaapse regering en die koloniste was ook baie ontevrede met die Londense Sendinggenootskap. Aan die Kaap was heelwat persone vir wie die deputasie in die loop van sy ondersoek oor netelige sake te woord moes staan. Daar was nie 'n gebrek aan mense wat bereid was om die deputasie volledig in te lig nie. Die eerste sendeling vir wie die deputasie ontmoet het, was Taylor wat toe alreeds bedank het en nou 'n predikant in diens van die Regering was. Behalwe sy besware en klagtes oor die toestand van die sending, was die onmiddellike beweegrede vir sy bedanking 'n brief wat hy van dr. Bogue ontvang het waarin sy werk en veral sy klagtes gekritiseer is en „ ..... which he thought extremely severe .....".[13] Hy was nie geïnteresseerd om wéér in diens van die Londense Sendinggenootskap te tree nie.

http://scholar.sun.ac.za

94 /Kort .....

---

12 Philip MSS., Macmillan Notes S216 A67: Philip - Direkteure van die L.S.G., 2 Maart 1819.

13 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kort hierna het Evans, vergesel van sy vrou en kindere en dr. Van der Kemp se kinders, in Kaapstad aangekom op pad terug na Engeland. Hy het toe ook reeds besluit om uit die diens van die Londense Sendinggenootskap te bedank en het ook die brief van dr. Bogue as die onmiddellike oorsaak daarvoor aangevoer. Hy was ook ontevrede omdat hy oor 'n tydperk van twee jaar nooit enige briewe van die direkteure ontvang het nie, en die direkteure nooit sy vriende se briewe aangestuur het nie.[14] Philip en Campbell wou Evans se besware uit die weg ruim, maar drie daarvan kon hulle nie uit die weg ruim nie.[15] Eerstens was hy gekant teen die amp van superintendent. Tweedens was hy daarteen gekant dat sendelinge van verskillende nasionaliteite saam op één stasie geplaas word. Derdens was hy ontevrede oor die feit dat Read, Corner en Bartlett se oortredings daartoe gelei het dat die Hottentotte niks verkeerd gesien het in sulke sondes nie.

http://scholar.sun.ac.za

Op 11 April 1819 het Robert Moffat ook in Kaapstad aangekom en aan Philip en Campbell nóg meer inligting verskaf i.v.m. die vervalle toestand van die sending.

Lede van die publiek, soos kolonel Penson en landmeter Melville, het ook baie besware teen die Londense Sendinggenootskap gelug.[16] Campbell het sy optrede van 1814 probeer regverdig deur allerhande praktiese moeilikhede waarvoor die direkteure te staan gekom het, op te noem.

95/Die .....

---

14 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 95.

15 Manuscript Diary of John Campbell, I, pp. 108-110.

16 Manuscript Diary of John Campbell, I, pp. 107 - 108.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die deputasie se belangrikste taak sou wees om elke sendingstasie persoonlik te besoek ten einde eerstehandse kennis op te doen. Op daardie stadium het die Londense Sendinggenootskap vyf stasies in Suid-Afrika gehad t.w. Griekwastad, Zuurbraak, Pacaltsdorp, Bethelsdorp en Theopolis. Onmiddellik na hul aankoms het die deputasie begin voorbereidings tref vir 'n besoek aan die sendingstasies. Robert Moffat sou die geselskap vergesel. Toe alles teen die middel van April gereed was vir die reis, het dr. Philip egter siek geword, sodat Campbell en Moffat die reis sonder hom moes begin. Op Stellenbosch het Philip by hulle aangesluit.

Op Stellenbosch, die Paarl en Tulbagh moes die deputasie die besture van die plaaslike sendinggenootskappe ontmoet om die verhouding tussen hulle en die Londense Sendinggenootskap te bepaal. Dié genootskappe het heeltemal op eie inisiatief tot stand gekom en was nie die werk van die Londense Sendinggenootskap nie. Die direkteure van die Londense Sendinggenootskap was egter begerig om met sulke organisasies saam te werk om sodoende sy invloed uit te brei en die onkoste so laag moontlik te hou. Terwyl Campbell op Stellenbosch vir Philip gewag het, het hy lang samesprekings met die Stellenbosse Sendinggenootskap gevoer. By sy aankoms op Stellenbosch het Philip met hulle ooreengekom dat hulle by die Londense Sendinggenootskap ingeskakel sou word en dat eersgenoemde voortaan jaarliks die bedrag wat hulle op die salaris van hul sendeling, ene Bakker, kortkom, van die Londense Sendinggenootskap mag verhaal.[17] 'n Soortgelyke

96 /ooreenkoms .....

---

17 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 146.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ooreenkoms is met die sendinggenootskap van die Paarl gesluit.[18]

Op Tulbagh het die deputasie met 'n moeiliker geval te doen gekry. Ds. A. Vos het hier aan die spits van die sendingentoesiaste oestaan. Die Tulbaghse Sendinggenootskap was baie ontevrede met John Campbell omdat hy op sy vorige besoek heelwat beloftes aan hulle gemaak het wat nooit nagekom is nie. Ná verduidelikings deur die deputasie, is hierdie beswaar uit die weg geruim. Ds. Vos het ook beswaar gemaak teen onwaarhede wat die Londense Sendinggenootskap gepubliseer het, maar omdat hy geen bewyse kon lewer nie, is die saak daar gelaat.[19] Daar is egter nie met die Tulbaghse Sendinggenootskap 'n soortgelyke ooreenkoms gesluit as met dié van die Paarl en Stellenbosch nie, en hierdie genootskap het dus as 'n onafhanklike organisasie bly voortbestaan.

http://scholar.sun.ac.za

By die Zuurbraak sendingstasie het die deputasie vir Seidenfaden ontmoet teen wie baie van die sendelinge klagtes ingebring het. Aangesien hierdie aangeleentheid 'n belangrike uitwerking op Philip se verhouding tot die Regering gehad het, word dit in hoofstuk 5 bespreek.

Vóór hul vertrek uit Kaapstad het Philip en Campbell baie gehoor van die toestande op Bethelsdorp. Aan die Kaap was min mense wat iets goeds oor Bethelsdorp te sê gehad. Op 24 Junie 1819 het die deputasie Bethelsdorp bereik, en as 'n mens moet oordeel volgens die aantekening

97/wat .....

---

18 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 153.

19 Manuscript Diary of John Campbell, I, pp. 159-160.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat Campbell net die volgende dag in sy dagboek gemaak het, was hulle eerste indrukke ook nie gunstig nie.[20] Robert Moffat het Bethelsdorp beskryf as „ ..... the seat of the missionaries, but equally the seat of crime".[21] Ongeveer dieselfde tyd het dr. Philip aan die sekretaris van die Kaapse regering 'n brief geskryf waarin hy verklaar het dat die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika groot foute begaan het en dat die vernaamste hiervan die „ .... mistaken confidence which the Directors of the Society appear to have placed in the late Dr. Van der Kemp's judgement ...".[22] Gedurende die eerste tydperk van sy verblyf in Suid-Afrika, het Philip vir Van der Kemp heftig gekritiseer as „ ..... a man of learning, science and genuity but his mind delighted in philosophical abstractions, and his understanding was not sufficiently practical for the commonplace duties of a Missionary".[23] Robert Moffat was dieselfde mening toegedaan. Sy opinie i.v.m. Van der Kemp was dat hy „ ..... had a character far from being unblamable, neither did his doctrines tend to a holy life. To us who are acquainted with his character it is painful to see his name placed among the worthies in their public euloquims".[24]

http://scholar.sun.ac.za

98/Die .....

---

20 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 211.

21 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, Januarie 1823), p. 68.

22 G.H. 23/5 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 30 Junie 1819.

23 C.O.102 Letters received from Churches: Philip en Campbell se memorandum aan die Direkteure van die L.S.G., ongedateer. 'n Afskrif van die memorandum is aan die Goewerneur gestuur.

24. Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, Januarie 1823), pp. 69 - 70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die deputasie het 'n hele paar dae op Bethelsdorp vertoef om toestande te ondersoek. Philip het bevind dat die beskrywings van toestande op Bethelsdorp en die ander sendingstasies, wat hulle vroeër aangehoor het, nie oordryf was nie. „There was certainly nothing about them exposed to the eye to give a stranger an elevated view of the effects of Christian Missions,"[25] was sy bevinding. Maar Philip het ook nou die oorsaak van die toestand van die sending op 'n ander plek as by die swak administrasie van Van der Kemp begin soek. Nadat hulle, soos hy dit stel, „penetrated a little below the surface and heard the statements of the people .....", was hulle in staat om te bewys dat: „So far as the outward condition of the Missions went, the Government had not exaggerated anything; but we were now able to prove that the Government and the Local Authorities were the principal cause of the ends of which they complained."[26]

http://scholar.sun.ac.za

Hier het die politieke stryd tussen Philip en die Kaapse owerhede begin.

Nadat die deputasie toestande op Bethelsdorp ondersoek het, het hulle besluit om by die direkteure aan te beveel dat die Sendingstasie verskuif word. As redes daarvoor het hulle aangevoer dat die grond onvrugbaar

99/is .....

---

25 L.M.S. Africa Odds B7F4 (Philip Papers): The work and success of the deputation of the L.M.S., f.10.

26 L.M.S. Africa Odds B7F4 (Philip Papers): The work and success of the deputation of the L.M.S., f.12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is, dat dit naby aan Uitenhage en Algoabaai is, dat die Hottentotte gevolglik deur die soldate van daardie plekke uitgebuit word en dat Bethelsdorp 'n deurgang is vir baie mense wat allerhande euwels veroorsaak.[27] Dié voorstel is deur die direkteure goedgekeur en 'n addisionele R3,000 is gestem om die verskil tussen die verkoopprys van Bethelsdorp en die koopprys van 'n nuwe plek te dek.[28] Philip het toe die plaas Hankey van ene Korsten gekoop, maar Bethelsdorp is nooit ontruim nie.[29]

Op Bethelsdorp het die deputasie geskei. Campbell en Moffat is daarvandaan óór die grens na Lattakoo en die landstreek van die Griekwas, terwyl Philip na Kaapstad teruggekeer het.

http://scholar.sun.ac.za

Op hul toer het die deputasie die geleentheid gehad om met die sendelinge oor hul griewe te gesels. Hul opdrag het bepaal dat hulle die geskille tussen die sendelinge moes probeer oplos, dat hulle aandag moes gee aan die klagtes van die sendelinge en dat hulle, waar nodig, moes optree teen sendelinge wat oortree het of vir hul werk onbekwaam is. Onmiddellik na hul aankoms het die deputasie van 'n aantal sendelinge

100/bedankings .....

---

27 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F3A: Memorial on the proposed disposal of Bethelsdorp, deur J. Campbell, ongedateer.

28 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 14: Notule van 20 Augustus 1821, p. 116.

29 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F5JA: Report on Missionary Institutions, 17 Augustus 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedankings ontvang. Oor die uittrede van Thom, Taylor, Evans en Brownlee was Philip dadelik na sy aankoms uitgesproke.[30] Hy het dit as geen verlies beskou nie. Hy was veral sterk gekant teen Thom en het na hom verwys as die verteenwoordiger van 'n vreemde gees wat vroeër die studente van Gosport beetgepak het - 'n gees van insubordinasie en radikalisme.[31] Thom was vir Philip nie 'n onbekende persoon nie, want hy was 'n lid van Philip se gemeente in Aberdeen en het onder sy prediking tot bekering gekom.[32] Daarna het hy egter Aberdeen verlaat en die seminarium op Gosport bygewoon.

Philip se verbitterde houding teenoor Thom is moeilik te begryp. By geleentheid het hy na hom verwys as „ .... a miserable wretch ....".[33] Toe Thom na Skotland gegaan het om predikante vir die Hollandse Kerk te werf, het Philip die storie versprei dat Thom daarheen gaan omdat sy gemeente en die Regering met hom ontevrede is.[34]

http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van Philip se verklaring dat die bedankings van Thom, Taylor, Brownlee en Evans geen verlies was nie, het die deputasie moeite gedoen om Taylor en Evans oor

101 /te .....

---

30 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A67: Philip - Direkteure van die L.S.G., 2 Maart 1819.

31 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Philip - Sekretaris van die L.S.G., 3 Junie 1820.

32 L.M.S. Africa Odds B5F1JC (Philip Papers): Philip - Burder, 14 Januarie 1818.

33 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

34 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te haal om hul verbinding met die Londense Sendinggenootskap te hernieu. Evans is later deur hulle toedoen as sendeling in die Paarl aangestel.[35]

Iemand anders wat op daardie tydstip besig was om voorbereidings te tref om uit die diens van die Londense Sendinggenootskap te tree, was Robert Moffat. Moffat het aan die Koloniale Regering te kenne gegee dat hy graag in hulle diens wil tree, en die doel van sy besoek aan Kaapstad in 1819 was juis om die nodige reëlings in dié verband te tref. Bird, sekretaris van die Regering, het reeds Moffat se instruksies gereed gehad en dit was die gedagte dat hy een van Somerset se sendelingagente by die Xhosas sou word.[36]

In Kaapstad het die deputasie lang samesprekings met Moffat gevoer en hom, ten spyte van nog besware, oorgehaal om in die diens van die Londense Sendinggenootskap te bly. Moffat was iemand met 'n sterk wil en dwarsdeur die tydperk van dr. Philip se verblyf in Suid-Afrika was daar ernstige meningsverskille tussen hom en Philip.[37] Aanvanklik het hulle 'n formule gevind om met mekaar oor die weg te kom. Moffat het in dié verband gesê: „Dr. Philip and I differ widely as it regards the government of Missions, but we agree to differ, and on that account keep the best of friends."[38] In 1823

http://scholar.sun.ac.za

102/het .....

---

35 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 153.

36 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 140.

37 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman, p. XXVII.

38 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, Januarie 1823), p. 69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het Moffat nog met waerdering oor sy vriendskap met Philip gepraat, maar teen 1825 het dit reeds in 'n bittere vyandskap ontwikkel. Só erg was hierdie gevoel dat Moffat met Philip se vertrek na Engeland die hoop uitgespreek het dat hy nie sou terugkeer nie.[39]

Die deputasie kon met reg beweer: „Between the immoralities committed by one part of the missionaries and the infuriated madness of another part things had arrived at a dreadful crisis."[40] Hulle moes drasties optree teenoor sekere sendelinge. Ebner van Namakwaland is bv. uit die diens van die Londense Sendinggenootskap ontslaan omdat hy baie moeilikheid onder die Namakwas veroorsaak het deur hulle te kul i.v.m. handelsooreenkomste, en omdat hy 'n onwettige handel in ammunisie en gewere met die Namakwas gedryf het.[41] Ten einde van hom ontslae te raak, was die deputasie verplig om al sy skulde te betaal. Hooper, wat sendingwerk gedoen het alhoewel hy ongedoop en ongeordend was, is ontslaan.[42] Corner, wat skuldig bevind was aan ontug, is ook uit die diens ontslaan.[43] Nadat hy getroud is met die vrou met wie hy owerspel gepleeg het, is hy wéér deur Philip in diens geneem.

http://scholar.sun.ac.za

103/Die .....

---

39 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (M. Moffat - J. Smith, 6 Desember 1827). p. 271.

40 Philip MSS. Macmillan Notes S216A94: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip.

41 Manuscript Diary of John Campbell, I, pp. 154-157.

42 Manuscript Diary of John Campbell, I, p. 258.

43 Manuscript Diary of John Campbell, I, p.257.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die moeilikste gaval wat die deputasie moes hanteer, was die van James Read. Daar was klagtes van onsedelikheid en owerspel teen Read. Reeds op 20 November 1817 het die direkteure, nadat hulle die klagtes teen Read bespreek het, besluit om hom te ontslaan.[44] Omdat die direkteure egter later aan die juistheid van die klagtes begin twyfel het, is hy slegs tydelik geskors en is 'n finale beslissing oor sy toekomstige verhouding tot die Londense Sendinggenootskap aan die deputasie oorgelaat.[45]

Tydens hul verblyf in Kaapstad, en op hul besoek aan die sendingstasies, het die deputasie navrae gedoen oor die klagtes teen Read. Read self was op hierdie tydstip op Lattakoo, anderkant die grens, en aangesien Philip na Kaapstad moes terugkeer, het hy nooit die geleentheid gehad om Read persoonlik te ondervra nie. Nogtans was Philip so oortuig van Read se skuld dat hy beslis het dat Read nie in sy amp as sendeling herstel mag word nie: „I see him through and through. His heart is naked before me in his letters and passages from his letters which I have been collecting ever since I visited Bethelsdorp and I am sorry to say he is destitute of sincerity."[46]

http://scholar.sun.ac.za

104/Philip .....

---

44 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 10: Notule van 20 November 1817, pp. 35-40.

45 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B7F3JA: Waugh - Read, 13 Oktober 1817.

46 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Philip - Sekretaris van die L.S.G., 3 Junie 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip gaan selfs sover om Read as die oorsaak van al die Londense Sendinggenootskap se moeilikhede in Suid-Afrika te bestempel.[47]

Die verantwoordelikheid om teen Read op te tree, is dus op Campbell se skouers geplaas. Philip het blykbaar nie veel vertroue gehad in Campbell se vermoë om streng teen hom op te tree nie, want hy het in die geheim aan Moffat opdrag gegee om toe te sien dat Campbell hom nie deur Read om die bos laat lei nie. Moffat het soos volg aan Philip gerapporteer: „From what I hinted to you in a preceding letter you may easily conceive that things did not go on so well as we could have wished: for a man who could allow himself to be so overcome with a certain weakness it may be naturally inferred that he is liable to err in his judgement as regards other matters. As you are aware of many of his other weaknesses and requested me to send you my private opinion of what had transpired between him and myself and the missionary brethren relative to the missions we visited I shall commence at Griqua Town."[48]

http://scholar.sun.ac.za

By Griekwastad aangekom, wou Campbell dadelik ondersoek instel na die politieke toestand van die Griekwas. Moffat het hom egter verhinder om dit te doen. By Lattakoo het hulle vir Read ontmoet, en volgens wat

105 /Moffat .....

---

47 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Philip - Sekretaris van die L.S.G., 3 Junie 1820; Philip MSS. Macmillan Notes S216A93: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Philip - Sekretaris van die L.S.G., 13 Julie 1820.

48 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JD: R. Moffat - Philip, 19 September 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Moffat vertel, moes hy dikwels ingryp om te verhoed dat Campbell hom deur Read laat ompraat. Read het later vir Campbell op h reis verder noordwaarts vergesel, en by hul terugkeer was Campbell bereid om allerhande toegewings aan Read te maak. Read is as sendeling geskors, maar hy sou as ambagsman in diens van die Londense Sendinggenootskap kon aanbly. Hy moes ook na Bethelsdorp terugkeer en daar in die kerk, voor die hele gemeente, belydenis van sy sonde aflê. Read het op alle moontlike maniere vir Campbell probeer beweeg om hom toe te laat om op Lattakoo te bly, en op een stadium het die kaptein van Lattakoo en sy volgelinge met moeilikheid gedreig as Read sou weggaan. Die rede waarom hulle Read so graag wou behou, was omdat hy vir hulle geleer het hoe om handige dinge soos byle te maak.[49] Moffat het egter geweier om enige toegewings t.o.v. Read te maak.

http://scholar.sun.ac.za

Terug in Engeland, het Campbell weer h sterk pleidooi ten gunste van Read gelewer.[50] Philip, aan die ander kant, is verder van Read vervreem deurdat Read se klagtes oor die mishandeling van Hottentotte op Bethelsdorp hom in onguns by Donkin gebring het.[51] Read het later h ernstige pleidooi om vergifnis tot die direkteure gerig.[52] Hierna is hy toegelaat om as onderwyser na

106/Lattakoo

---

49 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F3A: Campbell's Report on Read.

50 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 14: Notule van 8 Julie 1821, p. 60.

51 Sien Hoofstuk 5 p. 174.

52 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F3JA: Read - Burder, 12 Januarie 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lattakoo terug te keer. Die beslissing van wánneer hy in sy amp as sendeling herstel kon word, sou by Philip berus. Read is later deur Philip in sy amp herstel[53] en hulle twee het groot kampvegters vir die inboorlinge geword.

Die deputasie moes ook die Londense sendingwerk in Suid-Afrika reorganiseer aan die hand van die reëls wat deur die direkteure neergelê is. Philip het dr. Van der Kemp vir die swak organisasie verantwoordelik gehou. Volgens hom het Van der Kemp die werk op 'n verkeerde wyse aangepak en was hy te veel van 'n idealis en 'n teoretikus om 'n sukses van sendingwerk te maak.[54] Volgens Philip sou Van der Kemp teen die einde van sy lewe tot die besef gekom het dat hy 'n fout gemaak het, maar het hy nie lank genoeg gelewe om die fout te herstel nie.[55]

http://scholar.sun.ac.za

Die vergadering van sendelinge wat in 1817 plaasgevind het, was ten gunste van twee sendelinge aan die hoof van die sending. Een van hulle moes in die binneland woonagtig wees. Hulle moes verder bygestaan word deur vier leke as direkteure. Die sendelinge self moes een maal elke twee jaar bymekaar kom om die amptenare se optrede te bekragtig en om beleid te formuleer. Philip

107/en .....

---

53 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 14: Notule van 18 Junie 1821, p. 60.

54 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A66: Philip - Bird, ongedateer; Philip MSS. Macmillan Notes S216 A66: Philip - Brenton, Mei 1819; en G.H.23/5 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 30 Junie 1819.

55 C.O. 102 Letters received from Churches: Philip en Campbell se memorandum aan die direkteure van die L.S.G.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Campbell was gekant teen hierdie voorgestelde stelsel.[56] Hulle was van mening dat dit tot groot misbruike aanleiding sou gee omdat die sendeling wat in Kaapstad woon, prakties al die mag in die hande sou hê, terwyl hy as persoon nie alle verantwoordelikheid gedra het nie. Hy sou, indien sake verkeerd loop, maklik die skuld op sy kollegas kon pak. Philip en Campbell wou één persoon aan die hoof van die sending hê. Dit is nie 'n onbybelse en onbekende stelsel nie, het Philip verklaar, en as bewys daarvoor die voorbeelde van die „Church Missionary Society" in Nu Suid-Wallis, die Metodiste se organisasie in Ceylon en dié van die Morawiërs aangehaal.

Die deputasie het voorts namens die direkteure die eis van die sendelinge om self beheer te hê oor die sekulêre sake van die Genootskap, verwerp. As redes daarvoor is genoem dat hulle nie eens in staat was om hul eie fondse suksesvol te beheer nie, en dat hulle voorstel strydig is met die voorbeeld van die apostels wat spesiaal diakens aangestel het om die sekulêre belange van die gemeente te behartig. Die sendelinge se besluit dat die leiding in geestelike sake aan 'n gekose komitee toevertrou moes word, is ook verwerp as strydig met die fundamentele beginsel van die Londense Sendinggenootskap. Dit was dus duidelik dat Philip en Campbell nie bereid was om enige kompromis met die ontevrede sendelinge aan te gaan nie.

http://scholar.sun.ac.za

108 /Vier .....

---

56 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JD: Omsendskrywe van Philip en Campbell, 23 November 1819.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vier sendelinge, van wie die name ongelukkig in die dokumente doodgekrap is, het hulle téén hierdie besluite en verklarings van die deputasie uitgespreek, omdat dit na hul mening te outokraties was en die amp van superintendent bekragtig het.[57]

Philip en Campbell het egter voortgegaan met hul reorganisasiewerk. Hulle hande is gesterk toe die direkteure 'n besluit aangeneem het wat aan die deputasie mag verleen het om sendelinge wat hulle nie aan die direkteure se gesag en die regulasies onderwerp nie, te ontslaan.[58]

Die deputasie het dit baie duidelik gestel dat 'n algehele verandering in die stelsel van sendingwerk nodig was.[59] In lande soos Engeland en Indië, het hulle verklaar, was sendingwerk veel makliker omdat die sendeling alleen maar die voorbeeld van Christus en Sy Apostels moes volg en die Evangelie verkondig. As 'n sendeling egter éérs die hele samelewingspatroon van rondswerwende barbare moet verander ten einde hulle gevestig te kry, sodat hy met sy opheffingswerk kan begin, soos meermale in Suid-Afrika moes gebeur, is dit uiters moeilik om veral van buite af reëls en regulasies voor

109/te .....

http://scholar.sun.ac.za

---

57 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JD: Ongeadresseerde brief deur vier sendelinge wie se name doodgekrap is, 23 November 1819.

58 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 13: Notule van 24 Julie 1820, pp. 52-56.

59 C.O. 102 Letters received from Churches: Philip en Campbell se memorandum aan die direkteure van die L.S.G.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te skryf. In baie gevalle moes die sendelinge op hul eie waarnemings en ondervinding staatmaak. Dit kan dus begryp word dat die Genootskap alreeds ernstige foute gemaak het, en nog sal maak, het die deputasie verklaar, maar, netsoos die Morawiese Sendinggenootskap, sou die Londense Sendinggenootskap ook op die lange duur uit ondervinding leer.

Terwyl Read Engeland toe geskryf het dat die ploeg en die Bybel in Suid-Afrika hand aan hand gaan, het Van der Kemp se boeke gelê en verrot, die gereedskap en masjinerie verroes en is die ploeg nooit gebruik nie, aldus die deputasie. Teenoor die skool het Read onverskillig gestaan en die direkteure en publiek is bedrieg. Met die vrugte van 'n enkele lemoenboom in sy tuin as getuienis, verklaar die deputasie, het hy die mense in Engeland laat dink dat hy besig was om Afrika met lemoenbome te oortrek. Read sou 'n oes verwag het waar hy nie gesaai het nie.[60]

http://scholar.sun.ac.za

Die deputasie wou 'n nuwe begin maak. Daarom het hulle in hierdie memorandum sekere konstruktiewe voorstelle gedoen:

Eerstens moes 'n ander tipe sendeling na Suid-Afrika gestuur word. Die sendelinge moes mense met talente, bekwaamhede en mensekennis wees. Iemand mag baie godsdienstig wees, maar ongeskik vir die amp van sendeling. 'n Sendeling moet die mense onder wie hy woon, bestuur

110 /en .....

---

60 C.O. 102 Letters received from Churches: Philip en Campbell se memorandum aan die direkteure van die L.S.G.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en regeer, en hulle met liefde aan hom bind. Hy moet geskille kan oplos op 'n wyse wat respek afdwing. Hy moet ook oor baie selfbeheersing beskik. Om hierdie redes het Philip en Campbell aanbeveel dat jongmanne nie as sendelinge uitgestuur word nie. Slegs persone wat alreeds as predikant in 'n gemeente werksaam was, moes uitgestuur word.

Tweedens is aanbeveel dat ambagslui 'n vername plek in die personeel van sendingstasies moes beklee omdat hulle 'n belangrike bydrae tot opheffingswerk kon lewer. Philip het begin deur ene Campbell as skrynwerker op Pacaltsdorp aan te stel teen 'n salaris van 70 riksdaalders per jaar. Die direkteure moes in Engeland ambagslui werf. 'n Kontrak vir sewe of agt jaar moes met hulle gesluit word, waarna hulle dan vry sou wees om te maak wat hulle wil. Dit moes egter duidelik aan hulle gestel word dat hulle na die Kaap kom om met hul hande te werk, en nie om 'n gemaklike lewe te lei nie.

http://scholar.sun.ac.za

Derdens is daarop gewys dat aangesien die onderwys een van die grondslae van sendingwerk is, daaraan baie meer aandag gegee moes word. Philip het groot planne vir die onderwys hier te lande gehad. Omdat die sendelinge in Suid-Afrika baie ontevrede was oor die feit dat daar nie vir die onderwys van hul kinders voorsiening gemaak word nie, het Philip en Campbell gepleit vir 'n kosskool waar die kinders van die sendelinge van Suid-Afrika en Indië onderrig kon ontvang. So 'n skool moes, soos dr. Marshman se skool in Indië, selfonderhoudend wees. Die deputasie het daaraan gedink dat so 'n skool by Caledon of Zuurbraak opgerig kon word.

111/Hierdie .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie skool moes egter ook 'n ander doel dien. Die kinders van Hollandse koloniste moes toegelaat word om dit by te woon sodat „ ..... we might excite among the young farmers a taste for reading, English ideas, and English feelings might be imparted to their minds" en „the advantages they might derive from the Societys seminary, would teach them to look up to the Society, and to unite with it in its exertions to improve the condition of the Hottentots and Slaves". Philip het hom dus op die standpunt gestel dat die Londense Sendinggenootskap sy sukses moes waarborg deur by die jong geslag te begin.

Afgesien van die noodsaaklikheid van onderwys as sodanig, het die lede van die deputasie ook gepleit vir 'n nuwe metode in die organisasie van die sendingonderwys. Iemand moes nl. spesiaal uit Engeland gestuur word om aan die hoof van al die onderwys by die sendingstasies te staan om dit te organiseer.

http://scholar.sun.ac.za

Die deputasie het vierdens met die voorstel gekom dat 'n spaarbank by sendingstasies ingestel moes word. Die Hottentotte het volgens hulle weinig kennis van geld, en geen begrip van die spaar van geld, gehad nie. Die feit dat hulle hulle selde oor die toekoms bekommer het, en alles wat hulle bekom het, eenvoudig uitgedeel het, het groot kommer gewek, en die deputasie het gemeen om dié probleem langs die bogenoemde weg op te los.

Die deputasie het ook voorgestel dat 'n winkel op Bethelsdorp opgerig word.[61] Hierdie winkel is spoedig

112/opgerig .....

---

61 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F5JA: Report on some Missionary Stations by Dr. Philip, 17 Augustus 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgerig en in die hande van 'n jongman, genaamd Kemp, wat deur Philip uit Engeland gebring is, geplaas.[62]

Die deputasie het ook die salarisse van die sendelinge verhoog. Die nuwe salaris - R160 per jaar - is deur Moffat as „tolerable" beskryf.[63] 'n Moeiliker probleem was die versorging van weduwees en wese. Die oplossing wat die deputasie aan die hand gedoen het, was dat weduwees wat begerig was om na Europa terug te keer, dit op onkoste van die Londense Sendinggenootskap moes kon doen. Wese van wie albei die ouers dood was, moes as die verantwoordelikheid van die Genootskap beskou word.[64]

Al hierdie aanbevelings en maatreëls is deur die direkteure goedgekeur.[65]

http://scholar.sun.ac.za

Daar was één probleem waarvoor die deputasie geen oplossing kon vind nie, nl. die probleem wat voortgespruit het uit konfessionele onomlyndheid van die Londense Sendinggenootskap waarna in hoofstuk een verwys is.[66]

113/Die .....

---

62 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A62: Philip - Kemp, ongedateer.

63 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - James en Mary Smith, 20 Augustus 1822), p. 60.

64 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JB: Explanations re widows and orphans of missionaries, Julie 1819.

65 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Resolutions of the Directors of the Missionary Society relative to the future arrangements of the Missions in Africa, 24 Julie 1820.

66 Sien ook De Klerk, P.J.S.: Kerk en Sending in Suid-Afrika, p. 73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die grondbeginsel van die Londense Sendinggenootskap het nl. bepaal dat die Genootskap geen spesifieke kerkvorm of belydenis aanhang nie, en dit het uit die staanspoor tot ernstige moeilikhede gelei. Die sendelinge was jaloers op hul onafhanklikheid en dit was baie moeilik om die grens te bepaal tussen die regte van hul selfstandige kerke en die Genootskap. Dit was vir enige hoof van die sending 'n moeilike saak om te hanteer. In hierdie verband het Philip veral met Moffat baie moeilikheid gehad.[67] Philip het hom op die standpunt gestel dat hy alleen oor die sendingwerk beheer uitoefen en dat t.o.v. kerksake „I have no more to do with your proceedings as a church than you have to do with the discipline of the Church over which I am pastor".[68] In die praktyk was dit egter baie moeilik om te sê wáár die belange van die kerk ophou en wáár dié van die sending begin.

http://scholar.sun.ac.za

As hierdie verklaring van Philip vergelyk word met die wyse waarop hy na die vertrek van Campbell die sending gereël het, dan is hierdie verskil nog minder duidelik. Na Campbell se vertrek het Philip die sendingstasies weer besoek om die organisasie finaal te reël. Op hierdie besoek het hy vir elke sendingstasie regulasies neergelê. Die sendelinge moes elke maand aan

114/hom .....

---

67 Moffat, R. en Moffat, M: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, Januarie 1823), pp. 68-69.

68 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A235: Philip - Moffat, 1 Julie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom 'n joernaal stuur waarin die maand se werksaamhede volledig aangeteken is. Hierdie joernaal moes aan die inwoners voorgelees word voordat dit aan hom gestuur word. Daarin moes opgeteken word die goeie en slegte gedrag van elke inwoner. Die feit dat hy met hul wandade bekend is, het Philip geglo, sou 'n invloed ten goede op die bewoners van die sendingstasies hê. Met hierdie organisasie, het Philip verklaar, sou hy sy vinger op die pols van die sending kon hou.[69]

Uit die staanspoor was daar sendelinge wat teen Philip se amp as superintendent gekant was. Ons het reeds die naam van Robert Moffat genoem. Melville was nie slegs gekant teen dr. Philip se amp nie, maar hy het ook skepties gestaan teenoor die vraag of die maatreëls van Philip en Campbell daarin sou slaag om die nodige eenheid en harmonie teweeg te bring. Hy het geglo dat hierdie eenheid alleen tot stand sou kom indien die sendelinge self die reëls opstel.[70] Mev. Hamilton was nie slegs teen Philip se amp gekant nie, maar ook teen sy persoon.[71]

http://scholar.sun.ac.za

Twee sendelinge het Philip openlik ondersteun. Die een was William Anderson wat heeltemal ingenome was met Philip se regulasies.[72] George Barker, wat van die

115/begin .....

---

69 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JA: Philip - Burder, 9 Januarie 1822.

70 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F1JD: Melville - Hayward, 18 Desember 1819.

71 Moffat, R. en Moffat, M.: Apprenticeship at Kuruman (Moffat - Melville, Januarie 1821), p. 13.

72 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JD: Anderson - Burder, 2 Augustus 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin af nie met die ander sendelinge seamgestem het nie, het h baie gunstige opinie van dr. Philip gevorm. „Dr. Philip is a man of deep penetration, but had he been seven years a Miss. previous to his appointment, he would have been able to have penetrated seven times deeper into our affairs ....., was sy oordeel.[73]

Ten spyte van die teenstand het Philip en Campbell tog daarin geslaag om die toestand van die Genootskap se sending aansienlik te verbeter, en in die begin van 1822 kon hy aan die direkteure rapporteer dat daar heelwat verbetering ingetree het.[74] Nogtans het daar, dwarsdeur Philip se ampstermyn, ernstige onderlinge twiste en geskille geheers wat teen 1841 só erg geword het dat Philip op een stadium bedank het. Hierdie gebeurtenisse val egter buite die bestek van hierdie verhandeling.

http://scholar.sun.ac.za

Campbell het na Engeland teruggekeer om verslag te doen van die werksaamhede van die deputasie, terwyl Philip as superintendent agtergebly het. Aanvanklik sou hy vir slegs twee jaar bly maar uiteindelik het hy virtwee-en-dertig jaar gebly. Op sý skouers sou dus voortaan die verantwoordelikheid vir die sukses van die sending rus.

116/ HOOFSTUK 5 .....

---

73 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Barker - Direkteure van die L.S.G., 2 Augustus 1820.

74 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JA: Philip - Burder, 9 Januarie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5.

PHILIP EN DIE KAAPSE OWERHEID, 1819-1822.

By dr. Philip en eerw. Campbell se aankoms was lord Charles Somerset goewerneur aan die Kaap. Hy is in 1814 in hierdie pos aangestel en was die eerste goewerneur om die bestuur van sake van die Kaap as 'n permanente Britse besitting oor te neem. Die ses-en-veertigjarige Somerset was iemand met heelwat politieke ondervinding en 'n goeie militêre rekord. Hy was 'n paar jaar lank lid van die House of Commons en is in Julie 1804 saam met George Rose as Betaalmeester-Generaal van die leër aangestel in die kabinet van William Pitt.[1] Met die dood van Pitt in 1806 het Somerset bedank, maar hy het weer dieselfde pos beklee in die kabinet van die Hertog van Portland totdat hy in 1813 as goewerneur van die Kaap aangestel is.

http://scholar.sun.ac.za

Somerset was ook 'n man van veel hoër stand as enige van sy voorgangers. Hy was die tweede seun van die Hertog van Beaufort wat met die dogter van admiraal Boscowen getroud was. Gevolglik het Somerset baie vriende en familiebetrekkinge in die hoë geledere van regering, kerk, maatskappy, leër en vloot in Engeland gehad.[2] Sy oudste broer was die Markies van Worcester, en sy ander broer, luitenant-kolonel lord Fitzroy Somerset, wat 'n dapper offisier by Waterloo was, en in die Slag 'n arm verloor het, staan in die geskiedenis bekend as lord Raglan, Britse opperbevelhebber in die Krimoorlog. 'n Ander broer, majoor-generaal lord Edward Somerset, het ook 'n hoë militêre betrekking beklee.[3] Aangesien Somerset 'n

117/vurige .....

---

1 Millar, Anthony Kendal: Plantagenet in South Africa, p. 35.

2 Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, p. 167.

3 Theal, G.M.: History of South Africa, 5, p. 176.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vurige Tory was,[4] en die Tories juis op daardie tydstip aan bewind was, was daar weinig beperkings op die mag waaroor hy beskik het.

Volgens S.F.N. Gie was dit met voorbedagte rade dat 'n man met Somerset se ondervinding en aansien as gewerneur van die Kaap aangestel is. Hy was, volgens hom, veel méér as Caledon en Cradock, die vertroueling van die Britse regering omdat hy 'n baie belangrike taak aan die Kaap moes verrig. Dit was nou die einde van die Napoleontiese tydperk en daar was geen twyfel meer oor wie die besitter van Indië was nie. As gevolg van die onsekerheid oor die besit van die Kaap, kon die Britse regering tot 1814 geen ingrypende veranderings aan die Kaap teweegbring nie, maar nou sou hy 'n vrye hand hê om die Kaap tot Britse kolonie te omvorm. Somerset het opdrag gehad om deur sentralisasie, immigrasie en ver-engelsing die Kaap tot 'n veilige Britse besitting te maak,[5] aldus Gie.

http://scholar.sun.ac.za

Op 5 April 1814 het Somerset by die Kaap aangekom. Met sy aankoms het hy onmiddellik moeilikheid veroorsaak. Gie sê dat hy „haastig en vol energie" was,[6] terwyl Theal na hom verwys as „unable to brook the slightest opposition to his will, relentless in crusching these who tried to thwart him.....".[7] Hy het geëis om onmiddellik die bewind van sake

11d/cor .....

---

4 Millar, Anthony Kendal: Plantagenet in South Africa, pp. 33-40.

5 Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, p. 169.

6 Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, p. 169.

7 Theal, G.M.: History of South Africa, 5, p. 177.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor te neem en Cradock was hieroor baie ontevrede omdat die geleentheid hom geweier is om sekere openbare sake, veral sekere regsake, af te handel.[8]

Somerset het van die staanspoor af met drie moeilike probleme te kampe gehad, t.w. die antipatie van die Hollanders teenoor die Britse bewind, die grensprobleem en die daarmee gepaardgaande vraagstuk van hoé om die inboorlinge op te hef, en laastens die probleme van die steeds groter wordende kloof tussen kolonis en sendeling ten gevolge van die Swart Ommegang. Laasgenoemde twee probleme is vir Somerset verder bemoeilik deurdat hy van Bathurst opdrag ontvang het om, net soos Cradock, homself te beywer vir die verspreiding van die Christelike geloof en die verskaffing van onderwys aan alle la van die bevolking.[9]

Ten spyte van hierdie duidelike opdrag was dit vir Bathurst nodig om Somerset die volgende jaar oor die vingers te tik omdat hy die werk van die Morawiërs nie na waarde geskat het nie.[10] Somerset het besef dat die sending 'n groot rol kon speel in die opheffing van die inboorlinge,[11] maar dan moes die sendelinge onder 'n stelsel van strenge regeringsbeheer staan[12] omdat daar andersins 'n <u>imperio in imperium</u>

http://scholar.sun.ac.za

119/geskep .....

---

8 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, X (Cradock - Bathurst, 1 Mei 1814), pp. 110-111.

9 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, X (Bathurst - Somerset, 30 Julie 1814), p. 141.

10 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, X (Bathurst - Somerset, 9 Mei 1815), p. 301.

11 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XII (Bird - Brownlee, 30 Desember 1818), pp. 118-124.

12 Theal , G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 23 Januarie 1817), p. 255.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskep kon word, waar die sendelinge meer mag oor die inboorlinge uitoefen as die Regering self.[13]

Hoewel Somerset teenoor Bathurst te kenne gegee het dat hy sendingwerk ten volle ondersteun, het hy weer in 1816 met die sendelinge gebots. Hy het vir Barnabas Shaw van die Wesleyaanse Sendinggenootskap verlof geweier om 'n sendingstasie binne die Kolonie te stig.[14] Ook die Morawiërs het gekla dat Somerset nie dieselfde beskerming aan die sending verleen as Cradock nie, en dat die Morawiese Sendinggenootskap graag sou wou sien dat die Britse regering ook hul sendingstasies beskerm.[15]

Somerset het ook in 1814 vir McKinney, predikant van die Metodiste gemeente in Kaapstad, belet om voort te gaan met sy kerkdienste. Die Wesleyaanse Sendinggenootskap het hulle daarop, deur bemiddeling van parlementslid Butterworth, tot Bathurst gewend om vir Somerset instruksies te gee om McKinney toe te laat om met sy werk voort te gaan.[16]

http://scholar.sun.ac.za

Op 23 Januarie 1817 het Somerset bepaal dat sendelinge slegs met die verlof van die Regering anderkant die grense van die Kolonie sendingwerk kon doen.[17] Hy het sy redes hiervoor soos volg aan Bathurst verduidelik: „That English establisments should exist on our border, not liable to Colonial laws and

120/regulations .....

---

13 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, X (Somerset - Bathurst, 19 Augustus 1815), pp. 328-332.

14 C.O. 4838 Letters Despatched General: Regeringsekretaris - B. Shaw, 6 Augustus 1816.

15 C.O. 48/30 (P.R.O.) Despatches received from Offices and Individuals: I. Latrobe - Bathurst, 9 Maart 1815.

16 C.O. 48/30 (P.R.O.) Despatches received from Offices and Individuals: J. Butterworth - Bathurst, 5 Januarie 1815.

17 Vir die redes vir Somerset se optrede sien Hoofstuk 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

regulations cannot be satisfactorily explained to the Colonists who are themselves strictly prohibited from passing that frontier, which they daily see the Native Bastaards do unrestrained, and to which their slaves desert with impunity. I own I am disposed to think that no further encouragement should at present be given to Missionary Establishments beyond the boundary; there is ample field for exertions confined to their professed objects within it, and with respect to those already formed, it should be clearly made known to them that they must be liable to the same laws and regulations as are bounding upon the other British Settlers in this Province, and that their Establishments should be <u>considered as forming part of the nearest district to them under the control of the local Magistracy and make them amenable to Colonial Law</u>. Such a measure will bring again under control the numerous Bastards who now exist by the plunder which they acquire with impunity, and while it will restore labourers to this community, it will not prevent their receiving that instruction which the Missionaries profess to give them, and which is so desirable should be more extensively diffused through this Colony".[18]

http://scholar.sun.ac.za

Somerset het egter besef dat die sendelinge 'n groot rol kon speel in die bewaring van rus en orde op die oosgrens, en daarom het hy bv. met Joseph Williams van die Londense Sendinggenootskap, wat in Xhosaland werksaam was, ooreengekom dat hy as agent vir die Regering sou optree.[19] Williams is

121/egter .....

---

18 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 23 Januarie 1817), p. 255. Ek kursiveer.

19 Williams, D.: The Missionary as Government Agent on the Eastern Frontier, 1818-1830, pp. 35-36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter in 1818 oorlede en Somerset het toe besluit om nie weer van 'n sendeling van die een of ander genootskap gebruik te maak nie, maar om daarvoor sendelinge te gebruik wat in diens van die Regering staan en aan hom alleen verantwoording verskuldig is. Hy het daarin geslaag om die dienste van eerw. John Brownlee, wat as sendeling van die Londense Sendinggenootskap bedank het, as regeringsagent te verkry.[20] Brownlee het opdrag ontvang om 'n vriendskaplike verhouding met Gaika te handhaaf en om die Goewerneur van alle moontlike inligting oor toestande in Kafferland te voorsien. Daar is ook van ander sendelinge verwag om diefstalle en aanvalle deur Kaffers gereeld by die landdros van die naaste distrik aan te meld, sodat die landdros spesifieke voorbeelde van voorvalle aan die opperhoofde kon voorlê.

http://scholar.sun.ac.za

Dit was dan Somerset se houding ten opsigte van die sending. Die koms van Philip en Campbell sou vir hom óf 'n probleem skep óf 'n geleentheid bied om sy planne verder deur te voer.

Ongeveer gelyktydig met die aankoms van die deputasie aan die Kaap, moontlik met dieselfde boot, het Somerset van Bathurst instruksies ontvang om met Philip, wat as superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika sou agterbly, op 'n goeie voet te verkeer en om hom in sake rakende die sending te ken.[21]

122/Dit .....

---

20 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XII (Bird - Brownlee, 30 Desember 1818), pp. 118-124.

21 C.O. 49/12 (P.R.O.) Letters Despatched General: Bathurst - Somerset, 22 Desember 1818.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was egter nie net Somerset wat in hierdie verband van die Minister van Kolonies instruksies ontvang het nie. Die direkteure van die Londense Sendinggenootskap het Bathurst amptelik genader om verlof te kry vir Philip en Campbell om na die Kaap te gaan, maar dit is aanvanklik deur Bathurst geweier totdat 'n deputasie van die Londense Sendinggenootskap hieroor met hom samesprekings gevoer het. By hierdie geleentheid het Bathurst aan hulle die nodige toestemming verleen, maar hulle dit sterk op die hart gedruk dat die Britse regering ontevrede was met die gedrag van die Londense sendelinge in Suid-Afrika. Terselfdertyd het Bathurst dit duidelik gestel dat die sendelinge nie sonder verlof oor die grens mag gaan nie.[22]

Van hulle kant af het die deputasie ook sekere klagtes geopper teen die wette en administrasie van die Kolonie.[23]
http://scholar.sun.ac.za
Eerstens het hulle gekla oor die feit dat sendelinge verplig was om huwelike, doop en begrafnisse op 'n voorgeskrewe wyse te voltrek, en tweedens dat die bewindhebbers die sendelinge verbied het om huwelike tussen Hottentotte te bevestig.

Die dag na Philip en Campbell se aankoms aan die Kaap, t.w. Saterdag 27 Februarie 1819, het hulle na die koloniale kantoor gegaan om kol. Bird, die regeringsekretaris, te ontmoet.[24] Hulle is deur hom goed ontvang, en terwyl hulle daar was het lord Charles Somerset daar aangekom. Binne vier-en-twintig uur ná hul aankoms het Philip en Campbell dus

123/die .....

---

22 C.O. 49/12 (P.R.O.) Letters Despatched General: Bathurst - Somerset, 22 Desember 1818.

23 C.O. 49/12 (P.R.O.) Letters Despatched General: Bathurst - Somerset, 22 Desember 1818.

24 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 88.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die geleentheid gehad om die twee persone te ontmoet met wie hulle noodwendig veel te doen sou kry.

Tydens hierdie ontmoeting het daar blykbaar niks belangriks plaasgevind nie. Somerset het melding gemaak van die Kafferinval in die Kolonie, maar Campbell maak geen melding van enige gesprek oor die toestand van die sending of Somerset se verbod op sendelinge anderkant die grens nie.

In die volgende twee maande het daar nog vyf ontmoetings tussen Philip en/of Campbell en Bird en/of Somerset plaasgevind. Die eerste werklik ernstige gesprek met die Goewerneur het op 1 Maart plaasgevind toe Philip en Campbell weer eens vir Somerset besoek het en meer as 'n uur lank met hom samesprekings gevoer het oor die doel van hul besoek aan Suid-Afrika.[25] By hierdie geleentheid het Somerset ook aan hulle verlof gegee om in die Kolonie te vertoef ten einde hulle werk af te handel.

http://scholar.sun.ac.za

In Kaapstad was daar talle mense wat inligting kon verstrek oor die sendingstasies, terwyl 'n hele paar sendelinge ook in hierdie tyd die Kaap besoek het. Die deputasie kon dus onmiddellik met sy ondersoek begin. Op 9 Maart het Philip en Campbell weer vir Bird besoek om verlof te verkry om aan die Kaap te mag preek.[26] Hy het dadelik die nodige verlof gegee en dit op dié twee here se harte gedruk dat daar aan die Kaap groter godsdiensvryheid bestaan as in Engeland.

124/Toe .....

---

25 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 90.

26 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe Philip en Campbell op 6 April 1819 weer ŉ besoek aan Bird bring, was hulle baie verras om van hom te verneem dat hulle wel verlof het om in die Kolonie te vertoef, maar nie om óór die grens te gaan nie.[27] Somerset was dus van plan om die verbod op sendelinge ook op die deputasie van toepassing te maak. Bird het in aansluiting by ŉ vroeëre onderhoud van die deputasie met die Goewerneur begin uitwei oor die gebreke in die Griekwa-sending en die wanorde by Griekwastad. Dit was blykbaar nie vleiend vir die deputasie nie, want Campbell merk op dat wat Bird gesê het „ ..... was spoken with considerable warmth".[28]

Die Londense Sendinggenootskap het in 1800 met sendingwerk onder die Griekwas begin toe Anderson hom by hulle gaan vestig het. Hy het aanvanklik saam met hulle rondgeswerf maar na ŉ paar jaar het hy saam met ŉ ander Kramer, wat by hom aangesluit het, daarin geslaag om die Griekwas op ŉ sendingstasie gevestig te kry. Dié plek is Klaarwater genoem maar is later tot Griekwastad herdoop. Die sendelinge het aanvanklik heelwat sukses behaal: poligamie is beëindig, die Griekwas het begin klere dra en landbou beoefen.[29]

Toe Campbell die Griekwas in 1813 besoek het, was daar heelwat verval merkbaar. Hy het begin om hulle te organiseer en het hulle oorgehaal om die naam Griekwas i.p.v. Basters aan te neem. Hy het ŉ stel van veertien reëls neergelê, ŉ hof met nege magistrate ingestel en ŉ appélhof bestaande uit twee

125/sendelinge .....

---

27 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, pp. 116-117.

28 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, pp. 116-117.

29 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 57-60: en Lichtenstein, H.: Travels in South Africa, II, p. 304.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sendelinge en twee kapteins, Barend Barends en Adam Kok II, in die lewe geroep.[30] Na 1814 was daar drie verskillende groepe Griekwas anderkant die Oranjerivier. Adam Kok en sy groep was rondom Campbell gevestig, Barend Barends te Daniëlskuil terwyl die Griekwas by Griekwastad aanvanklik herderloos was.[31]

Toe Stockenström die Griekwas in 1818 besoek het, was hulle alles behalwe 'n ordelike, vredeliewende en vooruitstrewende gemeenskap.[32] Anderson het beheer oor sake verloor en Griekwastad verlaat.[33] Dit was as gevolg van die toestande wat by Griekwastad geheers het dat Somerset die sendelinge verbied het om oor die grens te gaan.

Die deputasie het aansoek gedoen vir verlof om oor die grens te gaan en, in teenstelling met sy vroeëre houding, het Bird nie alleen die verlof toegestaan nie, maar homself ook besonder hulpvaardig betoon.[34] Hy was baie vriendelik en het voorgestel dat die sendingstasie by Griekwastad na die Sakrivier, dus binne die koloniale grense, verskuif moes word. Die Griekwas sou dan die sendelinge daarheen volg. Die deputasie was egter van mening dat die grense uitgebrei moes word om Griekwastad in te sluit. Bird was nie bereid om dit te oorweeg nie.

http://scholar.sun.ac.za

126/By .....

---

30 Campbell, J.: Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society, pp. 252-255.

31 Marais, J.S.: The Cape Coloured People, p. 37.

32 Hutton, C.W.: Autobiography of Sir Andries Stockenström, I, pp. 186-187.

33 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JD: Anderson - Burder, 24 Augustus 1820.

34 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 132.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By die laaste ontmoeting tussen die Goewerneur en die deputasie op 19 April het Somerset weer eens daarop aangedring dat die Regering se besware teen Griekwastad uit die weg geruim moes word, en dat die Griekwas binne die grense teruggebring moes word deur die sendingstasie te verskuif.[35]

Hierdie eerste reeks ontmoetings word dus gekenmerk deur 'n doelbewuste poging van die kant van die Goewerneur en die Regeringsekretaris om hulle standpunt en beleid duidelik by die deputasie tuis te bring. Die deputasie, aan die ander kant, was nog nie in 'n posisie om veel te sê nie omdat hulle min geweet het. Philip het egterná hul eerste lang onderhoud met die Goewerneur tot die gevolgtrekking gekom dat Somerset verstandig en vriendelik is.[36] Ook in latere geskrifte getuig Philip van sy vriendelikheid en tegemoetkomendheid.[37] Toe hulle in April na die binneland vertrek, het Bird aan hulle voorstellingsbriewe aan die landdroste en sekretarisse van die verskillende distrikte gegee wat hulle sou help om maklik hul weg te vind.

http://scholar.sun.ac.za

Somerset het ook heeltemal tevrede gevoel met Philip, en drie maande nadat hy hom die eerste keer ontmoet het, net hy in 'n skrywe aan Bathurst met lof van hom gepraat: „I cannot but express to Your Lordship the satisfaction I feel at the determination the Society came to of sending a confidential and well informed person to reside here for the purpose of

127/controlling .....

---

35 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 138.

36 Philip MSS. Macmillan Notes S216A67: Philip - Direkteure van die Londense Sendinggenootskap, 2 Maart 1819.

37 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions of the London Missionary Society in South Africa in their relations with the Colonial Government from January 1817 to March 1820, geskryf deur John Philip, ff. 3-4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

controlling the inferior missionaries .....".[38] Oor hierdie verklaring was Bathurst verheug omdat hy daarvan oortuig was dat „you will be enabled to concert with him some effectual means of carrying your views into execution".[39]

Toe Philip en Campbell dus in April na die binneland vertrek, het hulle reeds van talle persone verneem hoe onbevredigend die toestand van die sending was. Die maatreëls wat die deputasie getref het, bewys dat hierdie berigte waar was. In Junie 1819 is die deputasie na Bethelsdorp, en ná afloop van die ondersoek wat hier ingestel is, is besluit dat Philip na Kaapstad sou terugkeer. Philip self gee twee verskillende redes aan vir hierdie besluit. In een dokument beweer hy dat die uitbreek van die Vyfde Oosgrensoorlog dit vir hom noodsaaklik gemaak het om na Kaapstad terug te keer.[40] Op 'n ander plek verklaar hy egter dat hy na Kaapstad terugkeer „to lay the fruits of our enquiry before the Colonial Government. So far as the mere outward condition of the Missions went, the Government had not exaggerated anything; but we were now able to proof that the Government and the Local Authorities were the principle cause of the ends of which they complained".[41] Campbell sê dat Philip na Kaapstad moes terugkeer omdat dringende sake van die Londense Sendinggenootskap sy aandag daar vereis het.[42]

http://scholar.sun.ac.za

128/Die .....

---

38 G.H. 23/5 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 30 Junie 1819.

39 G.H. 1/5 Despatches General received from the Secretary of State: Bathurst - Somerset, 28 September 1819.

40 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 8.

41 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, geskryf deur John Philip, ff. 11-12.

42 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 257.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraag ontstaan nou: watter sake van die Londense Sendinggenootskap was so dringend dat Philip dadelik na Kaapstad moes terugkeer? Die waarskynlikste antwoord is dat hy dit gedoen het ten einde te antwoord op die klagtes wat daar teen die Londense Sendinggenootskap ingebring is. Philip het hom dus binne vier maande na sy aankoms bevoeg genoeg geag om die talle klagtes wat die Regering in hul eerste reeks onderhoude met die deputasie opgenoem het, te weerlê. Wat Philip op Caledon, Pacaltsdorp, Bethelsdorp en ander plekke te wete gekom het, het hom nou oortuig dat hy sterk argumente besit het om nie slegs die Regering se klagtes te beantwoord nie, maar ook om Somerset te beweeg om sy verbod op nuwe sendingstasies anderkant die grens op te hef. Hiermee kom ons by die eerste stadium in die stryd tussen Philip en die Koloniale Regering - 'n stadium waarin Philip sou poog om deur middel van argumente en dokumentêre getuies, die Regering oor te haal tot sy siening van sake. Tussen hom en die Regering het daar nou oor 'n hele reeks sake ernstige meningsverskille en selfs openlike botsings, ontstaan.

http://scholar.sun.ac.za

Die eerste van hierdie botsings het gegaan oor die sendeling van die Londense Sendinggenootskap wat op Caledon werksaam was, ene Seidenfaden. Reeds in 1812 was daar moeilikheid in verband met Seidenfaden, toe die direkteure moes kla: „Instead of pity for the poor ignorant perishing heathen and love to their immortal souls he speaks of them not merely with apathy but with contempt".[43] Moffat het nie 'n hoë dunk van Seidenfaden gehad nie,[44] terwyl J.W.D. Moodie hom beskryf as

129/„a .....

---

43 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B5F1JD: Die Direkteure van die Londense Sendinggenootskap - J. Read, April 1812.

44 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 126.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„a little laughing round-headed German" wat die Hottentotte by sy sendingstasie sleg behandel en uitbuit.[45] Tydens die deputasie se eerste onderhoude met Somerset en Bird het hulle, volgens Philip, alleen maar goeie dinge oor Seidenfaden gehoor omdat hy 'n gunsteling van die Regeringsekretaar was.[46] Toe die deputasie in Mei 1819 Caledon besoek, het hulle egter die teenoorgestelde toestand van sake aangetref. Volgens hulle het alles op die stasie aan die sendeling behoort en was die Hottentotte in sy diens.[47] Hierdie bewering word bevestig deur Moodie wat vertel dat Seidenfaden die Hottentotte 'n stuk grond laat skoonmaak het en twee jaar lank laat bewerk het. Toe dit klaar was, het Seidenfaden die grond vir homself toegeëin.[48] Seidenfaden het, volgens Philip, die Hottentotte baie sleg behandel, hulle van hul eiendom beroof, 'n Hottentotvrou probeer onteer, geld van die Genootskap vir sy eie privaat doeleindes gebruik en die Evangelie op 'n huigelagtige manier probeer verkondig.[49] Volgens Philip het die deputasie elf

http://scholar.sun.ac.za

130/dae .....

---

45 Moodie, J.W.D.: Ten years in South Africa, pp. 93-94

46 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, geskryf deur John Philip, ff. 11-12.

47 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, geskryf deur John Philip, f. 9.

48 Moodie, J.W.D.: Ten years in South Africa, p. 94.

49 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, geskryf deur John Philip, ff. 8-9; L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 4-7; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B2F1JB: Philip - Burder, Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dae lank op Caledon vertoef om al die klagtes teen Seidenfaden te ondersoek alvorens hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat Seidenfaden heeltemal ongeskik was vir die werk.[50] Hulle het Seidenfaden probeer oorhaal om die plek te verlaat en was bereid om hom te vergoed vir enige skade. Seidenfaden het hom egter téén die Hottentotte gekeer en gedreig om op te tree teen enigeen wat teen hom getuig voor die landdros.[51]

Omdat Philip bevrees was dat Seidenfaden van hul afwesigheid in die binneland kon gebruik maak om die Hottentotte van die stasie te verdryf, het hy aan die landdros van Swellendam geskryf en hom versoek om die Hottentotte onder sy beskerming te neem. Hy het ook aan Bird geskryf en gesê dat die deputasie verwag het dat Seidenfaden tot hom vertoë sou rig, en gevra dat Bird 'n beslissing moes uitstel tot ná die terugkeer van die deputasie na Kaapstad.[52] Seidenfaden het inderdaad kort na die vertrek van die deputasie, op 12 Junie, vertoë tot Bird gerig[53] waarin gevra is dat sy eiendom by Zuurbraak gewaarborg moes word. Bird was nie bereid om dit te doen nie, nie omdat hy op die terugkeer van die deputasie gewag het nie, maar omdat Zuurbraak die eiendom van Hottentotte was.

Die ou Hottentotkraal van kaptein Moses was destyds geleë tussen Zuurbraak en die plaas van ene H. Eksteen. Goewerneur Caledon was geïnteresseerd in die welvaart van

131/hierdie .....

http://scholar.sun.ac.za

---

50 Philip, John: Researches in South Africa, I, p. 278.

51 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, p. 126.

52 L.M.S. Africa Odds B5F1JD: A brief view of the State of the Missions, etc., ff. 7-8.

53 C.O. 4841 Letters Despatched General: Bird - Seidenfaden, 6 Julie 1819.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie mense omdat verskeie verslae oor hul voorbeeldige gedrag hom bereik het. Hy het dáárom die aangrensende stuk grond ook aan hulle toegesê en aanbeveel dat die mense van 'n ander Hottentotkraal, wat aan die Slangrivier was, uitgenooi moes word om by hulle aan te sluit. Seidenfaden het destyds by die Regering aansoek gedoen vir verlof om hom in die Swellendamse distrik te vestig om die Hottentotte dáár te onderrig, want hy wou Tulbagh verlaat weens geskillemet die plaaslike landdros. Die verlof is aan hom toegestaan, maar geen grond of regte is aan hom toegeken nie omdat die grond slegs vir Hottentotte bedoel was.

By Philip se vervroegde terugkeer in Kaapstad het hy bevind dat Bird op die punt gestaan het om na die oosgrens te vertrek, met die gevolg dat hy nie veel aandag aan Philip kon bestee nie. Philip het egter dié aangeleentheid met die Waarnemende Goewerneur, Sir Rufane Donkin, bespreek. Donkin het hom vriendelik ontvang en, volgens Philip, „(he) not only took for granted our right to dismiss such a man from the service of the Society, but gave me some very good advice on the subject".[54] In 'n ander geskrif waarin Philip ook na hierdie onderhoud verwys, skryf hy 'n ander houding aan Donkin toe.[55] Hierin verklaar hy dat Donkin gesê het dat, aangesien die inrigting die eiendom van die Hottentotte was, daar geen rede behoort te wees waarom die deputasie nie van Seidenfaden ontslae kon raak nie.

http://scholar.sun.ac.za

132/Philip .....

---

54 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 8-9.

55 C.O. 4448 Complaints against the Missionary Seidenfaden and inquiry into the same: Memorandum deur John Philip, ongedateer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip beweer voorts dat Bird by sy terugkeer 'n standpunt ten gunste van Seidenfaden ingeneem het.[56] As ons egter hierdie verklaring vergelyk met die standpunt wat Bird vroeër ingeneem het, is dit duidelik dat Philip se bewering nie korrek was nie.

Feit is dat daar 'n belangrike verskil in benadering tussen die betrokke partye was. Soos reeds vermeld, het die deputasie by hul aankoms te Caledon klagtes van die inwoners van die Zuurbraak-sendingstasie teen Seidenfaden aangehoor, terwyl sendeling Wimmer vyf-en-veertig klagtes teen hom ingedien het. Hierdie klagtes is almal in Mei 1820 deur Philip aan die Waarnemende Goewerneur gestuur, d.w.s. lank nadat Philip reeds terug was aan die Kaap.[57] Dit is moeilik om te verklaar waarom dit tóé eers amptelik ingedien is. Moontlik is die saak tydens die besoek van die deputasie nie deeglik genoeg ondersoek nie en was die klagskrif nie gou genoeg gereed nie. Die talle ander werksaamhede wat Philip se dringende aandag vereis het, het dit waarskynlik ook vir hom moeilik gemaak om baie tyd en aandag aan dié één geval te bestee. Intussen, op 13 Januarie 1820, het Somerset die Kaap verlaat op 'n besoek aan Engeland en het sir Rufane Donkin aan bewind gekom.

http://scholar.sun.ac.za

Wimmer se klagtes het o.a. drie van owerspel ingesluit. Een van hierdie gevalle was met die Hottentotvrou Sabrina Adams met wie Wimmer later getroud is. Die Goewerneur het

133/die .....

---

56 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 8-9.

57 Dié klagtes was vervat in drie verskillende dokumente wat saamgebind is in die band C.O. 4448 Complaints against the Missionary Seidenfaden and inquiry into the same: Memorandum deur John Philip, ongedateer; Geswore verklaring deur Jan Aries, 1 Mei 1820; en Wimmer se klagtes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die saak verwys na die landdros van Swellendam. Die landdros het bevind dat hoewel Seidenfaden in sekere opsigte die Hottentotte nie goed behandel het nie, die klagtes in alle geval ongegrond en oordrewe was. Van die drie klagtes van onsedelikheid is een verwerp weens gebrek aan getuies, een vals bevind, en 'n derde kon nie ondersoek word nie omdat die betrokke persone die gebied verlaat het.

Dit is nodig om daarop te wys dat hierdie bevindings nie noodwendig impliseer dat Seidenfaden onskuldig was nie, want baie van die klagtes is verwerp op grond van tegniese wetspunte.[58] Dit is dus duidelik dat Donkin nie teen Seidenfaden kon optree nie omdat hy geen wetlike gronde daarvoor gehad het nie. Philip het dit egter nie aanvaar nie, en later in sy Researches in South Africa Donkin en die Regering daarvan beskuldig dat hulle die hofondersoek doelbewus so gereël het dat dit ten gunste van Seidenfaden verloop het.[59]

http://scholar.sun.ac.za

Die Regering se benadering van hierdie saak blyk duidelik uit die standpunt wat Bird ingeneem het. Dit word verder opgehelder deur die onomwonde vraag van Bird aan Philip of laasgenoemde dink dat Afrika verdeel is in 'n klomp gemeentes waar Londense Sendinggenootskap kon doen soos hulle wou.[60] Dit is 'n duidelike bewys van Somerset en Bird se begeerte om enige poging van die sendelinge om vir hulself baie mag toe te eien, te vernietig.[61] Die Regering het hulle in hierdie saak op

134/die .....

---

58 C.O. 4448 Complaints against the Missionary Seidenfaden and inquiry into the same: D. Denyssen - Bird, 25 September 1821.

59 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 281-282.

60 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 9.

61 Sien pp. 120-121 van hierdie hoofstuk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die volgende sterk regsgronde beroep: Die Regering het die grond aan die Hottentotte toegeken. Daarna het Seidenfaden aansoek gedoen om daar te gaan woon as onderwyser - 'n aansoek wat toegestaan is, maar hy sou geen posisie of regte anders as dié van 'n gewone onderwyser beklee nie. Die Regering het dit dus nie beskou as 'n sendingstasie van die Londense Sendinggenootskap nie, en dit het ook nie vir hulle saak gemaak waarvandaan Seidenfaden sy vergoeding kry nie, omdat dit in die transaksie tussen hulle nie ter sprake gekom het nie. Buitestaanders het hiermee niks te doen gehad nie, en nadat die klagtes ondersoek is, en bevind is dat daar geen gronde vir 'n kriminele vervolging bestaan het nie, was die saak, wat die Regering betref, afgehandel.

Dr. Philip het die saak egter in 'n heeltemal ander lig beskou. Hy het dit beskou as 'n poging van die Regering om die sending te onderdruk en te vernietig,[62] en hy het gevolglik in 'n kwaai stryd met die plaaslike owerhede gewikkel geraak. Hy het in dié verband gesê: „While the encouragement which the Colonial Government holds out to the Missionaries on the one hand to enter into its service by becoming Ministers of the Dutch Church or Government Missionaries, has a tendency to make the Missionaries act more independently than is consistent with the good of the Missions, have we not reason to fear that the protection which the Colonial Government has afforded to Seidenfaden may induce Missionaries who may be no longer worthy of the confidence of the Directors, to set the Directors

135/at .....

http://scholar.sun.ac.za

---

62 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 10-12; L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa; en L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

at defiance, and to attempt to convert the lands of the Hottentots to their own private advantage".[63]

Hierdie hele aangeleentheid is toe vyf jaar lank daar gelaat en eers weer na vore gebring in 1825 toe die Kommissie van Ondersoek Zuurbraak besoek het in verband met hul algemene ondersoek na die toestand van die Hottentotte. Philip was ongetwyfeld die persoon wat hierdie geval onder hulle aandag gebring het, soos blyk uit die feit dat die Kommissie in hul verslag oor dié saak vryelik Philip se naam noem. Die Kommissie het bevind dat die Hottentotte by Zuurbraak weinig voordeel getrek het uit hul okkupasie van die grond. Die Kommissie het ook die Fiskaal se bevindinge bevestig, maar daarop gewys dat die Fiskaal nie kommentaar gelewer het oor Seidenfaden se werk as sendeling nie.[64] Die Kommissie het ten slotte aanbeveel dat Seidenfaden verwyder word en dat iemand anders in sy plek aangestel word.

http://scholar.sun.ac.za

Die Regering het ernstige aandag aan hierdie aanbeveling geskenk, want hulle het nou feite gehad op grond waarvan hulle kon optree. Hulle het egter besef dat aangesien Seidenfaden deur die Londense Sendinggenootskap besoldig is, hulle die Genootskap moes ken in geval van optrede teen Seidenfaden. Dáárom is by Philip navraag gedoen of die Sendinggenootskap enige aansprake op Seidenfaden het.[65]

Philip het hierdie aangeleentheid gebruik om die Regering se aandag daarop te vestig dat hy die voorafgaande ses jaar

136/gepoog .....

---

63 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers) A brief view of the State of the Missions etc., f. 11.

64 C.O. 250 Letters received from His Majesty's Commissioners of Inquiry: Kommissie van Ondersoek - Somerset, 26 Januarie 1825.

65 C.O. 4852 Letters Despatched General: Bird - Philip, 12 Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gepoog het om die Regering sover te kry om Seidenfaden te verwyder. Hy het egter nie aanspraak gemaak op Zuurbraak as 'n stasie van die Londense Sendinggenootskap nie.[66] Bewus van die vroeëre argumente van Bird t.o.v. die Hottentotte se besitreg van Zuurbraak, het hy nou verklaar dat die Londense Sendinggenootskap nie 'n wetlike aanspraak op Zuurbraak het nie, maar dat hulle slegs op grond van okkupasie en die wyse waarop hulle hul plig teenoor die inwoners van Zuurbraak nagekom het, aanspraak kon maak op hierdie nedersetting as 'n inrigting van die Londense Sendinggenootskap. Dit sou die taak van die Regering wees om te besluit óf hulle inderdaad hul plig gedoen het, in welke geval hulle dan die reg sou hê om 'n nuwe persoon daar aan te stel.

Afgesien van die feit dat so 'n argument nie geldig was nie, het Philip hiermee die kernpunt van Bird se brief geïgnoreer. Die Regering wou nie weet of Zuurbraak die Londense Sendinggenootskap s'n was of nie - hulle het geweet dit is nie maar of die Londense Sendinggenootskap aanspraak gemaak het op vergoeding vir die verbeterings wat Zeidenfaden aangebring het. 'n Nuwe aanstelling sou volkome by die Goewerneur berus en Philip se aanspraak is verwerp.[67]

http://scholar.sun.ac.za

Seidenfaden was bewus daarvan dat die Koloniale Regering ná die besoek van die Kommissie van Ondersoek planne beraam het om van hom ontslae te raak. Daarom het hy tot die Regering

137/vertoë .....

---

66 C.O. 230 Letters received from Churches: Philip - Bird, 17 Maart 1825.

67 C.O. 4852 Letters Despatched General: Bird - Philip, 6 April 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertoë gerig vir vergoeding vir die groot somme geld wat hy na bewering in Zuurbraak belê het.[68] Philip was aanvanklik huiwerig om 'n definitiewe verklaring te doen i.v.m. die regverdigheid van dié aanspraak,[69] maar het later sterk hierteen te velde getrek en verklaar dat Seidenfaden nie net geen reg gehad het om vergoeding te vra nie, maar dat hy ook geld van die Londense Sendinggenootskap misbruik het.[70] Terselfdertyd het Philip namens die Sendinggenootskap aanspraak gemaak op vergoeding. Hierdie aanspraak is deur die Regering verwerp.[71] Philip se brief is deur die Regeringsekretaris na Seidenfaden verwys,[72] en laasgenoemde het daarteen sterk beswaar gemaak en ook bewyse voorgelê wat sou toon dat hy nie 'n derde van die bedrag waarvan Philip melding gemaak het, van die Londense Sendinggenootskap ontvang het nie.[73] Die saak is na landdros Rivers verwys en op sý aanbeveling is 'n vergoeding van 1,000 riksdaalders aan Seidenfaden uitbetaal,[74] waarmee hy nie tevrede was nie.[75]

http://scholar.sun.ac.za

138/Hoewel .....

---

68 C.O. 230 Letters received from Churches: Seidenfaden - Somerset, 4 April 1825.

69 C.O. 230 Letters received from Churches: Philip - Plasket, 9 April 1825.

70 C.O. 230 Letters received from Churches: Philip - Plasket, 28 April 1825.

71 C.O. 4852 Letters Despatched General: Plasket - Philip, 18 April 1825.

72 C.O. 4853 Letters Despatched General: Plasket - Seidenfaden, 26 Mei 1825.

73 C.O. 230 Letters received from Churches: Seidenfaden - Plasket, 29 September 1825.

74 C.O. 4854 Letters Despatched General: Plasket - Seidenfaden, 29 September 1825.

75 C.O. 230 Letters received from Churches: Seidenfaden - Plasket, 7 Oktober 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel Seidenfaden voortaan nie meer die Hottentotte se onderwyser was nie, het hy blykbaar nie die stasie met rus gelaat nie, want in 1830 kla sendeling Helm dat Seidenfaden baie moeilikheid veroorsaak, veral deur die Hottentotte te leer drink.[76]

'n Ander geval wat tot moeilikheid tussen Philip en die owerhede gelei het, was dié van ene Peterson. Terwyl die deputasie in Junie 1819 op Bethelsdorp was, het Philip 'n brief ontvang van kolonel Bird, vergesel van sekere aanklagte van Peterson teen Ebner, 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap in Namakwaland.[77] Philip het die saak dadelik na Moffat verwys, en Moffat het onomwonde verklaar dat hy bekend was met dié aangeleentheid en dat hy Peterson se beëdigde verklaring kon weerlê. Philip het toe in hierdie trant aan Bird geskryf en hom beroep op die mening van Moffat, wat twee jaar lank by Afrikaner se kraal, waar Ebner werksaam was, woonagtig was.

http://scholar.sun.ac.za

By sy terugkeer in Kaapstad het Philip 'n tweede brief van Bird ontvang i.v.m. hierdie aangeleentheid en na aanleiding daarvan beweer Philip dat dit nou vir hom duidelik was dat die Koloniale Regering „ ..... have been much embarassed by my reply. They do not seem to be aware, that I was in possession of so much knowledge respecting the character of Peterson and a circumstance had transpired, between the 12th of July the time Peterson had made his deposition and the period of our return to Cape Townm which must have had some effect in increasing their embarassment".[78]

139/Peterson .....

---

76 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B12F1JA: Helm - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 12 Januarie 1830.

77 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 13.

78 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Peterson is naamlik 'n paar dae nadat hy die beëdigde verklaring afgelê het, gevang weens diefstal van materiaal en na Robbeneiland geneem.[79]

Die vraag is nou of Philip se bewerings, naamlik dat die Regering die sending in diskrediet wou bring, waar was. As ons let op die samesprekings tussen die deputasie en die Regering ná eersgenoemde se aankoms in Suid-Afrika, dan sien ons dat Somerset en Bird verskillende klagtes uitdruklik onder hul aandag gebring het. Die deputasie het van húlle kant af onderneem om alle klagtes te ondersoek. Daarom is dit te begrype dat Bird klagtes wat hy teen sendelinge van die Londense Sendinggenootskap ontvang het, na die deputasie verwys het. Die Peterson-klag was so 'n geval. Toe Peterson na die Regering kom met klagtes teen Ebner, het Bird van hom verlang dat hy dit moes beëdig, sodat hy aan die deputasie 'n amptelike klag, en nie 'n hoorsê klag nie, kon voorlê. Die feit dat Philip kon bewys dat Peterson se storie ongeloofwaardig was het beteken dat die saak afgehandel was. Philip wou dus aan nierdie gebeurtenis 'n oordrewe betekenis toedig.

http://scholar.sun.ac.za

Bethelsdorp het ook 'n invloed uitgeoefen op die verhouding tussen Philip en die Koloniale Regering. Ons het in Hoofstuk 3 gelet op die baie klagtes wat daar teen Bethelsdorp ingebring is, terwyl in Hoofstuk 4 verwys is na Philip se mening t.o.v. toestande op Bethelsdorp. In Junie 1819 het Philip en Campbell by Bethelsdorp aangekom en vir die eerste keer met hierdie groot oorsaak van klagtes kennis gemaak.

140/Nadat .....

---

79 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat hy en Campbell sake ondersoek het, het Philip erken dat die toestand geensins bemoedigend was nie, maar hy was nie bereid om dit sonder meer aan die swak sendingwerk van die Londense Sendinggenootskap toe te skryf nie.

Op Bethelsdorp het Philip ook die geleentheid gehad om die klagtes teen sendelinge anderkant die grens te ondersoek. Hy het tot die volgende slotsom gekom: „The Deputation has yet to learn that there is anything to justify the smallest alarm on the part of the Colonial Government".[80] Vanaf die besoek van die eerste sendeling, Christian Ulbrecht, aan Afrikaner se kraal, tot op datum, sê Philip was daar nie een enkele moord of diefstal deur mense van hierdie kraal gepleeg nie. Hy het ook die beswaar as sou hierdie stasies 'n skuilplek vir weggeloopte slawe, Hottentotte en soldate wees verwerp en beweer dat die http://scholar.sun.ac.za de waar was, naamlik dat hulle die Kolonie verlaat het voordat daar sendelinge was.

Dit was vir die sendelinge uiters moeilik om aan die Regering se eis te voldoen om weglopers terug te stuur na die Kolonie, omdat die sendelinge nie oor die middele daartoe beskik het nie, (daar was bv. nie wagte om sodaniges te bewaak nie), en omdat hierdie mag alleen by die opperhoof berus het. Philip het vroeg reeds kennis gemaak met een van die struikelblokke waarmee die sendelinge te kampe gehad het. 'n Sendeling is naamlik altyd deur die inboorlinge met agterdog en wantrou bejeën en was daarom „ ..... an individual only, among such a people while they continue savages, his influence must be

141/extremely .....

---

80 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

extremely limited, he is frequently represented to the savages by the deserters from the Colony as the spy of the Government, and as sent among them to bring them into slavery, and a disposition on his part to use any other weapon than that of persuasion, would confirm such injurious suspicious and endanger his influence and life".[81] Philip se bewering dat daar geen sprake was van rowers, moordenaars en vlugtelinge wat by die stasies anderkant die grens skuiling gesoek het nie, hou nie stand nie. Sy argument oor die magteloosheid van die sendeling is egter van groot belang. Die sendelinge het altyd met groot wantroue van die kant van die inboorlinge te doen gekry, en hoewel sommige sendelinge later groot invloed oor die inboorlinge kon uitoefen, het dit nie altyd maklik gegaan nie.

Philip het Somerset se argument dat die stamme anderkant die grens onder wie die Londense Sendinggenootskap sendingwerk gedoen het, die Kolonie se veiligheid bedreig het, verwerp. Die sendelinge sou eerder daarvoor verantwoordelik gewees het dat hierdie stamme vriendelik gestem was teenoor die Kolonie. Die koloniste sou eerder 'n bedreiging vir hierdie stamme gewees het.[82] Philip het ook beweer dat dit nie moontlik was om, soos die Regering voorgestel het, hierdie stamme met sendelinge en al binne die koloniale grense te bring nie want, hoewel hulle geen beswaar daarteen gehad het om onder die Britse regering te staan nie, wou hulle onder geen omstandighede naby die Hollandse boere woon nie.[83]

http://scholar.sun.ac.za

142/Philip .....

---

81 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 21.

82 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 25-26.

83 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 26-27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip het dus die Hollandse koloniste verantwoordelik gehou vir die moeilikhede met die Griekwas.

Philip het gepoog om die Waarnemende Goewerneur se vriendskap te wen en om hom na sy standpunt oor te haal. Daarom vind ons dat hy nie alleen met besondere groot lof van Donkin praat nie,[84] maar ook op 'n baie vriendelike voet met onder-sekretaris Ellis en sekretaris Bird verkeer het. Philip beskryf sy verhouding met hierdie persone soos volg: „The Governor treats me as his personal friend. I am almost always with the Governor when he has company and I have an invitation to dine with him every day whether in company or alone. You will of cause perceive that I am too much of a domestic man to avail myself often of this invitation, but is agreeable to be on such terms with the Governor, and I sometimes spent very pleasant hours with him alone in the mornings. He is an excellent scholar for he has read and seen much, he has digested all the systems of Philosophy which has agitated Europe for these fifty years past and he has a considerable stock of literary anecdote. He is satisfied with the evidence of Christianity and considers it a revelation from God ... Sir Rufane is an excellent moral character".[85] Hierdie goeie verhouding het sodanig ontwikkel dat Philip dikwels saam met Donkin gaan perdry het en ook deur hom in baie sake, ook van persoonlike aard, geraadpleeg is.[86] Donkin het ook

http://scholar.sun.ac.za

143/vir .....

---

84 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A94: Philip - ongeadresseerde persoon, ongedateer; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hodgson Augustus 1820; L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JB: Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 13 Julie 1820; en L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 14.

85 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

86 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, ff. 14-15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir Philip aan huis besoek.[87] Selfs buitestaanders kon nie anders nie as om op te merk dat daar 'n noue vriendskap tussen Donkin en Philip ontwikkel het.[88]

Met Bird en onder-sekretaris Ellis het Philip ook op hierdie tydstip op 'n vriendskaplike voet verkeer: „I am quite at home at the Government house the acting Governor Sir Rufane Donkin treats me with the greatest kindness and respect. With Mr. Ellis the Deputy Colonial Secretary I am on very easy terms. From Colonel Bird I receive very great politeness, and I hope he will ultimately abandon the system of exclusion, which had been adopted before our arrival in the Colony".[89] Teen die middel van 1819 was die verhouding tussen Bird en Philip só goed dat Philip hom in sy briewe aangespreek het as „My dear Colonel" i.p.v. „Dear Sir", omdat laasgenoemde te formeel was „to express the warmth of my regard". Philip het ook toe aan die direkteure voorgestel dat 'n gedenkplaat aan Bird oorhandig moes word as teken van hul dankbaarheid vir al sy dienste.[90]

http://scholar.sun.ac.za

Dit klink eienaardig dat Philip van Bird, wat maar net die Regeringsekretaris was, en dus onder die gesag van die Goewerneur gestaan het, kon verwag om die verbod op te hef. Dié opmerking was gemaak omdat Philip, met die kennis wat hy opgedoen het van die administrasie aan die Kaap, tot die gevolgtrekking gekom het dat Bird „ .... is in fact Governor as well as Secretary. He knows his importance".[91] Dit is interessant

144/dat .....

---

87 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

88 W.M.M.S. South Africa B1F3: Edwards - Taylor, 5 Julie 1820.

89 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hodgson, Augustus 1820.

90 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 123.

91 Philip MSS. Macmillan Notes S215 A 56: Aantekeninge deur Philip.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaan ophef. Daarin is met besondere waardering melding gemaak van die hulp wat die Waarnemende Goewerneur aan die sending verleen het. Oor sy doel met die brief skryf Philip soos volg: „It is carefully worded for the purpose. By publishing it we publish the pledge of the Governor and increase his obligations to redeem it, and demolish the system that has been seven years in rearing".[96] Dié taktiek was ook die motief agter die voorstel om aan Bird 'n gedenkplaat te oorhandig; dit sou van hom 'n vriend van die sending maak.[97]

Dit was egter nie al taktiek wat Philip gebruik het nie. Omdat hy geglo het dat die resultate van sy ondersoek op Bethelsdorp aan hom 'n magtige wapen besorg het om kragdadig op te tree, het Philip op 2 Augustus 1820 'n onderhoud met Brink, die privaat-sekretaris van Bird, gevoer. Tydens die onderhoud het hy hom dit sterk oo die hart gedruk dat die Kolonie onder die huidige beleid besig was om op 'n krisis af te stuur en dat hy (Philip) verplig sou wees om indien daar geen verandering intree nie, hom tot Bathurst te wend.[98] Philip het hom nou op die resultate van sy ondersoek op Bethelsdorp beroep en Brink verseker dat hy bekend was met die geheime van die koloniale kantoor en dat hy 'n sameswering teen die sending kon bewys. Hy het nie net gedreig om die saak na Bathurst te verwys nie, maar ook om hom op die Britse openbare mening te beroep, sodat druk uitgeoefen kon word vir 'n kommissie om ondersoek in te stel na die bedrywighede van die Somerset-regering.

http://scholar.sun.ac.za

146/Philip .....

---

96 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

97 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A56: Aantekening deur Philip.

98 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip het hom ook tot onder-sekretaris Ellis gewend. Hy het 'n besonder gunstige opinie van hom gehad en hom beskou as die regte persoon om hom van hulp te wees.[99] Edwards van die Wesleyaanse Sendinggenootskap getuig dat Ellis 'n ware vriend van die sending was.[100] Philip het daarin geslaag om heelwat invloed oor Ellis te verkry en het byvoorbeeld aan hom 'n aantal hoofstukke van 'n voorgenome publikasie gegee om te lees met die doel „ ..... not only that I might avail myself of his remarks but that I might remove the prejudices which might have been instilled into his mind against the missions. And through his medium reach the Governor".[101]

Die oggend ná sy samesprekings met Brink, het Philip van Ellis besoek ontvang, klaarblyklik om die manuskrip terug te besorg. By daardie geleentheid het Philip alles wat hy die vorige aand aan Brink gesê het, teenoor Ellis herhaal. Philip se manuskrip en sy uiteensetting van die krisis waarin die Kolonie verkeer het, het 'n indruk op Ellis gemaak. Daarom het Ellis hom aangeraai om alles te publiseer - „ .... the papers was precisely what was wanted on the subject for statesmen and for public in general".[102]

http://scholar.sun.ac.za

Philip beweer dat die verbod op sekere sendelinge van die Wesleyaanse Sendinggenootskap enkele ure ná hierdie besoek opgehef is. Hy gee egter twee verskillende weergawes van noé dit gekom het dat die verbod opgehef is.

147/Volgens .....

---

99 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

100 W.M.M.S. South Africa B1F3: Edwards - Taylor, 5 Julie 1820.

101 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820. Ek kursiveer.

102 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens sy eerste weergawe, wat in kontemporêre geskrifte vervat is, het Donkin aan Philip 'n dringende uitnodiging gestuur om daardie aand by hom te kom eet. Die hele aand is gewy aan 'n bespreking van die kwessie van sendelinge anderkant die grens en die verhouding tussen die sendelinge en die Koloniale Regering.[103] Op 5 Augustus, twee dae ná hierdie dinee, het sir Jahleel Brenton dr. Philip besoek om hom geluk te wens met sy oorwinning - „ ..... the greatest victory which has ever been gained in Africa". Die Goewerneur het naamlik vir Brenton meegedeel dat Philip hom oorgehaal het tot sy standpunt en dat hy nou vasberade was om die sendelinge te beskerm. Philip het dadelik die Goewerneur gaan opsoek en hom aangetref „ ..... extremely cheerful and looking much better than the Thursday".[104] Donkin het toe aan Philip verklaar dat hy baie verlig voel. Tot op daardie stadium het hy die saak nog net in 'n suiwer politieke lig gesien, maar nou het hy dit in 'n „hoër" lig gesien. Ná die gesprek met Philip kon hy dié nag glad nie slaap nie en om middernag het hy opgestaan om aan Bird te skrywe dat hy aan die Sendinggenootskap verlof gaan toestaan om oorkant die grens te arbei. Daarna kon hy aan die slaap raak. Donkin het 'n onaangename brief van Bird verwag, maar in plaas daarvan 'n baie gematigde een ontvang. Donkin was van mening dat Philip dalk met Bird gesels het, maar Philip het dit toegeskryf aan die gesprek wat hy met Brink gehad het. Dit is dan Philip se eerste weergawe wat hy tien dae na die gebeurtenis geskryf het.

148/In .....

http://scholar.sun.ac.za

---

103 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820. Gemerk Private.

104 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In ŉ latere geskrif meld Philip dat Donkin daardie aand om elfuur opgestaan het, hom die hand gereik het en verklaar het: „I am satisfied, I shall write a note to Colonel Bird to-morrow recalling the order".[105]

Watter een van hierdie twee weergawes, indien enige, korrek is, is moeilik te bepaal. As ons ander gegewens in verband met die opheffing van die verbod raadpleeg, vind ons dat Donkin se besluit nie op so ŉ dramatiese wyse geneem is soos wat hierdie weergawes te kenne wil gee nie, maar dat daar oor ŉ tydperk van maande ŉ geleidelike verandering in sy houding ingetree het, soos uit die volgende feite blyk:

In Februarie 1820 het Donkin aan die Wesleyaanse Genootskap verlof om oor die grens te gaan geweier weens „political necessity".[106] In Mei van dieselfde jaar skryf dr. Philip aan Donkin en versoek dat die Londense Sendinggenootskap toegelaat word om ŉ ander sendeling in die plek van Anderson na Griekwastad te stuur.[107] Hoewel dit hier gegaan het om ŉ stasie anderkant die grens, het Philip hom beperk tot die behoefte aan ŉ nuwe sendeling by Griekwastad. Hy het erken dat Griekwastad nog nie opgeleef het tot die verwagtinge van die Regering nie, maar hy was daarvan oortuig dat ŉ bekwame sendeling daar veel sukses kon behaal. Die toon van Philip se brief was baie vriendelik en diplomaties. Die roofaanvalle van die inboorlingstamme, het hy verklaar, is veroorsaak deur hul nomadiese gewoontes en wanneer hulle nie genoeg kos

149/gehad .....

http://scholar.sun.ac.za

---

105 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 125.

106 W.M.M.S. South Africa B1F3: Edwards - Taylor, 9 Februarie 1820.

107 C.O. 120 Letters received from Churches: Philip - Donkin, 12 Mei 1826.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehad het nie, het hulle eenvoudig die grens oorgesteek en van die boere se vee gesteel. Indien die Regering bereid is om anderkant die grens sendingstasies toe te laat, sou die Hottentotte daar aan die grond gebind word en nie meer die boere besteel nie, of wanneer boere wel besteel word, sou hulle weet waar om die skuldiges te vind. By hierdie memorandum is 'n aantekening van Donkin dat hy verlof toestaan vir 'n nuwe sendeling om na Griekwastad te gaan. Dit was egter nog nie 'n algemene verlof nie, maar 'n uitsondering. Dit is egter belangrik omdat dit bewys dat Donkin alreeds in Mei getoon het dat hy nie so 'n besliste houding soos Somerset in verband met die aangeleentheid inneem nie.

In Julie 1820, 'n maand vóór die ete waarna Philip verwys, vind ons dat Bird in 'n onderhoud aan Edwards van die Wesleyaanse Sendinggenootskap die versekering gee dat die beperkings binnekort opgehef sou word.[108] Hierdie feite bring ons tot die gevolgtrekking dat die owerhede geleidelik van houding verander het en dat Philip se weergawe van die gebeurtenis derhalwe nie betroubaar is nie.

http://scholar.sun.ac.za

Hierdie probleem is dus opgelos in 'n gees van wedersydse welwillendheid. Dit was trouens die algemene kenmerk van die verhouding tussen Philip en Donkin gedurende die eerste jaar van Donkin se bestuur aan die Kaap. In 1821 het daar egter 'n ernstige botsing tussen hulle ontstaan.

Hoewel Philip in 1820 die resultate van sy ondersoek op Bethelsdorp gebruik het om die Regering te oortuig dat hulle

150/die .....

---

108 W.M.M.S. South Africa B1F3: Edwards - Taylor, 5 Julie 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die beperkings op die sendelinge moes ophef, het hy nog steeds nie sover gekom om, soos hy self gesê het, te bewys dat die skuld vir die toestand op Bethelsdorp by die Regering en die plaaslike amptenare berus het nie. Enersyds het hy blykbaar nog nie oor genoeg feite beskik nie. Dit was eers nadat Read in Februarie 1821 aan hom gegewens gestuur het oor die mishandeling van Hottentotte dat Philip besluit het om op te tree.[109] Andersyds het die koms van Donkin vir Philip nuwe hoop laat koester dat hy die Goewerneur na sý sienswyse sou kon oorhaal. Sy vriendskap met Donkin is gebruik om éérs die restriksies opgehef te kry. Omdat hy veel meer vrymoedigheid gehad het om vir Donkin as vir Somerset te vra om 'n landdros te betig,[110] het hy besluit om hom nou in hierdie saak tot Donkin te wend.

Oor die wyse waarop die saak onder Donkin se aandag gebring is, bestaan daar weer twee verskillende weergawes van Philip. In 'n stuk wat teen die einde van sy lewe opgestel is, verklaar hy dat Donkin homself voorgedoen het as 'n groot vriend van die sending. Hy sou by geleentheid aan Philip gevra het wat hý kon doen vir die sending. Philip sou hierdie aanbod van die hand probeer wys het omdat hy Donkin nie met onnodige probleme wou belas nie. Donkin het egter volgens hom daarop aangedring en „ .... I mentioned in a careless manner, that Col. Cuyler and the Missionary at Bethelsdorp were not working well together and that I would be obliged to him if he would

151/have .....

http://scholar.sun.ac.za

---

109 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 135.

110 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

have the goodness to bring them to a better understanding with each other".[111] Op Donkin se aandrang dat hy hom in dié verband van besonderhede moes voorsien, was Philip se standpunt dat hy dit om twee redes nie kon doen nie. Eerstens, omdat hy „could not in this instance comply with His Excellency's wishes .....", en tweedens, omdat hy nog nooit teen 'n plaaslike amptenaar 'n klag ingebring het sonder om hom éérs van sy voorneme te verwittig nie.

Die oomblik was vir Philip ongeleë omdat hy nog nie bo alle twyfel kon vasstel dat Cuyler, en nie Read nie, te blameer was. Donkin het egter Philip se besware nie aanvaar nie en Philip gevra om aan hom „some notes" te gee wat hy as privaat sou beskou. Nadat Donkin wéér daarop aangedring het, het Philip onwillig ingestem.

In 'n meer kontemporêre dokument - 'n uiteensetting van sy verhouding tot die Kaapse owerheid wat in 1825 opgestel is - word hierdie feite glad nie verstrek nie. Aangesien hierdie stuk juis geskryf is om vir die direkteure 'n uiteensetting te gee van sy verhouding tot die Regering, is dit redelik om te verwag dat so iets genoem sou word, veral aangesien dit belangrik genoeg geag is om in die veel later geskrif, wat 'n bondige uiteensetting van die werk van die deputasie bevat het en vir sy biograaf bedoel was, uitvoerig gemeld te word.[112]

http://scholar.sun.ac.za

In die kontemporêre geskrif verklaar Philip net dat Donkin te Bethelsdorp 'n ondersoek ingestel het na aanleiding

152/van .....

---

111 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, ff. 13-14.

112 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, ff. 13-14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van „ ..... complaints against Col. Cuyler, which had been put into his hands in Cape Town".[113] Philip sê nie uitdruklik dat dit hy was wat die klagte ingedien het nie, maar dit kan uit die res van die teks afgelei word.

Macmillan aanvaar dat Philip aan Donkin die klagtes oorhandig het op laasgenoemde se aandrang, maar hy verwerp die „rough notes" van Philip omdat die klagtes vervat is in 'n amptelike brief van Philip aan Donkin.[114]

Wanneer ons ons wend tot die amptelike bronne, vind ons dat Philip in albei weergawes nie die ware verhaal vertel het nie. In 'n brief aan Donkin, gedateer 28 April 1821, maak Philip geen melding van enige gesprek met Donkin nie, en uit die inhoud kan ook afgelei word dat Philip skryf oor 'n saak waarvan Donkin geen voorhandse kennis besit het nie.[115]

Philip verklaar dat hy lank geaarsel het voordat hy die brief geskryf het, maar hoe pynlik dit ookal vir hom was, het hy dit as sy plig beskou om die klagtes onder die aandag van die Waarnemende Goewerneur te bring. Hy sou só lank uitgestel het in die hoop dat die oorsake van die klagtes uit die weg geruim sou word. Hy sou egter nie aan sy gewete en die genootskap wat hy verteenwoordig, reg laat geskied as hy dit nie onder die Goewerneur se aandag bring nie. Philip het waarskynlik die tyd om hierdie klagtes in te dien, doelbewus uitgesoek, want dit was op die vooraand van Donkin se besoek

153/aan .....

http://scholar.sun.ac.za

---

113 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

114 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, pp. 135-136.

115 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Philip - Donkin, 28 April 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die oosgrens. Philip het die hoop uitgespreek dat Donkin op sy toer bewus sou word van die betreurenswaardige toestand van die Hottentotte en dat hy die euwels uit die weg sou ruim.

Donkin self ontken dat hy ooit vir Philip gevra het of hy iets vir hom kon doen en dat bogemelde brief van Philip deur 'n boodskapper by hom afgelewer is onmiddellik voor sy vertrek na die oosgrens.[116] In sy Researches verstrek Philip geen uitvoerige besonderhede oor die saak nie en sê hy net dat hy in 1821 agt klagtes teen Cuyler aan Donkin oorhandig het.[117] Philip se poging om te kenne te gee dat hierdie saak heeltemal toevallig en sonder sy begeerte onder Donkin se aandag gekom het, moet dus verwerp word.

Die feit dat hulle goeie vriende was, het die botsing wat hierop gevolg het, vir Philip 'n moeilike een gemaak, en Philip se optrede het Donkin se vertroue in hom ernstige skade aangedoen. Op 17 Mei 1821 het Donkin hierdie klagtes op Bethelsdorp en Uitenhage ondersoek. Net die volgende dag het hy vir Philip sy bevindinge per brief meegedeel: „I have trusted to no man's report ..... I have seen, heard, and inquired myself, and the result is my conviction that your reporters have deceived you. You will regret this with me for such misrepresentation injure the best cause".[118]

Philip se eerste reaksie was om Donkin van troubreuk te beskuldig omdat hy die inhoud van 'n privaat en vertroulike dokument openbaar sou gemaak het.[119] Macmillan verwerp

154/tereg .....

http://scholar.sun.ac.za

---

116 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Donkin vóór in dié band ingebind.

117 Philip, John: Researches in South Africa, I, p. XX

118 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin - Philip, 18 Mei 1821.

119 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Philip - Donkin, 1 Junie 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tereg hierdie bewering omdat 'n klagte teen 'n regeringsamptenaar nie 'n privaat aangeleentheid is nie.[120] Philip het dit ook nie as 'n privaat aangeleentheid bedoel nie, want in sy brief van 26 April het hy uitdruklik gevra dat die Goewerneur die klagtes uit die weg moes ruim en dat so 'n optrede van Donkin „ ..... would afford me the highest pleasure to have to communicate to the Directors of the London Missionary Society, that the prompt and seasonable interference of your Excellency has secured two of their Institutions from ruin and given birth to a new Era in the condition of the oppressed Hottentots".[121] Donkin was baie teleurgesteld dat Philip hierdie houding aangeneem het en het opgemerk: „Could I ever receive as private the accusations of a Public Institution against public Magistrates, and officers, which might have ended in the utter ruin and disgrace of the parties, had I acted on these papers without investigation?"[122]

http://scholar.sun.ac.za

Hoewel dit dus duidelik is dat dit nie 'n privaat dokumert was nie, het Philip die res van sy lewe met dié storie volgehou.[123]

Sy tweede reaksie was om te verduidelik dat sy brief van 28 April 1821 baie haastig gekopieer is van 'n brief van Read en dat die kopieerder 'n hele aantal foute gemaak het.[124]

155/In .....

---

120 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 136

121 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Philip - Donkin, 28 April 1821.

122 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin - Philip, 11 Junie 1821.

123 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 15; en Philip, John: Researches in South Africa, I, pp. 312-318.

124 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin - Philip, 1 Junie 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n brief van dieselfde datum aan Read maak Philip aanhalings om te bewys hóé Read se brief deur die kopieerder verdraai is. Hierdie verduideliking kan egter moeilik versoen word met wat hy by 'n ander geleentheid in verband met Read se klagtes gesê het, t.w.: „I am sorry to tell you that I have been brougnt to much trouble by Read. He wrote paper after paper complaining of the horrid oppressions under which the Hottentots were groaning. I cautioned him, I dwelt on the consequences which might result to the cause in general should his statements prove incorrect, and he answered that he feared they were too true, that they could be too easily proved, and much in the same style ..... It is probable that he had truth at the bottom but has ruined the business by his colouring and by incorrect details .... I know not what I shall do with him ... Read is, I fear, the spoilt child of popularity".[125] Philip is dus in werklikheid deur Read mislei, maar hy het nie die moed gehad om dit te erken nie.

http://scholar.sun.ac.za

Philip was nie die enigste sendeling van die Londense Sendinggenootskap wat hierdie soort kritiek op Read uitgespreek het nie. Robert Moffat het Read lank voor Philip geken en hy het hom veroordeel as iemand wat glad te veel waarde aan die Hottentotte se stories geheg het en derhalwe bevooroordeeld was.[126]

Dit is so dat Philip 'n dame gehad het wat gereeld vir hom kopieerwerk gedoen het, maar om die resultaat van Donkin se

156/bevindinge .....

---

125 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 136.

126 Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, 25 Februarie 1822), p. 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevindinge aan kopieerfoute toe te skryf, is onbillik, veral aangesien die klagtes in Philip se Researches herhaal is en Philip self enkele maande ná die gebeurtenis verklaar het dat hy oor genoeg inligting beskik om al hierdie klagtes onomstootlik te bewys.[127]

Philip het egter ook 'n derde verskoning aangevoer wat die vorige een tot niet maak: „Read has no official character in the service of the London Missionary Society. He left his family at Bethelsdorp on his way from the interior to Cape Town, and he is with his family waiting the decision of the Directors on the materials respecting him laid before them".[128] Omdat hy dan nie amptelik lid van die Londense Sendinggenootskap was nie, was sy klagtes dus nie amptelik gewees nie. Afgesien daarvan dat Philip in sy brief van 28 April uitdruklik gesê het dat hý (d.w.s. Philip en nie Read nie) die klagtes voorlê, moet ondersoek word of dit só is dat Read geen amptelike verbintenis met die Londense Sendinggenootskap gehad het nie. Die geskiedenis van Read soos in Hoofstuk 4 uiteengesit, bewys egter dat hy wel nog in diens van die Genootskap was.

http://scholar.sun.ac.za

Donkin het Philip skerp aangeval oor die teenstrydighede in sy verklarings: „I have in vain tried to reconcile these apparent contradictions. Read either is, or is not, a member of your Society. If a member, I do not see how his statements can be received as apostolical on the 28th of April, and the writer disavowed and turned out a scapegoat on the

157/1st .....

---

127 Philip, John: Researches in South Africa, I, pp. 312-316.

128 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Philip Donkin, 1 Junie 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1st of June. If not a member, it strikes me, that this two papers should have been rejected at once as apocryphal and the man told to mind his own business".[129]

Donkin was nog 'n ruk lank op toer en daar het toe tussen hom en Philip 'n korrespondensie ontstaan. Philip het van Donkin se briewe gesê dat hulle „ ... bore the same spirit of indictment against the Missionaries, they all went upon this principle, that the Missionaries had been guilty of a foul conspiracy against a virtuous Magistrate".[130] Volgens Philip sou die Goewerneur die een brief na die ander aan Bird geskryf het „..... full of the charges he had heard in the country against the Missions and the Missionaries. These letters were read to me in the Colonial Office; they were the most intemperate letters that I had ever heard or seen from the pen of any public man, but I could not answer them as copies of them were denied me".[131] Waaroor Philip veral gegrief gevoel het, was dat „ .... the Local authorities took no pains to conceal their joy, and they now thought that the Missions were completely in their power, that the result of this investigation should shut the ears of the Colonial Governement against all complaints proceeding from the Missionaries, and left us and the poor Hottentots at their mercy".[132]

http://scholar.sun.ac.za

158/Van .....

---

129 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin - Philip, 11 Junie 1821.

130 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers) Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

131 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

132 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van hierdie beweerde briewe van Donkin is daar geen afskrifte in die Kaapse Argief nie. By Donkin se terugkeer het Philip met hom samesprekings gevoer sonder enige sukses.[133]

Philip beweer dat hierdie aangeleentheid deur arbitrasie besleg is; dat die arbiters sir Jahleel Brenton die siviele kommissaris van Simonsbaai, en kaptein Vernon, seun van die aartsbiskop van York en kommodoor van Simonsbaai was; en dat hulle die saak in sy guns uitgewys het.[134] Philip beweer verder dat hy op aandrang van Brenton 'n brief aan Donkin gerig het waarin hy hom van troubreuk beskuldig het. Donkin sou hom hierop 'n brief geskryf het: „ ..... full of kindness stating that <u>if</u> he had made such a promise, he <u>should</u> not have made it",[135]
http://scholar.sun.ac.za
In die Kaapse Argief is geen aanduiding van 'n sodanige brief nie en ons het ook alreeds daarop gewys dat Donkin nie dié saak met Philip bespreek het vóór sy vertrek nie, sodat hy nie in 'n posisie was om so 'n belofte te maak nie.

Uit 'n aanhaling van Macmillan blyk dat Philip wel gepoog het om arbitrasie te verkry, maar dat die Goewerneur nie daarvoor te vinde was nie.[136] Brenton het hom ook met die saak ingemeng in 'n poging om die dreigende breuk tussen Donkin en Philip te voorkom, en ná 'n gesprek met

159/Donkin .....

---

133 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 16; en Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, voetnoot 1 p. 135.

134 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 16.

135 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, ff. 16-17.

136 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 137.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Donkin het hy op 5 Augustus 1821 vir Philip in kennis gestel dat die groot fout wat hy (Philip) gemaak het, was dat hy, toe hy die klagtes ingestuur het, nie uitdruklik verklaar het dat dit bedoel was as „ .... only forming grounds for enquiry and not specific charges".[137] Macmillan verklaar dat Donkin op 10 September hierdie korrespondensie in 'n vriendskaplike gees beëindig het deur dieselfde standpunt in te neem as Brenton.

Daar is nog een aspek waaraan aandag gegee moet word omdat dit lig werp op die wyse waarop Philip in hierdie saak te werk gegaan het. Oor hierdie aangeleenthede het Philip naamlik 'n brief aan Moffat geskryf, en uit wat Moffat van die brief sê, wil dit voorkom asof Philip die hele botsing met Donkin op Read se skouers gepak het en homself van alle blaam onthef het.[138]

http://scholar.sun.ac.za

Van Philip se optrede in hierdie aangeleentheid sê Macmillan dat dit „careless and off-hand" was.[139] Wat Philip aanbetref, was die saak egter nie hiermee finaal afgesluit en vergete nie. Hy het gevrees dat Bird die stukke van Donkin teen die sending sou gebruik[140] en daarom het hy, op aandrang van sir Jahleel Brenton, besluit om weer eens 'n besoek aan Bethelsdorp te bring. Op 21 September 1821 het hy, vergesel van mev. Philip, op sy tweede besoek aan die binneland vertrek.

160/Sy .....

---

137 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, voetnoot 1 p. 135.

138 Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - A. Moffat, 25 Februarie 1822), p. 58.

139 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 135.

140 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the Deputation in South Africa, f. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sy besoek aan Bethelsdorp was vir hom 'n triomf. Hy beskryf sy bevindinge daar soos volg: „I found in the corner of the Missionary Office what no one then at Bethelsdorp knew anything about, letters in the handwriting of Col. Cuyler containing the proofs of all allegations except one, and that was afterwards proved by thirty-one witnesses". 'n Endjie verder skryf hy: „I saw I had in my hands not only the means of vindicating the calumniated Missionaries; but also the means of liberating the Hottentots from their cruel bondage .....".[141] Hierdie korrespondensie het Philip as 'n bylaag in sy Researches in South Africa opgeneem.[142]

Dit is nodig om op hierdie stadium Philip se klagtes t.o.v. die mishandeling van Hottentotte na te gaan omdat sy latere agitasie vir verandering hieruit voortgevloei het en ook omdat dit 'n belangrike invloed op sy latere verhouding tot die Kaapse regering uitgeoefen het. Die klagtes wat Philip op 28 April 1821 by Donkin ingedien het, het die volgende behels:[143]

http://scholar.sun.ac.za

1. Twaalf mans, wat in Desember 1820 van Bethelsdorp na die regeringsplaas by Somerset gestuur is, sou slegs lewensmiddele en geen kontantgeld vir hul arbeid gekry het nie. Gevolglik is hul gesinne in hongersnood gedompel.

161/2. Hottentotte .....

---

141 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, f. 18.

142 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 403-437.

143 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Philip - Donkin, 28 April 1828.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Hottentotte sou verplig gewees het om teen 2 skellings per dag vir die plaaslike owerheid van Uitenhage te werk, terwyl hulle 1½ tot 2 riksdaalders per dag in Port Elizabeth kon verdien.

3. Die waterfiskaal van Uitenhage sou nege Hottentotte verplig het om vir hom 'n huis te bou, terwyl hulle openbare instandhoudingswerk moes verrig het.

4. Vier Hottentotte van Bethelsdorp sou gedwing gewees het om as konstabels diens te doen. Een sou later weens liggaamlike ongeskiktheid ontslaan gewees het, maar geen vergoeding ontvang het nie.

5. Die sendelinge op Bethelsdorp sou kort-kort lastig geval gewees het met opdragte om die poskantoor op Uitenhage van jong Hottentotte as boodskappers te voorsien. Sulke boodskappers sou dikwels dae lank weg gewees het sonder dat hulle kos of vergoeding ontvang het.

http://scholar.sun.ac.za

6. Tydens die Vyfde Oosgrensoorlog sou meer as sewentig man vir meer as ses maande lank op kommando gewees het sonder dat hulle betaling ontvang het. Hulle vrouens en kinders sou verplig gewees het om skulde aan te gaan om kos te kry.

7. Twintig van Bethelsdorp se beste jong Hottentotmans sou gedwing gewees het om by die Cape Regiment aan te sluit.

8. In Februarie 1821 sou 'n Hottentot, wat binne tien dae 270 riksdaalders met karweiwerk verdien het, gedwing gewees het om sy wa en osse te laat staan en vir 2 skellings per dag vir die plaaslike owerheid van Uitenhage te werk.

9. Culyer, die landdros van Uitenhage, sou aan 'n aantal Hottentotte verlof om op Bethelsdorp te gaan woon, geweier het op grond van die bewering dat die sendeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Bethelsdorp nie genoeg arbeiders gestuur het om op sy plaas te werk nie.

Dít dan, is die klagtes wat ter plaatse deur Donkin ondersoek en ongegrond gevind is.

Uit die korrespondensie wat tydens Philip se tweede besoek aan Bethelsdorp deur hom opgediep is, en onomstootlik sou bewys het dat die Hottentotte deur die koloniale owerhede veronreg is, sou volgens Philip die volgende geblyk het:

Eerstens sou Hottentotte van Bethelsdorp na willekeur deur die Landdros van Uitenhage opgeroep gewees het om werk van 'n openbare aard te verrig. Hulle moes vir 'n onbepaalde tyd werk, het dikwels geen betaling ontvang nie en was aan die genade van die Landdros oorgelewer. Wanneer hulle wél betaling ontvang het, was dit uiters gering in vergelyking met wat hulle elders kon verdien. As bewys hiervoor het Philip tien gevalle aangevoer wat tussen die begin van 1820 en die middel van 1821 plaasgevind het. In al dié gevalle sou die sendeling op Bethelsdorp die Hottentotte sonder aarseling gestuur het. Die gevalle was soos volg:

http://scholar.sun.ac.za

Op 12 Februarie is 20 man vir die skoonmaak van die watervore op Uitenhage opgeroep.

Op 10 Maart 1820 is 10 tot 12 man aangevra om die pad tussen Cradock en die Sondagsrivier te herstel.

Op 26 Junie 1820 is 10 tot 12 man opgeroep om die pad na Algoabaai te herstel.

Op 2 Augustus 1820 moes 20 man gestuur word na Van Rooyen, die Waterfiskaal, om die watervore op Uitenhage skoon te maak.

Op 24 Augustus 1820 is 15 man aangevra om die pad na Port Elizabeth te herstel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 6 Februarie 1821 is 12 man aangevra om die waterslote skoon te maak.

Op 23 Maart 1821 moes 'n aantal mans gestuur word om die pad na Port Elizabeth skoon te maak.

Op 27 Maart 1821 is 12 man aangevra om die pad te herstel. Daar word nie gesê watter pad nie.

Op 10 Mei is 10 man opgeroep om die watervore op Uitenhage skoon te maak.

Op 31 Julie 1821 moes 4 man gestuur word om te help met openbare werke.

Philip het beweer dat só baie arbeiders gevra is dat die sendingstasie nie almal kon voorsien nie, en dat die oproepe kort-kort herhaal is. In die tydperk van agtien maande wat deur hierdie gegewens gedek word, is ongeveer 120 Hottentotte opgeroep om paaie te herstel en waterslote skoon te maak. As Philip se bewering dat op Bethelsdorp 350 bruikbare mans gewoon het, van wie 230 'n vaste werk gehad het, as uitgangspunt geneem word, is dit duidelik dat daar nie buitensporig veel arbeiders van die sendingstasie aangevra is nie.[144] As Kitchingman se bewering dat daar 1,200 bruikbare mans woonagtig was, van wie slegs 900 'n vaste werk gehad het, as uitgangspunt aanvaar word, dan was daar nóg minder rede vir klagte.[145] As 'n mens verder in aanmerking neem dat van die 120 arbeiders wat voorsien is, slegs vier meer as een keer gestuur is, moet jy tot die gevolgtrekking kom dat die

http://scholar.sun.ac.za

164/openbare .....

---

144 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 405.

145 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Kitchingman se antwoorde op Donkin se vrae, 17 Mei 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

openbare verpligtings nie te swaar op die skouers van individuele Hottentotte gerus het nie. Uit die datums waarop die arbeiders aangevra is, blyk dit dat die sendelinge nie kort-kort lastig geval is, soos Philip beweer het nie.

Volgens Philip sou hierdie mense glad nie, of baie swak, vergoed gewees het. Dié wat aan die openbare paaie moes werk, het slegs lewensmiddele ontvang.[146] Dit was 'n openbare diens waarvoor enige kolonis opgeroep kon word en hy sou daarvoor geen vergoeding ontvang nie. Arbeiders wat ander openbare werk verrig het, het 6 riksdaalders per maand en die volle provisievoorraad van 'n soldaat ontvang.[147]

Philip het voorts beweer dat sommige arbeiders deur die Waterfiskaal, Van Rooyen, gebruik is om vir hom 'n huis te bou. Ten spyte van die feit dat Donkin Philip se aandag daarop gevestig het dat dit 'n openbare gebou was wat gebou is,[148] het Philip hierdie klagte in sy Researches herhaal.[149]

http://scholar.sun.ac.za

Philip se vernaamste beswaar, wat hy as 'n beginselbeswaar beskou het, was dat die sendingstasie, waar evangelisasiewerk verrig moes word, verplig was om uit sy geledere arbeiders vir regeringswerk te voorsien. Hy het Cuyler hieroor heftig aangeval.[150] Alle landdroste het die reg gehad om van die

165/inwoners .....

---

146 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoord op vrae, 11 September 1822.

147 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

148 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin se antwoorde op Philip se vrae, no. 3.

149 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 412.

150 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 434-437.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoners van hul distrik arbeid teen vergoeding te eis ten einde openbare dienste in stand te hou.[151] Hierdie verpligting het op die grondbesitters in elke distrik gerus en aangesien die Londense Sendinggenootskap die besitter van Bethelsdorp was, moes hulle ook hul deel bydra. Dit was een van die uitdruklike voorwaardes waarop die grond aan die Genootskap toegeken is. Goewerneurs Caledon en Cradock het hierdie beginsel deurgaans gehandhaaf.[152] Bethelsdorp was nie die enigste inrigting van wie Cuyler arbeiders gevra het nie.[153]

Volgens Philip sou die Bethelsdorp-korrespondensie in die tweede plek bewys het dat die Hottentotte van Bethelsdorp, behalwe vir die reeds genoemde openbare dienste in Uitenhage en distrik, ook opgekommandeer gewees het om vir die Regering as karweiers, posryers en konstabels te werk.[154] Hy het dit nie slegs teen die beginsel van sodanige dienste gehad nie, maar ook teen die ongerief en ontberings waaraan Hottentotte blootgestel is. Hy het bv. gekla dat Hottentotte wat vir die vervoer van pos gebruik is, lang afstande moes aflê en aan baie ontberings blootgestel was.

http://scholar.sun.ac.za

Die posisie i.v.m. die pos in die binneland was soos volg: Omdat dit 'n wesenlike probleem was, is dit as 'n openbare diens beskou en moes die koloniste self periodiek die

166/pos .....

---

151 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

152 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VII (Caledon - Lord Castlereagh, 16 Oktober 1809), pp. 172-173; en Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX (Cradock - Col. Vicars, 14 November 1812), pp. 9-10.

153 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

154 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 417-424.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pos vervoer of een van hul arbeiders daarvoor beskikbaar stel. Waar daar in 'n distrik 'n sendingstasie was, is die vervoer van die pos oor sekere afstande aan hulle toevertrou as 'n bron van inkomste.

Donkin was hierdie klagte van Philip simpatiek gesind en daarom het hy opdrag gegee dat Hottentotte wat pos vervoer nie onnodig lang afstande moes aflê nie, en dat hulle elke ses maande moes wissel.[155]

Philip se beswaar teen die gebruik van Hottentotte van Bethelsdorp as konstabels was beperk tot vier gevalle. Hierdie Hottentotte was egter mense van wie eerw. Messer ontslae wou raak, en deur hulle as konstabels aan te stel, is hulle aan 'n verdienste geholp.

http://scholar.sun.ac.za

Philip se vernaamste beswaar teen die opkommandering van Hottentotte was dat die Hottentotte dikwels werk wat beter betaal het, moes laat staan om verpligte werk vir die Regering te doen. Die besondere omstandighede van 'n Hottentot sou nooit in aanmerking geneem gewees het nie en hul vrouens en kinders sou dikwels daaronder gely het.[156]

Philip het egter nie met die werklike toedrag van sake rekening gehou nie. Hottentotte is immers nooit by name opgekommandeer nie. Die Landdros het aan die sendeling van Bethelsdorp geskryf en 'n sekere aantal arbeiders aangevra. Die sendeling het dan die hoofde van die Hottentotte, wat

167/korporaals .....

---

155 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Donkin se antwoorde op Philip se vrae.

156 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 405 en p. 421.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

korporaals genoem is, byeengeroep en aan hulle opdrag gegee om die nodige arbeiders te kry. Hulle moet dus die blaam ontvang indien 'n Hottentot in dié verband ongerief aangedoen is.[157]

Uit die Bethelsdorp-korrespondensie het volgens Philip in die derde plek geblyk dat Cuyler aan Hottentotte verlof om op Bethelsdorp te gaan woon, geweier het.[158] Volgens Philip sou Cuyler die enigste landdros gewees het wat so iets gedoen het en sou dit „ ..... an assumption on the part of the landdrost himself" gewees het.

Dit is egter onwaar. Cuyler het hierdie mag besit kragtens 'n proklamasie van 21 Februarie 1805 wat die reëls van beheer oor die sendingstasies neergelê het.[159] Vir Bethelsdorp het daar ook nog ander reëls bestaan wat dié beginsel bekragtig het. Toe dr. Van der Kemp by Goewerneur Dundas aansoek gedoen het om verlof om 'n sendingstasie te stig, het Van der Kemp dertien beginsels waarvolgens die inrigting bestuur sou word, op skrif gestel. Die vierde hiervan het bepaal dat geen Hottentot sonder die Landdros se skriftelike toestemming tot Bethelsdorp toegelaat sou word nie.[160] Die landdroste is met hierdie mag beklee om te verhoed dat Hottentotte na willekeur van hul base wegloop en

http://scholar.sun.ac.za

168/op .....

---

157 C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints: Kitchingman se antwoorde op vrae 10 en 11, 17 Mei 1821.

158 Philip, John: Researches in South Africa, pp. 425-428.

159 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, IX (Report of the Commission of Circuit 1813), p. 78. Dié Kommissie het bevind dat die sendelinge op Bethelsdorp hulle nie aan die proklamasie steur nie.

160 Clinton, D.K.: The South African melting pot, p. 25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op sendingstasies skuiling soek.

'n Landdros wat 'n sendeling of sendingstasie nie goedgesind was nie, kon hierdie mag misbruik. Die voorbeelde wat Philip aangevoer het om te bewys dat landdros Cuyler Hottentotte verlof geweier het om op Bethelsdorp te gaan woon, is egter nie oortuigend nie. Hy noem twee Hottentotvroue, genaamd Grief en Katare met wie dit die geval sou gewees het. Dit is so dat Cuyler hul aansoek geweier het, maar dit was omdat hul werkgewers aan hom valse inligting verstrek het. Nadat hy die korrekte toedrag van sake verneem het, het hy geen verdere pogings aangewend om hul toelating tot Bethelsdorp te verhinder nie.

As 'n verdere voorbeeld in dié verband noem Philip ene Magerman wat in 1817 uit die dienste van die Cape Regiment ontslaan is. Hy sou in Februarie 1821 aansoek gedoen het om tot Bethelsdorp toegelaat te word, maar Cuyler sou geweier het en hom opdrag gegee het om binne 'n bepaalde tyd 'n vaste werk te kry. Die ware feite is dat aangesien Magerman alreeds sedert 1817 sonder werk was, hy as 'n leeglêer beskou is en Cuyler dus gemagtig was om hom in 'n werk te plaas.

http://scholar.sun.ac.za

'n Vierde feit wat volgens Philip uit die Bethelsdorp-korrespondensie geblyk het, was dat Cuyler arbeiders aangevra het onder die voorwendsel dat hulle vir openbare werk gebruik sou word, maar dat hy hulle vir sy private werk gebruik.[161]

Cuyler hét vir sy privaat doeleindes arbeiders gevra, maar hy het nooit voorgegee dat hulle vir openbare dienste

169/gebruik .....

---

161 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 428.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik sou word nie. Hy het ses of agt man aangevra om twee of drie weke lank op sy pleas te werk teen dieselfde vergoeding as wat die Regering aan hulle betaal het.[162]

In die vyfde plek sou die Bethelsdorp-korrespondensie sekere misbruike getoon het i.v.m. die passtelsel wat deur die proklamasie van 1809 ingestel is.[163] Philip het veral teen die ongerief wat daardeur veroorsaak is, beswaar gemaak. Hy beweer bv. dat geen Hottentot van Bethelsdorp mark toe kon gaan voordat sy pas deur die sendeling of 'n veldkornet gedateer en geteken is nie. Hy wou hê dat die Betheldorpse Hottentotte van hierdie bepaling vrygestel moes word t.o.v. die distrik Uitenhage en wanneer hulle transport ry.

Dit is belangrik om daarop te let dat Philip op hierdie tydstip nie teen die bepalings van passe vir Hottentotte beswaar gemaak het nie, maar teen sekere bepalings i.v.m. passe. Die reëling waarteen hy beswaar maak, is ingevoer omdat sendelinge, veral eerw. Kitchingman, aan Hottentotte passe gegee het maar geen datum ingeskryf het nie, sodat die rondswerwery van Hottentotte nie gekontroleer kon word nie.[164]

In die sesde plek sou die Bethelsdorp-korrespondensie getoon het dat Bethelsdorp baie méér rekrute vir die <u>Cape Regiment</u> moes lewer as enige ander plek.[165] Volgens Philip

170/sou .....

---

162 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

163 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 428.

164 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

165 Philip, John: Researches in South Africa, II, p. 433.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou Cuyler die hele kwota vir sy distrik van Bethelsdorp geëis het.

Die volgende syfers bewys egter dat dit nie die geval was nie: In 1812 moes Uitenhage 35 rekrute voorsien, waarvan 21 van Bethelsdorp gekry is. In 1813 is 40 van die vereiste 70 rekrute op Bethelsdorp gewerf. In 1819 is 20 van die vereiste 60 persone van Bethelsdorp gerekruteer. In 1822 moes Uitenhage 4 rekrute vir die Cape Regiment voorsien van wie 3 van Bethelsdorp afkomstig was.[166]

Die laaste „bewys" wat volgens Philip uit die Bethelsdorp-korrespondensie voortvloei het gehandel oor beweerde mishandeling van Hottentotte deur koloniste.[167] Hy noem egter vermeende bewyse van slegs een geval nl. dié van twee Hottentotte wat deur ene Van Buren van Cradock wreed aangerand is. Hierdie soort van klagtes het een van die belangrikste aspekte van sy Researches geword en word gevolglik in 'n latere studie bespreek.

http://scholar.sun.ac.za

Die Bethelsdorp-korrespondensie het Philip dus in staat gestel om 'n hele reeks klagtes teen landdros Cuyler op te werk. Later het hy nóg klagtes teen hom ingebring.

Die eerste klagte het as die „wood case" bekend gestaan. Cuyler het die Hottentotte van Bethelsdorp verbied om op enige ander plek as in Landmansbos hout te kap. Dit is gedoen omdat hulle die ander bosse beskadig en uitgeroei het.[168]

171/Volgens .....

---

166 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

167 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 430-431.

168 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler - Bird, 17 Junie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Philip sou dié verbod die sendingstasie swaar getref het omdat sekere houtsoorte nie in Landmansbos voorgekom het nie en sommige Hottentothoutkappers daardeur sonder werk gelaat is.[169]

Dié verbod was 'n ou verbod wat Cuyler hernieu het om die beperkte houtvoorrade te beskerm. As bewys dat die Bethel-dorpse Hottentotte die bosse beskadig het, het Cuyler 'n brief van veldkornet Muller gekwoteer.[170] Philip het egter hierdie argument verwerp en beweer dat Cuyler die verbod opgelê het omdat hy, die heemrade en die koloniste groot belange by die kap van hout gehad het en dus die kompetisie van Hottentotte wou uitskakel.[171]

Dit is moeilik om te bepaal wát presies in dié geval die waarheid was. As ons let op die algemene klagtes teen die gedrag van die Bethelsdorp Hottentotte,[172] en die feit dat Kitchingman by geleentheid erken het dat die Hottentotte bosse beskadig het,[173] dan wil dit voorkom of Cuyler genoeg rede vir sy optrede gehad het. Ten spyte daarvan dat dié gesigspunte aan Philip voorgelê is, het hy die klagte in sy Researches herhaal.[174]

http://scholar.sun.ac.za

172/Philip .....

---

169 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 6 Junie 1822.

170 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler - Bird, 17 Junie 1822.

171 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 16 Julie 1822.

172 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler - Bird, 11 September 1822.

173 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 6 Junie 1822.

174 Philip, John: Researches in South Africa, I, pp. 319-321.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip het Cuyler ook daarvan beskuldig dat hy 'n proklamasie i.v.m. vuurwapens en ammunisie op 'n onbillike wyse toegepas het.[175] Dié betrokke proklamasie het Hottentotte belet om 'n vuurwapen en ammunisie te besit of te hanteer en om sonder die toestemming van die Landdros in die distrik Uitenhage wild te skiet. As 'n voorbeeld van Cuyler se onbillike optrede het Philip die geval genoem van ses Hottentotte wat in 1822 deur Kitchingman gestuur is om dekgras te sny. Vier het geweers saamgeneem, terwyl Kitchingman sy eie geweer aan 'n vyfde gegee het. Die geweers is kort hierna in opdrag van Cuyler gekonfiskeer.[176] Nadat Kitchingman en die Hottentotte voor Cuyler verskyn het, het hy hulle onskuldig bevind.[177]

Cuyler het in dié geval heeltemal volgens wet opgetree aangesien die Hottentotte in die veld gevind is met geweers in hul besit. Nadat vasgestel is dat geen wild geskiet is nie, en dat hulle die geweers in opdrag van Kitchingman vir beskerming saamgeneem het, was die saak afgehandel. Philip het egter dié aangeleentheid weer in sy Researches aangehaal as bewys van die onderdrukkende maatreëls waaronder Hottentotte geleef het.[178]

http://scholar.sun.ac.za

In Augustus 1822 het Philip nog 'n klagte teen Cuyler ingedien. Dit het gegaan oor 'n Hottentot genaamd Willem Bruintjes.[179] Bruintjes was vier jaar lank in diens van

173/ene .....

---

175 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 14 Augustus 1822.

176 C.O. 163 Letters received from Churches: Cuyler - Kitchingman, 5 Junie 1822.

177 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 14 Augustus 1822.

178 Philip, John: Researches in South Africa, I, pp. 321-330.

179 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 14 Augustus 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ene Bentick van Kaapstad. Bentick het vir hom 'n pas gegee om na Bethelsdorp te gaan, maar Cuyler het geweier om hom verlof toe te staan om hom dáár te vestig. Bruintjes het toe na Kitchingman gegaan en die begeerte uitgespreek om by hom in diens te tree. Kitchingman is egter aangesê om Bruintjes na Cuyler te stuur. Cuyler het hom toe as soldaat by die Cape Regiment ingeskryf. Alle versoeke om hom van militêre diens vry te stel, is geweier.

Cuyler het sy optrede in dié geval soos volg verduidelik:[180] Hy sou Bruintjes beveel het om werk te kry, en deur na Kitchingman te gaan, sou hy sy bevele verontagsaam het. Bruintjes het ook alreeds 'n paar maande lank leeggelê, en Cuyler het nog een man kortgekom om Uitenhage se kwota vir die Cape Regiment te voltrek, vandaar sy optrede.

http://scholar.sun.ac.za

Waarom het Philip hierdie klagtes ingedien? Volgens hom het hy nie die herstel van die griewe of vergoeding vir die Hottentotte verwag nie.[181] Hy wou daardeur net sendingwerk bevoordeel. Hy wou die besware wat die Regering teen die sendelinge en die sendingstasies van die Londense Sendingenootskap gehad het, uit die weg ruim, en met hierdie klagtes wou hy bewys dat nie die sending nie, maar die plaaslike owerhede, veral landdros Cuyler, vir die agteruitgang van die Londense Sendinggenootskap se werk in Suid-Afrika, en

174/veral .....

---

180 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler se antwoorde op vrae, 11 September 1822.

181 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Somerset, 25 Julie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veral op Bethelsdorp, verantwoordelik was.[182]

Die gevolg van Philip se optrede was dat daar 'n onaangename verhouding tussen hom en landdros Cuyler ontstaan het. Philip het op 26 Junie 1819, tydens die deputasie se besoek aan Uitenhage, vir Cuyler die eerste keer ontmoet. Hy en Campbell het toe 'n lang gesprek met hom gehad, en Campbell se mening van hom was soos volg: „He is much pleased with the conduct of the Missionaries in their transactions with him, which is different from the days of Messrs. Vanderkemp and Read, between whom and him there was constant strife and irritation".[183] Daar het blykbaar aanvanklik ook 'n goeie verstandhouding tussen Philip en Cuyler bestaan en Philip het selfs by geleentheid by hom aan huis gegaan. Toe Philip in Kaapstad terugkeer, was daar geen sprake van klagtes teen Cuyler nie. Dit moes dus vir Cuyler 'n verrassing gewees het toe Donkin in 1821 Philip se nege klagtes aan hom voorlê.

http://scholar.sun.ac.za

Cuyler was ontevrede oor die klagtes, want Philip het nooit 'n woord daarvan teenoor hom gerep nie.[184] Vir Cuyler wou dit voorkom of sake tussen hom en dr. Philip nou dieselfde loop geneem het as tussen hom en Van der Kemp en Read. Volgens hom het Bethelsdorp méér moeilikheid gegee as die res van sy distrik. In plaas van om die Hottentotte in godsdienssin en arbeidsaamheid te onderrig, sou die sendelinge hulle

175/tyd .....

---

182 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A Brief view of the State of the Missions etc., f. 12; en L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

183 Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa, I, pp. 212-213.

184 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler - Bird, 11 September 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tyd aan klagtes i.v.m. regulasies en ander regeringsaangeleenthede bestee het. Die Morawiërs van Enon, daarenteen, het volgens hom nooit klagtes gehad nie.[185] Cuyler was oor dié toedrag van sake só ontstoke dat toe Philip tydens sy tweede besoek aan Bethelsdorp met hom 'n onderhoud wou voer, hy geweier het om hom te spreek.[186]

Die moeilikhede tussen Philip enersyds en Dorkin en Cuyler andersyds is vir dr. Philip se verdere werksaamhede aan die Kaap van die allergrootste belang. In plaas van om die vriendskap en samewerking van Donkin en Cuyler te probeer verkry, het hy hulle vyandig gestem. Dit het Philip daartoe beweeg om ander weë te vind om toestande in die Kolonie sodanig te verander dat die Londense Sendinggenootskap meer sukses en aansien kon verwerf. In hierdie stadium van sy agitasie het Philip hom nog net daarvoor beywer dat die Hottentotte beter behandel moes word. Oor die wetlike status en die regsposisie van die Hottentotte in die Kaapse samelewing het hy nog geen klagtes gehad nie.

http://scholar.sun.ac.za

Nadat Philip die Bethelsdorp-korrespondensie ontdek het, was hy vasberade om die stryd teen Donkin aan te knoop. Toe hy op 26 Desember 1821 in Kaapstad terugkeer, het hy egter gevind dat lord Charles Somerset teruggekeer het, en omdat Somerset nie by die geskil i.v.m. Bethelsdorp betrokke was nie, het hy sy klagtes voorlopig daar gelaat. Met Somerset se terugkeer begin 'n belangrike stadium in Philip se werksaamhede.

176/HOOFSTUK 6 .....

---

185 C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage: Cuyler - Bird, 11 September 1822.

186 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Somerset, 25 Julie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6.

PHILIP EN LORD CHARLES SOMERSET, 1822-1826.

Die tweede termyn van lord Charles Somerset se bewind aan die Kaap het met 'n botsing tussen hom en Donkin begin en is gevolg deur 'n reeks gebeurtenisse wat uiteindelik tot Somerset se terugkeer na Engeland gelei het.

Donkin het Somerset se oorspronklike planne vir die Britse setlaars aansienlik verander.[1] Kaptein Henry Somerset was hieroor baie ontevrede omdat hy dit as 'n belediging vir, en 'n inmenging in, die sake van sy vader beskou het. Daarby het hy beledig en gebelg gevoel dat Donkin hom as landdros van Grahamstad ontslaan het.[2] Toe Donkin en kapt. Somerset mekaar by geleentheid op die pad na Rondebosch ontmoet, het 'n argument tussen hulle gevolg en het Somerset sy meerdere beledig. Bird, wat teenwoordig was, het die breuk probeer heel. Hy het tevergeefs probeer om kapt. Somerset, wat vanweë sy optrede deur Donkin gearresteer en in die gevangenis geset is, oor te haal om Donkin om verskoning te vra.

http://scholar.sun.ac.za

Toe lord Charles Somerset 'n paar dae later in Tafelbaai aankom, was sy seun een van die eerste persone wat aan boord gegaan het. Hy het sy vader volledig ingelig oor al die veranderings wat Donkin aangebring het en oor die botsing tussen hulle.[3] Somerset het toe geweier om deur Donkin

177/amptelik .....

---

1 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 133-137

2 Theal, G.M.: History of South Africa, 5, pp. 234-235; en Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 122-123.

3 C.O. 48/75 (P.R.O.) Report on Sir Rufane Donkin's allegations against Lord C. Somerset's administration; en Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, pp. 193-201.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

amptelik ontvang te word en die enigste kontak wat hy met hom gehad het, was 'n kort nota aan Donkin waarin laasgenoemde op 'n bars manier meegedeel is dat indien daar enige amptelike sake was waarnoor hy Somerset wou spreek, hulle 'n ontmoeting in die koloniale kantoor kon reël.[4]

So 'n ontmoeting het nooit plaasgevind nie, en alhoewel Donkin nog veertien dae lank aan die Kaap vertoef het, het hy Somerset nooit te sien gekry nie.

By sy terugkeer in Engeland het Donkin 'n reeks klagtes teen Somerset by die Minister van Kolonies aanhangig gemaak en massas dokumente ter stawing daarvan ingelewer. Die Minister het die saak na die Kommissie van Ondersoek, wat in 1823 na die Kaap gestuur is, verwys, en hulle het in 1825 oor dié aangeleentheid 'n verslag ingedien.

http://scholar.sun.ac.za

Die nuus van, en gerugte oor, die botsing het vinnig aan die Kaap versprei en 'n gespanne toestand geskep.[5]

Somerset het dadelik begin om Donkin se werk waarvan hy nie gehou het nie, ongedaan te maak. Almal wat pro-Donkin was, het hy as sy teenstanders beskou. Somerset het bv. vir maj. Jones as landdros van Albany vervang deur Harry Rivers. Hy het vir hom die reg toegeëien om self alle amptenare in die koloniale kantoor aan te stel. Vroeër is dit op aanbeveling van die Regeringsekretaris gedoen.[6]

178/Die .....

---

4 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 124.

5 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 130.

6 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXI (Getuienis van kol. Bird aan die Kommissie van Onderswek) p. 267.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraag is nou hóé hierdie toestand van sake vir Philip geraak het. Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om op die volgende te let. Ten eerste: ten spyte van verskille tussen Philip en Somerset gedurende laasgenoemde se eerste ampstermyn oor sake soos die verbod op sendelinge om oorkant die grens sendingwerk te doen, was die verhouding tussen hulle in daardie tydperk goed. Ten tweede: net vóór Somerset se terugkeer was Philip in 'n botsing met Donkin betrokke, sodat hy nie as 'n Donkin-ondersteuner gereken kon word nie. Ná sy terugkeer was Somerset baie vriendelik teenoor Philip en het hy hom onder meer na sy woning in Nuweland genooi.[7] Somerset en Bird het selfs na Philip se kerk, wat toe in aanbou was, gaan kyk en hom en sy vrou na 'n bal uitgenooi - iets wat hulle van die hand gewys het.[8]

Daar was egter alreeds in April 1822 tekens dat die verhouding, veral wat Philip betref, aan die versleg was. Philip het begin besef dat die Koloniale Regering nie sy klagtes simpatiek gesind is nie, en dat Somerset se vriendelikheid nog steeds daarop gemik was om hom na sý standpunt oor te haal. Daarom het hy i.v.m. sy verhouding teenoor Somerset soos volg geskryf: „.... the ordinary forms of respect are kept up between us. I know not what respect His Lordship may entertain for my person but the Colonial Government would be much better pleased with me if they could get me to approve of their manner".[9]

http://scholar.sun.ac.za

179/'n .....

---

7 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

8 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JC: Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 14 April 1822.

9 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JC: Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 14 April 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Paar maande het verloop voordat Philip die volgens hom uiters belangrike Bethelsdorp-korrespondensie gebruik het om opnuut sy klagtes aan die Regering voor te lê. Die belangrikste rede waarom dit nie onmiddellik ingedien is nie, was waarskynlik omdat hy nie verwag het om Somerset aan die Kaap te vind nie. Die voorbereiding van die klagtes het ook tyd geverg. Boonop was Philip 'n tyd lank ernstig siek.[10]

Sy bevindings is aan kolonel Bird voorgelê. Volgens sy geskrifte het die owerhede soos volg daarop gereageer. In 'n geskrif wat vir sy biograaf bedoel was, en teen die einde van sy lewe opgestel is, beweer hy dat Bird sou gesê het: „You have got strong things against us at last". Voorts: „Nothing was now said about the power of putting down the Missions, with which the Government was vested by Lord Bathurst, or of the declaration of the Missionaries at the Cape Town Synod, or of the intemperate or violent letters of Sir R.S. Donkin copies of which I had been refused. His first question was, 'What shall I give you'; and his question was no sooner put, than answered by himself; we will give you a proclamation or ordinancy containing all you require. A charter containing the liberties of the Hottentots, resembling the 50th Ordinance afterwards drawn up by General Bourke, was now offered me, but without securities. I felt assured that without these it would not be three months before it would be revoked. I explained this to the Secretary to Government

180/which .....

http://scholar.sun.ac.za

---

10 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 15: Notule van 18 Maart 1822, pp. 22-23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

which he admitted; and concluded by observing to him that I was quite willing to accept his offer, provided that Lord Charles would promise that he would get the seal of the King in Council appended to it. His Lordship was too jealous of his own prerogative to suffer the slightest innovation of his power, and he treated the proposal with indignation".[11]

Hierdie bewering van Philip moet verwerp word as 'n verdraaiing van die ware feite. Dié verdraaiing kan nie bloot aan swak geheue toegeskryf word nie omdat Philip nie in terme van die bepalings van Ordonnansie 50 gedink het voordat dit deur Bourke aan die Britse regering voorgelê is nie.

Philip se meer kontemporêre geskrifte gee 'n heeltemal ander weergawe van dié betrokke aangeleentheid. In die uiteensetting van sy verhouding tot die Koloniale Regering beweer hy die teenoorgestelde, naamlik: „ ... no official notice was ever taken of this communication, and the same system of oppression was continued ....".[12] In dieselfde geskrif verklaar hy ook dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat hy te ver gegaan het met sy regverdiging van die Koloniale Regering se optrede, maar dat hy nogtans voortgegaan het om te probeer, nie om 'n proklamasie soortgelyk aan Ordonnansie 50 te verkry nie, maar „ .... a system of measures ..... which would restrain the oppressive conduct of the Local Authorities of the Country Districts."[13]

http://scholar.sun.ac.za

181/Toe .....

---

11 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the L.M.S. Deputation in South Africa, ff. 19-20.

12 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., ff. 7-8.

13 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): A brief view of the State of the Missions etc., f. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe Philip besef dat hy langs hierdie weg nie sy doel sou bereik nie, het hy oorgeslaan na 'n nuwe taktiek. Hy het begin om die Koloniale Owerhede openlik te dreig dat, indien hulle nie reg laat geskied aan die Hottentotte, en die onderdrukking van Bethelsdorp deur Cuyler beëindig nie, hy die saak na die Britse regering sou verwys. Hierdie klagtes sou volgens hom talle ander na vore bring.[14]

Philip het hierdie houding ingeneem omdat hy alreeds vooraf met sy vriend, sir Jahleel Brenton, reëlings getref het om 'n nuwe metode te volg, naamlik om hom direk op die Britse regering te beroep. Daarom vind ons dat Philip nie meer voortaan pogings aangewend het om die beleid van Somerset deur middel van argumente, polemieke en remonstransies te verander nie, maar volstaan het met individuele klagtes oor mishandeling en onderdrukking wat hy aan die Regering gestuur het.[15] Hy het nou nie meer op algehele hervorming aangedring nie, maar net probeer om die laste van Bethelsdorp te verlig.[16] Macmillan maak ook melding van die feit dat Philip in hierdie tyd veel minder korrespondensie met die Regering gevoer het, maar hý skryf dit toe aan 'n nuwe perspektief wat hy besig was om te ontwikkel.[17]

http://scholar.sun.ac.za

182/'n .....

---

14 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825; Philip MSS. Macmillan Notes S216 B270: Philip - Dewar, ongedateer; en Philip MSS. Macmillan Notes S216 A237: Philip - Burder, 2 Oktober 1822.

15 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 6 Junie 1822; C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 16 Julie 1822: en C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 14 Augustus 1822.

16 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Somerset, 25 Julie 1822.

17 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 138.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Laaste saak wat in 1822 Philip se verhouding met lord Charles Somerset vertroebel het, was die vraag oor wat presies die posisie van die Londense Sendinggenootskap was by die aanstelling van sendelinge. Die sendelinge was bang dat Somerset die verlof wat Donkin aan hulle toegestaan het om stasies anderkant die grens te stig, sou ophef.[18] Hoewel Somerset dit as noodsaaklik vir sy grensbeleid beskou het om nie sendelinge wat onafhanklik van die Koloniale Regering optree, anderkant die grens toe te laat nie, het hy tog nie hierdie verlof teruggetrek nie. Vroeg in 1822 het Somerset weer die geleentheid gekry om Philip se aandag daarop te vestig dat indien hy enige veranderinge ten opsigte van enige sendingstasie in die Kolonie wou aanbring, behalwe t.o.v. Bethelsdorp en Theopolis wat beskou was as direk onder beheer van die Londense Sendinggenootskap, hy eers die goedkeuring van die Goewerneur moes kry.[19] Philip was nie baie ingenome hiermee nie en wou van die Goewerneur weet of hy (Philip) geen mag besit om 'n sendeling sonder goedkeuring van die Goewerneur te verskuif of te ontslaan nie.[20] Die Koloniale Regering het oor hierdie sendingstasies gesag uitgeoefen omdat dit Hottentotkrale was waar die sendelinge hulself gaan vestig het, maar Somerset was bereid om Philip se reg om sendelinge te herroep, te erken.[21]

183/Ten .....

http://scholar.sun.ac.za

---

18 W.M.M.S. South Africa B1F4: B. Shaw - J. Taylor, 29 September 1821.

19 C.O. 4846 Letters Despatched General: Bird - Philip, 27 Februarie 1822.

20 C.O. 163 Letters received from Churches: Philip - Bird, 25 Februarie 1822.

21 C.O. 4846 Letters Despatched General: Bird - Philip, 27 Februarie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van hierdie verskille het Somerset voortgegaan met sy pogings om Philip se goeie gesindheid vir die uitvoering van sy planne te wen. Philip, gestark deur die steun wat hy van Wilberforce in Engeland ontvang het, het nou nie alleen meer aggressief geword nie, maar homself ook minder genaakbaar teenoor die Koloniale Regering begin toon. Hy het veral Bird se houding met agterdog bejeën en daarna verwys as „ ..... merely to prevent me from carrying the matter home.....".[22] Met die koms van die Kommissie van Ondersoek na die Kaap sou dit vir Somerset 'n groot bate gewees het indien Philip, oor wie se belangrikheid as getuie die Kommissie ongetwyfeld goed ingelig is deur Wilberforce, Buxton, Brenton, Hankey en andere, in sy guns kon getuig. Hiervan was Philip bewus want hy sê: „Previous to my journey in the latter end of 1823 into the Interior, and some months after my return I was consulted on various important matters connected with the Government .....".[23] Hierdie reis is deur Philip onderneem ter voorbereiding van die Kommissie se besoek aan die binneland en om nóg gegewens vir sy saak in te win. Juis daarom het hy nou bevind: „ Official men begun to smile upon me, and many believed that I had sacrifised the poor Hottentots and all my former principles to please and gain the favour of his Lordship. About this time his Lordships troubles commenced. I was occasionally consulted and helped him out of several scrapes. In short I did all that a good conscience could

184/allow .....

http://scholar.sun.ac.za

---

22 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A237: Philip - Burder, 2 Oktober 1822.

23 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825, f. 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

allow me to do in his favour and the event has shewed, that had my advice been taken when he entered upon his violent proceedings he might have escaped the storm which is now thickening around him and threatening to destruction".[24]

Vanaf die oomblik van sy aankoms het die wind téén Somerset begin waai, want behalwe sy botsing met Donkin was hy ook oorhoops met die Britse setlaars, en hul groeiende ontevredenheid met hom het ook in Engeland en die Britse parlement ernstige weerklank gevind.

Ons het alreeds daarop gewys dat Somerset hardkoppig en eersugtig was, met min gevoel vir diegene wat nie met hom saamgestem het nie. Cory se bewering dat sy administrasie gekenmerk is deur „ .... a tendency to sacrifice the best interests of the country for the personal advantage of the Governor and his friends"[25] is waarskynlik te kras gestel, gesien in die lig van die vooruitgang wat daar was.

http://scholar.sun.ac.za

Somerset het in sy tweede ampstermyn met verskeie groot probleme te kampe gehad. In 1822 is die meeste van sy aandag deur moeilikhede met die Britse setlaars in beslag geneem, terwyl daar in 1823 heelwat moeilikhede op die Noordgrens was.

Die moeilikhede op die Noordgrens, waarby Philip betrokke was, was op dié tydstip van 'n ernstiger aard as dié op die Oosgrens. Ons het in Hoofstuk 5 daarop gewys dat Somerset op die Oosgrens vrede probeer handhaaf het deur sendelinge in diens van die Regering te neem en hulle by stamme anderkant die grens te plaas. Omdat dr. Philip nie bereid was om die

185/sendingstasie .....

---

24 L.M.S. Africa Odds 86F1J8 (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825, f. 16.

25 Cory, G. The Rise of South Africa, II, p. 240.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sendingstasie by Griekwastad tot binne die Kolonie se grense te verskuif nie, het Somerset besluit om 'n soortgelyke beleid t.o.v. die Griekwas te volg. Op aanbeveling van Stockenström het hy besluit om 'n kommissaris of agent by die Griekwas te plaas.[26]

Somerset het die saak met dr. Philip bespreek. Laasgenoemde het baie besware gehad, maar was bereid om die plan te steun op voorwaarde dat die Griekwas soos koloniste behandel word en mits die agent dieselfde magte as 'n landdros besit.[27]

John Melville is as agent aangestel en hy het hom by Griekwastad gaan vestig. Hy moes o.a. vrede en orde in dié gebied handhaaf, die Griekwas aanmoedig om op die sendingstasie te gaan woon, toesien dat geen blankes hulle sonder die toestemming van die Goewerneur in dié gebied vestig nie en gereeld aan die Goewerneur verslag doen oor toestande op die Noordgrens.[28]

http://scholar.sun.ac.za

Philip was tevrede met Melville se aanstelling en het hom sy steun beloof. Hy wou graag deur middel van Melville sy invloed oor die Griekwas uitbrei.[29]

Melville moes belangrike instruksies uitvoer sonder dat hy oor die nodige middele daartoe beskik het. Hy het daarin geslaag om Andries Waterboer tot leier van die Griekwas by

186/Griekwastad .....

---

26 Papers relative to the condition and treatment of the Native inhabitants of Southern Africa, 1835, p. 131.

27 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 78-79.

28 Williams, D.: The Missionary as Government Agent on the eastern frontier, 1818-1830, p. 90.

29 Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - James en Mary Smith, 6 September 1825), p. 199.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Griekwastad verhef te kry. Dit het egter nie vrede en orde onder die Griekwas gebring nie. 'n Aantal Griekwas wat nie onder Waterboer se gesag wou staan nie, het Griekwastad verlaat en hulle as rowers in die berge gaan vestig. Hulle het later die naam Bergenaars gekry en die skrik van Griekwaland geword. Die Koks van Campbell en die Barendse van Daniëlskuil wou ook nie Waterboer se gesag erken nie.

In 1825 het Philip die eerste keer die Transoranje besoek. Hy het die beweerde handel in ammunisie tussen koloniste en die Bergenaars, asook laasgenoemde se plundertogte, ondersoek en besluit dat aangesien Somerset nie in staat was om op die Noordgrens vrede en vooruitgang tot stand te bring nie, hy sou ingryp om vrede onder die Griekwas te bewerkstellig. Volgens Philip het hy daarin geslaag om die Bergenaars se vertroue te wen en toe op 20 September 1825 'n algemene vergadering van alle Griekwa-leiers op Griekwastad gehou.

http://scholar.sun.ac.za

Volgens Philip het hy op hierdie vergadering daarin geslaag om die onderlinge geskille uit die weg te ruim en om vrede en orde in daardie gebied tot stand te bring.[30] Moffat beweer egter dat daar geen sukses behaal is nie en dat Philip die Griekwas só op brandewyn getrakteer het dat sommige nie presies geweet het wat hulle sê en doen nie.[31]

Nadat Philip van Griekwastad vertrek het, het die moeilikhede voortgeduur. Die roof- en plundertogte het só erg geword

187/dat .....

---

30 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 103-104.

31 Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman (R. Moffat - James en Mary Smith, 15 November 1825), p. 206.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat Melville wou bedank. Op aandrang van Philip het hy egter aangebly en orde probeer skep. In 1826 het die toestand só versleg, dat hy bedank het. Philip en Somerset se beleid t.o.v. die Noordgrens het dus nie sukses behaal nie.

Na 1830 het Philip hom met hernieude ywer aan Griekwa-aangeleenthede gewy en daarin geslaag om 'n stelsel van vriendskaplike verdrae tussen die Kaapse regering en die Griekwas te inisieer.

Afgesien van die grensprobleme waarmee Somerset te kampe gehad het, het die feit dat hy 'n Hollandse regstelsel, waarvan hy min kennis gedra het, moes toepas op 'n bevolking met twee verskillende agtergronde, ook tot verwarring en moeilikhede gelei. As gevolg hiervan het hy by twee hofsake betrokke geraak wat sy administrasie aan verbete aanvalle blootgestel het.

http://scholar.sun.ac.za

Die eerste hofsaak het in verband gestaan met 'n Britse setlaar genaamd Bishop Burnett.[32] Burnett was finansieel sterk genoeg om op eie koste na Suid-Afrika te emigreer. Hy was afkomstig uit 'n gesiene familie, en het 'n goeie opvoeding geniet. Hy het oor baie ondernemingsgees beskik en was self-standig van geaardheid. Hy het van die Kaapse regering 'n stukkie grond gehuur en met 'n eie boerdery en sake-onderneming begin. Omdat hy nie, soos die ander Britse setlaars, regerings-hulp en -toelaes ontvang het nie, het hy by ene Hart en die Kaapstadse firma Ebden en Eaton goedere op skuld gekoop. Teen die einde van 1820 het Hart begin aandring op betaling en in Januarie 1821 het die Kaapstadse firma hom met

188/vervolging .....

---

32 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 275-279.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vervolging gedreig oor sy versuim om hulle te betaal. Op 24 Februarie 1821 het Burnett met Ebden en Eaton 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens al sy eiendom aan die Kaapstadse firma bemaak is. Hy is toe opdrag gegee om die plek namens hulle te bestuur. In Maart het Hart hom wéér laat dagvaar, maar aangesien die dagvaarding in Nederlands was, het hy drie dagvaardings geïgnoreer, totdat die saak op 26 Julie in sy afwesigheid in Kaapstad verhoor is. Dit is ten gunste van Hart uitgewys.

Daar moet egter daarop gewys word dat die militêre op Grahamstad aan Burnett meer geld as sy totale laste geskuld het vir groenvoer wat hy aan hulle voorsien het. Omdat Burnett hom die gramskap van kaptein Somerset op die hals gehaal het, het laasgenoemde weinig aandag aan sy eise gegee. Somerset se opvolger, kapt. Stuart, was bereid om vir slegs vier-en-veertig van die driehonderd vragte voer te betaal, aangesien hy nie die verantwoordelikheid vir sy voorganger se optrede wou aanvaar nie. Burnett het daaroor 'n hofsaak gemaak, maar dit is ten gunste van Stuart uitgewys. Burnett het hom toe op lord Charles Somerset beroep. Somerset het hom egter aan sy seun se kant geskaar en die geld is afgeskryf.

http://scholar.sun.ac.za

Ten gevolge van die uitspraak van die Kaapse geregshof ten gunste van Hart is Burnett in die Cape Gazette van April 1822 bankrot verklaar. Hy het egter daarin geslaag om 'n openbare veiling van sy besittings te verhoed. Die Kaapstadse firma het egter later hul ooreenkoms met Burnett nietig verklaar, sodat 'n openbare veiling wel gehou moes word. Daar het nou (in 1822) twee hofsake in die Rondgaande Hof op Grahamstad gevolg. In die eerste saak het Burnett vir Hart daarvan aangekla dat hy hom van sy plaas probeer verdryf het.

189/In .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die tweede saak het Hart vir Burnett daarvan aangekla dat hy in gebreke gebly het om sy skulde te vereffen. Die regters, W. Bentick en P.S. Buissine, het egter só ernstig van mekaar verskil dat geen uitspraak gelewer kon word nie. In Oktober 1823 het daar voor die Rondgaande Hof in Grahamstad, met P.J. Truter en P.B. Borcherds op die regbank, ses sake tussen Hart en Burnett gedien.

In sy verdediging voor die hof het Burnett die Regering nie net gekritiseer nie, maar ook beledig. Dié sake wat nie geskik of afgewys is nie, is téén Burnett beslis. Op 2 Desember 1823 het Burnett 'n petisie tot die Goewerneur gerig waarin hy beswaar gemaak het teen die verhoor wat hy as partydig en onregverdig beskou het en waarin hy die regters en die hof beledig het. Die Fiskaal het toe 'n lasteraksie teen hom ingestel en hy is opgeroep vir 'n hofsitting in Kaapstad op 29 Desember 1823. Dit is egter twee maande lank uitgestel ten einde die Nederlandse stukke vir Burnett te vertaal.

http://scholar.sun.ac.za

Die verhoor het eers op 20 Julie 1824, voor regters Neethling en Rogerson begin. Die Fiskaal het uit sy ervaring met die Edwards-saak geleer en dit van die begin af duidelik gestel dat hy uitgaan van die Romeins-Hollandse regstelsel en nie van die Engelse regstelsel nie. Hy het ook die standpunt ingeneem dat Burnett se memorandum nie die verwydering van griewe beoog het nie, maar die regbank beledig het. Burnett is skuldig bevind en die uitspraak was 'n verbanning vir vyf jaar. Burnett het egter daarin geslaag om te ontsnap deur homself te vermom. Hy is toe per boot na Engeland om sy klagtes aan die Britse parlement voor te lê.

Die aankoms van Burnett in Engeland het die Britse Opposisie - die Whigs - nogeens die geleentheid gebied om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Tory-regering van lord Liverpool, en in besonder die Koloniale Kantoor, aan te val oor hul beleid aan die Kaap. Burnett se saak is op 16 Junie 1825 vir die eerste keer in die Britse parlement geopper deur Brougham wat dit gebruik het vir 'n skerp aanval op lord Charles Somerset.[33] Op 22 Junie en 5 Julie is hierdie saak van Burnett weer eens in die House of Commons bespreek.[34] Aangesien die Regering die saak na die Kommissie van Ondersoek verwys het, het bykans 'n jaar verloop voordat dit weer op 8 Junie 1826 in die Laerhuis bespreek is na aanleiding van 'n petisie van Burnett wat deur kolonel Beaumont voorgelê is.[35] Intussen het Burnett egter, in antwoord op die verslag van die Kommissie van Ondersoek, 'n lywige pamflet gepubliseer. Hierin het hy geen saak aan die Kaap onaangeroer gelaat nie en 'n hewige aanval op beide Somerset en die Kommissie gemaak.[36] Op 7 en 8 Desember is die saak vir die laaste keer deur die Opposisie gebruik om 'n aanval teen die Britse Koloniale Kantoor en die Kommissie van Ondersoek te loods.[37] Volgens Brougham het dit nie vir die Opposisie in die eerste plek gegaan om

http://scholar.sun.ac.za

191/hierdie .....

---

33 British Parliamentary Debates, New Series, XIII, pp. 1166-1167.

34 British Parliamentary Debates, New Series, XIII, pp. 1274-1275 en pp. 1483-1485.

35 British Parliamentary Debates, New Series, XIII, pp. 1483-1485.

36 ? Case of Mr. Bishop Burnett. Printed by Order of the House of Commons, 31 Mei 1826.

37 ? Case of Mr. Bishop Burnett. Printed by Order of the House of Commons, 31 Mei 1826.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie geïsoleerde geval nie, maar om 'n hele reeks klagtes teen Somerset se administrasie. Selfs die London Times[38] het hierdie saak gebruik om Somerset te kritiseer.

Die tweede saak wat groot opspraak verwek het, het in verband gestaan met ene William Edwards. As 'n stap in die rigting van die beëindiging van slawerny het die Britse regering bepaal dat enige skip met slawe wat by Kaapstad aandoen, aangehou kon word en dat op die slawe beslag gelê kon word. Ook slawe wat op see deur Britse skepe gekonfiskeer word, sou tot hierdie groep, bekend as Prys Negers, behoort. Hierdie slawe sou onder beskerming van die Ontvanger van Doeane geplaas word en hy kon, onderhewig aan sekere beperkings hierdie slawe vir veertien jaar lank inboek by koloniste wat na hul welsyn kon omsien. Daar was 'n baie groot aanvraag vir hierdie slawe omdat hulle, in teenstelling met die hoë pryse van ander slawe, verkry kon word feitlik net op die belofte dat die regulasies insake hulle behandeling nagekom sou word. Die Ontvanger van Doeane het dus baie mag gehad met betrekking tot die toekenning van sulke slawe.

http://scholar.sun.ac.za

Aan die Kaap was daar baie klagtes oor die wyse waarop hierdie amptenaar, Charles Blair,[39] sy pligte nagekom het. Lancelot Cooke was een van die koloniste wat Blair van wanpraktyke beskuldig het. Hy het aan William Edwards, 'n notaris in Kaapstad, opdrag gegee om 'n memorandum wat hy aan die Britse Tesourie wou stuur, op te stel. Hierdie memorandum het sekere beskuldigings teen die regering van lord Charles Somerset bevat.

192/Cooke .....

---

38 The London Times, 21 Augustus 1824.

39 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXII (Report of the Commissioners of Inquiry to Earl Bathurst upon the complaints of Mr. Lancelot Cooke, 22 Julie 1825), pp. 296-328.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cooke het die oorspronklike memorandum aan die Tesourie gerig, en uit beleefdheid 'n afskrif daarvan aan die Goewerneur, gestuur. Somerset het, in plaas van om die klagtes te laat ondersoek, die memorandum aan Blair gestuur. Hy het dit as laster beskou. Somerset het die saak na die Fiskaal verwys en dié het Cooke gedagvaar vir laster.[40] Hierdie optrede het 'n groot opskudding aan die Kaap veroorsaak.

Tydens Cooke se verhoor het Edwards as agent opgetree, maar in sy verdiging so opgewonde geraak dat hy aangekla is van minagting van die hof. Hy is skuldig bevind en tot sewe jaar ballingskap gevonnis. Voordat hy verban kon word, het hy egter, onder die voorwendsel dat hy siek was, na die huis van sy vriend kaptein John Carnall gegaan en ontsnap. Twee dae later is hy en Carnall albei gevange geneem. Carnall se vonnis was ballingskap vir een jaar maar nadat die Fiskaal hierteen geappelleer het, het die Hooggeregshof hom tot vyf jaar harde arbeid in Nieu-Suid-Wallis gevonnis.

http://scholar.sun.ac.za

Hierdie saak het die verwarring in die regstelsel van die Kaap duidelik onder die aandag gebring. Die basiese beginsel ten grondslag van hierdie saak was of 'n onderdaan die reg besit om 'n petisie op te stel. Die verwarring was die gevolg van die feit dat die Hollandse regstelsel die geldende stelsel was, terwyl die regeerders en 'n groot gedeelte van die bevolking slegs met die Engelse regstelsel bekend was. Daar het selfs by die hoogste kringe in Engeland hieroor onsekerheid bestaan. So byvoorbeeld het James Stephen, die regs-

193/adviseur .....

---

40 C.O. 48/95 (P.R.O.) Cases of L. Cooke and W. Edwards; Libel on the Governor: Stephen - Horton, 12 Augustus 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adviseur van die Koloniale Kantoor, Somerset se optrede afgekeur omdat elke Britse onderdaan volgens hom die reg gehad het om petisies op te stel.[41] In die Burnett-saak het die regsamptenare van die Kroon egter verklaar dat geen Britse onderdaan aan die Kaap 'n lasterlike petisie aan die Goewerneur kon stuur sonder om hom aan vervolging bloot te stel nie.[42]

In die saak van Cooke en Edwards het Bathurst Stephen se mening aanvaar. Die saak het jare lank gesloer en is deur die Kommissie van Ondersoek ondersoek en ook by geleentheid in die parlement bespreek.[43] Uiteindelik het die Tesourie besluit dat sommige van die klagtes teen Blair geregverdig was, en dat £200 skadevergoeding aan Cooke betaal moes word.[44]

Dit was nodig om hierdie twee hofsake volledig te bespreek, omdat dit Philip en sy werksaamhede op 'n tweeledige wyse beïnvloed het. In die eerste plek het dit aan die Kaap en in Londen 'n opskudding veroorsaak en het dit Philip en sy groep gehelp in hul poging om Somerset verwyder te kry. Later het Burnett en Philip albei daarop aanspraak gemaak dat

http://scholar.sun.ac.za

194/hulle .....

---

41 C.O. 48/95 (P.R.O.) Cases of L. Cooke and W. Edwards: Libel on the Governor. Stephen - Horton, 12 Augustus 1825.

42 C.O. 48/73 (P.R.O.) Despatches received from Offices: Attorney and Solicitor General - Bathurst, 28 April 1825.

43 British Parliamentary Debates New Series, XIII, pp. 903-909.

44 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXII (Verslag van Kommissie van Ondersoek aan Bathurst, 22 Julie 1825), p. 296.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle vir Somerset se terugroeping verantwoordelik was. In die tweede instansie is hierdie hofsake van belang in 'n bespreking van Philip se werksaamhede, omdat hy self later die regstelsel gekritiseer het. Volgens hom sou die onderdrukking juis in die regstelsel verskuil gelê het.

Philip het hom daarvoor beywer dat die regstelsel gewysig moes word. Die onlogiese situasie wat ontstaan het vandat die Kaap in Britse hande oorgegaan het, dat 'n Britse administrasie die Hollandse regstelsel moes toepas, het kommentaar van baie mense uitgelok. James Stephen, regsadviseur van die Minister van Kolonies, het self dikwels die aandag gevestig op hoe dit die regspraak hier beïnvloed het.[45] Die sake van Edwards en Burnett was tipiese voorbeelde hiervan. Philip het egter om 'n heeltemal ander rede op 'n nuwe regstelsel aangering. Sy eerste beswaar was dat die Kaapse regters slawe-eienaars was, met die gevolg dat, wanneer 'n slaaf verhoor is, hulle altyd ten gunste van die eienaar uitspraak gelewer het. Daarom wou hy byvoorbeeld hê dat sir John Truter so spoedig moontlik gepensioneer moes word.[46] Die feit dat die Goewerneur ook oor regterlike mag beskik het, het volgens Philip daartoe gelei dat die regspraak nooit vry was van politieke inmenging nie. Om te verseker dat regters nie slaweeienaars was nie, moes regters uit Brittanje na Suid-Afrika gestuur word. Philip se derde beswaar teen die regstelsel was

195/dat .....

http://scholar.sun.ac.za

---

45 C.O. 48/66 (P.R.O.) Despatches received from Offices: Stephen - Horton, ongedateer.

46 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B295: Philip - Brenton, 27 Augustus 1823.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat landdroste en regters toegelaat is om plase te besit. Gevolglik sou hulle die wette wat die inboorlinge in hul hoedanigheid as arbeiders moes beskerm, nie behoorlik toegepas het nie.[47]

Philip het hom tot sir Richard Otley, regter van Ceylon, gewend vir raad en dié het aan hom advies gegee oor hóé die regstelsel aan die Kaap daar moes uitsien.[48] In Oktober 1823 het Philip alreeds verneem dat 'n nuwe regstelsel aan die Kaap ingevoer gaan word, en dáárom het hy hom beywer om sir Richard Otley benoem te kry as regter.[49]

Onder die Britse setlaars was daar interessante en kleurvolle persoonlikhede wat bestem was om 'n belangrike rol in die politieke ontwikkeling van die Kaapkolonie te speel. Min van hulle het egter binne die eerste aantal jare só 'n politieke bohaai opgeskop soos William Parker. Parker was die leier van 'n groepie Iere wat by Saldanhabaai aan wal gesit is. Hy het egter nie lank by sy geselskap gebly nie, en na Kaapstad verhuis.[50] Dáár het hy met sy politieke bedrywighede begin.[51] Hy het die Goewerneur só lastig geval dat Somerset met die Britse regering onderhandel het om Parker na Engeland terug te

196/stuur. .....

http://scholar.sun.ac.za

---

47 C.O. 414/2 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Slaves and Slavery: Dr. John Philip's remarks on the Proclamation of the 22nd March 1823 respecting the Slaves of the Colony of the Cape of Good Hope.

48 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B307: Sir R. Otley - Philip, 23 September 1823.

49 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B307: Philip - Brenton, 20 Oktober 1823.

50 Sien Engelbrecht, J.J.: William Parker en die nedersetting van Ierse setlaars te Clanwilliam in 1820.

51 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stuur. In Oktober 1822 het laasgenoemde toe die Kaap verlaat om sy pleidooie in Engeland voort te sit.

Parker het Bird en die Kaapse regering verantwoordelik gehou vir die mislukking van sy nedersettingskema, en die koloniale kantoor met briewe in dié verband oorstroom. Hy het ook 'n pamflet geskryf getitel The Jesuits unmasked, wat in 1823 gepubliseer is en 'n kwaai aanval op Bird bevat het omdat hy 'n Rooms-Katoliek was.[52] Langs hierdie weg wou hy die twis wat toe in Engeland aan die gang was oor die politieke regte van Rooms-Katolieke, uitbuit.

Afgesien daarvan dat hierdie optrede van Parker, saam met die ander gebeurtenisse, daartoe bygedra het om die aandag op Somerset se administrasie te vestig,[53] het dit gelei tot 'n ander belangrike gebeurtenis. Bathurst het hom naamlik verplig gevoel om die saak te ondersoek. Goulbourn, die ondersekretaris van kolonies, het op 18 Augustus 1821 Somerset se aandag op Parker se klagtes teen Bird gevestig met die versoek dat „the impression of his being a Roman Catholic were removed, and Carl Bathurst knows of no mode by which this could be better obtained than by some act of conformity on his part to the Protestant Church".[54]

http://scholar.sun.ac.za

Sedert Somerset se terugkeer uit Engeland het Bird ondervind dat hy nie meer in dieselfde mate as vroeër Somerset se vertroue geniet nie.[55] So, byvoorbeeld, het Somerset nou

197/self .....

---

52 'n Eksemplaar van hierdie pamflet is te vinde in C.O. 48/87 (P.R.O.) Mr. Parker's complaints against the Colonial Government and Colonel Bird.

53 Sien C.O. 48/87 (P.R.O.) en C.O. 48/88 (P.R.O.) Mr. Parker's complaints against the Colonial Government and Colonel Bird.

54 Aangehaal deur Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 309.

55 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, p. 193.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

self die aanstelling van amptenare gehanteer en nie meer op advies van die Regeringsekretaris gehandel nie.[56] Dit was die geval omdat Somerset geglo het dat Bird 'n belangrike aandeel gehad het in die veranderings wat Donkin in sy beleid aangebring het.[57]

Nou is dit so dat Bird op beide Donkin en Somerset 'n belangrike invloed uitgeoefen het. As Regeringsekretaris het hy volgens die bevindinge van die Kommissie van Ondersoek, in die Kolonie die aansien van 'n minister gehad en die kolonisten kon nie altyd besluit wie van die Goewerneur of die Sekretaris die „ ..... most promising sources of colonial patronage" was nie.[58] As 'n voorbeeld van Bird se invloed kan genoem word dat hy verantwoordelik was vir die slawe-wetgewing tussen die jare 1816 en 1823.[59] Philip en ds. Thom getuig altwee van die groot invloed wat hy uitgeoefen het.[60] Hattersley verklaar egter dat Bird nooit minder invloed uitgeoefen het as gedurende die tydperk van Donkin se administrasie nie - wat onaanvaarbaar is omdat Bird 'n belangrike rol in die Philip-Donkin verhouding gespeel het.[61]

198/ Somerset .....

http://scholar.sun.ac.za

---

56 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXI (Getuienis van Bird aan Kommissie van Ondersoek), pp. 267-268.

57 Hattersley, A.F.: Christopher Chapman Bird, Colonial Secretary, 1818-1824 in Quarterly Bulletin of the Public Library, X, p. 122.

58 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXVII (Report of the Commissioners of Inquiry to Earl Bathurst upon the administration of the Government, 6 September 1826), p. 354.

59 C.O. 4450 Papers relating to Mr. Parker's charges against Col. Bird: Bird - Kommissie van Ondersoek, 27 Junie 1824.

60 L.M.S. Africa Odds B5F1JD (Philip Papers): Thom - Direkteure van die Londense Sendinggenootskap, 25 Januari 1817; en Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XVI (Burnett - Horton, 12 Augustus 1823), p. 191.

61 Hattersley, A.F.: Christopher Chapman Bird, Colonial Secretary, 1818-1824. In Quarterly Bulletin of the Public Library, X, p. 122.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Somerset het Bird daarvan verdink dat hy Donkin met sy klagtes teen hom gehelp het deur aan Donkin vertroulike inligting uit die Koloniale Kantoor te stuur.[62]

Parker se klagte teen Bird is sorgvuldig deur die Kommissie van Ondersoek nagegaan en hul bevinding was dat hy geensins sy posisie misbruik het om die Rooms-Katolieke Kerk se belange te bevorder nie.[63] Bird het egter nie die „Oath of Supremacy" by sy diensaanvaarding afgelê nie.[64] Hy is derhalwe deur Bathurst in die geleentheid gestel om hierdie eed af te lê, maar hy het geweier, en op 13 Maart 1824 het Bathurst Somerset in kennis gestel dat Bird uit sy amp ontslaan word.[65]

Hoewel Somerset met Bird se ontslag genoeë geneem het, was dit in werklikheid Bathurst wat hom ontslaan het.[66] Dat daar ontevredenheid was oor die ontslag van Bird, kan nie betwyfel word nie, want hy is deur baie mense as besonder bekwaam beskou. Baie mense het sy ontslag beskou as nóg een van

http://scholar.sun.ac.za

199/Somerset .....

---

62 Key, G.C.O.: Critical study of the administration of Lord C. Somerset during 1821-1826, p. 53.

63 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXII (Report of the Commissioners of Enquiry to Earl Bathurst, 17 Junie 1825), pp. 13-100.

64 Vir 'n uiteensetting van die verskillende ede sien: Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 314-315.

65 G.H. 1/8 Despatches General received from the Secretary of State: Bathurst - Somerset, 13 Maart 1824.

66 Hattersley, A.F.: Christopher Chapman Bird, Colonial Secretary, 1818-1824. In Quarterly Bulletin of the Public Library, X, p. 122.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Somerset se oorhaastige en onverdraagsame optredes. Stockenström het byvoorbeeld verklaar dat Bird „ .... the ablest man in the Colony, ..." was,[67] terwyl die feit dat hy deur die Kaapse Sakekamer na Engeland gestuur is om namens die Kolonie in verband met die vasstelling van die waarde van die riksdaalder op te tree, 'n duidelike bewys van sy gewildheid en bekwaamheid was.[68] Dr. Philip het rede gehad om verheug te voel oor die verwydering van Bird, want hy het vas geglo dat Bird sy vyand was en hom probeer benadeel het.[69] Hy het die feit dat Bird 'n Rooms-Katoliek was, beskou as die oorsaak van sy vyandigheid teenoor die Londense Sending.[70]

Lord Charles Somerset het hom in besonder beywer vir die belange van die Anglikaanse Kerk en, waar moontlik, gepoog om dit teen ander kerke te beskerm.[71] Met die aanstelling van eerw. William Geary as predikant op Grahamstad was hy dan ook besonder ingenome.[72] Geary was egter spoedig in sekere onaangename gebeure gewikkel en het hom deur sy optrede,

http://scholar.sun.ac.za

200/ook .....

---

67 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Sir Andries Stockenström, I, p. 135.

68 Philip MSS. Macmillan Notes S2168494: Faure-Philip, 23 September 1825.

69 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

70 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820. Gemerk Private.

71 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Somerset - Bathurst, 30 Januarie 1816), p. 62.

72 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XV (Somerset - Horton, 14 Februarie 1823), p. 267.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bok die gramskap van die Goewerneur op die hals geheal.[73] Hy het naamlik in 'n gesprek met mev. Onkruydt, 'n lid van sy gemeente, in Desember 1823 verklaar dat Somerset se moeder, die hertogin van Beaufort, aan hom geskryf en gevra het dat hy voorbidding moes doen vir Somerset, omdat hy nie 'n godsdienstige man was nie. Somerset het daarvan te hore gekom en dit is uiteindelik in Februarie 1824 voor die Kommissie van Ondersoek gebring. Die Kommissie het bevind dat Geary 'n doelbewuste skinderveldtog geloods het ten einde Somerset in diskrediet te bring.[74] Die brief van die Hertogin was van 'n besonder vertroulike aard en Geary se verhaal was glad nie in ooreenstemming met die inhoud van haar brief nie. Dit was juis dié soort storie wat deur mense aangegryp is om gevoelens teen Somerset op te sweep.

Hierdie aangelegenheid het die gemoedere nog verder gaande gemaak omdat die Kommissie van Ondersoek se besoek aan Grahamstad gepaard gegaan het met 'n gebeurtenis wat bekend staan as die „Grahamstown riot".[75] Toe die Kommissie deur 'n aantal inwoners van Grahamstad met geweerskote verwelkom is, is 'n groepie heeltemal onskuldige inwoners deur kolonel Henry Somerset en sy soldate gearresteer omdat hulle die openbare orde sou versteur het. Cory vestig die aandag daarop dat al die gearresteerdes mense was wat hulle op een of ander stadium téén die Goewerneur of landdros Rivers uitgespreek het.

http://scholar.sun.ac.za

201/Die .....

---

73 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 193-196.

74 C.O. 48/93 (P.R.O.) Case of the Rev. Mr. Geary: Kommissie van Ondersoek - Bathurst, 9 Februarie 1824.

75 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 197 - 199.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eerste Sondag ná hierdie gebeurtenis het kolonel Somerset by die deur van Geary se kerk sy soldate laat omdraai. Hierop het Geary 'n beledigende brief aan kolonel Somerset geskryf, wat hy aan sy vader gestuur het. Goewerneur Somerset het Geary van sy pos onthef, en Geary het na Engeland teruggekeer om nóg een van die klaers teen Somerset te word.

Een van die belangrikste openbare twiste in die tyd van Somerset, en een waarmee Philip regstreeks gemoeid was, was die stryd om die vryheid van die pers. Van die begin af het Philip hom beywer vir 'n „religious & critical periodical".[76] Ds. Abraham Faure en Thomas Pringle, albei goeie vriende van Philip, het toe begin met 'n tweetalige tydskrif genaamd The South African Magazine/Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift. Philip het nie slegs artikels geskryf vir die tydskrif nie, maar ook gehelp met die voorsiening van papier wat hy deur middel van die Londense Sendinggenootskap bekom het.[77]

http://scholar.sun.ac.za

In Januarie 1824 het George Greig begin met 'n koerant The South African Commercial Advertiser. Hy het geen amptelike verlof van die Regering gehad om die koerant uit te gee nie. Kort daarna het Thomas Pringle en John Fairbairn die gesamentlike redakteurs van dié koerant geword met Greig as drukker. Met die eerste paar uitgawes het dit goed gegaan, maar toe het Greig, na aanleiding van die Edwardssaak, kommentaar geleewer wat die Goewerneur en die Fiskaal in 'n ongunstige

202/lig .....

---

76 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A65: Onbetitelde geskrif met wenke insake die verbetering van toestande in die Kolonie geskryf deur dr. Philip.

77 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JC: Faure-Philip, 3 Mei 1822; en L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B9F3JB: Faure-Burder, 24 Maart 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lig geplaas het. Dit het daartoe gelei dat die Goewerneur die koerant verbied het, en die drukpers verseël het. Pringle se blad is ook beëindig as gevolg van 'n artikel oor die Britse setlaars waarin óók op die regering van Somerset kritiek uitgespreek is.[78]

Die Kaapse regering het beslag gelê op Greig se drukpers en laasgenoemde het besluit om na Engeland te gaan om sy saak aan die Britse regering voor te lê. Daar het tussen Philip en die Regering moeilikheid ontstaan omdat Philip beweer het dat die drukpers die eiendom van die Londense Sendinggenootskap was.

Ná die verskyning van die omstrede artikel in die Commercial Advertiser het Bird dadelik vir dr. Philip laat roep en hom gevra of hy beheer het oor die pers - 'n duidelike aanduiding van hoe wantrouig die Koloniale Owerheid teenoor Philip gestaan het.[79] Philip se aanspraak het hierdie vermoede versterk. Die Regering se antwoord aan Philip was dat Greig onomwonde verklaar het dat die drukpers sý eiendom was, en aangesien hy in gebreke gebly het om aan hulle voorwaardes te voldoen, is dit verseël.[80] Somerset het hierin 'n geleentheid gesien om Philip te ontmasker as 'n politieke opportunis omdat

203/hy .....

http://scholar.sun.ac.za

---

78 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 285; en Key, G.C.O.: Critical study of the administration of Lord C. Somerset during 1821-1826, p. 48.

79 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXIV (Philip - Greig, 15 Desember 1825), p. 123.

80 G.H. 28/10 Enclosures to Despatches: Brink - Philip, 27 Julie 1824. Bylaag tot brief Somerset - Bathurst, 11 Oktober 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy geglo het dat Philip kop in een mus met Pringle Fairbairn en Greig was.[81]

Volgens Philip het hy Greig nie baie goed geken nie.[82] Ná Greig se aankoms in Suid-Afrika het Philip 'n brief van hom ontvang waarin hy Philip meegedeel het dat hy begerig was om sy ou beroep as drukker aan die Kaap voort te sit en dat hy vir hierdie doel graag die drukpers van die Londense Sendinggenootskap wou leen. Philip het dit aan hom gestel dat die drukpers nie in 'n goeie toestand was nie, maar dat hy dit kon leen mits hy die nodige toestemming daartoe van die Regering kry. Terwyl Philip op 'n toer in die binneland was, het Greig se eerste koerant sonder amptelike toestemming van die Regering verskyn. Toe die omstrede uitgawe van 14 November 1824 verskyn het, was Philip, volgens sy eie verklaring, een van die eerstes wat Greig daarop gewys het dat sy hoofartikel moeilikheid kon veroorsaak.[83]

http://scholar.sun.ac.za

Toe Somerset sien dat hy nie sou kon bewys dat Philip 'n aandeel in die koerant gehad het nie, het hy probeer om Philip se aansprake op die drukpers in twyfel te trek.[84] Ná onder-

204/soek .....

---

81 G.H. 26/12 Duplicate Despatches to the Secretary of State: Somerset-Bathurst, 18 Julie 1824. Gemerk Secret and confidential; en G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset-Bathurst, 11 Oktober 1824. Gemerk Confidential.

82 G.H. 28/10 Enclosures to Despatches: Philip-Somerset, 24 Julie 1824. Bylaag tot Somerset-Bathurst, 11 Oktober 1824.

83 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXIV (Philip-Greig, 15 Desember 1825), p. 123.

84 G.H. 28/10 Enclosures to Despatches: Brink-Philip 27 Julie 1824. Bylaag tot Somerset-Bathurst, 11 Oktober 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soek het dit geblyk dat die drukpers wel die eiendom van die Londense Sendinggenootskap was, maar dat Philip aan Greig te kenne gegee het dat hy dit kon koop. Nadat hierdie geskil oor 'n tydperk van twee jaar uitgerek is, het Philip later ingestem dat die Regering die drukpers aan Greig oorhandig en dat hy dan die koopsom van Greig sou invorder.[85]

In 1825 het lord Charles Somerset ook in 'n onaangename saak in verband met die verkoop van perde betrokke geraak. Hierdie saak het daartoe bygedra dat sy opponente hom nóg meer van oneerlikheid en burokrasie kon beskuldig. Somerset het naamlik goeie perde op eie koste van oorsee ingevoer en dit dan weer aan die Kaap verkoop. Ongelukkig het hierdie aktiwiteite deurmekaar geraak met die toekenning van grond, sodat iemand wat een van Somerset se invoerperde koop, maklik 'n stuk grond van die Goewerneur kon kry. Hierdie saak is deur die inspekteur van lande en bosse, D'Escury, onder Bathurst se aandag gebring, wat dit weer op sý beurt na die Kommissie van Ondersoek verwys het.[86] In hul lywige verslag het die Kommissie Somerset op spesifieke aanklagte onskuldig bevind.[87] Hoewel Bathurst hierdie handel sterk afgekeur het, was die brief wat hy uiteindelik aan Somerset geskryf het, baie meer

http://scholar.sun.ac.za

205/gematig .....

---

85 C.O. 230 Letters received from Churches. Philip - Plasket, 3 November 1825.

86 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 295-305.

87 C.O. 48/91 (P.R.O.) Commissioners of Inquiry-Report and evidence, 1823-1826. Die hele band handel oor Somerset se perdehandel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gematig as die oorspronklike ontwerp.[88] Nogtans het hierdie saak veel daartoe bygedra om Somerset nóg meer onder verdenking te plaas, te meer daar D'Escury deur sy toedoen in 1827 ontslaan is.[89]

Ten spyte van Somerset se groeiende ongewildheid en die baie gebeure wat die openbare rus verstoor het, was daar in die twintigerjare tog groot ontwikkelinge aan die Kaap. In 1818 is die Somerset-hospitaal bv. geopen, in 1819 die Beurs, in 1822 die Openbare Biblioteek, in 1821 die Koninklike Sterrewag en in 1825 het die eerste stoomskip die Enterprise Kaapstad besoek. Ten spyte van dit alles was die Kolonie in 'n haglike finansiële toestand. Die handel en die landbou was aan baie beperkende maatreëls onderhewig, die riksdaalder het gedaal in waarde, storms en droogtes het ernstige verliese veroorsaak en 'n ekonomiese slapte het geheers.[90] Dit het 'n algemene gevoel van ontevredenheid met die Somerset regering geskep. Daar was nog ander omstandighede wat tot Somerset se ongewildheid bygedra het.

http://scholar.sun.ac.za

Lord Charles Somerset was goed bevriend met die eienaardige dr. James Barry. Dr. Barry het aan die Kaap diens gedoen as mediese inspekteur. 'n Waas van geheimsinnigheid het hom

206/omhul .....

---

88 Vir beide sien C.O. 49/18 (P.R.O.) Entry book of Correspondence Offices and Individuals: Bathurst - Somerset, 20 Mei 1825.

89 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 305.

90 C.O. 48/66 (P.R.O.) Despatches received from Offices: Memorial of the Commercial Exchange of the Cape of Good Hope, 13 Oktober 1824; en Theal, G.M.: History of South Africa, 5, pp. 264-267.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omhul, hoofsaaklik vanweë sy klein liggaamsbou en vroulike voorkoms. By sy dood het dit geblyk dat dit 'n vrou was wat al die jare as 'n man poseer het.[91] Dr. Barry het hom deur sy optrede by meer as één groep mense aan die Kaap ongewild gemaak.[92]

Ten spyte van die baie klagtes téén dr. Barry wat Somerset bereik het, het hy hom probeer beskerm. Beide Somerset en Barry was teen 1824 al baie ongewild en talle stories en klagtes téén hulle en Somerset se ander vriende het die rondte gedoen. Aangesien daar aan die Kaap geen onafhanklike koerante was nie, is die belangrikste nuus dikwels met behulp van plakkate versprei. Op die hoek van Langmarkstraat en Heerengracht was die huis van ene Dreyer. Hierdie huis het 'n ronde hoek en 'n hoë stoep gehad. Dit het bekend gestaan as „Dreyers Corner" en hier is heelwat plakkate opgeplak wat teen Somerset gemik was.[93] Op 1 Junie 1824 het daar 'n plakkaat verskyn wat gesinspeel het op 'n onsedelike verhouding tussen Somerset en dr. Barry. Dié plakkaat is baie vroeg in die môre deur slegs een persoon gesien, wat dit aan die Goewerneur gerapporteer het. Die plakkaat is dadelik verwyder en daar is toe 'n soektog na die skuldiges op tou gesit. 'n Beloning van 7,500 riksdaalders is aangebied vir die persoon wat die skuldige help aankeer.

http://scholar.sun.ac.za

207/Lord .....

---

91 Sien Rae, Isobel: The strange story of Dr. James Barry.

92 Rae, Isobel: The strange story of Dr. James Barry, pp. 33-40.

93 Meurant, L.H.: Sixty years ago, pp. 25-26.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lord Charles Somerset het teen hierdie tyd reeds baie vyande gehad wat vir die plakkaat verantwoordelik kon gewees het. Fairbairn,Pringle en Philip is o.a. in dié verband verdink. Die Fiskaal het Philip se huis deursoek en op sekere dokumente beslag gelê.[94]

Die feit dat die Goewerneur vir Philip verdink het dat hy 'n aandeel gehad het in die opstel van 'n plakkaat wat op onsedelikheid sinspeel, is 'n bewys van hoe laag Philip se aansien op daardie stadium by die Goewerneur was. Die vriendelikheid wat tot op daardie stadium hul botsende strewes bedek het, het verdwyn. Ná Somerset se terugkeer het hy Philip by meer as een geleentheid geraadpleeg. In die begin van 1824 moes Philip byvoorbeeld nog vir Somerset van inligting oor Delagoabaai voorsien.[95] Die Britse regering het naamlik baie belang gestel in die moontlikheid om Delagoabaai en die landstreek Tembe, te annekseer en 'n hawe in Delagoabaai aan te lê. Bathurst het aan Somerset opdrag gegee om die moontlikheid van anneksasie te ondersoek en Somerset het weer die hulp van Philip ingeroep.[96]

http://scholar.sun.ac.za

Dit was gedurende April 1824 dat hierdie korrespondensie gevoer is, en dat Somerset nog só 'n groot vertroue in Philip gestel het. Teen die middel van 1824 vind ons egter dat

208/Somerset .....

---

94 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A425: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip.

95 G.H. 28/10 Enclosures to Despatches: Philip - Somerset, 13 April 1824. Bylaag tot Somerset-Bathurst, 22 April 1824.

96 G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 22 April 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Somerset na Philip verwys as „ ..... a violent Scotch Independant and a man of first rate cunning and hypocrisy, and indefatigable in his intrigues against the established Church and indeed against the Government generally, holding out at the same time a semblance of the greatest sanctity, and assuring a character of exemplary meekness .....".[97]

In die drie maande tussen April en Julie 1824 het daar dus belangrike verwikkelinge plaasgevind. Reeds in Februarie het Philip se vriend, dr. Bailey van die Somerset Hospitaal, hom gewaarsku dat Somerset besluit het om lord Bathurst te versoek om hom van die Kaap te laat verwyder.[98] Hierdie inligting het Philip laat besef dat die vriendelike houding van die Goewerneur nie om dowe neute was nie. Philip verwys na hierdie gebeure waar hy aan die direkteure skryf dat die Regering „ ..... began to be friendly with me, they then began to court me, and for several months I was consulted by them on all their important proceedings. An attempt was now made to make a tool of me. They hoped that I may be brought over; but finding this impossible they are now attacking with slander falsehood and every species of calumny".[99]

http://scholar.sun.ac.za

Somerset het hom tot op daardie stadium nog nie teen die aanvalle wat daar teen hom geloods is, verdedig nie. Sy brief

209/van .....

---

97 G.H. 26/12 Duplicate Despatches to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 18 Julie 1824. Gemerk Secret and Confidential.

98 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B9F3JA: Dr. Bailey - Philip, 15 Februarie 1824.

99 L.M.S. Africa Odds B5F3JA (Philip Papers): Philip - Burder, 13 September 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 18 Julie 1824 was bedoel om sy vyande aan die kaak te stel. In hierdie brief noem hy sy vyande by name: George Greig, Bishop Burnett en W.B. Willmot (wat namens die Britse setlaars geagiteer het); en dan maak hy melding van 'n tweede groep, „... who, ... are extremely hostile to the welfare of this Government and particularly to the Church establishments". Hierdie groep was Philip, Pringle, Fairbairn en Wright, later sendeling op Griekwastad. Die onmiddellike oorsake vir hierdie optrede van Somerset was die feit dat Somerset vir Philip verantwoordelik gehou het vir die lasterlike artikel oor Edwards, wat in Greig se koerant verskyn het en Philip se uitlatings by die vergadering van die „Society for the Relief of Distressed Settlers".[100]

Philip het 'n besondere belangstelling in die wel en weë van die Britse setlaars getoon. Tydens sy besoek aan Oos-Kaapland in 1822 het hy 'n week lank onder die setlaars vertoef en hul nedersettings in die geselskap van eerw. William Shaw besoek.[101] Hy het hierdie toer onderneem met die doel om eerstehandse kennis oor die toestand van die setlaars op te doen omdat hy in 1821 gekies is tot lid van die komitee in beheer van die „Distressed Settlers Relief Fund". Hierdie fonds is in die lewe geroep deur kaptein Moresby met die hulp van sir Rufane Donkin en sir Jahleel Brenton met die doel om geld

210/in .....

http://scholar.sun.ac.za

---

100 G.H. 26/12 Duplicate Despatches to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 18 Julie 1824. Gemerk Secret and Confidential.

101 W.M.M.S South Africa B471: W. Shaw - Taylor, 3 Januarie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in te samel om die nood van die setlaars te verlig.

By die jaarvergadering van 1823 is Philip tot voorsitter van die komitee verkies. In November 1823 het hy weer eens op 'n besoek aan Oos-Kaapland vertrek en wéér van die geleentheid gebruik te maak om die setlaars te besoek ten einde die toestand van sake te leer ken sodat die beperkte fondse van die komitee op die beste wyse aangewend kon word.

Op 18 Augustus 1824 het die volgende jaarvergadering van hierdie vereniging in Kaapstad plaasgevind en by hierdie geleentheid is voorgestel dat die sub-komitee van die fonds wat in Grahamstad gestig is, vergroot moes word deur die landdros en heemrade en die kerkamptenare te koöpteer. Philip het hierdie voorstel teengestaan en beweer dat die plaaslike owerhede nie tyd gehad het om aan sulke sake aandag te gee nie, en dat sommige plaaslike owerhede heeltemal onverskillig gestaan het teenoor die behoeftes van die setlaars. Hy het egter geen name genoem nie.

http://scholar.sun.ac.za

Dit was 'n bekende feit dat Somerset die fonds nie goedgesind was nie en toe hy van Philip se bewering hoor, het hy dadelik 'n brief aan die landdros van Grahamstad, Harry Rivers, en aan Philip gerig. Somerset het dit betreur dat Philip nie dadelik ná sy terugkeer in Kaapstad sulke gevalle van pligsversuim onder sy aandag gebring het nie.[102] Philip se verweer was dat hy hom ten alle koste uit politieke twiste wou hou sodat „I might neither be infected with the

211/parties .....

---

102 Sien Authentic copies of a correspondence which took place in consequence of a statement made at the general annual meeting of the Society for the relief of distressed settlers, in Cape Town, August 18, 1824, reflecting on the conduct and character of the Landdrost of Albany.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

parties nor from any connexions I might have with them, involve the object of my journey, with anything of a political character".[103]

Philip se bewering op die vergadering was gemik teen die landdros van Grahamstad. Hy het sekere definitiewe klagtes teen Rivers gehad. Die belangrikste hiervan was dat Rivers geen aandag aan die nood van die Harden-familie geskenk het nie. Oor hierdie bewering het daar 'n pamflette-stryd tussen Philip en Somerset ontstaan. Nadat Somerset 'n antwoord van Rivers ontvang het, het hy dit in die vorm van 'n pamflet uitgegee onder die opskrif: „Authentic Copies of a Correspondence which took place in consequence of a statement made at the General annual meeting of the Society for the Relief of Distressed Settlers, in Cape Town, August 18, 1824, reflecting on the conduct and character of the landdrost of Albany". Rivers het in sy verdediging beweer dat die besondere nood van die Hardens nooit deur enigiemand onder sy aandag gebring is nie en dat hy baie vir die setlaars gedoen het en in hierdie proses ook aan die Hardens hulp verleen het. Hy het talle verklarings o.a. 'n petisie met 228 handtekeninge, voorgelê waarin met lof van sy werk in belang van die setlaars gepraat is.

http://scholar.sun.ac.za

Philip het hierop geantwoord deur middel van 'n pamflet getitel: „A reply to a Pamphlet printed at the Government Press", waarin hy valshede in die verklarings van Rivers blootgelê het. Terwyl Somerset gehoop het om deur hierdie gebeurtenis vir Philip in diskrediet te bring, het die teenoorgestelde in werklikheid gebeur, en het Philip 'n oorwinning oor Somerset behaal. Nadat Rivers 'n tweede pamflet ter verdediging van homself gepubliseer het, het talle setlaars

212/Philip .....

---

103 Sien Philip, John: A reply to a pamphlet printed at the Government Press entitled 'Authentic copies of a correspondence'.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip gesteun. Ten gevolge van sy werksaamhede in belang van die setlaars was Philip op hierdie tydstip baie populêr. Somerset was, soos te begrype, glad nie gelukkig oor die verloop van die gebeure nie.

Ten einde op hoogte te bly met die bedrywighede van sy vyande, het Somerset gebruik gemaak van die dienste van ene „Oliver the Spy".[104] Sy regte naam was William Jones en sy amptelike werk was dié van Inspekteur van Openbare Geboue. Hy is, volgens Cory, deur Somerset gebruik om veral op die werksaamhede van die Kommissie van Ondersoek te spioeneer. Dit is moontlik dat Oliver vir Somerset ingelig het oor Philip se bedrywighede ten opsigte van die Kommissie van Ondersoek, en dat dit Somerset met wrewel teenoor Philip vervul het. Philip was egter alreeds vroeg bewus van Oliver se bedrywighede want ene J. Mackintosh[105] kom in April 1822 hieroor ingelig. Bishop Burnett het ook later in geskrifte die bedrywighede van „Oliver the Spy" wêreldkundig gemaak.

http://scholar.sun.ac.za

Somerset het geglo dat Philip die oorsaak van al sy moeilikhede was. Dáárom het hy kort na mekaar twee lang briewe aan Bathurst geskryf om hom te probeer oortuig dat Philip 'n ongewensde element was wat verwyder moes word.[106]

213/Somerset .....

---

104 Meurant, L.H.: Sixty years ago, p. 24; en Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 274.

105 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A223: J. Mackintosh - Philip, 10 April 1822.

106 G.H. 26/12 Duplicate Despatches to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 18 Julie 1824. Gemerk Secret and Confidential; en G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 11 Oktober 1824. Gemerk Confidential.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Somerset wou drasties optree teen sy vyande en het elke week 'n lys van name rondgestuur van mense wat vir hom aanstootlik („obnoxious") was. Philip se naam het gereeld hierop verskyn.[107]

In Januarie 1825 het Somerset weer heftig teen Philip te velde getrek in 'n brief aan Bathurst en na Philip verwys as „ ... a person calling himself the Rev. John Philip".[108] In hierdie brief het hy sekere dinge onder Bathurst se aandag gebring omdat hy bang was dat Philip se vriende in Engeland valse bewerings aangaande hom kon versprei. Hy het Philip se dreigement nl. dat hy die slegte behandeling wat die Hottentotte en die sendelinge van die Kaapse regering ontvang het, onder die aandag van die Britse publiek sou bring, gevrees. Dáárom het hy verklaar: „I know his secret hostility to all recognised authority, and I cannot but fear that he will take advantage of my absence, and make some representations, that maybe brought before your Lordship, and perhaps the public in order to vilify this Government". In 'n lewensskets van Philip wat Somerset by hierdie brief aangeheg het, skryf hy met 'n onbeheersde minagting van Philip en skroom hy nie om die waarheid geweld aan te doen nie. Hy maak sekere flagrante bewerings, soos byvoorbeeld dat Philip president van die wewergemeenskap geword het wat oor „whiskey and ale" debatte gevoer het; dat sy geliefkoosde woorde was dat Engeland op pad was na die verdoemenis; en dat slegs 'n republiek dié land kon red. Van Philip se kerklike werksaamhede is ook met groot minagting gepraat.

http://scholar.sun.ac.za

214/Philip .....

---

107 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B425: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip; en L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

108 G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825. Gemerk Confidential.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip, aan die ander kant, het aan sy vriende in Engeland inligting gestuur sodat hulle hom in die openbare pers teen aanvalle kon verdedig.[109] Die reeds genoemde gebeurtenisse het Philip oortuig dat Somerset van hom ontslae wou raak: „The Missions were first attacked - an attempt were made to identify me with the press of Mr. Greig which was put down - My name was handed about on a weekly list furnished at the Governement house with the epithet obnoxious affixed to it. - I was called before his Majesty's Fiscal charged with the odious crime of having attempted to form a Literary Society - a warrant was issued to search and take possession of my papers - a pamphlet consisting of extracts copied from a pamphlet published in London two years ago in which I was abused respecting the election of a Minister to the Scotch Church London Wall was published at the Government Press of this Colony with notes etc. etc."[110]

http://scholar.sun.ac.za

Aan die geval van die „Literary Society", waarvan hierbo melding gemaak is, moet nog aandag gegee word. Dr. Philip het hom aan die Kaap in die gesselskap van 'n aantal ontwikkelde persone uit Engeland en die Ooste bevind. Hierdie groep is versterk deur die aankoms van die Britse setlaars. Hulle het hulle ten doel gestel om die Britse sosiale lewe op die Kaap oor te plant. Om dit te kon doen, moes die nodige middele geskep word om 'n nuwe belangstelling vir kulturele sake en geleerdheid te skep.[111] Hierdie mense het hulle geleidelik

215/begin .....

---

109 L.M.S. Africa Odds B5F3JA (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 13 September 1824.

110 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

111 The Cape Monthly Magazine, VII, p. 374: Artikel oor John Fairbairn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin ingrawe. Fairbairn het 'n skool opgerig; Pringle het bibliotekaris van die Openbare Biblioteek geword; Philip het gepleit vir 'n seminarie; en deur hul toedoen is die eerste koerant en tydskrif begin.

By hierdie groep mense het daar toe die idee ontstaan om 'n vereniging te stig wat aan die meer ontwikkeldes die geleentheid sou bied om bymekaar te kom en gedagtes te wissel oor letterkundige en wetenskaplike onderwerpe. Die idee het by Pringle en Fairbairn ontstaan en op 11 Julie 1824 is 'n vergadering gehou waar die stigting van 'n sogenaamde „Literary and Scientific Society" bespreek is. Daar is besluit om geen onderwerpe van politieke aard aan te roer nie.

Die idee het byval gevind en op 11 Augustus is die vereniging gestig met 61 lede. Onder die lede was ook hoofregter sir John Truter en dr. Philip. Lord Charles Somerset is genader om as beskermheer op te tree, maar hy het nie belang gestel nie en hom téén die idee van so 'n vereniging uitgespreek. Die vernaamste rede vir sy verset was die feit dat Pringle, Fairbairn en Philip met die saak gemoeid was, en hy het dit beskou as 'n poging van hulle kant om politieke invloed te verkry.[112] Hierdie poging het dus ten gevolge van Somerset se houding misluk. Daar is egter geen bewyse dat Philip voor die Fiskaal gedaag is, soos hy beweer nie.

http://scholar.sun.ac.za

Ten einde 'n sterk saak teen Philip op te bou, het lord Charles Somerset dit nodig gevind om Philip se lewensgeskiede-

216/nis .....

---

112 G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 11 Oktober 1824. Gemerk Confidential.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nis na te gaan ten einde aan die minister te bewys dat „..... Philip's whole life is one of hypocracy, duplicity and distinguished artifice .....".[113] Daarom het hy die verwronge lewensskets van Philip, waarna alreeds verwys is, opgestel. Dit is onbekend waar Somerset aan sy inligting gekom het. In Philip se loopbaan het Somerset één insident gevind wat hy kon gebruik om Philip in 'n slegte lig te stel, nl. die sogenaamde „London Wall"-insident wat soos volg verloop het.

Die predikant van die Skotse Kerk in London Wall het in 1815 die gemeente verlaat en 'n nuwe predikant moes gevind word. 'n Sekere Rennie het Philip genader met die versoek dat hy hom 'n aanbevelingsbrief moes gee sodat hy vir die vakante amp in aanmerking kon kom. Philip het aan Rennie so 'n brief gegee, maar kort voordat die pos gevul moes word, http://scholar.sun.ac.za het Philip sy aanbevelingsbrief teruggetrek. Dit was vir almal 'n verrassing en 'n skok, en die gerug het die rondte gedoen dat Philip self die amp begeer. Philip het nooit 'n openbare verduideliking vir sy optrede gegee nie. 'n Vriend van Rennie,ene Barclay, was so gebelg oor die optrede van Philip dat hy 'n pamflet oor die gebeurtenis gepubliseer het.[114] Volgens wat Philip later aan 'n vriend geskryf het, was die rede vir sy optrede die feit dat hy inligting oor Rennie bekom het wat nie in sy guns was nie.[115] Wat ook al sy beweegredes

217/was, ...

---

113 G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 11 Oktober 1824. Gemerk Confidential.

114 'n Eksemplaar van hierdie pamflet is te vind in die band C.O. 48/66 (P.R.O.) Despatches received from Offices.

115 L.M.S. Africa Odds B5F5JB (Philip Papers): Philip - W.T. Blair, ongedateer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was, Philip se optrede het 'n slegte smaak nagelaat en een van sy vriende, J. Thomas, het hom aangeraai om dié saak soveel moontlik te verswyg.[116] Somerset het nou vir Bathurst aangeraai om vir hom 'n eksemplaar van Barclay se pamflet by Nisbett se boekwinkel in Oxford te koop sodat hy Philip se ware karakter kon leer ken.

Daar was nou 'n pamflet- en plakkatestryd teen Somerset. Daar was die pamflette van Parker, Burnett, Donkin, Greig, Pringle en Fairbairn, sowel as naamlose plakkate, wat almal daarop gemik was om Somerset se administrasie te veroordeel. Gevolglik het Somerset op 11 Junie 1824 'n proklamasie uitgevaardig dat niks gepubliseer mag word sonder dat die naam van die uitgewer daarop gedruk is nie. Somerset het egter self tot die pamflettestryd toegetree deur 'n uittreksel uit Barclay se pamflet te laat druk.

http://scholar.sun.ac.za

Philip was fyngevoelig oor die „London Wall"-insident en het hierdie optrede van Somerset in 'n ernstige lig beskou: „Not three months before this transaction (dit is die druk van die uittreksel) took place, his Lordship issued a proclamation denouncing heavy penalties against anyone who might print any pamphlet without the name of the printer and the first instance which occured of the violation of this proclamation was in this case. Here we see a novel sight, a

218/Governor .....

---

116 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A19: J. Thomas - Philip, 31 Mei 1815.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Governor placing himself above his own laws, the law giver trampling upon his own legislative enactments, ... What securities a people can have for the administration of either law or justice, where a Governor can violate his own laws to destroy an individual against whom he found it impossible to bring a single charge cognisable by the existing laws of the Country".[117]

John Fairbairn was die persoon wat die inligting i.v.m. die pamflet openbaar gemaak het.[118] Fairbairn het by 'n amptenaar van die Regering 'n eksemplaar daarvan in die hande gekry en dit dadelik na Philip geneem. Volgens Philip was die pamflet toe nog nie klaar gebind nie en was hulle so haastig om dit klaar te kry dat die drukkery selfs op Sondag 10 Oktober gewerk het.[119] Terwyl Philip en Fairbairn bymekaar was, het 'n boodskapper vir Philip berig dat die Kommissie van Ondersoek hom wou spreek. Hy het die pamflet saamgeneem en dit aan Colebrooke besorg, met die versoek dat hy die saak moes ondersoek. Intussen het die amptenaar van wie Fairbairn die pamflet gekry het, hom inderhaas gaan opsoek omdat daar by die drukkery moeilikheid ontstaan het toe bevind is dat een van die pamflette verdwyn het. Die amptenaar wou die pamflet terugplaas. Fairbairn het dadelik vir dr. Philip

219/opgesoek,

http://scholar.sun.ac.za

---

117 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

118 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Fairbairn - Pringle, 20 Oktober 1824. Bylaag tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

119 L.M.S. Africa Odds B5F5JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 23 November 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgesoek, en hulle het aan die Kommissie van Ondersoek 'n nota gestuur om die pamflet terug te vra. Bigge het gesê dat Colebrooke die pamflet het, maar toe hulle by sy huis kom, was hy weg.

Philip het die saak by die Kommissie van Ondersoek aanhangig gemaak omdat hy geglo het dat die pamflet versprei sou word met die doel om sy goeie naam te skend.[120] Hy het met elke moontlike klagte na die Kommissie van Ondersoek gegaan omdat hulle hom geiedelik aangehoor het, en omdat hy geglo het dat die Kommissie graag na individuele klagtes geluister het. Toe hy ook hierdie saak aan hulle voorlê, het hy gevind dat hulle „ .... that readiness and courtesy I have always experienced from His Majesty's Commissioners of Inquiry when I have had anything of importance to lay before them ...." geopenbaar het.[121] Philip het besef dat hierdie saak miskien in Engeland ter sprake kon kom en dat hy dan by die direkteure onder verdenking geplaas kon word. Daarom het hy onmiddellik begin met die voorbereiding van 'n dokument ter verdediging van homself. Saam met dié geskrif het hy aan die direkteure 'n aantal dokumente gestuur wat deur die Kommissie aan hom ter insae gegee is.[122]

http://scholar.sun.ac.za

Hierdie optrede van Philip is deur die Kommissie skerp veroordeel omdat hy 'n uiters vertroulike dokument, wat net

220 /vir .....

---

120 G.H. 28/13 Enclosures to Despatches: Fairbairn - Somerset, 20 Oktober 1824. Bylaag tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

121 L.M.S. Africa Odds B5F5JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 3 November 1824.

122 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B9F2JD: Dokument i.v.m. London Wall Pamflet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir sy persoonlike insae bedoel was, misbruik het om homself te verdedig.[123] Die Kommissie se verslag oor hierdie saak is nooit openbaar gemaak nie, en Philip het nooit hul verslag gesien nie. Nogtans het hy aan die direkteure geskryf dat die Kommissie bevind het dat hy onskuldig was.[124] Die Kommissie het dit te hore gekom en aan Burder geskryf dat die Londense Sendinggenootskap geensins hul name ter verdediging van Philip mag gebruik nie. Hulle het dit ook duidelik gestel dat Philip alreeds hulle vertroue misbruik het deur te verklaar dat hulle hom onskuldig bevind het, terwyl hy geen insae in hul verslag gehad het nie.[125]

Somerset was woedend toe hy verneem dat Philip van die lasterlike pamflet bewus was.[126] Volgens Philip het Somerset hom dadelik na die drukkery gehaas en „ .... cursed and swore at the printer ...", terwyl hy hom daarvan beskuldig het dat hy met Philip saamsweer.[127] Somerset het ter verdediging aangevoer dat die pamflet nie gedruk is met die

http://scholar.sun.ac.za

221 /doel .....

---

123 C.O. 49/5 (P.R.O.) Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous individuals: Kommissie van Ondersoek - Burder, 22 November 1824.

124 L.M.S. Africa Odds B5F5JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 23 November 1824.

125 C.O. 49/5 (P.R.O.) Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous individuals: Kommissie van Ondersoek - Burder, 1 Desember 1824.

126 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Fairbairn - Pringle, 20 Oktober 1824. Bylaag tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

127 L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, 17 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doel om publiek versprei te word nie, maar om aan lord Bathurst en biskop Hough, die biskop van Londen, eksemplare te stuur,[128] omdat hy graag Philip se beginsels aan hulle openbaar wou maak, en omdat hy bevrees was dat hulle nie 'n eksemplaar in die hande sou kry nie.[129] Somerset was sekerlik van plan om aan Bathurst en Hough eksemplare te stuur, maar die feit dat hy baie eksemplare laat druk het, en dit netjies laat bind het, wek die vermoede dat dit vir veel meer mense bedoel was.

Dit was nie die einde van die pamflette-stryd nie. In 1824 het daar 'n ander gebeurtenis plaasgevind waaruit Somerset probeer munt slaan het. Die predikante van die Hollandse Kerk het in 1824 in Kaapstad byeengekom vir die sitting van hul eerste sinode. By sy aankoms in Kaapstad het ds. Murray van Graaff-Reinet by sy verblyfplek 'n kaartjie gevind met dr. Philip se naam daarop. Aangesien hy Philip goed geken het,[130] het hy dit sy plig geag om hom te gaan opsoek en ds. M. Smith van Uitenhage saamgeneem.

http://scholar.sun.ac.za

Die gesprek tussen Philip en dié leraars het aanvanklik oor algemene sake gegaan, soos gemeenskaplike vriende in Skotland. Later is die toestand van die sending in die binneland egter bespreek.

In Graaff-Reinet het daar 'n onafhanklike sendinggenootskap bestaan. Hierdie genootskap het 'n sendeling gehad wat

222/die .....

---

128 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Aantekening in rooi ink op brief van Fairbairn - Pringle, 20 Oktober 1824. Bylaag tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

129 G.H. 23/7 Despatches to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 11 Oktober 1824. Gemerk Confidential.

130 Dr. Philip het vir ds. Murray gehelp om na Suid-Afrika te kom. Sien Philip MSS. Macmillan Notes S216 A149: Philip - J. Murray, 12 April 1821.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die bediendes aan die huise van hul werkgewers besoek en bearbei het. Ds. Murray het hierdie stelsel verdedig omdat dit die geleentheid gebied het vir sendingwerk sonder dat dit vir die bediendes nodig was om hul werk te verlaat. Dr. Philip, daarenteen, het die voordele van sendingstasies waar hierdie mense as 'n eenheid bearbei kon word beklemtoon. Oor Graaff-Reinet het Philip nie gelukkig gevoel nie omdat die Londense Sendinggenootskap sonder sukses probeer het om daar 'n sendingstasie te stig.[131]

Vervolgens is gepraat oor die kwessie van kontrakte. Ds. Murray het dit as sy standpunt gestel dat kontrakte tussen heer en diensbode nodig was omdat die talle diefstalle en invalle dit noodsaaklik maak as die enigste middel waardeur verseker kon word dat 'n Hottentot oor 'n lewensonderhoud beskik. Philip wou wegdoen met die kontrakte. As teenargument het Murray verwys na die poging wat Stockenström, die landdros van Graaff-Reinet, aangewend het om sonder kontrakte te werk. Ten gevolge van die talle misdade deur Hottentotte moes Stockenström later weer die kontrakstelsel invoer.[132]

http://scholar.sun.ac.za

Philip het erken dat Stockenström 'n baie goeie man was - die beste onder die koloniste - maar „being a Dutchman", sou hy tog bevooroordeeld gewees het ten gunste van die ou stelsel. Philip was van plan om binnekort weer na die binneland te gaan om inligting te versamel wat hy van plan was om aan die

223/Britse .....

---

131 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Bylaag nommer 2 tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

132 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Bylaag nommer 2 tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825; en Philip MSS. Macmillan Notes S216 B394: Pringle - Stockenström, 17 Desember 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse parlement voor te lê. Hy het geglo dat hierdie feite die kontrakstelsel in diskrediet sou bring. Hy het voorts verklaar dat hy daarvan bewus is dat die mense op die grense voortgaan om Boesmans te skiet en hul vrouens en kinders weg te vat. Hy het ds. Murray daarvan beskuldig dat hulle in die binneland dink dat hy nie weet wat aangaan nie, maar dat hy in besit is van dokumente om elke ding wat hy gesê het, te bewys.[133]

Op hierdie klaarblyklike heftige noot het die gesprek geëindig. Wat ds. Murray betref, was die gesprek afgehandel. Drie weke later, op 4 Desember 1824, het hy egter 'n skrywe ontvang van die Kommissie van Ondersoek waarin hy versoek is om hulle te kom spreek. In die daaropvolgende onderhoud het maj. Colebrooke hom verwys na sy gesprek met dr. Philip en vier vrae aan hom gestel:

http://scholar.sun.ac.za

1. Of hy teenoor Philip verklaar het dat, nadat die Kommissie van Ondersoek Graaff-Reinet verlaat het, Graaff-Reinet wéér na die ou stelsel om Hottentotte as arbeiders deur kontrakte te bind, teruggekeer het?
2. Of ds. Murray enigiets gesê het wat bedoel was as 'n refleksie op Stockenström, of wat bedoel was om die plaaslike owerhede se maatreëls in twyfel te trek?
3. Of ds. Murray enige opmerkings gemaak het waaruit dr. Philip sou kon aflei dat Stockenström die Hottentotte vyandig gesind was?
4. Of ds. Murray gesê het dat Stockenström gekant was teen Hottentotte?

224 /Op .....

---

133 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Bylaag nommer 2 tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op al vier vrae het ds. Murray ontkennend geantwoord.

Hierdie onderhoud was die gevolg van die feit dat dr. Philip, drie weke na sy gesprek met ds. Murray, 'n lang brief aan die Kommissie geskryf het, waarin hy mededelings gemaak het wat hy aan die Kommissie voorgehou het as uiters belangrike feite aangaande die administrasie van sake op die oosgrens. Wat sy doel hiermee was, kan afgelei word as in aanmerking geneem word dat Philip met elke moontlike saak na die Kommissie van Ondersoek gegaan het omdat hy graag wou bewys dat die Hottentotte en die sending deur die Regering, en veral deur die plaaslike amptenare, onderdruk is.

Die vraag ontstaan waarom Philip eers drie weke nadat die gesprek met Murray en Smith plaasgevind het, met die Kommissie in verbinding getree het. Somerset beweer dat Philip gewag het totdat ds. Murray op pad terug na Graaff-Reinet is, sodat hy nie voor die Kommissie gedaag kon word nie. Murray is egter vertraag, waarvan Philip onbewus was, met die gevolg dat die Kommissie hom kon inroep.[134]

http://scholar.sun.ac.za

Ds. Murray was baie ontevrede met Philip se optrede en het dit met vertrouelinge van Peter Brink, die privaatsekretaris van die Goewerneur, bespreek. Langs hierdie weg het Somerset daarvan te hore gekom. Hy het ds. Murray 'n weergawe van sy gesprek met Philip op skrif laat stel, klaarblyklik met die doel om dit te publiseer.[135] Somerset het dit egter

225/nooit .....

---

134 G.H. 23/7 Despatches General to the Secretary of State: Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825. Gemerk Secret and Confidential.

135 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B394: Pringle - Stockenström, 17 Desember 1824; en L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nooit in 'n pamfletvorm uitgegee nie, maar 'n afskrif daarvan aan Bathurst gestuur.[136] Hy wou dit gebruik as 'n verdere bewys van Philip se oneerlike bedrywighede.

Philip het nooit enige insae gehad in die inhoud van ds. Murray se weergawe van die gesprek nie, sodat hy hom nie ten opsigte van spesifieke bewerings kon verdedig nie. Toe hy daarvan verneem, was sy eerste reaksie om te verklaar dat die stuk op skrif gestel is 'n paar weke nadat die gesprek plaasgevind het; dat dit inderhaas opgestel is; en dat die twee predikante self verklaar het dat hulle die feite nie meer so goed kon onthou nie.[137] Dit is egter nie waar nie, want al Murray se bewerings is deur ds. Smith bevestig, wat bygevoeg het dat hy nog veel meer besonderhede kon verstrek.[138]

Philip se tweede reaksie was om die Goewerneur skerp te veroordeel omdat hy hom met die saak ingemeng het om daaruit munt te slaan.[139] Voorts het Philip verklaar dat Blair hom die versekering gegee het dat die dokument wat Murray opgestel het, niksseggend en onskadelik was, en dat dit maar, soos al die ander „rash acts lately committed by the Government" was.[140]

http://scholar.sun.ac.za

226/As .....

---

136 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Bylaag nommer 2 tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

137 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

138 G.H. 28/11 Enclosures to Despatches: Bylaag nommer 2 tot Somerset - Bathurst, 27 Januarie 1825.

139 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

140 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, Maart 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As ons let op die vrae wat die Kommissie aan Murray gestel het, dan blyk dit dat Philip in sy brief aan hulle sekere mededelings gemaak het i.v.m. Stockenström en die behandeling van die Hottentotte. Stockenström was 'n amptenaar van die plaaslike regering en Philip se brief moet dus in verband gesien word met sy agitasie teen die plaaslike owerhede. Die gesprek met ds. Murray het hoofsaaklik oor Stockenström en die koloniste se behandeling van die Hottentotte en Boesmans gegaan, en omdat ds. Murray gevoel het dat Stockenström se goeie naam en karakter deur dr. Philip skade aangedoen is, het hy aan Stockenström geskryf en hom 'n afskrif van sy weergawe van die gesprek met dr. Philip gestuur.[141]

Dr. Philip het Andries Stockenström op sy eerste reis in Suid-Afrika ontmoet. Stockenström was een van die plaaslike amptenare wat, op versoek van lord Charles Somerset, vir Philip en Campbell op hul reis behulpsaam moes wees. Hy het die ontmoeting met Philip verwelkom omdat hy baie belang gestel het in die opheffing en welvaart van die Hottentotte en die Boesmans.[142] Nog 'n bewys dat Stockenström aanvanklik vir Philip goedgesind was, is die gunstige kommentaar wat Stockenström op Philip en Campbell se verslag gelewer het. Nadat hul ondersoek by die sendingstasies voltooi was, het Philip en Campbell naamlik 'n verslag in die vorm van 'n memorandum opgestel, wat deur Bird aan Stockenström gestuur is vir kommentaar. Stockenström het met alles wat daarin gesê is,

227/saamgestem .....

http://scholar.sun.ac.za

---

141 Hutton, C.W.: Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, p. 233.

142 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A127: Stockenström - Philip, 17 November 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saamgestem en verklaar: „If the writer of the mem. had been in the Colony for a great number of years he could not have a better opinion on the subject".[143]

Ná die koms van die Kommissie van Ondersoek het die verhouding tussen Philip en Stockenström versleg. Afgesien van die geval van ds. Murray, het Philip ook vir Stockenström voor die Kommissie van Ondersoek gekritiseer oor sy houding t.o.v. sendingstasies, sy behandeling van die inboorlinge, en die vervreemding van Boesmangrond.[144]

Stockenström het heftig gereageer op ds. Murray se brief. In h brief aan laasgenoemde het Stockenström verklaar: „You were perfectly justified in telling Doctor Philip, or the Commissioners, or the Governor, that I had tried to find out which Hottentots, or any others, were living upon their industry or property, and which upon plunder and robbery, and you might safely have added that I am as hostile to the emancipation of the Hottentots and all other classes from all legal and moral restraints, as I am anxious for their emancipation from bondage and oppression, and that I cannot be a greater advocate of Christian conversion, or bear greater respect for the truly religious missionary, than I despise the fanatic or the hypocrite, who, abandoning the glory of his Maker, makes religion answer his own purposes. In these sentiments I am supported by you, by the Commissioners, and the Government and instead of their being the result of, or in conformity

http://scholar.sun.ac.za

228/to .....

---

143 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A109: Faure - Philip, 7 Junie 1820.

144 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, pp. 210-212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to any 'new system', which Doctor Philip spoke to you of, but which I am a stranger to, I have acted upon them since I first became connected with the public, and it will require a system rather powerfully supported to eradicate them. I am sorry Doctor Philip should have thought proper to commence this attack, for I really thought we might have done the Hottentots good by going all of us hand in hand, and he must recollect that it is not very long since he thought me a very tolerable sort of an animal".[145]

Thomas Pringle het hierdie breuk in die geledere van die kampvegters vir die inboorlinge met verontrusting waargeneem. Daarom het hy aan Stockenström geskryf en hom gevra om nie toe te laat dat dié gebeurtenis 'n breuk tussen hom en dr. Philip veroorsaak nie.[146]

Die Kommissie van Ondersoek, na wie Philip hom gewend het, het klaarblyklik besef dat hulle ingetrek word in 'n geskil tussen dr. Philip en lord Charles Somerset - iets wat hulle deurgaans probeer vermy het. Dáárom het Colebrooke dit nodig gevind om aan Somerset te skryf en aan hom te verduidelik dat ds. Murray 'n verkeerde opvatting het i.v.m. die doel van die ondersoek wat die Kommissie ingestel het nadat hulle Philip se brief ontvang het.[147] Wát die Kommissie ondersoek het, was nie Stockenström se optrede as persoon nie,

229/maar .....

http://scholar.sun.ac.za

---

145 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, p. 233.

146 Philip MSS. Macmillan Notes S216A394: Pringle-Stockenström, 17 Desember 1834.

147 C.O. 224 Letters and Papers received from Agents and Missionaries: Maj. Colebrooke - Somerset, 17 Desember 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar die praktiese toepassing van sekere maatreëls. Dit was presies wat Philip wou gehad het. Philip was besig om homself voor te berei met die oog op 'n bespreking van die posisie van die inboorlinge in Suid-Afrika in die Britse parlement. Indien hy die verslag van die Kommissie van Ondersoek kon gebruik om te bewys dat die inboorlinge onderdruk word, sou dit 'n waardevolle bewysstuk wees.

In 1825 het dr. Philip, William Wright en Thomas Pringle by Andries Stockenström op Graaff-Reinet tuis gegaan. Die koloniste het Stockenström dit kwalik geneem dat hy hierdie „radikales" by hom aan huis geneem het.[148] Stockenström en die besoekers het heftig gedebatteer oor die vryheid van die pers en oor die inboorlinge en dit het duidelik aan die lig gekom dat daaroor tussen hulle 'n belangrike meningsverskil bestaan het.[149] Nogtans het Stockenström tot so 'n mate daarin geslaag om hulle te oortuig dat hy sendingwerk en die belange van die inboorlinge goedgesind was, dat Philip na aanleiding van dié gesprekke teenoor Pringle verklaar het: „I am happy to inform you whatever his former sentiments may have been he now appears liberal and friendly to the aborigines".[150] Dr. Philip het ook met ds. Murray gaan gesels

http://scholar.sun.ac.za

230 /en .....

---

148 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, p. 243.

149 Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, pp. 243-248.

150 L.M.S. Africa Odds B6F2JB (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Augustus 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en h versoening bewerkstellig wat, volgens Macmillan, op h lewenslange vriendskap tussen hulle uitgeloop het.[151]

Philip en Somerset het ook gebots oor die toekenning van grond aan die sendingstasies Bethelsdorp en Theopolis. Sir John Cradock en sir Rufane Donkin het aan die sending by Theopolis verlof gegee om ongebruikte grond aangrensend aan die sendingstasie as weiveld te gebruik. Van hierdie grond is egter later deur lord Charles Somerset aan twee Britse setlaars, t.w. Bovey en Grant, toegeken. Philip was hieroor baie ontevrede omdat hy dit beskou het as vervreemding van grond wat aan die Londense Sendinggenootskap behoort het. Hy het dit bestempel as nóg h poging van Somerset om die werk van die sendelinge te benadeel.[152]

Sedert 1825 is daar h lang, uitgerekte, en somtyds verbitterde, korrespondensie hierdoor tussen Philip, die Kaapse regering en die Koloniale Kantoor in Londen gevoer. Nadat die saak verskeie kere ondersoek is, is bevind dat die Londense Sendinggenootskap nie slegs geen aanspraak op die grond het nie,[153] maar dat Philip ook doelbewus in Researches in South Africa h kaart verander het om die indruk te wek dat die Londense Sendinggenootskap van grond wat wetlik sý eiendom was, beroof is.[154]

http://scholar.sun.ac.za

231/Ten .....

---

151 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 202.

152 C.O. 381 Letters and Papers received from Agents and Missionaries: Philip - Bell, 4 Maart 1830. Sien ook bylae tot hierdie brief.

153 C.O. 5,100 Letters Depatched Ecclesiastical and Schools: Regeringsekretaris - Philip, 20 Maart 1831; en G.H. 23/9 Despatches General to the Secretary of State: Cole - Goderich, 10 Mei 1831.

154 Chase, J.C.: Some reasons for opposing the author of the South African Researches, pp. 52-54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur middel van wie hy belangrike invloed uitgeoefen het. Die bekendste was Thomas Pringle, John Fairbairn, ds. Abraham Faure en dr. Bailey. Benewens hierdie groep was daar talle geesgenote van Philip aan die Kaap, bv. W.L. von Buchenröder, kolonel Frazer, Andries Stockenström, Peter Wright en andere.

Thomas Pringle was die leier van een van die groepe Britse setlaars wat in die Suurveld gevestig is. Hy het egter nie lank dáár gebly nie, en hom toe in Kaapstad gaan vestig. Hy het 'n akademiese opleiding gehad, en vóór sy koms na Suid-Afrika het hy 'n joernalistieke loopbaan gevolg. In Kaapstad wou hy graag redakteur van die Cape Town Gazette word, maar hy het die aanstelling nie gekry nie. Later het hy met 'n privaat skool en 'n onafhanklike koerant begin.

Philip en Pringle was albei van Skotse afkoms. Philip het hom ontmoet tydens sy besoeke aan die Britse setlaars. Hulle het oor 'n tydperk van baie jare saamgewerk in filantropiese ondernemings. Pringle het later na Engeland teruggekeer en in 1827 sekretaris van die „Anti-Slavery Society" geword. Philip en Pringle was albei vurige Whigs en Somerset 'n nougesette Tory.

http://scholar.sun.ac.za

John Fairbairn was nie 'n Britse setlaar nie. Hy was ook 'n Skot van geboorte. Hy en Thomas Pringle het aan die Universiteit van Edinburgh vriende geword. In 1823 het Pringle hom uitgenooi om na Suid-Afrika te kom. Hy het die aanbod aanvaar en was baie entoesiasties oor die moontlikhede wat die Kaap vir hom en Pringle ingehou het om op verskillende gebiede leiers te word. Fairbairn se ambisie word weerspieël in 'n opmerking aan Pringle: „What should hinder us from becoming the Franklin's of the Kaap?".[156]

233/Fairbairn .....

---

156 The Cape Monthly Magazine, VII: Artikel oor John Fairbairn, pp. 374-375.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fairbairn is later met Philip se dogter Eliza getroud. Hy en Philip het jare lank 'n gedugte kombinasie gevorm. As redakteur van The South African Commercial Advertiser het Fairbairn groot invloed uitgeoefen en jare lank was hierdie koerant die mondstuk van dr. Philip en sy groep.

Ds. Abraham Faure was vir Philip 'n waardevolle kennis omdat hy 'n gebore Suid-Afrikaner en Hollandssprekend was. Faure was goed bekend met die Londense Sendinggenootskap. In Februarie 1814 het hy na Gosport vertrek om as sendeling opgelei te word. Talle sendelinge van die Londense Sendinggenootskap is hier onder dr. Bogue se leiding opgelei.[157] In 1816 het hy na Utrecht vertrek waar hy aan die beroemde „Hoge school" gestudeer het. In 1818 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en hom as predikant te Graaff-Reinet gevestig. In 1822 het hy leraar van die Groote Kerk in Kaapstad geword. Hy was 'n groot vriend van sendingwerk en het die sendelinge gereeld aan sy huis ontvang. Stephen Kay getuig soos volg oor Faure: „His hand, and heart, are those of a brother in Christ, who has apparently forgot that there are distinctions in the Church".[158] Philip en Faure het goeie vriende geword.

Reeds in Mei 1820 was Faure besig om vir Philip van inligting i.v.m. die Boesmans te voorsien.[159] Toe Faure

234/Het .....

---

157 Heyns, H.A.: Die kerklike werksaamhede van Abraham Faure. In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, I, p. 37.

158 W.M.M.S. South Africa BIFL: Kay-Taylor, 23 Maart 1821.

159 Philip MSS. 18103 lêer 12 (Parlementsbiblioteek): Faure - Philip, 31 Mei 1820.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift begin het, het hy baie hulp en aanmoediging van Philip gekry.[160] Philip het ook Faure se broer Henry, deur bemiddeling van die Londense Sendinggenootskap, aan lenings gehelp om sy teologiese studies in Utrecht voort te sit.[161] Philip en Faure het saamgewerk in die stryd teen Somerset. Terwyl Philip in 1825 uitstedig was op h toer in die binneland, het Faure hom op hoogte gehou met die verwikkelinge in die stryd teen Somerset.[162]

Dr. Sam Bailey was die hoof van die Somerset Hospitaal in Kaapstad. Hy was h filantroop en aangesien hy in die posisie was om heelwat te hore te kom van wat in die regeringskringe aangegaan het, was hy vir Philip h waardevolle bron van inligting.[163] In 1825 het hy na Engeland teruggekeer en dáár h belangrike rol gespeel in Philip se pogings om sy gegewens in verband met die sendingstasies en die Hottentotte voor die Britse parlement te bring.[164]

Teen die einde van 1825 hat sake vir Somerset al skeef geloop. Nie minder nie as tien persone uit die Kaapkolonie, t.w. Burnett, Donkin, Bird, Parker, Pringle, Fairbairn,

235/Brenton, ...

---

160 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JC: Faure - Philip, 3 Mei 1822.

161 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B9F JB: Faure - Burder, 24 Maart 1824.

162 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B494: Faure - Philip, 23 September 1825.

163 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B9F3JA: Bailey - Philip, 15 Februarie 1824.

164 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B442: Bailey - Philip, 10 Februarie 1825; en Philip MSS. Macmillan Notes S216 B474: Bailey - Philip, 29 Junie 1825.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brenton, Bailey, Geary en D'Escury, het Engeland besoek om teen Somerset te getuig. Die Whig-opposisie het hierin 'n geleentheid gesien waaruit hulle politieke munt kon slaan. Die Tories was al sedert 1815 aan bewind en hul posisie was nog veilig. Die Whigs het swak gebly en elke moontlike geleentheid aangegryp om die Regering in die verleentheid te probeer bring. Dáárom is Somerset se administrasie nie minder nie as tien keer in die Britse parlement bespreek.[165]

Baie koerante van Engeland het ook dikwels die Somerset-regering aangeval. The London Times het nie minder nie as nege keer oor Somerset geskryf[166] en beweer dat die Kommissie van Ondersoek na die Kaap gestuur is om Somerset aan bewind te hou. Die Whig-koerant The Morning Chronicle het drie keer artikels oor die Somerset-bewind geskryf.[167]

http://scholar.sun.ac.za

Die Britse regering was nie bereid om teen Somerset op te tree nie. Onder-sekretaris Wilmot Horton het dit by geleentheid in die Britse parlement duidelik gestel dat daar 'n deeglike onderskeid gemaak moes word tussen klagtes en griewe wat voortgespruit het uit die optrede van die Goewerneur en dié wat voortgespruit het uit die swakhede van die Hollandse

236/regstelsel .....

---

165 British Parliamentary Debates, New Series, XII, pp. 998-999; XIII, pp. 903-909, pp. 1166-1167, pp. 1274-1275, pp. 1483-1485; XV, pp. 961-971; XVI, pp. 304-306, pp. 320-321; en XVII, pp. 1168-1175, pp. 1427-1438.

166 The London Times 21 Augustus 1824, 20 Mei 1825, 8 Junie 1825, 7 Junie 1825, 14 November 1825, 24 Augustus 1825, 16 November 1826, 25 Junie 1827 en 11 Maart 1826.

167 The Morning Chronicle, 19 Augustus 1824, 28 September 1822 en 6 Oktober 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

regstelsel. Die feit dat elke klagte teen Somerset net eenvoudig na die Kommissie van Ondersoek verwys is, het Philip en sy groep baie ontevrede gemaak.

Hoewel die Britse regering Somerset verdedig het, het Bathurst by meer as een geleentheid sy ontevredenheid met Somerset se optrede betuig.[168]

Dat alles nie pluis was met die Somerset-regering nie, spreek duidelik uit die verklarings van sir Richard Plasket wat in 1826 by die Kaap aangekom het as nuwe sekretaris van die Kaapse regering. Plasket was iemand met besondere bekwaamhede,[169] en omdat hy goed bevriend was met ondersekretaris Horton het hy blykbaar opdrag ontvang om 'n oogie oor lord Charles Somerset te hou.[170] Volgens Plasket was daar chaos in byna elke departement en was die Regering bankrot.[171] Die moeilikheid aan die Kaap was dat „ .... Law itself is so uncongenial to British feelings, the composition of the courts is so irregular and so inefficient, and the

http://scholar.sun.ac.za

237/practice .....

---

168 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXI (Bathurst - Somerset, 11 April 1825), p. 6; Cory, G.: The Rise of South Africa, II, P. 296, p. 203, p. 316; Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXI (Bathurst - Somerset, 28 April 1825), pp. 145-146.

169 The Cape Argus, 16 Februarie 1928. Artikel: Lord Charles Somerset in a New Light.

170 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXIII (Plasket - Horton, 28 September 1825), pp. 176-180.

171 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXIII (Plasket - Horton, 28 September 1825), pp. 176-180.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

practice under them so mismanaged that I see no end to the grievances when a clever fellow comes under their lash, so long as the present system exists".[172]

Somerset se teenstanders aan die Kaap het 'n petisie opgestel en versoek dat hy teruggeroep word. Somerset het weer op sý beurt die landdroste en veldkornette rondgestuur met petisies in sý guns. Hierdie petisies is deur baie Hollandse koloniste onderteken.[173] Onder hulle was daar nie 'n sterk gevoel teen Somerset nie, want Somerset se oosgrensbeleid was by hulle populêr en hulle het ook nie veel belanggestel in die Britse bewind nie.

Die Britse regering het in 1825 besluit om Somerset na Engeland te laat kom om persoonlik te antwoord op al die klagtes wat teen hom ingebring is.[174]

http://scholar.sun.ac.za

Terwyl Philip besig was om met behulp van Wilberforce, Brenton, Hankey en Burder in belang van die Hottentotte en die sendingstasies te agiteer, het die verwydering van Somerset 'n ondertoon in dié proses gevorm. Die gedagte het al sterker by Philip posgevat dat hy slegs kon hoop op die algehele verandering in beleid ten opsigte van die Hottentotte indien Somerset herroep word. Toe dr. Bailey in 1825 na Engeland vertrek, het Philip aan hom dokumente oorhandig met die versoek dat hy hom moes beywer vir die herroeping van Somerset.

238/Nadat .....

---

172 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXIII (Plasket - Horton, 28 September 1825), pp. 176-180

173 Philip MSS. Macmillan Notes S2168504: Fairbairn - Pringle, 21 Oktober 1825; en The Cape Argus, 16 Februarie 1928: Artikel Lord Charles Somerset in a New Light.

174 British Parliamentary Debates, New Series, XI, pp. 1274-1275.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat Brougham te kenne gegee het dat hy, na aanleiding van 'n petisie van Bishop Burnett, 'n mosie by die Laerhuis gaan indien in verband met die Somerset-regering, het Bailey besluit om van dié geleentheid gebruik te maak. Hy beskryf sy optrede soos volg: „In the interum I waited on Mr. B. (without giving my proper name) and presented him my papers at the same time retaining him in his professional character, and acquainting him that the papers contained certain information that would be highly interesting to him preparatory to his motion on the affairs of the Cape. Next morning he immediately observed the thing is done. I have this morning received a private communication that he is recalled. Mr. Canning had said to Mr. B. on some former occasion - we have matter enough but we have no facts - give us facts and we will remove him. B. having read my papers went down to the House and privately acquainted Mr. Canning that facts had been put into his possession professionally, consequence was motion suppressed and a pledge given that Lord. C. have permission to return to this country".[175] Nadat Bailey oor die ongewildheid van Somerset uitgewei het, het hy verklaar: „Mr. Bishop Burnett takes all the credit of having removed Lord C. Let him enjoy that opinion, his noise and clamour may have had some weight, but you may depend that your friends in the City have kept the people in the Colonial Office warm".[176]

http://scholar.sun.ac.za

Somerset is nie deur die Britse regering afgedank nie. Hy self het in Julie 1827 as Goewerneur van die Kaapkolonie

239/bedank .....

---

175 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B460: Bailey - Philip, 29 Junie 1825.

176 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B460: Bailey - Philip, 29 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedank weens die „political sentiments of my family".[177] In Februarie 1827 het graaf Liverpool 'n ernstige hartaanval gekry en moes hy die eersteministerskap neerlê. Die ultra-Tories was sonder 'n leier en het die een na die ander bedank en die leiding in die Tory party het in die hande van die jong liberales soos Canning oorgegaan. Somerset, wat tot die ultra-Tories behoort het, het besef dat hy geen toekoms meer in die politiek het nie en het gevolglik bedank.[178]

In Maart 1826 het Somerset alreeds die Kaap verlaat om in Engeland te antwoord op die klagtes teen sy administrasie. In dieselfde jaar het Philip ook na Engeland vertrek om sy agitasie in belang van die Hottentotte persoonlik in Engeland voort te sit. Die politieke stryd tussen hom en Somerset het dus tot 'n einde gekom. Met Somerset se opvolger, Waarnemende Goewerneur Richard Bourke, het Philip geen kontak gehad nie, hoewel hy hom beskryf het as 'n persoon met 'n liberale houding teenoor sendingwerk.[179]

http://scholar.sun.ac.za

Die stryd tussen Philip en lord Charles Somerset, is nie sonder betekenis vir die geskiedenis van Suid-Afrika nie.

Macmillan beweer tereg: „ .... (it) marks a significant stage in South African development".[180] Dit is o.a. 'n duidelike bewys dat baie koloniste politiek bewus geword het. Dit is ook 'n bewys dat iemand soos Philip nie van plan was om hom tot die verkondiging van die Evangelie te beperk nie. In 'n klein gemeenskap, soos wat die Kaap op daardie tydstip was,

240/was .....

---

177 C.O. 48/127 (P.R.O.) Despatches received from Individuals: Somerset - Murray, 25 Julie 1828.

178 Millar, A.K.: Plantagenet in South Africa, pp. 249-250.

179 Philip, John: Researches in South Africa, I, p. XIV

180 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 188.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was dit maklik vir iemand met ondernemingsgees om leiding te neem, en ten gevolge van die leiding wat Philip geneem het in die stryd teen Somerset en die verbetering van die toestand van die Britse setlaars, was hy redelik gewild.

241/HOOFSTUK 7 .....

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7.

PHILIP EN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.

Die Kommissie van Ondersoek is in 1823 deur die Britse regering na die Kaap en ander oorsese Britse kolonies gestuur. Dr. Philip het hom verheug oor die koms van die Kommissie omdat hy gehoop het dat dit hom sou help in sy agitasie in belang van die nie-blankes. Nadat sy eerste poging om die Kaapse owerheid deur middel van vriendskaplike onderhandelinge te beweeg om te maak soos hý wou hê, geen vrugte afgewerp het nie, en sy tweede poging, t.w. om die Kaapse regering deur middel van dreigemente tot sý siening oor te haal, slegs die amptenare geantagoniseer het, het hy besluit om hom op die Kommissie van Ondersoek te beroep.

http://scholar.sun.ac.za

Philip het reeds lank geagiteer vir 'n dergelike kommissie wat toestande in Suid-Afrika moes ondersoek. W.M. Macmillan beweer dat Philip verantwoordelik was vir die besluit om die Kommissie na Suid-Afrika te stuur.[1] Op 6 November 1821 het Philip se vriend, sir Jahleel Brenton, die Kaap verlaat en na Engeland teruggekeer. Hy was 'n vooraanstaande en invloedryke „Evangelical" en het Philip se geskrifte onder William Wilberforce se aandag gebring. Op hierdie wyse is Philip vir die eerste keer met Wilberforce in aanraking gebring.[2] Wilberforce sou toe vir Brenton gevra het: „Why does not Dr. Philip appeal

242 /to .....

---

1 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 185.

2 Philip MSS. Macmillan Notes S216A246: Brenton - Philip, 1 Augustus 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to the Colonial Government?" - waarop Brenton geantwoord het: „My dear Mr. Wilberforce you are not aware of the state of things at the Cape. It is with the Government that the oppression rests". Wilberforce sou toe gesê het: „Meet me to-morrow with Mr. Buxton and Dr. Lushington...". Hieruit sou volgens Macmillan die besluit voortgevloei het om 'n Kommissie van Ondersoek na Suid-Afrika te stuur.[3]

Wilberforce was die leier van die filantrope in Engeland wat hulle beywer het vir die vrystelling van die slawe. Hy was 'n tipiese produk van die herlewing van die agtiende eeu in Brittanje. Sy familie het heeltemal negatief teenoor die godsdiens gestaan en gedurende sy jeugjare het Wilberforce 'n ligsinnige en vrysinnige lewe gevoer. Onder die invloed van Isaac Milne het hy egter tot bekering gekom.[4] Hy was egter lank 'n ondersteuner van sendingwerk voordat hy besluit het om sendingwerk aktief te propageer.[5] In 1807 het hy bv. nog met weinig agting van die Negers gepraat, maar in 1811 het hy hulle sy gelykes genoem.[6]

http://scholar.sun.ac.za

Wilberforce het in 1812 vir die eerste keer 'n rol gespeel in Suid-Afrikaanse gebeurtenisse. Read en Van der

243/Kemp .....

---

3 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 185.

4 Coupland, R.: Wilberforce, pp. 37-38.

5 Wilberforce, R.I. en Wilberforce, S.: Life of William Wilberforce, II, pp. 251 en 462.

6 Wilberforce, R.I. en Wilberforce, S.: Life of William Wilberforce, III, p. 547.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kemp se klagtes is nl. deur die sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, George Burder, onder Wilberforce se aandag gebring. Nadat hy Read se geskrifte bestudeer het, het hy daaruit uittreksels gemaak en dit onder die Eerste Minister, Spencer Perceval, se aandag gebring.[7] Laasgenoemde het aan sir John Cradock geskryf en hom opdrag gegee dat die klagtes ondersoek en die skuldiges gestraf moes word.[8] Uit hierdie opdrag aan Cradock het die hofondersoek van 1812, bekend as die Swart Ommegang voortgevloei.

Vanaf 1812 was daar 'n gereelde kontak tussen Wilberforce en Burder. Dit het blykbaar op 'n bloot persoonlike vlak plaasgevind, want die direkteure van die Londense Sendinggenootskap het amptelik nooit voor 1823 met Wilberforce in verbinding getree nie.[9] Burder het gereeld vir Wilberforce van inligting voorsien i.v.m. die godsdienstige lewe en die inboorlinge van dié lande waar die Londense Sendinggenootskap werksaam was. Wilberforce het hieraan baie waarde geheg soos blyk uit sy opmerking: „You will oblige me, by allowing me to share any other intelligence you may receive concerning the state of religion in different countries".[10] Wilberforce het hierdie inligting gebruik in sy stryd teen slawerny.[11]

244 /Ds. .....

http://scholar.sun.ac.za

---

7 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VIII (Wilberforce - Perceval, 5 Augustus 1811), pp. 125-130.

8 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VIII (Liverpool - Cradock, 9 Augustus 1811), p. 133.

9 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B4F2JA: Wilberforce - Burder, 26 Maart 1823.

10 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B2F7JB: Wilberforce - Burder, 3 Februarie 1812.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ds. George Thom het ook by 'n geleentheid Wilberforce se hulp ingeroep in belang van die Prys Negers aan die Kaap.[12] Volgens ds. Thom het die koloniste nie veel moeite gedoen om hulle in die Christelike godsdiens te onderrig nie, maar hulle slegs as arbeiders gebruik. Ds. Thom het in dié verband 'n brief aan sir John Cradock geskryf en dié het hom verwys na Charles Blair, die amptenaar wat vir die Prys Negers verantwoordelik was. Omdat Blair nooit op sy brief gereageer het nie, het ds. Thom besluit om hom tot Wilberforce te wend. Wilberforce het egter ook nie hieraan iets spesifieks gedoen nie.

Wilberforce het die kontak met Burder veel hoër aangeslaan as sy kontak met baie ander organisasies en privaat persone. In 1821 het hy bv. aan Burder geskryf en hom versoek om dit nie te laat uitlek dat hy nog met die Londense Sendinggenootskap se sekretaris korrespondeer nie omdat hy weens 'n vol program sy korrespondensie met baie ander organisasies beëindig het.[13]

http://scholar.sun.ac.za

Wilberforce was dus die aangewese persoon om vir Philip behulpsaam te wees. Teen 1821 het Philip hom blykbaar nog nie persoonlik geken nie, maar Philip was bewus van sy belangstelling in die inboorlinge en in sendingwerk. Philip het veral baie waarde geheg aan 'n verklaring wat Wilberforce in 1820 tydens 'n openbare vergadering gemaak het, nl. dat „.... if Africa is to be discovered, it must be by Missionaries".[14]

245/In .....

---

11 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B2F7JB: Wilberforce - Burder, 2 Junie 1812.

12 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B6F1JC: Afskrif aan Burder van 'n brief van Thom aan Wilberforce, 4 April 1815.

13 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B3F9JB: Wilberforce - Burder, 9 Mei 1821.

14 The Missionary Register, Januarie 1821, p. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1822 het Wilberforce hom begin voorberei om by die volgende sitting van die Parlement 'n mosie in verband met slawe in te dien. Daarom was hy op soek na inligting oor die toestand van slawe in die Britse kolonies. Hy het éérs die Koloniale Kantoor in Londen versoek om hom inligting oor die behandeling van die slawe aan die Kaap te verstrek.[15] Later in die jaar het hy Burder versoek om hom die geleentheid te bied om met eerw. John Campbell, wat kort tevore uit Suid-Afrika teruggekeer het, 'n onderhoud te voer.[16]

Brenton moes gedurende Februarie 1822, toe Wilberforce juis op soek was na inligting oor die toestand van die slawe aan die Kaap, in Engeland aangekom het. Hy en Philip het voor sy vertrek ooreengekom dat hy (d.i. Brenton) weë en middele sou soek om Philip se klagtes oor die Kaapse regering se houding teenoor sendingwerk en die Hottentotte onder die aandag van die Britse publiek en Parlement te bring. Op daardie tydstip het Brenton nog nie enige bruikbare dokumente in dié verband van Philip ontvang nie. Philip het egter intussen op sy tweede besoek aan Bethelsdorp vertrek en daar die sogenaamde „Bethelsdorp-korrespondensie" ontdek. Dié stukke is almal deur hom aan Brenton gestuur en Brenton het dit weer op sý beurt aan Wilberforce oorhandig. Op 1 Augustus 1822 het Brenton aan Philip gerapporteer dat hy daarin geslaag het om Wilberforce oor te haal om in die Britse parlement voor te stel

http://scholar.sun.ac.za

246 /dat .....

---

15 C.O. 49/14 (P.R.O.) Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals: Horton - Wilberforce, 22 maart 1822, pp. 348-349.

16 L.M.S. Incoming Correspondence B4F1JB: Wilberforce - Burder, 1 Julie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat 'n Kommissie van Ondersoek na die Kaap gestuur word en dat Wilberforce, Lushington en Buxton daarin geslaag het om dié mosie deur die Parlement te loods.[17]

Dit was nie net Brenton nie, maar ook Burder en Hankey wat vir Philip gehelp het om met Wilberforce in aanraking te kom. Ons het reeds daarop gewys dat Wilberforce vir Burder versoek het om hom van inligting oor die slawe aan die Kaap te voorsien. Burder het baie waarde geheg aan die kontak wat hy op hierdie wyse met Wilberforce gemaak het en het vir jare daarna as 'n skakel tussen Philip en Wilberforce gedien. 'n Ander persoon wat in hierdie verband genoem moet word, is William Hankey 'n bankier van Londen en tesourier van die Londense Sendinggenootskap.

William Hankey was klaarblyklik 'n groter vertroueling van Philip as Burder. Met laasgenoemde het Philip behalwe sy amptelike korrespondensie ook vriendskaplike korrespondensie gevoer, maar aan Hankey het hy lang en vertroulike briewe oor sy probleme in Suid-Afrika geskryf. In hierdie briewe is sake geopper wat nie in Philip se verslae en briewe aan die direkteure genoem is nie. In die argief van die Londense Sendinggenootskap het net gedeeltes van één vertroulike brief van Hankey aan Philip oorgebly en dit werp waardevolle lig op die persone wat deur Philip gebruik is om die Britse regering te beïnvloed.

247 /Brenton, ...

http://scholar.sun.ac.za

---

17 Hierdie brief verskyn volledig in Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, pp. 185-186.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brenton, Burder en Hankey het dus 'n belangrike skakel tussen Philip en Wilberforce gevorm. Laasgenoemde was oorspronklik van plan om in die Parlement slegs oor die toestand van die slawe aan die Kaap te praat maar as gevolg van die versoeke wat deur Philip se vriende tot hom gerig is, het hy sy plan gewysig. Op 25 Julie 1822 het hy twee mosies in die Laerhuis gestel. In die eerste mosie en toeligtingstoespraak het hy 'n beroep op die Britse regering gedoen om nie aan die Britse setlaars die reg te verleen om slawe aan te hou nie.[18] In die loop van dié toespraak het hy na die Hottentotte verwys en sy betoog gestaaf met inligting wat hy van Barrow, sir James Craig en „..... a source of information on the authenticity of which I can implicitly rely" verkry het.[19] Dat laasgenoemde Philip was, word bewys deur die feit dat Wilberforce na hierdie bron verwys i.v.m. die groot gevaar wat die Mohammedanisme inhou deurdat dit slawe en Hottentotte in groot getalle trek. Philip het op daardie tydstip hieraan heelwat aandag bestee en heelwat daaroor geskryf. In die loop van sy toespraak het Wilberforce ook versoek dat „ ..... both in respect to the Hottentots, and to the slaves generally, at the Cape, particular inquiry will be made whether or not the regulations enacted under the old government for their protection and education have been duly observed. I have great reason to believe that several

http://scholar.sun.ac.za

248/valueable .....

---

18 British Parliamentary Debates, New Series, VII, 24 April - 26 Augustus 1822, pp. 1783-1795.

19 British Parliamentary Debates, New Series, VII, 24 April - 26 Augustus 1822, p. 1791.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

valueable regulations of this kind have fallen in disuse and that the revival of them is enforced upon us by every consideration of justice and humanity".[20] Hieruit blyk Philip se invloed duidelik; dit is immers presies die standpunt wat Philip gedurende die eerste jare van sy verblyf in Suid-Afrika ingeneem het. Daar is geen fout met die wette van die land nie; dit erken die vryheid van die Hottentotte; maar dié wette word deur die Kaapse owerheid, veral die plaaslike amptenare, geïgnoreer en die Hottentotte onderdruk.

Die debat wat op bogenoemde mosie van Wilberforce gevolg het, het aan die lig gebring dat daar 'n algemene ontevredenheid oor toestande aan die Kaap bestaan het en veral oor die bestuurswyse en regspraak. Enkele maande tevore het Donkin in Engeland aangekom en met sy klagtes teen Somerset begin. Die Britse setlaars, en veral hul familie en vriende in Engeland het ook in hierdie tyd dikwels geskryf en gepraat oor die swak toestand waarin die setlaars verkeer het. Sir John Cradock het alreeds in 1811 by die Britse regering daarop aangedring om wette en instellings aan die Kaap met dié van Brittanje in ooreenstemming te bring.[21] Ook ander privaat persone het vertoë gerig vir 'n drastiese verandering van die Hollandse bedeling. Ene R.B. Fischer het bv. in 1816 hieroor 'n pamflet en 'n brief aan Wilberforce gepubliseer[22] en H. Ellis,

http://scholar.sun.ac.za

249 /die .....

---

20 British Parliamentary Debates, New Series, VII, 24 April - 26 Augustus 1822, p. 1792.

21 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VIII (Cradock - Liverpool, 31 Desember 1811), pp. 219-221.

22 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Fischer - Bathurst, 13 September 1816), pp. 173-175; Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XI (Gedrukte Eksemplaar van Fischer se ope brief aan Wilberforce), pp. 176-183.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die onder-sekretaris van die Kaapse regering, het in Desember 1821 aan die Koloniale Kantoor in Londen geskryf oor die noodsaakliikheid van hervormings in die regstelsel van die Kaap.[23] Onder hierdie omstandighede het die Britse regering begin dink aan maatreëls wat getref kon word om die gevraagde veranderinge te weeg te bring.

In antwoord op Wilberforce se betoog het Wilmot Horton, die adjunk-sekretaris van kolonies, in die Britse parlement verklaar:

1. Die setlaars is wel verbied om slawe aan te hou, maar dit is moeilik om dit toe te pas aangesien die res van die Kolonie slawe mag aanhou en dit sou die setlaars in 'n baie ongelyke en onbillike posisie plaas.

2. Dat aangesien die vooruitgang van die „bodily comforts" en die „moral attainments" van die Hottentotte en die slawe aan die Kaap die Regering na aan die hart lê, hy alles in sy vermoë sou doen om dit wat Wilberforce beoog het, te bereik en juis dáárom sou hierdie saak spesiaal opgedra word aan die Kommissie van Ondersoek „about to be sent out".[24]

http://scholar.sun.ac.za

Dit was die eerste keer dat melding gemaak is van 'n Kommissie van Ondersoek en dit laat twee belangrike vrae ontstaan. Het die Britse regering uit eie beweging besluit om so 'n Kommissie uit te stuur of is daar in die

250 /Britse .....

---

23 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XIV (Ellis - Goulbourn, ongedateer), pp. 183-187.

24 British Parliamentary Debates, New Series, VII, 24 April - 26 Augustus 1822, pp. 1795-1796.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse parlement op hom druk uitgeoefen? Indien die Regering op eie inisiatief so besluit het, was Wilberforce en die ander lede van die Britse parlement bewus van die Regering se planne in dié verband of was Horton se aankondiging die eerste woord wat hulle daaromtrent gehoor het?

Oor die eerste vraag is daar weinig inligting beskikbaar en ons moet ons hoofsaaklik wend tot twee verklarings wat Horton in die Parlement gemaak het. In een van die debatte oor lord Charles Somerset se bewind het hy dit duidelik gestel dat die Kommissie nie in die eerste plek uitgestuur is om ondersoek in te stel na die toestand van die slawe of Hottentotte nie, maar „..... to discover the easiest and safest method of bringing about a speedy amelioration of the whole system of government in that Colony".[25] Tydens 'n ander debat oor Somerset se bewind het Horton verklaar dat die Kommissie die oorskakeling van die Kaap van 'n kolonie met Hollandse instellings na een met 'n Britse karakter, moes beplan.[26]

http://scholar.sun.ac.za

Op die tweede vraag nl. of Wilberforce en ander voorheen van die Regering se planne bewus was, is die antwoord dat die parlementslede nie van die Regering se planne bewus was nie. Vier feite maak hierdie antwoord die waarskynlikste:

251/1. In .....

---

25 British Parliamentary Debates, New Series, XII, 3 Februarie - 18 April 1825, pp. 1166 - 1167.

26 British Parliamentary Debates, New Series, XVI, 14 November - 22 Maart 1827, pp. 309-312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. In sy eerste toespraak het Wilberforce gepraat van die noodsaaklikheid dat ondersoek na sekere sake ingestel moes word. Hy was dus nie daarvan bewus dat die Regering alreeds planne in dié verband gehad het nie.

2. Later op dieselfde dag, nadat Horton sy aankondiging gemaak het, het Wilberforce wéér aan die beurt gekom om oor sy tweede mosie, nl. dat 'n Kommissie van Ondersoek na die Kaap, Mauritius, Ceylon en die Wes-Indiese eilande gestuur moes word „to inquire into the whole state of each colony" te praat.[27] Die dokumente wat Philip deur bemiddeling van Brenton en Burder aan Wilberforce gestuur het, was bedoel om hom met hierdie toespraak te help en Wilberforce het 'n lange toespraak voorberei omdat hy 'n deeglike pleidooi wou lewer. Toe Horton in sy toespraak aankondig dat die Regering besluit het om 'n Kommissie van Ondersoek na die Kaap te stuur, was dit nie meer vir Wilberforce nodig om vir die <u>beginsel</u> van so 'n Kommissie te pleit nie en het hy net 'n kort toespraak gehou waarin hy slegs die klem gelê het op sekere sake wat ondersoek moes word.

http://scholar.sun.ac.za

3. In 'n baie lang toespraak in die Laerhuis het parlementslid Marryat daarop aangedring dat 'n kommissie van ondersoek ook na Trinidad gestuur moes word. Die feit dat hy in hierdie toespraak uitvoerig uitgewei het oor al die moeilikhede in Trinidad, gee 'n

252/mens ....

---

27 British Parliamentary Debates, New Series, VII, 24 April - 26 Augustus 1822, p. 1801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mens die indruk dat hierdie saak nog nie tevore in die Britse parlement bespreek was nie. Dit was waarskynlik die eerste geleentheid wat hy gehad het om oor dié saak te praat.

4. Wilberforce lewer self die bewys dat hy nie vir die Kommissie van Ondersoek verantwoordelik was nie. In 'n brief waarin hy na Philip se dokumente in verband met die Hottentotte verwys, verklaar hy dat „.... in consequence of an Address which I moved in the House of Commons towards the close of the last session of Parliament, the Commissioners who had been sent to the Cape to investigate various particulars connected with the interests of that settlement, and more especially to inquire into the condition of the apprenticed negroes, and of the best method of dealing with them, were also instructed to inquire into the state of the Hottentots and I have again strongly enforced on the Secretary of State, Lord Bathurst, the necessity and importance of rendering the Hottentots one of the primary objects of the Commissioners attention".[28] Hierdeur gee Wilberforce duidelik te kenne dat hy nie die vader van die gedagte van 'n kommissie van ondersoek was nie, maar beweer hy dat hy wel daarvoor verantwoordelik was dat die Kommissie ook opdrag gekry het om die toestand van die Hottentotte te ondersoek.

http://scholar.sun.ac.za

253 /J.T. Bigge .....

---

28 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B4F2JA: Wilberforce - Burder, 26 Maart 1823.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

J.T. Bigge is as senior kommissaris van ondersoek aangestel. Hy was vroeër ŉ regter in Wes-Indië en het vir hom naam gemaak as ŉ onbedriegbare ondersoeker. Nie lank voor sy koms na Suid-Afrika nie het hy sake in Nieu Suid-Wallis ondersoek en na aanleiding van sy verslag is goewerneur Macquarrie ontslaan.[29] Die ander kommissaris was maj. Colebrook en John Gregory was die sekretaris.

Nadat dit bekend geword het wié die lede van die Kommissie was, het die direkteure van die Londense Sendinggenootskap besluit om ŉ afvaardiging na Bigge te stuur.[30] Watter sake die afvaardiging met hom bespreek het, is nie bekend nie. Dit is egter van belang dat die direkteure, wat hulle van alle politiek wou weerhou, besluit het om ŉ afvaardiging te stuur na ŉ kommissaris wat ŉ politieke ondersoek moes kom instel. Philip beweer dat Wilberforce en Buxton met die Kommissie ŉ onderhoud gehad het oor die Hottentotvraagstuk, maar dat hulle nie een van sy dokumente aan die Kommissie getoon het nie.[31] Wilberforce maak nie melding van só ŉ onderhoud nie, maar hy noem wel dat hy met Bathurst ŉ onderhoud gevoer het.[32]

http://scholar.sun.ac.za

254 /Die .....

---

29 Millar, A.R.: Plantagenet in South Africa, p. 155.

30 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 15: Notule van 14 Januarie 1823, p. 241.

31 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): The work and success of the Deputation of the L.M.S. etc., f. 23.

32 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B4F2JA: Wilberforce - Burder, 26 Maart 1823.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Kommissie van Ondersoek se instruksies was vervat in 'n brief gedateer 18 Januarie 1823.[33] Daarvolgens moes hulle die volgende sake ondersoek:

1. Die algemene administrasie van die Kolonie en die magte wat deur die Goewerneur uitgeoefen word.
2. Die plaaslike burgerlike en militêre regulasies en instellings, veral in soverre as wat dit betrekking gehad het op die regspraak en finansies.
3. Die mag van die Goewerneur ten opsigte van die fondse van die Kolonie.
4. Die pligte en salarisse van al die amptenare.
5. Die toestand van die godsdiens in die Kolonie en veral die steun wat die Anglikaanse Kerk en ander Kerkgenootskappe geniet het.
6. Die onderwysinrigtings.
7. Die plaaslike regstelsel en regspraak.
8. Die toestand van die regeringslawe en die ingeboekte slawe.
9. Die vorme van grondbesit.
10. Ten slotte het die Kommissie opdrag ontvang om geen klagtes van individuele persone te ondersoek nie, tensy hulle daartoe opdrag ontvang van die Koloniale Kantoor in Londen.

http://scholar.sun.ac.za

In die instruksies word nie bepaal dat die Kommissie ook die behandeling van die Hottentotte en die toestande

255/en .....

---

33 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XV (Instructions given to the Commissioners of Enquiry proceeding to the Cape of Good Hope, Mauritius and Ceylon, 18 Januarie 1823), pp. 237-242.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en werksaamhede van die sendingstasies moes ondersoek nie. Tog het die Kommissie hierdie twee sake ondersoek en is hul verslag daaroor gepubliseer.

Die Kommissie van Ondersoek het op 12 Julie 1823 in Kaapstad aangekom. Op 24 Julie het hulle met hul werksaamhede begin. Vir inligting was hulle aangewys op onderhoude, dokumente en persoonlike waarneming. Die Kommissie het 'n notuleboek gehou waarin die inhoud van sommige onderhoude kortliks aangeteken is.

Dr. Philip was die eerste private persoon wat voor die Kommissie verskyn het, en wel op Maandag 28 Julie 1823.[34]

Vir beide Somerset en Philip was die koms van die Kommissie 'n belangrike gebeurtenis. Somerset het die kommissarisse met die grootste welwillendheid behandel en nie slegs sy bes gedoen om hul vriendskap te wen nie, maar ook 'n privaat korrespondensie met Bigge gevoer en hom in die moeilike jare van sy bewind dikwels om advies gevra. Bigge het hom egter nie deur Somerset se gasvryheid en vriendelikheid laat beïnvloed nie.[35] Philip het besef dat indien hy die Kommissie daarvan kon oortuig dat die Hottentotte mishandel word, dat sendingwerk onderdruk word, en dat algemene politieke veranderinge noodsaaklik is, sý saak gewen sou wees, want op húlle verslag sou die

256 /Britse .....

http://scholar.sun.ac.za

---

34 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of Proceedings and Register of Documents, pp. 1-3.

35 Millar, A.K.: Plantagenet in South Africa, pp. 155-201.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse regering se toekomstige beleid gebaseer word. Ten einde dit te bereik, moes hy die vriendskap van die kommissarisse wen, sodat hy 'n geleentheid kon kry om met hulle informele gesprekke te voer. Verder moes hy hulle vir sy dokumente interesseer en hulle oorreed om na getuies te luister wat deur hom voorberei is. Hy moes elke moontlike insident wat sy saak kon versterk, na hulle kon verwys. Kort na sy eerste verskyning voor die Kommissie het Philip derhalwe 'n groot aantal dokumente aan hulle gestuur met 'n begeleidende brief wat 'n bewys is van die hoë verwagtinge wat hy gekoester het. Hy skryf daarin soos volg:

„Thankful to the providence of God for the means of information afforded me in my enquiries; for the continuance of health by which I have been enabled to prosecute them to the present time, and for having brought you His Majesty's Commissioners to these shores; it is with the utmost pleasure and satisfaction I now commit my papers and the cause of the Aborigines of South Africa into your hands".

http://scholar.sun.ac.za

„It is a fine thought of Mr. Wilberforce, when he represented Africa at the bar of the British House of Commons in chains, pleading for her rights. The groans of Africa have at last been heard, and the rights of her children recognised, and it will in a great measure rest with you Gentlemen, whether her injuries are to be redressed, and her rights enjoyed. While I entertain the most sanguine expectations that the result of your labors will prove highly beneficial to generations yet unborn,

257 /and .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and religion over the whole world I flatter myself they will also hand down to posterity the British name connected with associations more captivating than any thing in Grecian or Roman facts".[36]

Ander Kaapse koloniste het ook van die Kommissie veel verwag. The South African Commercial Advertiser het hieraan uitdrukking gegee en soos volg na die Kommissie verwys: „They may prove to this Colony the Ministers of life or death - of prosperity or of disgrace. We may receive at their recommendation a Free Government, equal laws, liberal Institutions and solid Privileges; or be condemned to drink up the dregs of a System the opposite of all this".[37] Die Commercial Advertiser was van mening dat die Kommissie gekom het om persoonlike griewe te ondersoek en dáárom hulle hy die koloniste aangemoedig om hul griewe aan die Kommissie voor te lê.[38]

http://scholar.sun.ac.za

Vanaf sy eerste ontmoeting met die Kommissielede het Philip hom daarop toegelê om sy standpunt in verband met die Hottentotte baie sterk te stel. Hy het begin deur die Kommissie 'n uiteensetting te gee van sy verhouding tot die Koloniale regering vir soverre as wat dit deur sy agitasie ten behoewe van die Hottentotte beïnvloed is. Voorts het hy hul aandag op die agterlike toestand van

258 /die .....

---

36 C.O. 414/2 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Slaves and Slavery: Philip - Kommissie van Ondersoek, 2 Augustus 1823.

37 The South African Commercial Advertiser, 28 April 1824.

38 The South African Commercial Advertiser, 5 Mei 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Hottentotte gevestig. Hy het nadruk gelê om die feit dat die gevestigde landelike bevolking wette wat vir die beskerming van Hottentotte gemaak is, oortree het of geïgnoreer het.

Dat die Kommissie aan Philip se getuienis baie waarde geheg het, word bewys deur die feit dat, terwyl alle ander persone hulle dokumente deur bemiddeling van die Goewerneur aan die Kommissie moes stuur, hy nie aan hierdie bepaling onderhewig was nie, maar enige dokument regstreeks aan die Kommissie kon stuur.[39]

In die Kommissie se notuleboek, wat blykbaar baie onvolledig is, word net twee ander onderhoude tussen Philip en die Kommissie vermeld. Op 15 November 1823 het Philip voor hulle verskyn in verband met Seidenfaden en op 15 Desember 1825 in verband met Bethelsdorp en Zuurbraak.[40] Uit ander bronne blyk egter duidelik dat daar nog verskeie ontmoetings tussen Philip en die Kommissie was en dat hy op só 'n goeie voet met die kommissarisse verkeer het, dat hy hulle op uitstappies vergesel het.[41]

http://scholar.sun.ac.za

259 /Dr. Philip .....

---

39 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, pp. 1-3.

40 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, p. 93.

41 L.M.S. Africa Odds B5F3JA (Philip Papers): Philip - Sekretaris van die L.S.G., 13 September 1824; en L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dr. Philip het die Kommissie ook na sekere persone verwys wat sy bewerings kon staaf, bv. Thomas Blair in verband met die mishandeling van slawe en Hottentotte,[42] Thomas Pringle in verband met die onbillike posisie waarin die Hottentotte hulle bevind het,[43] terwyl W.L. von Buchenroder hulle sou kon inlig oor die mishandeling van Hottentotte.[44] Die Kommissie het egter ook die getuienis van manne soos George Thompson wat die ander kant van die saak gestel het, aangehoor.[45] Andries Stockenström en William Shaw was ook twee van die belangrikste getuies.[46]

Nadat Philip met die Kommissie kennis gemaak het, en sy eerste reeks dokumente aan hulle oorhandig het, het hy teen die einde van 1823 op nóg 'n besoek aan die oosgrens vertrek ten einde Hottentot-getuies in gereedheid te kry om voor die Kommissie te verskyn.[47] Hy het op só 'n

http://scholar.sun.ac.za

260 /vriendskaplike .....

---

42 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, p. 9.

43 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, pp. 19-21.

44 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, pp. 62-70; en inskrywing by 13 Maart 1826, bladsy ongenommer.

45 C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and register of Documents, pp. 3-6.

46 C.O. 49/4 (P.R.O.) Entry books of correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Verskillende briewe geskryf deur Andries Stockenström; Hutton, C.W.: The autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, pp. 211 en 220; C.O. 49/5 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Gregory - W. Shaw, 27 Desember 1824; en C.O. 49/6 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from the Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Bigge en Colebrook - W. Shaw, 9 Desember 1825.

47 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vriendskaplike voet met die Kommissielede verkeer dat hy ook oor sake van 'n persoonlike aard, soos sy botsing met lord Charles Somerset in verband met die drukpers en die London Wall-pamflet, met hulle gesprekke gevoer het. Hy het met groot lof gepraat van die „readiness and courtesy I have always experienced from His Majesty's Commissioners of Inquiry when I have had anything of importance to lay before them .....".[48]

Die groot aantal dokumente wat die Kommissie gehanteer het, het nie almal bewaar gebly nie, sodat Philip se inligting aan hulle nie met presiesheid vasgestel kan word nie. 'n Register van hierdie dokumente het egter behoue gebly en hieruit kan vasgestel word watter dokumente Philip aan die Kommissie gestuur het.[49] Hieruit blyk duidelik watter groot rol Philip by die ondersoek gespeel het.

http://scholar.sun.ac.za

Oor die toestand van die slawe het Philip twee stukke aan die Kommissie voorgelê. Die eerste het bestaan uit sy kommentaar op 'n artikel wat in die Quarterly Review verskyn het en waarin die toestand van die slawe aan die Kaap as goed bestempel is. Die tweede dokument het Philip se kommentaar op die Slawe Proklamasie van Maart 1823 bevat.

In sy ondersoek na die toestand van die Boesmans, die Griekwas en die Xhosas, was die Kommissie hoofsaaklik

261/op .....

---

48 L.M.S. Africa Odds B5F5JB (Philip Papers): Philip - Burder, 23 November 1824.

49 Sien C.O. 414/1 (P.R.O.) Commissioners of Eastern Inquiry, Journal of proceedings and Register of Documents.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die getuienisse van sendelinge aangewys. Behalwe Philip was Moffat en Melville die twee belangrikste getuies. Die dokumente wat in hierdie verband deur Philip aan die Kommissie voorgelê is, het gehandel oor kommando's teen die Boesmans en oor die sendingstasies onder Boesmans op die noordelike grens.

Die meeste van Philip se dokumente het egter oor Hottentotte en sendingstasies gehandel. Ten einde 'n beeld te kan vorm van die invloed wat hy in hierdie verband uitgeoefen het, moet ons let op die verhouding tussen die getal dokumente wat van Philip afkomstig was en dié wat deur ander persone en instansies aan die Kommissie voorgelê is. Die volgende dokumente en gegewens is deur ander persone en instansies ingedien:

1. Janssens se brief van 20 Februarie 1805 i.v.m. sendingstasies.
2. Dokumente in verband met Genadendal.
3. Die getuienis van kaptein Trappes oor die toestand van die Hottentotte.
4. Dundas se briewe aan Maynier i.v.m. die Hottentotte.
5. Faure en Maynier se verklarings oor die toestand van die Hottentotte.
6. Dokumente i.v.m. die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap.
7. Janssens se brief van 10 April 1803 aan die landdros van Swellendam oor die onafhanklikheid van die Hottentotte.
8. Thomas Phillips se mening oor die toestand van die Hottentotte in Albanie.

http://scholar.sun.ac.za

262 /9. .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9. Briewe van ene Rex, Kemp, Thomas Pringle en majoor Dundas oor die wette wat op Hottentotte betrekking het. Philip kon hierdie briewe ingedien het, of minstens gesorg het dat dit ingedien word, omdat veral eersgenoemde drie persone persoonlike vriende van hom was.

10. Die klagtes teen landdros Cuyler en sy antwoorde daarop.

11. 'n Memorandum van die direkteure van die Londense Sendinggenootskap aan Bathurst i.v.m. Bethelsdorp.

12. Verskillende korrespondensiestukke i.v.m. Theopolis.

13. 'n Memorandum van die direkteure van die Londense Sendinggenootskap aan Bathurst gedateer 30 Januarie 1826

http://scholar.sun.ac.za

Die volgende dokumente is deur Philip opgestel en aan die Kommissie voorgelê:[50]

1. Algemene opmerkings oor die toestand van die Hottentotte.

2. 'n Beskrywing van die ellende waarin die inboorlinge van Suid-Afrika verkeer in vergelyking met die toestand van inboorlinge in ander lande onder vreemde gesag.

3. Bewyse dat die Hottentotte nie grond kon besit nie.

263 /4. .....

---

50 In verband met hierdie dokumente sien ook Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 244-246. Volgens Philip is ál die inligting wat in hierdie dokumente vervat is, in sy Researches opgeneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Opmerkings i.v.m. die Opgaafbelasting.

5. Opmerkings oor Caledon se proklamasie van 1 November 1809.

6. Opmerkings oor Cradock se proklamasie van 23 April 1812.

7. 'n Beskrywing van die lotgevalle van 'n Hottentot wat ingeboek was.

8. 'n Beskrywing van die lyding van die Hottentotte van Bethelsdorp en die beperkings waaronder sendelinge daar moes werk.

9. Die verbod op Hottentotte om wild te skiet en hout in ander bosse as Landmansbos te kap en klagtes teen Cuyler in hierdie verband. Dit is reeds in Hoofstuk 5 bespreek.

10. Die geval van 'n Hottentot Bruintjes wat deur die landdros van Uitenhage verplig sou gewees het om soldaat te word. Dit is reeds in Hoofstuk 5 bespreek.

http://scholar.sun.ac.za

11. Die sendingstasie Theopolis en sy werk in belang van die Hottentotte.

12. 'n Beskrywing van die toestand van die Boesmans.

13. 'n Beskrywing van sendingwerk wat buite die grense van die Kolonie gedoen is.

14. 'n Beskrywing van Pacaltsdorp om te dien as bewys van wat die Londense sending vir die Hottentotte gedoen het.

15. Korrespondensie tussen sendeling Evans en Van Ryneveld, siviele kommissaris van Uitenhage.

16. Die memorandum wat die deputasie van die Londense Sendinggenootskap in 1819 aan die direkteure van die Genootskap gestuur het.

264/17 .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

17. Opmerkings i.v.m. die Regering se beleid ten opsigte van die Hottentotte.

18. Uittreksels uit „Register of the Acts and Decrees" van De Mist insake openbare kerkdienste.

19. Die memorandum van Peraos, 'n goewerneur van Senna, i.v.m. slawerny in Afrika.

20. Kaptein W.F.W. Owen se verslag oor Delagoabaai.

21. Opmerkings oor die vraag of verwag kon word dat die Kaapse regering iets sou doen om die toestand van die inboorlinge te bevorder.

22. Dokumente oor die geval Seidenfaden.

23. 'n Waardebepaling van die sendelinge se werksaamhede.

24. Verskeie briewe van Philip en eerw. Kitchingman oor Bethelsdorp.

http://scholar.sun.ac.za

Hierby moet ook gevoeg word die Hottentot-getuies wat deur Philip tot die beskikking van die Kommissie gestel is.

Oor die kwessie van 'n vrye pers en openbare vergaderings het Philip ook sekere stukke voorgelê. Dit het gehandel oor die drukpers wat geseël is, oor die „Distressed Settlers Relief Fund" en die London Wall-pamflet.

Die Kommissie van Ondersoek het na die Kaap gekom met die gedagte dat hul ondersoek nie lank sou duur nie. As gevolg van gebeurtenisse aan die Kaap het hulle egter veel langer gebly as wat verwag is en het die ondersoek duisende ponde meer gekos.[51] Aangespoor deur die

265/South .....

---

51 British Parliamentary Debates, New Series, XII, 3 Februarie - 18 April 1825: Toespraak van Wilmot Horton in die Laerhuis, pp. 304-306.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

South African Commercial Advertiser, het die koloniste met talle griewe na die Kommissie gekom. In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die Kommissie se aanwesigheid gebruik is om Somerset in diskrediet te probeer bring. Onder hierdie omstandighede het die Kommissie hulle in 'n moeilike posisie bevind. Aan die een kant was hulle deeglik bewus daarvan dat sekere persone doelbewus gepoog het om Somerset voor die Kommissie swart te smeer ten einde die Kommissie téén Somerset te gebruik.[52] Aan die ander kant het die Kommissie se pogings om hulle uit die geskille tussen die Goewerneur en die ontevrede koloniste te hou daartoe gelei dat sekere ontevredenes die Kommissie skerp gekritiseer het omdat hulle op 'n te vriendelike voet met die Regering sou verkeer het.[53]

Nâ sy eerste paar onderhoude met die Kommissie het Philip nog hoër verwagtinge van die Kommissie gekoester.[54] 'n Paar gebeurtenisse het egter sy aansien by die kommissarisse laat daal en sy verwagtinge vernietig. Daar was verskeie sake waaroor Philip en die Kommissie mekaar nie kon vind nie.

http://scholar.sun.ac.za

Een van die dokumente wat deur Philip aan die Kommissie voorgelê is, was 'n memorandum i.v.m. die toestand van die Hottentotte op Bethelsdorp. Philip wou hê dat die

266 /Kommissie .....

---

52 C.O. 48/91 (P.R.O.) Commissioners of Inquiry - Report and Evidence: Bigge en Colebrooke - Bathurst, 6 Desember 1823.

53 Johnstone, A.M.: The Judicial aspect of the 1823 Commission of Inquiry to the Cape of Good Hope, p. 6.

54 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommissie hierdie beskrywing met 'n verklaring moes bevestig en dit aan Bathurst moes stuur. Hulle was nie bereid om dit te doen nie.[55]

Philip het hom beywer om meer grond met houtbosse vir Bethelsdorp te verkry en het die kommissarisse gevra om sy aansoeke te steun. Die Kommissie was egter nie bereid om dit te doen nie omdat Bethelsdorp oor 1,435 morge goeie houtbosse beskik het.[56]

Toe Philip oor die drukpers met Somerset gebots het, het hy ook al sy korrespondensie in dié verband met die Koloniale regering na die Kommissie geneem in die verwagting dat hulle die saak sou ondersoek en hom gelyk sou gee. Die Kommissie was egter nie bereid om dit te doen nie, omdat dit nie deur Bathurst na hulle verwys is nie.[57]

Philip wou vo[illegible] die Kommissie beweeg om sekere bewerings wat ds. Murray in sy gesprek met hom gemaak het, te ondersoek. (Sien Hoofstuk 6). Die Kommissie het geweier om dit te doen.[58]

http://scholar.sun.ac.za

267 /Philip .....

---

55 C.O. 49/4 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Bigge en Colebrooke - Philip, 3 Julie 1824, p. 455.

56 C.O. 49/5 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Bigge en Colebrooke - Philip, 7 Augustus 1824, p. 44.

57 C.O. 49/5 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Bigge en Colebrooke - Philip, 7 Augustus 1824, p. 44.

58 C.O. 49/5 (P.R.O.) Entry books of Correspondence, Letters from Commissioners of Enquiry to Miscellaneous Individuals: Bigge en Colebrooke - Philip, 8 Desember 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip is selfs deur die Kommissie skerp berispe toe hy sekere vertroulike mededelings van die Kommissie aan hom i.v.m. die London Wall-pamflet misbruik het om homself in 'n brief aan die direkteure te verdedig.[59]

Majoor Colebrooke se vertroue in Philip het nóg verder afgeneem ten gevolge van 'n gebeurtenis wat in 1825 plaasgevind het. Teen die einde van daardie jaar het Philip van 'n uitgebreide reis in die binneland teruggekeer. By sy aankoms in Kaapstad het hy by die Regering aansoek gedoen vir verlof om 'n Betsjoeanameisie wat hy saamgebring het, in diens te neem en 'n ander een in die diens van maj. Colebrooke, wat om 'n bediende gevra het, te plaas. Dié verlof is toegestaan.[60] Colebrooke, wat nooit vir Philip gevra het om vir hom 'n diensmeisie te kry nie, het die saak ondersoek en bevind dat Philip nie slegs sy brief verkeerd vertolk het nie, maar die saak ook nie behoorlik by die landdros van Beaufort gerapporteer het, soos die wet vereis het nie.[61] Onder hierdie omstandighede het die Goewerneur sy verlof teruggetrek en kon Philip die twee Betsjoeanas slegs in sy diens hou tot tyd en wyl die Goewerneur 'n finale besluit geneem het.[62]

http://scholar.sun.ac.za

Toe dr. Philip en sy vriende uitvind dat die Kommissie van Ondersoek nie dit wou doen waarop húlle gehoop

268/het .....

---

59 Hierdie saak is in Hoofstuk 6 volledig bespreek.

60 C.O. 4854 Letters Despatched, General: Regeringsekretaris - Philip, 1 Desember 1825.

61 C.O. 250 Letters received from His Majesty's Commissioners of Inquiry: Colebrooke - Plasket, 30 November 1825.

62 C.O. 4854 Letters Despatched, General: Regeringsekretaris - Philip, 1 Desember 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie, en nie bereid was om persoonlike griewe te onder-
soek nie, het hulle die Kommissie heftig begin kritiseer.[63]
Philip het met lof van Bigge en Colebrooke as persone ge-
praat, maar oor hul verslae skerp kritiek uitgespreek.[64]

Philip was veral ontevrede omdat die Kommissie so
lank geneem het om sy verslae te voltooi.[65] Hierdie
vertragings, het hy verklaar, het slegs daartoe gelei dat
die saak van die Hottentotte nie spoedig voor die Britse
parlement gedien het soos hy verlang het nie. In hierdie
verband skryf Fairbairn soos volg: „It is obvious that
the Commissioners are not sent out to inquire into parti-
cular grievances. They are a piece of fudge - a trap
for the true men" en „Mr. Canning said there was nothing
in Lord Bathurst's office to warrant their proceeding
immediately into an enquiry into Lord Charles's conduct.
You see how much we have been indebted to the Commis-
sioners. They have kept Lord B. later from coming before
Parliament for three solid years".[66] By 'n ander geleent-
heid het Fairbairn soos volg na die Kommissie verwys:
„You will see from the debate in the House the true design
Lord B. had in view when he sent out the Commissioners.

http://scholar.sun.ac.za

269 /He .....

---

63 The South African Commercial Advertiser, 17 Mei 1826.

64 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 304-305.

65 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, voetnoot 1, p. 123.

66 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 190.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

He wished to lull the opposition, to quiet the people by a false appearance of liberality, and to enable Lord Charles to find out and strike down his enemies separately".[67]

Die Kommissie is ook in die Britse parlement gekritiseer omdat dit hulle so lank geneem het om hul verslae te voltooi en omdat hulle nie die koloniste se griewe ondersoek het nie. Die Regering het daarop geantwoord dat die vertragings juis veroorsaak is deur die feit dat sake soos dié van Burnett ondersoek moes word.[68] Horton het dit ook duidelik gestel dat die Kommissie nie gestuur was om griewe en klagtes te ondersoek nie, maar om die beste metodes te bepaal waarvolgens die Kaap verengels kon word,[69] en „..... to discover the easiest and safest method of bringing about the amelioration of the whole system of government ...".[70]

http://scholar.sun.ac.za

Geskiedskrywers is dit eens dat die verslae van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. die regspraak, die administrasie en die finansies belangrike invloed uitgeoefen het

270 /en ... .

---

67 Philip MSS. Macmillan Notes S 216 B500: Fairbairn - Pringle, 29 September 1825.

68 British Parliamentary Debates, New Series, XVI, 14 November 1826 - 22 Maart 1827, pp. 304-306.

69 British Parliamentary Debates, New Series, XVI, 14 November 1826 - 22 Maart 1827, pp. 304-306.

70 British Parliamentary Debates, New Series, XIII, 19 April - 6 Julie 1825, pp. 1167-1168.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en o.a. belangrike verbeterings aan die Kaap tot gevolg gehad het.[71] Nie een van hierdie skrywers maak die bewering dat die verslag i.v.m. die Hottentotte en die ander inboorlinge enige noemenswaardige uitwerking gehad het nie.

271 /HOOFSTUK 8 .....

---

71 Theal, G.M.: A History of South Africa, 5, pp. 331-335; Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 335-339; en Cambridge History of the British Empire, VIII (Macmillan, W.A.: Political Development), pp. 258-262.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8.

DR. PHILIP EN ORDONNANSIE 50.

Daar is duidelike stadia te onderskei in dr. Philip se agitasie ten behoewe van die Hottentotte. Sy onderhandelinge met die Kaapse regering, en sy pogings om langs daardie weg, hetsy deur middel van vriendelike vertoë of ernstige dreigemente, sy doel te bereik, kan as die eerste stadium getipeer word. Sy onderhandelinge met die Kommissie van Ondersoek kan as die tweede stadium beskou word. Voordat Ordonnansie 50 geproklameer is, is daar nog twee duidelike stadiums waarneembaar, nl. direkte vertoë tot die Britse regering, en as 'n laaste uitweg, 'n persoonlike besoek aan Brittanje om die toestand van die Hottentotte onder die aandag van die Britse publiek en die Britse parlement te bring.

http://scholar.sun.ac.za

Terwyl Philip nog besig was om met die Kommissie van Ondersoek samesprekings te voer, en getuies en inligtingstukke vir hulle voor te berei, het hy voorbereidings getref om die saak van die Hottentotte direk onder die aandag van die Britse regering te bring. Dáárom het Brenton, lank nadat die Kommissie alreeds aangestel was, nog steeds „ .... frequent communications with Mr. Wilberforce on state of Hottentots" gehad.[1] Selfs in Junie 1825 het Philip nog aan Wilberforce dokumente en inligting oor die Hottentotte gestuur.[2]

272 /Reeds .....

---

1 Philip MSS. Macmillan Notes S216 B304: Brenton - Philip, 19 September 1823.

2 L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Reeds kort na sy aankoms in Suid-Afrika en wel in 1822, het Philip verklaar dat die „command of public opinion" 'n noodsaaklike voorwaarde is indien hy die Hottentotte van die dwingelandy van die Kaapse wette wou bevry.[3] Voordat hy die openbare mening kon bearbei, moes hy die direkteure van die noodsaaklikheid van hul aktiewe steun vir so 'n agitasie oortuig. Die direkteure was egter bang om in enige saak met 'n politieke kleur in te meng. Hulle het derhalwe aan al hul sendelinge duidelike instruksies gegee om hulle van alle politieke sake te weerhou en aan die owerhede onderdanig te wees. Philip moes dus die direkteure oortuig dat sy agitasie nie politiek van aard was nie. Vir hom sou dit gegaan het om die voortbestaan van sendingwerk in Suid-Afrika. Daarom het hy by die direkteure daarop aangedring dat hulle nie slegs op hoogte van sake moes wees oor toestande in Suid-Afrika nie, maar dat hulle hulle ook met geesdrif aan die stryd ten behoewe van Hottentotte moes toewy.[4] Dié taak, het hy verklaar, sou baie arbeid en geduld verg, maar dit het die bevryding van 'n groot deel van die bevolking, en die permanente vestiging van die Sending in Suid-Afrika beoog.

http://scholar.sun.ac.za

Ten einde die direkteure in te lig, het Philip nie slegs gereeld verslae gestuur nie, maar ook aan mense soos Brenton, dr. Bailey, Rutherfoord, Marshman, Pringle,

273 /Fairbairn .....

---

3 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

4 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F4JC: Philip - Hankey, 1 Junie 1822.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fairbairn en andere opdrag gegee om persoonlik met die direkteure daaroor te gesels.

Die direkteure het Philip se versoeke met groot omsigtigheid benader[5] en ook by geleentheid 'n vermanende woord tot hom gerig.[6] Philip het hom hierna met nog groter oorredingsvermoë tot die direkteure gewend. Hy het verklaar dat godsdienstige vryheid noodwendig tot politieke vryheid sou lei: „In contending for the religious liberties of the Aborigines, their civil and political liberty must follow, but it does not follow because I have been compelled to fight for the existence of the Missions that I have gone out of my sphere .... I have contended for the cause of God, and it has happened here as it has done in other instances, the triumph of that cause, must prove the triumph of civil liberty and of humanity".[7]

http://scholar.sun.ac.za

Burder en Hankey het egter nie met die res van die direkteure se standpunt saamgestem nie. Burder het bv. vir Philip gehelp deur gereeld afskrifte van sy briewe aan die direkteure van die Londense Sendinggenootskap na Wilberforce te stuur. Wilberforce is egter vir 'n lang tyd verhinder om aan hierdie stukke aandag te bestee.[8]

274/Teen .....

---

5 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 16: Notule 30 Junie 1823, p. 146.

6 L.M.S. Southern Outgoing Letters Box 1: Hankey en Burder - Philip, 18 Julie 1823.

7 L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Junie 1825.

8 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B4F2JA: Wilberforce - Burder, 26 Maart 1823.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen Maart 1823 het Wilberforce egter weer aan Philip se dokumente aandag geskenk. Hoewel hy daarvoor min tyd tot sy beskikking gehad het, het hy daarin besonder geïnteresseerd geraak en wou hy graag die direkteure ontmoet om met hulle samesprekings te voer.[9] In Junie 1823 het die direkteure hierdie versoek van Wilberforce bespreek, en 'n kommissie bestaande uit Campbell, Dyer, Hankey en Burder is aangewys om met hom samesprekings te voer.[10] Hierdie samesprekings het blykbaar 'n paar direkteure se besware uit die weg geruim en die direkteure het van toe af meer belangstelling vir Philip se agitasie getoon.

Die direkteure het besluit om eerste aan Philip se klagtes oor die mishandeling van die Hottentotte aandag te gee. 'n Kommissie is aangewys om hieroor 'n memorandum op te stel. Die memorandum is op 18 Augustus 1823 deur die direkteure goedgekeur en op 27 Augustus is dit aan Bathurst gestuur.[11] Bathurst het afskrifte van die memorandum aan Somerset en die Kommissie van Ondersoek vir kommentaar gestuur.

http://scholar.sun.ac.za

In hul memorandum het die direkteure verklaar dat Philip al die bewerings oor mishandeling kon bewys, sodat

275 /die .....

---

9 L.M.S. Incoming Correspondence Home Office B4F2JA: Wilberforce - Burder, 26 Maart 1823.

10 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 16: Notule van 30 Junie 1823, p. 146.

11 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 16: Notule van 8 Augustus 1823, p. 177; en Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XVI (Direkteure van die L.S.G. - Bathurst, 27 Augustus 1823), pp. 217-222.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die onus om die inhoud van die memorandum te bewys, by Philip berus het.[12] Omdat daar lang vertragings in die werk van die Kommissie was, is Philip se pogings om die Britse regering spoedig tot aksie te beweeg, egter deur hierdie optrede van Bathurst verydel.

Die direkteure het ook aandag geskenk aan Philip se vertoë om meer grond vir Bethelsdorp. Hankey het eers net Philip se memorandum aan die Koloniale Kantoor gestuur sonder dat die direkteure self daaroor iets op skrif gestel het.[13] Later het die direkteure daaroor 'n memorandum opgestel en dit aan Bathurst voorgelê.[14]

Die direkteure is ook betrek in die twis wat ontstaan net oor Philip se uitlating dat die plaaslike owerhede nie na die belange van die Britse setlaars omsien nie.[15] Hulle was besorg dat hul superintendent as gevolg hiervan van politieke inmenging beskuldig sou word. In April 1825 het Hankey derhalwe namens die direkteure 'n verduidelikende brief aan Wilmot Horton geskryf waarin laasgenoemde se aandag gevestig is op die feit dat dit die Genootskap se beleid was om aan al sy sendelinge duidelik opdrag te gee om nie teenoor openbare persoonlikhede oneerbiedig op te tree nie. Ter verdediging van Philip is aangevoer dat die verklaring van hom uitgelok is deurdat hy dit nodig gevind het om 'n mosie te opponeer wat na sy

276 /mening .....

http://scholar.sun.ac.za

---

12 C.O. 48/61 (P.R.O.) Despatches received from Offices and Individuals: Hankey en Burder - Bathurst, 6 Oktober 1823.

13 C.O. 48/66 (P.R.O.) Despatches received from Offices: Hankey - Bathurst, 14 Oktober 1824.

14 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 17: Notule van 29 November 1824, p. 250.

15 Sien Hoofstuk 6, pp. 209-212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mening uiters skadelik sou wees vir dié liefdadigheids-beweging.

Die direkteure se eerste memorandum t.o.v. die mishandeling van Hottentotte het geen praktiese gevolge gehad nie. In Julie 1825 is 'n tweede memorandum hieroor aan die Britse regering voorgelê.[16] Dieselfde klagtes is herhaal. Philip het intussen baie ongeduldig geword. Ten spyte van Hankey en Burder se vrees dat Philip dalk te ver sou gaan,[17] het hy by hulle daarop aangedring dat hulle moes aanhou om Bathurst lastig te val en gesê: „Lord Bathurst would be very well pleased not to be troubled with such articles, but you have no alternative and you must either lose all your advantages or proceed in passing the present things upon his attention or the attention of the British Parliament".[18]

http://scholar.sun.ac.za

Die direkteure het ook 'n derde memorandum oor hierdie aangeleentheid aan Bathurst gerig. Hierin het hulle hul spyt uitgespreek oor die feit dat, ten spyte van hul versoekskrifte, daar geen verslapping gekom het in die maatreëls van die koloniale owerhede t.o.v. die Hottentotte nie, maar dat inteendeel ander maatreëls geneem is wat hierdie griewe sou vererger.[19]

277 /Hierdie .....

---

16 C.O. 48/73 (P.R.O.) Despatches received from Offices: Direkteure van die L.S.G. - Bathurst, 4 Julie 1825.

17 Philip MSS. Macmillan Notes 216 B474: Bailey - Philip, 29 Junie 1825.

18 L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Junie 1825.

19 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony XXII (Memorial of the Directors of the London Missionary Society to Earl Bathurst, 4 Julie 1825), p. 133-139.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie memorandum is ook na die Kommissie van Ondersoek verwys.[20] Philip het nou besef dat hy langs hierdie weg niks sou bereik nie. Die gewone regeringskanale het nie die gewenste resultate opgelewer nie. Daar het vir hom net één uitweg oorgebly: „ .... till we can command public opinion and administration at home we cannot expect to get on here".[21]

Hy sou dus 'n nuwe metode volg: hy sou die posisie en behandeling van die inboorlinge onder die aandag van die Britse publiek en die Britse parlement bring. As die toestande in Suid-Afrika op 'n deeglike wyse onder hulle aandag gebring word, dan sou nie slegs die toestand van die inboorlinge nie, maar ook dié van die setlaars onder bespreking kom - wat tot Somerset se herroeping kon lei.[22]

Dr. Philip was van mening dat die Britse parlement se aandag op die saak gevestig sou word wanneer alle dokumente wat voor die Kommissie van Ondersoek gedien het, in die Parlement ter tafel gelê word. Hy het gehoop dat daar dan 'n bespreking van toestande in Suid-Afrika sou volg en dat dit 'n gunstige uitwerking sou hê. Dáárom het Thomas Fowell Buxton, op wie Wilberforce se mantel geval het, in 1824 in die Laerhuis voorgestel dat alle beskikbare dokumente in verband met die behandeling van die Hottentotte in die Britse parlement ter tafel geleê moes word.

278 /Hierdie .....

http://scholar.sun.ac.za

---

20 G.H. 1/10 Despatches General received from the Secretary of State: Bathurst - Somerset, 3 Augustus 1825.

21 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A94: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip.

22 L.M.S. Africa Odds B5F3JA (Philip Papers): Philip - Burder, 13 September 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie metode het egter ook nie die gewenste uitwerking gehad nie, want al wat uiteindelik ter tafel gelê is, was 'n opgawe van die getal Hottentotte en die proklamasies van 1809 en 1812.[23]

Onder hierdie omstandighede het Philip besluit dat die enigste oorblywende metode om sy doel te bereik, was dat hy persoonlik na Engeland moes gaan. In Engeland sou hy sy saak baie duideliker en sterker kon stel as wat deur middel van geskrewe stukke oor 'n groot afstand moontlik was. Hy het geglo dat hy daarmee sukses sou behaal: „I know that I can command public opinion, and with God and that confidence on my side, I fear not man, and never shall relax my endeavours, till the oppressions of the Aborigines are removed, and the missions are placed on a more permanent footing".[24]

http://scholar.sun.ac.za

Philip kon egter nie op eie houtjie besluit om na Engeland te gaan nie; hy moes daartoe die goedkeuring van die direkteure verkry, en vir hulle was dit 'n gewigtige besluit want daar was sekere belangrike oorwegings wat nie geïgnoreer kon word nie. Dr. Philip is immers na Suid-Afrika gestuur om die sendingwerk van die Londense Sendinggenootskap op 'n vaste grondslag te organiseer. Hy het daarmee vér gevorder, en indien hy op so 'n belangrike tydstip lank van die Kaap afwesig sou wees, kon die Genootskap se werk daardeur skade berokken word. Sy afwesigheid

279/kon .....

---

23 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 244-247.

24 L.M.S. Africa Odds B6F2JA (Philip Papers): Philip - Burder, 5 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon ook vir die stryd wat daar tussen hom en Somerset ontstaan het, sekere belangrike gevolge hê deurdat dit aan Somerset 'n geleentheid kon bied om sy werk ongedaan te maak. Indien 'n nuwe Goewerneur aangestel word, kon hy egter miskien deur hom beter resultate verkry as deur Somerset. In die derde plek moes rekening gehou word met die groot uitgawes wat aan so 'n reis verbonde is. Vir 'n organisasie wat juis met finansiële probleme gesukkel het, en gedurig by sy sendelinge daarop aangedring het om hul uitgawes so laag moontlik te hou deur nie veel te reis nie, was dit 'n belangrike oorweging.

Philip het alreeds in September 1824 die saak teenoor die direkteure geopper en hulle om raad gevra. Hankey het begryp voor watter moeilike keuse Philip geplaas is maar hy was ook nie in staat om finaal daaroor uitsluitsel te gee nie. Hy het klem gelê op die moontlike sukses wat Philip met 'n nuwe Goewerneur kon hê. Hy was egter bekommerd oor die moontlikheid dat die Londense sendelinge van politieke bedrywighede beskuldig kon word en daarom het hy teenoor Philip die hoop uitgespreek dat hy nie na Engeland sou kom om aan die klagtes teen Somerset deel te neem nie, want „ ... you would rather shun than wish to be found in the list of his accusers. I am fully pursuaded that whether we consult the <u>principles</u> on which we profess to act, or the real <u>benefit</u> of the object we have in view the less we have, both really and apparently to do with politics, the better we shall do our duty".[25] Die stryd om die

http://scholar.sun.ac.za

280/gelykstelling ....

---

25 L.M.S. Southern Outgoing Letters Box 1: Hankey - Philip, 17 Junie 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelykstelling van die Hottentotte, verklaar Hankey, word immers deur die politici as politiek beskou, maar die sendelinge het goeie rede gehad om hulle met die saak te bemoei omdat dit ook 'n saak van die allergrootste morele belang was. So gesien, sou die persoonlike verskyning van Philip in Engeland van groot betekenis wees.[26]

Die middelpunt van die politieke stryd teen Somerset het intussen na Londen verskuif. Verskeie ontevredenes het na Engeland gegaan om klagtes teen Somerset in te dien. Philip, wat ook tot hierdie groep behoort het, se siening van sake het intussen 'n belangrike verandering ondergaan. Hy het nou nie meer geagiteer vir die verwydering van afsonderlike griewe nie, maar vir die gelykstelling van die Hottentotte met die koloniste. Hy het hom nou daarvoor beywer dat Hottentotte en koloniste dieselfde burgerlike regte en vryhede moes geniet. Prof. Macmillan beweer dat hierdie verandering eers na 'n paar jaar ingetree het en dat Philip nie van die begin af op gelykstelling aangedring het nie,[27] maar Philip het alreeds in Augustus 1820 tot die gevolgtrekking gekom dat die Hottentotte blootgestel is aan 'n doelbewuste stelsel van onderdrukking.[28] Teen 1823 het hy na sy mening genoeg inligting besit om tot die gevolgtrekking te kom dat die Kaapse regering

http://scholar.sun.ac.za

281 /die .....

---

26 L.M.S. Southern Outgoing Letters Box 1: Hankey - Philip, 17 Junie 1825.

27 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 178.

28 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B8F2JC: Philip - Hankey, 15 Augustus 1820.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Hottentotte se vryheid erken nie, maar dit eerder bekamp en dat hy dus weinig simpatie vir sy strewe uit dié oord kon verwag.[29]

In Februarie 1826 het Philip en sy gesin uit Kaapstad vertrek en in April 1826 in Engeland aangekom. Soos te verwagte, het Somerset se vyande sy koms verwelkom omdat hy een van Somerset se heftigste opponente was en hulle hom dus goed kon gebruik in hul poging om van Somerset ontslae te raak. Kort na sy aankoms het hy 'n briefie van sir John Cam Hobhouse ontvang waarin hy Philip se hulp teen Somerset gevra het.[30] Bewus van Hankey se aandrang op die vermyding van persoonlike aanvalle en politieke twiste, het Philip dit geweier. Op sý beurt het hy weer vir Hobhouse versoek om hom behulpsaam te wees met sy agitasie ten behoewe van die Hottentotte. Die reaksie was negatief: „I found many at that time who for party purposes, were willing to assist me in an impeachment of his Lordship, but took no interest in the deliverance of a people from the most cruel slavery, or in the salvation of the Missions".[31]

http://scholar.sun.ac.za

Tot Philip se ontnugtering en teleurstelling moes hy vind dat daar in Engeland weinig belangstelling vir, en kennis van, die posisie van die Hottentotte en ander vry gekleurdes in Suid-Afrika bestaan het. Die waarheid

282 /van .....

---

29 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Burder, Maart 1825.

30 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 215.

31 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): Voyage to England - the success and bearing of the Hottentot question on the great slavery question, ff. 1-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Hankey se woorde oor die „little interest people take in general affairs when their own are not involved ...,[32] het nóú eers vir hom werklik betekenis gekry, want hy sê: „My first reception at the Board of Directors of the L.M. Society, and by the public was gratifying; but I soon began to find that my labours was not known, nor was the object for which I had come home duly appreciated. I had the mortification to find that few of my friends understood me; that a great deal of the religious public thought I had stepped out of my sphere and had committed the deadly sin of meddling with Politics, and I found very little sympathy with my object in returning to England nor were those impressions removed till the publication of my Researches".[33] Philip moes toe uitvind dat die meeste direkteure onbewus was van die werklike doel van sy koms.[34]

http://scholar.sun.ac.za

Alvorens Philip dus kon begin om die openbare mening ten gunste van die Hottentotte te beïnvloed, moes hy eers die direkteure en ander invloedryke persone oorhaal om hom daarin te steun. Die direkteure was bevrees vir enigiets wat 'n politieke kleur gehad het, en die politiese tyd was in beslag geneem deur die belangrike politieke strydpunte van daardie dae, soos die politieke regte van die Rooms-Katolieke, die Ierse Vraagstuk en die uitbreiding

283 /van .....

---

32 L.M.S. Southern Outgoing Letters Box 1: Hankey - Philip, 17 Junie 1825.

33 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): Voyage to England - the success and bearing of the Hottentot question on the great slavery question, ff. 1-2.

34 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B13F3JC: Philip - Wilson, 11 Julie 1833.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die stemreg. Die filantrope, van wie dr. Philip met reg hulp kon verwag, was só besig met die stryd vir die vrystelling van die slawe dat hulle aan ander dinge weinig aandag kon bestee. Philip se ontnugtering spreek duidelik uit die volgende: „I soon found that I should have a great deal to do before I could receive the co-operation I had anticipated. After the first greetings were over, I was told by an influential man that Lord Bathurst was opposed to my views - that the Directors could not enter into a contest with the Government - that I must yield the point and drop the matter. In short I found that the Board was perfectly ignorant of the question".[35]

Die vraag ontstaan nou: wat het dan gebeur met die memorandums wat deur die direkteure aan Bathurst gestuur is? Ons het alreeds daarop gewys dat die direkteure aanvanklik nie memorandums wou opstel nie en dat hulle nie veel geesdrif vir dié saak gehad het nie. Hierdie memorandums het verder met geïsoleerde gevalle en spesifieke klagtes te doen gehad en sou dus beskou kon word as nie politiek van aard nie. Daarby moet ook onthou word dat dit eintlik maar Philip se geskrifte was wat net deur die direkteure bekragtig is en as memorandum aan die minister gestuur is. Wat Philip van die direkteure verlang het, was egter méér as dit. Hy wou hê dat hulle hulle vir 'n spesifieke politieke stelsel moes beywer. Dit was vir

http://scholar.sun.ac.za

284 /hom .....

---

35 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, pp. 215-216.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom nie net 'n kwessie van griewe wat uit die weg geruim moes word nie, maar van politieke en burgerlike vryhede wat aan die Hottentotte toegeken moes word en hy wou hê dat die direkteure daarvan 'n openbare agitasie moes maak. Dr. Philip se aankoms het dus die direkteure in 'n ongemaklike posisie geplaas.

Hulle het eers gepoog om langs 'n ander weg die gewenste resultate te bereik. Aan Hankey is opdrag gegee om Bathurst van Philip se koms in kennis te stel en hom mee te deel dat Philip bereid was om te eniger tyd 'n persoonlike onderhoud met hom te voer om hom in te lig oor toestande in Suid-Afrika.[36] Op 21 April 1826 het Hankey dit aan Bathurst meegedeel.[37] Bathurst was bereid om inligting wat Philip kon verstrek, te ontvang, maar het geen melding gemaak van 'n persoonlike onderhoud nie.[38] Hierdie optrede van die direkteure is insiggewend omdat dit waarskynlik aanduiding is van hóé hulle gepoog het om die verantwoordelikheid vir optrede in hierdie saak van hulle af te skuif.

http://scholar.sun.ac.za

Daar het 'n paar privaat onderhoude tussen Hay, 'n onder-sekretaris van kolonies, en Philip en Hankey plaasgevind.[39] As gelet word op die inhoud van hierdie onderhoude, kan daaruit afgelei word dat daar geen onderhoud

285 /tussen .....

---

36 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 19: Notule 17 April 1826, p. 102.

37 C.O. 48/85 (P.R.O.) Letters Received from Offices: Hankey - Horton, 21 September 1826.

38 C.O. 49/18 (P.R.O.) Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals: Hay - Hankey, 25 April 1826, pp. 237-238.

39 C.O. 48/159 (P.R.O.) Letters received from individuals: Nota van Hankey aan Minister van Kolonies, 10 Januarie 1829.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen Bathurst en Philip was nie.[40]

Die direkteure het nou vir die eerste keer sedert Philip na die Kaap gestuur is, besluit om sy doen en late onder die soeklig te plaas. Hyself sê: „A proposal was then made that I should inform the Board as to what I had been doing in Africa, and I received the motion with very different ideas from those that prompted it. The next Monday I furnished a document that occupied three hours in reading, presenting my labours under a new aspect to most of those who heard it".[41] Hierdie vergadering het op 18 September 1826 plaasgevind.

Na aanleiding van dr. Philip se verslag het die direkteure besluit om al die maatreëls wat hy vir die verbetering en uitbreiding van hul sendingwerk in Suid-Afrika getref het, goed te keur en met dankbaarheid daarvan kennis te neem.[42] Aan hom is toe opgedra om hieroor 'n memorandum op te stel. Dit sou dan aan die direkteure voorgelê word en hulle sou dit weer aan die minister van kolonies stuur. Philip sou nie toegelaat word om openbare afsprake of reise te onderneem voordat die memorandum voltooi was nie.

http://scholar.sun.ac.za

Philip was hieroor baie teleurgestel omdat hy gehoop het dat die direkteure méér sou doen om die saak te

286 /propageer. .....

---

40 C.O. 48/132 (P.R.O.) Letters received from Offices: Memo of Conference between Mr. Hankey and Dr. Philip and myself, 13 Januarie 1829.

41 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 216.

42 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 18 September 1826, pp. 210-211.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

propageer. Hy het gehoop dat hulle nou hulle versigtige houding sou laat vaar en openlik vir die Hottentotte in die bresse sou tree.[43]

Afgesien van 'n lywige verslag oor sy werksaamhede in Suid-Afrika het Philip ook 'n ander verslag aan die direkteure voorgelê wat gehandel het oor „ ... several acts of atrocity having been committed against the Hottentots in South Africa, by which their liberties had been infringed and the progress of the Gospel retarded; also, containing his propositions regarding the termination of those aggressions".[44] Hierdie verslag van Philip is nie sonder meer deur die direkteure aanvaar nie. 'n Spesiale vergadering is vir Vrydag 24 November belê om dit te bespreek en by dié geleentheid is besluit om die verslag na 'n kommissie te verwys "to authenticating the statement of facts".[45]

http://scholar.sun.ac.za

Hoe hierdie kommissie die egtheid van die aantygings moes vasstel, is moeilik te begryp, want afgesien van die feit dat die direksie bloedweinig kennis van Suid-Afrika gehad het, was die enigste persoon wat wel iets van Suid-Afrika geweet het, John Campbell, en hy kon ook nie die egtheid bewys van beweerde mishandelings waarvan die meeste gebeur het toe hy nie aan die Kaap was nie.

287 /Die .....

---

43 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 216.

44 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 20 November 1826, p. 258.

45 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 24 November 1826, p. 259.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kommissie het op 11 Desember 1826 verslag gedoen.[46] Hulle het verklaar dat Philip se klagtes almal gefundeer was, en aanbeveel dat dié verslag woordeliks toegevoeg moes word aan 'n memorandum wat aan Bathurst gestuur word. Hulle het ook aanbeveel dat die volgende eise gestel word:

1. „That the prayer of the Memorial to be presented to Government should request a legal recognition of the freedom and civil rights of the Hottentots, in conformity to the language of the Proclamations relating to the Hottentots, issued from time to time by the Cape Government, which recognise them as free subjects of Great Britain: - in short that they be placed on the same footing in a civil point of view with the Colonists".

http://scholar.sun.ac.za

2. „That full liberty be granted them to join the Missionary Institutions".

3. „That the taxes peculiarly affecting those who are members of those Institutions be rescinded, together with every general or local regulation that militates against their welfare and the success of Missionary efforts for their benefit".

4. „That the Colonial Government and the local authorities abstain from interference with the appointment and operations of the Missionaries".

288/Hierdie .....

---

46 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 11 Desember 1826, pp. 268-270.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie aanbevelings moes vir Philip tot groot dankbaarheid gestem het, want vir die eerste maal was daar nou 'n paar direkteure wat bereid was om sy agitasie te steun. Die ander direkteure was egter nog nie bereid om hulle in 'n politieke saak te begewe nie. Nadat John Dyer, voorsitter van hierdie kommissie, sy verslag gelewer het, is daar voorgestel dat Philip die memorandum in sy eie naam aan die Koloniale Kantoor moes stuur. Hierteen het Philip sterk beswaar gemaak en geweier om met die saak voort te gaan indien dit nie deur die direkteure onderneem word nie. Hierop het Dyer sterk standpunt ingeneem ten gunste van Philip.[47] Aan Hankey is toe opgedra om 'n memorandum op te stel wat hierdie voorstelle inkorporeer.

Sedert Philip se aankoms in April 1826 het daar toe alreeds agt maande verbygegaan. Die memorandum is op 26 Desember 1826 deur die direkteure goedgekeur en Hankey het opdrag ontvang om 'n onderhoud tussen Bathurst, dr. Philip en homself te reël. Op 22 Januarie 1827 is die memorandum deur Hankey aan Bathurst gestuur. Dit het uit drie dele bestaan.[48]

http://scholar.sun.ac.za

Die eerste deel was 'n brief van Hankey waarin Bathurst meegedeel is dat die memorandum deur die direkteure opgestel is ná 'n baie noukeurige oorweging van Philip se verslag, en dat Philip beskikbaar was vir 'n

289 /onderhoud .....

---

47 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 11 Desember 1826, pp. 268-270.

48 C.O. 48/113 (P.R.O.) Letters received from Offices: Memorandum deur die direkteure van die L.S.G. aan Bathurst, 22 Januarie 1827.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderhoud indien Bathurst oor enigiets helderheid wou kry.

Die tweede deel het die direkteure se memorandum bevat. Omdat hulle nog steeds bevrees was dat die Londense Sendinggenootskap van inmenging in die politiek beskuldig kon word, is verklaar dat die doel van die vertoë was om Bathurst se aandag te vestig op hindernisse in die weg van sendingwerk in Suid-Afrika. Die lojaliteit van die Londense Sendinggenootskap teenoor die Britse regering, en die feit dat die Genootskap se sendingwerk noodsaaklik was vir die sukses van die Kaapkolonie is beklemtoon. Die enigste oogmerk van hul werk sou gewees het om die inboorlinge te beskaaf. Ten gevolge van hul sendingwerk sou die inboorlinge Britse handelsware in 'n toenemende mate gekoop het en die Hottentotte sou geheg gewees het aan die Britse regering. Die koloniale owerhede sou ook die Hottentotte onderdruk het ten spyte van die Britse regering se uitdruklike verklaring dat die Hottentotte vry is. Daar is aanbeveel dat die Hottentotte se vryheid en burgerregte deur middel van proklamasies erken moes word.

http://scholar.sun.ac.za

Die derde deel van die memorandum het bestaan uit dr. Philip se verslag aan die direkteure. Dit het 140 bladsye beslaan.

Bathurst het die memorandum deurgelees en aan sy ondergeskiktes opdrag gegee dat, indien die Kommissie van Ondersoek nog nie met dié aangeleentheid besig was nie dit na Bourke verwys moes word.[49] Die direkteure is

290 /meegedeel .....

---

49 C.O. 48/113 (P.R.O.) Letters received from Offices: Aantekening van Bathurst op 'n brief Hankey - Bathurst, 22 Januarie 1827.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meegedeel dat Bathurst die saak sou ondersoek sodra die verslag van die Kommissie van Ondersoek ontvang word.[50]

Vir Philip was hierdie optrede van Bathurst 'n teleurstelling omdat die saak nogeens vir 'n onbepaalde tyd uitgestel is. „The Directors had done all they could do at that time. It seemed fruitless .....", was sy kommentaar.[51]

In April 1827 is Bathurst as Minister van Kolonies vervang deur lord Goderich. Philip kon egter nie hieruit munt slaan nie, want Goderich is weer in September 1827 vervang deur Huskisson. Hy was Philip se saak gunstiger gesind, maar ten gevolge van 'n misverstand met die hertog van Wellington is hy in Mei 1828 deur sir George Murray vervang.[52]

http://scholar.sun.ac.za

Nadat Philip finaal tot die besef gekom het dat hy met Bathurst niks sou bereik nie, het hy besluit om 'n beroep op die Britse publiek en die Britse parlement te doen. Vroeg ná sy aankoms het hy hom alreeds tot Wilberforce en Buxton vir hulp gewend. Wilberforce was egter toe nie meer aktief nie. Buxton het met Philip samesprekings gevoer, maar nie kans gesien om 'n aktiewe propagandaveldtog op tou te sit nie, omdat hy te besig

291 /was .....

---

50 L.M.S. Minutes of the Southern Committee Book 1: Notule van 26 Februarie 1827, pp. 333-334.

51 Aangehaal deur Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 216.

52 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 216.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was met sy agitasie vir die vrystelling van die slawe.[53]

Dit is interessant dat die Koloniale Kantoor bewus was van die feit dat Philip en Buxton met mekaar kontak gehad het. In 'n brief wat onder-sekretaris Hay aan luitenant-goewerneur Bourke geskryf het, het hy gemeld dat hulle daarvan bewus was dat Buxton tydens die volgende Parlementsitting sou versoek dat verslae van veldkornette oor kommando's teen die Boesmans ter tafel gelê moes word. „What Mr. Buxton's object may be in calling for these papers I cannot conjecture.....", het Hay verklaar.[54] Sy opdrag aan Bourke was dat hy hom op so-iets moes voorberei.

Buxton het egter nooit dié saak in die Britse parlement opgehaal nie, maar Philip na ander persone, soos sir R. Wilson, Lushington en lord John Russel, verwys. Philip het hulle genader sonder enige sukses.

http://scholar.sun.ac.za

Ten einde die openbare mening vir sy saak te wen, het Philip die bekende werk Researches in South Africa geskryf.

Dit is moeilik om te bepaal presies hóé dit gekom het dat daar op so 'n publikasie besluit is. Op een plek beweer Philip: „During all the time I had been previously in England, I could not get a hearing from any of our great men, with the exception of Mr. Buxton, who I may

292 /say, ...

---

53 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 217.

54 Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, XXVII (Hay - Bourke, 29 Junie 1826), p. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

say, was my only stay; but things had now (d.i. nadat Researches verskyn het) taken a more favourable turn and some of the first men in the Kingdom expressed their approbation of the book and offered their assistance in the prosecution of the object for which it was published. We had for nearly two years been pressing the claims of the Aborigines of South Africa to no purpose and Mr. Buxton, availing himself of the state of feeling created by the publication of the Researches, made arrangements with Dr. Lushington, Sir James Mackintosh, Sir Charles Grant (Lord Glenelg) and other for bringing the subject before Parliament".[55]

Macmillan gee egter 'n ander verklaring.[56] Hy maak ook melding van die feit dat Buxton nie bereid was om die saak te propageer nie, maar verder verskil sy verklaring van dié van Philip. Hy beweer dat Philip in Desember 1826 met al sy dokumente na Buxton se huis toe gegaan het en hom daarvan oortuig het dat die stryd om die vrystelling van die slawe en die stryd om die gelykheid van die Hottentotte basies dieselfde was. Buxton sou toe besluit het om hom vir die belange van die Hottentotte te beywer. Hy sou vir Philip aan ander filantrope voorgestel het, en op húlle aandrang sou hy besluit het om Researches te skryf.

http://scholar.sun.ac.za

293 /Volgens .....

---

55 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): Voyage to England - the success and bearing of the Hottentot question on the great slavery question, f. 2.

56 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die eersgenoemde lesing sou Philip eers Researches geskryf het en daarna met die „Clapham Sect" begin saamwerk het terwyl volgens Macmillan se verklaring Philip deur die lede van die „Clapham Sect" aangeraai is om Researches te publiseer. Wat presies die waarheid is, is moeilik om te bepaal. Macmillan publiseer 'n volledige brief van mev. Philip gedateer 10 Mei 1828 wat lig op die saak werp.[57] Toe hierdie brief geskryf is, het Philip in die Verenigde Koninkryk rondgereis om geld in te samel vir die Londense Sendinggenootskap. In hierdie brief maak mev. Philip melding van al die vooraanstaande filantrope wat lede was van die Britse parlement vir wie sy op vergaderings hoor praat het en hieruit wil dit voor kom of sy dit doelbewus aan Philip geskryf het omdat hy op soek was na iemand wat die saak van die Hottentotte in die Parlement kon bepleit. Oor Buxton sê sy byvoorbeeld: „..... I wish he would stir himself a little on behalf of the Hottentots", en van Lord John Russell: „Lord John Russel is not what you would call a good speaker though a very pleasing looking man - he hesitates and appears at a loss for words - and I should not feel anxious for him to take up your cause unless he was thoroughly master of the subject". Hieruit kan afgelei word dat Philip op daardie stadium nog geen grootskaalse ondersteuning van die kant van die filantrope geniet het nie. Dié groep het hulle dus hoogs waarskynlik ná die

http://scholar.sun.ac.za

294/verskyning .....

---

57 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, pp. 56-57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskyning van Researches by hom aangesluit omdat Researches alreeds in April 1828 verskyn het. Mev. Philip se opmerking oor Buxton moet egter nie so opgeneem word dat hy niks vir die Hottentotte wou doen nie. Wat sy bedoel het, was dat Buxton hom met net soveel ywer op die verbetering van die Hottentotte se toestand as dié van die slawe moes toelê - wat blykbaar nie die geval was nie.

Uit die notule van die direkteure blyk ook dat die filantrope nie voor ná die verskyning van Researches vir Philip aktief bygestaan het nie. Daarin is nl. vóór 30 Junie 1828 geen verwysing in dié verband na Buxton of ander parlementslede nie.[58] Op hierdie datum het Philip die direkteure meegedeel dat Buxton op 10 Julie in die Laerhuis sou voorstel dat die Kommissie van Ondersoek se verslag oor die Suid-Afrikaanse inboorlinge gepubliseer word, en op Philip se aanbeveling is toe besluit:

http://scholar.sun.ac.za

„1. That a Deputation be appointed to correspond with the Colonial Department of His Majesty's Government in reference to the Memorial presented by the Society respecting the Missions in South Africa; and that such Deputation solicit the assistance of any members of the House that it may be thought proper to apply to, to give their parliamentary support to Mr. Buxton in his motion of the 10th of July for the production of the Reports

295 /of .....

---

58 L.M.S. Minutes of the Board of Directors, Book 20: Notule van 30 Junie 1828, pp. 309-310.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of His Majesty's Commissioners respecting the Aborigines in South Africa.

„2. That the Treasurer, Rev. Dr. Philip, Rev. Joseph Fletcher and W. Foulger, be the said Deputation; and that a copy of Dr. Philip's Researches in South Africa be presented to each member of Parliament who may be applied to by the Deputation".[59]

Deur hierdie besluit het die direkteure dus nie net hul steun nie, maar ook hul daadwerklike hulp, aan Philip toegesê. Kort tevore het die direkteure ook met Wilberforce en Buxton persoonlik kontak probeer maak deur hulle uit te nooi om die jaarvergadering van die Genootskap by te woon.[60]

Die gedagte om 'n boek te skrywe was vir Philip nie iets nuuts nie. In 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat Philip die manuskrip vir 'n boek getitel Philosophy of Christian Missions, waarin hy 'n uiteensetting van die toestand van die sending in Suid-Afrika sou gee, gereed gehad het, maar besluit het om dit nie te publiseer nie omdat die besluit om 'n Kommissie van Ondersoek na Suid-Afrika te stuur, hom laat hoop het dat hy langs dáárdie weg sy beoogde doel sou bereik. Dat hierdie beoogde publikasie die voorloper van Researches in South Africa was, blyk duidelik uit die volgende bewering wat Philip

http://scholar.sun.ac.za

296 /gemaak .....

---

59 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 20: Notule van 30 Junie 1828, pp. 309-310.

60 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 20: Notule van 6 Mei 1828, pp. 272 - 273.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemaak het: „I am in possession of all the secrets of the Colonial Government, all that has been passing between the Colonial Government of the Cape and Lord Bathurst's office and my intended publication will meet all the accusations which have been preferred against us at home".[61]

Researches in South Africa was 'n propagandastuk wat om geen ander rede geskryf is as om mense onder die indruk te bring dat die nie-blankes in Suid-Afrika wreed behandel is, dat die Sendinggenootskappe 'n opdraende stryd teen die koloniale owerhede gevoer het en dat die inboorlinge ryp was vir beskawing.

Buxton het nie op 10 Julie 1828 voorgestel dat die verslag van die Kommissie van Ondersoek in die Britse parlement ter tafel gelê moes word nie, want dan kon Bathurst die saak op die lang baan skuif deur te verklaar dat hy nie wis wanneer die verslag gereed sou wees nie. Philip en Buxton moes dit besef het, en dáárom het Buxton op 15 Julie 1828 voorgestel:

http://scholar.sun.ac.za

„That this House has observed with great satisfaction, that the original Natives of South Africa have always been recognised by the British Government as a free people, having a lawful abode in the Colony; and that the British Government has promised to protect their persons, property, and possessions, the same as those of other people:-

297 /That .....

---

61 Philip MSS. Macmillan Notes S216 A94: Ongeadresseerde en ongedateerde brief van Philip.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

That this House humbly solicits His Majesty to cause such instructions to be sent to the Colony of the Cape of Good Hope, as shall most effectually secure to all the Natives of South Africa the same freedom and protection as are enjoyed by other free people of the Colony whether English or Dutch:-

That this House further humbly requests His Majesty to order copies of extracts of the Special Reports of the Commissioners at the Cape of Good Hope, relative to the condition of the Hottentots and Bushmen; together with the papers given in to the Commissioners by Dr. Philip, and the Memorials addressed to the Colonial Office by the Directors of the London Missionary Society, to be laid before this House".[62]

Daar is 'n belanghttp://scholar.sun.ac.zaverskil tussen hierdie mosie en die oorspronklike mosie wat Buxton sou ingedien het. Enige mosie wat net gevra het dat die verslag van die Kommissie van Ondersoek in die Parlement ter tafel gelê word, kon deur die Koloniale Kantoor omseil word. Wat volgens Philip nodig was, was 'n mosie waardeur die Regering tot optrede gedwing word. Hierdie drieledige mosie sou vir die voorstellers daarvan die geleentheid biied om van die Regering optrede te eis.

In die eerste plek het dit die beginsel van die vryheid en gelykheid van die Hottentotte gestel. Indien dit aanvaar sou word, sou dit beteken dat die grondslag

298 /vir .....

---

62 British Parliamentary Debates, Second Series, XIX, 22 April 1828 - 28 Julie 1828, pp. 1693-1694.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die sukses van Philip se stryd gelê is. Enigiets wat strydig met hierdie beginsel is, sou dan onwettig wees. Maar dit alleen was nie genoeg nie. Daarom is in die tweede plek spesifiek gevra dat die Kaapse regering instruksies moes ontvang om vryheid en gelykheid te waarborg. Philip en sy vriende sou dan die Koloniale Kantoor kon warm hou totdat die instruksies gestuur is. Derdens is gevra dat sekere dokumente in die Parlement ter tafel gelê moes word. Dit is interessant dat die dokumente gespesifiseer is, en dat dit al die Philip-stukke sou insluit. Buxton en Philip het immers uit vorige ondervinding geleer dat wanneer bloot gevra word dat afskrifte en uittreksels uit dokumente in die Parlement ter tafel gelê word, soos wat Buxton in 1824 gedoen het, die Regering net dié stukke ter tafel lê wat hom pas.[63]

http://scholar.sun.ac.za

Die vraag ontstaan nou wáárom gevra is dat al die stukke in die Parlement ter tafel gelê word, as die eerste en tweede gedeelte van die mosie vir Philip voldoende geleentheid gebied het om sy doel te bereik? Die waarskynlike antwoord is dat Philip méér as net die vryheid van die Hottentotte beoog het. Hy wou ook die regstelsel en die regeringstelsel verander hê. Hy het geglo dat indien hy al sy dokumente aan die Parlement kon voorlê, dit nie slegs die posisie van die Hottentotte te berde sou bring nie, maar ook baie ander sake in

299 /Suid-Afrika .....

---

63 Philip, John: Researches in South Africa, II, pp. 245-246.

64 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, pp. 184 en 187.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrika: „I had warned the Colonial Government again, and again, against the measures they were pursuing. I told them that an adherence to the present system would compel me to carry my complaint home, and that they might rest assured, that if the question of the Missions came before Parliament, that one question would bring forward twenty colateral questions, which would bring all the affairs of the Colony under review".[65]

Toe Buxton se mosie aan die beurt kom, het hy geen uitvoerige rede ter verduideliking daarvan gelewer nie, omdat sir George Murray onderneem het om die mosie te steun indien Buxton nie 'n toespraak maak nie. Dit het soos volg gebeur. Nadat Buxton kennis gegee het van sy mosie het sir George Murray volgens Philip vir Buxton laat roep. Toe hy by hom op kantoor kom, was hy besig om Researches te lees. Hy sou toe vir Buxton gevra het om die mosie ses maande lank uit te stel. Toe Buxton dit nie wou doen nie, het Murray aangebied dat hy die saak direk na die kabinet sou verwys indien Buxton en sy vriende geen toesprake daaroor lewer nie. Buxton het dit met Philip bespreek en hulle het Murray se aanbod aanvaar.[66] Die mosie is sonder enige bespreking deur die Parlement goedgekeur en na die kabinet verwys.

http://scholar.sun.ac.za

Hiermee was die saak, wat Philip betref, glad nie afgehandel nie. Daar moes toegesien word dat die besluit

300 /uitgevoer .....

---

65 L.M.S. Africa Odds B6F1JB (Philip Papers): Philip - Burder, Maart 1825.

66 L.M.S. Africa Odds B7F5 (Philip Papers): Voyage to England - the success and bearing of the Hottentot question on the great slavery question, ff. 3-4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgevoer word. Die direkteure het besluit om self opvolgingswerk te doen. 'n Paar dae nadat die mosie deur die Laerhuis aangeneem is, het die direkteure besluit om Hankey af te vaardig om met sir George Murray 'n onderhoud te voer oor die uitvoering van die besluit.[67]

Die direkteure het soveel waarde aan dié besluit van die Laerhuis geheg dat hulle 'n spesiale dankdiens gereël het. Hierdie diens is op 28 Julie in die vorm van 'n biduur gehou.

Twee dae nadat Buxton die bogenoemde mosie ingedien het, het goewerneur Bourke Ordonnansie 50 aan die Kaap geproklameer. Hierdie ordonnansie het juis ten doel gehad om die wetlike vryheid van die Hottentotte duidelik te stel. Terwyl Philip in Engeland was, het daar dus aan die Kaap belangrike verwikkelinge ten opsigte van die Hottentotte plaasgevind.

http://scholar.sun.ac.za

In Maart 1826, nadat Philip alreeds na Engeland vertrek het, het generaal-majoor sir Richard Bourke by die Kaap aangekom om waar te neem as goewerneur. Hy het die rang van luitenant-goewerneur beklee. Hy was 'n godsdienstige man met sterk filantropiese inslag. Hy was nederig en vriendelik en gretig om die Kaap so te administreer dat sy hoofde tevrede sou wees met sy werk. Hy het hier baie probleme gevind: die stryd om die vryheid van die pers het voortgeduur; daar het 'n sterk agitasie vir selfbestuur ontstaan; die slawewette het moeilikhede

300 /opgelewer; .....

---

67 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 20: Notule van 21 Julie 1828, p. 321.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgelewer; en die toestand op die oosgrens was plofbaar.

In 1828 is twee belangrike ordonnansies aan die Kaap geproklameer, t.w. Ordonnansie 49 en Ordonnansie 50. Eersgenoemde word nie deur geskiedskrywers met dr. Philip in verband gebring nie, maar laasgenoemde wel. Om die waarheid te sê, die meeste geskiedskrywers beweer dat hy verantwoordelik was vir óf die ordonnansie as geheel, óf sekere bepalings van die ordonnansie óf ten minste die verskansing daarvan deur middel van die Koninklike Seël wat beteken het dat die ordonnansie slegs met die koning se goedkeuring herroep of gewysig kan word. (Sien voetnote 68 tot 74 en voetnoot 94).

Om te begryp wáárom dit hier gaan, moet die inhoud van Ordonnansie 50 kortliks weergegee word.

http://scholar.sun.ac.za

Artikel 2 van die ordonnansie het bepaal dat geen Hottentot verplig kon word om vir 'n kolonis te werk nie, en dat 'n Hottentot vir leeglêery gestraf kon word alleen nadat hy deur 'n hof skuldig bevind is.

Volgens artikel 3 kon enige Hottentot eiendom besit en dit weer verkoop. Artikel 4 het bepaal dat wanneer 'n kolonis 'n Hottentot vir slegs één maand in diens wou neem, dit deur 'n ooreenkoms tussen die twee partye gereël kon word. Kontrakte vir langer as een maand moes volgens artikel 5 skriftelik wees en sodanige kontrakte moes in die teenwoordigheid van 'n superintendent van polisie, 'n vrederegter of 'n persoon spesiaal daartoe aangestel, maar nie 'n magistraat nie, aangegaan word. 'n Kontrak kon nie vir langer as twaalf maande gesluit word nie. Artikel 6 het bepaal hóé dié kontrakte opgestel moes word.

302 /Artikel 7 .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Artikel 7 het Hottentotte teen nie-betaling van hul salarisse beskerm deur te bepaal dat die magistraat van 'n bepaalde distrik in só 'n geval die gemiddelde salaris van Hottentotte in daardie distrik moes bepaal. Die persoon wat in gebreke gebly het om salaris te betaal, moes dan voor 'n vasgestelde tyd die salaris soos deur die magistraat vasgestel, betaal.

Artikel 8 het die inboekstelsel tot niet gemaak. Volgens dié artikel sou géén vrou en kind onder agtienjarige leeftyd by 'n kontrak tussen 'n manlike Hottentot en 'n kolonis ingesluit wees nie. Artikel 9 het verder bepaal dat wanneer die Hottentot wat 'n kontrak gesluit het, te sterwe kom, sy vrou en kinders vry was om na hul eie goeddunke te handel. Artikel 10 het bepaal dat kinders se ouderdomme in die kontrak gespesifiseer moes word, terwyl artikel 11 bepaal het dat geen Hottentot onder die ouderdom van 18 jaar 'n kontrak mag sluit nie. Artikel 12 het 'n Hottentot wat 'n kontrak sluit die reg verleen om van sy kinders tussen die ouderdom van 7 en 18 jaar as arbeiders by die kontrak in te sluit.

Volgens artikel 13 moes Hottentotkinders wie se ouers te sterwe gekom het, of uit 'n kolonis se diens weggeloop het, binne 'n maand aan die naaste veldkornet, vrederegter of superintendent van polisie oorhandig word. Artikel 14 het voorsiening gemaak vir die versorging van sodanige kinders. Artikel 15 het bepaal dat géén kind ónder 18 jaar sonder sy ouers se toestemming verwyder kon word nie. Artikel 16 het voorsiening gemaak vir die versorging van kinders wat weens slegte behandeling van 'n werkgewer verwyder moes word.

303 /Artikels .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Artikels 17 en 18 het bepalings neergelê vir die registrasie van geboortes en sterfgevalle en die betaling van opgaafbelasing deur Hottentotte.

Artikels 19 en 20 het die prosedure in geval van geskille tussen 'n werkgewer en sy werknemers neergelê. Geskille waar die betwiste bedrag meer as 20/ (R2) was, moes deur 'n magistraat verhoor word. Artikel 21 het strawwe vir sekere oortredings deur Hottentotte voorgeskryf, terwyl artikels 22 tot 24 bepalings bevat het om die Hottentotte teen slegte behandeling te beskerm. So bv. is bepaal dat wanneer 'n Hottentot mishandel is, die magistraat hom van die bepalings van sy kontrak kon bevry. Die werkgewer moes dan die agterstallige salaris binne een-en-twintig dae betaal. Hottentotte wat nie genoeg geld gehad het om hul werkgewers weens vermeende slegte behandeling te vervolg nie, sou 'n gratis vervolging kon instel. As dit egter blyk dat sy klagtes vals was, sou hy 'n maksimum vonnis van veertien dae harde arbeid opgelê kon word.

http://scholar.sun.ac.za

Ordonnansie 50 is deur filantrope bestempel as die Magna Carta van die Hottentotte. Oor die presiese oorsprong van hierdie Ordonnansie is daar onsekerheid. Theal verklaar dat Andries Stockenström, op versoek van Bourke, 'n memorandum opgestel het oor hoe Hottentotte en ander vry gekleurdes op gelyke voet met blankes geplaas kon word. Hierdie memorandum sou deur Bourke goedgekeur gewees het en aan die hand daarvan sou regter Burton die ontwerp-ordonnansie opgestel het.[68] Dié besonderhede

304 /is .....

---

68 Theal, G.M.: History of South Africa, 5, p. 502.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is afkomstig uit die outobiografie van Stockenström.[69] Walker[70] en Cory[71] gee dieselfde inligting. Nie een van hulle maak melding van enige invloed wat Philip op Ordonnansie 50 gehad het nie. Grundlingh[72] en Gie[73] vermeld weer nie Stockenström se aandeel nie en sê dat dit Philip se werk was. Macmillan ontleen sy gegewens aan Stockenström, maar voeg daarby: „It is absurd to suggest, though Philip had been in England for two years, that the Ordinance was entirely uninfluenced by the previous agitation and the critisisms directed by him against the very practices that were now reformed".[74] Ter bewys noem hy die gesprekke wat in 1825 tussen Philip en Stockenström plaasgevind het. Hulle het toe die posisie van die inboorlinge bespreek en Macmillan beweer dat hulle vóór Philip se vertrek na Engeland „ some common basis" bereik het.[75]

http://scholar.sun.ac.za

305 /In .....

---

69 Hutchinson, C.W.: Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, pp. 286-291.

70 Walker, E.A.: A History of Southern Africa, p. 170.

71 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, pp. 366-371.

72 Van der Walt, Wiid en Geyer (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 250. (Grundlingh, M.A.S.: Vyftig jaar Britse Bestuur).

73 Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, p. 275.

74 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 213.

75 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 213.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In sy outobiografie beweer Stockenström dat hy op 3 April 1828 'n memorandum insake die toestand van die vry inwoners aan Bourke gestuur het. Hy wou graag die inboorlinge ophef en het verklaar dat die beperkings wat op hulle gelê is, hul ontwikkeling vertraag het. Hy wou aan die Hottentotte wat in die Kolonie gewoon het, volle burgerskap verleen en vir hulle persoonlike vryheid en die besit van private eiendom waarborg. Die passtelsel en die inboek van kinders moes ten opsigte van vry gekleurdes afgeskaf word. In soverre het Stockenström se opvattings met dié van Philip ooreengestem. Op ander punte het hulle egter verskil. Stockenström was byvoorbeeld ten gunste van passe vir nie-blankes wat nie in die Kolonie gewoon het nie, en 'n streng toepassing van wette wat teen leeglêery gemik was.

http://scholar.sun.ac.za

Ten einde te bepaal of Stockenström wel vir Ordonnansie 50 verantwoordelik was, moet ons ons ook na ander bronne wend. Bourke en Stockenström het in 'n interessante verhouding tot mekaar gestaan. Bourke is na Suid-Afrika gestuur om as Goewerneur waar te neem tot tyd en wyl 'n finale besluit oor Somerset geneem is. Stockenström is aangestel as kommissaris-generaal vir die oostelike gedeelte van die Kaapkolonie, die pos waarvoor Bourke bestem was voordat hy aangesê is om as goewerneur waar te neem. Dit is logies om aan te neem dat Bourke hom vir advies i.v.m. die oosgrens en die inboorlinge tot die ervare Stockenström sou wend.

Bourke self skryf soos volg oor die ontstaan van ordonnansie 50: „I had considered the subject shortly after my arrival in the Colony but delayed to bring forward

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

specific measures imagining the Commissioners of Enquiry were to report specially on the subject. No such report having been laid before the Colonial Government, it was thought advisable no longer to delay an enactment from which such beneficial consequences were to be anticipated".[76] In die ontwerp van hierdie brief kom daar 'n sinsnede voor wat in die finale brief weggelaat is, nl.: „I had considered the subject shortly after my arrival in the Colony, and had then framed several of the clauses".[77] Bourke het in Maart 1826 in Kaapstad aangekom en Stockenström het sy memorandum eers in April 1828 aan Bourke gestuur. Bourke het dus klaarblyklik op eie inisiatief begin dink aan 'n maatreël om die Hottentotte se posisie te verander. Dit was egter Stockenström se memorandum wat die deurslag gegee het, en die feit dat die sinsnede „had then framed several of the clauses" in sy finale brief weggelaat is, is waarskynlik 'n aanduiding dat die werklike formulering nie deur Bourke gedoen is nie.

http://scholar.sun.ac.za

In die Bourke-stukke in die Rhodes House-biblioteek is drie briewe van Stockenström aan Bourke wat bewys watter belangrike invloed Stockenström op Bourke se administrasie uitgeoefen het. Op 9 Januarie 1828 skryf Stockenström bv. aan Bourke dat hy onmiddellik na Kaapstad vertrek en dat hy geëerd voel dat sy advies deur die Goewerneur verlang word.[78] In 'n vertroulike brief van

307/24 April .....

---

76 Bourke's Letter Books, III: Bourke - Miles, 31 Oktober 1828, p. 144.

77 Bourke's Letter Books, III: Bourke - Miles, 31 Oktober 1828, p. 142.

78 Bourke's Letter Books, VII: Stockenström - Bourke, 9 Januarie 1828, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24 April 1828 verwys hy na h vrooëre brief van Bourke en verklaar dan dat hy sy opinie oor „die ontwerp" aan Bourke stuur. Stockenström sê nie waaroor die betrokke ontwerp gaan nie, maar met verwysing daarna verklaar hy: „I fully agree with your honor that the statute should not come out before another very well digested one, about Passes, Vagrancy and so; but I still hope that all these may appear before we hear of your successor".[79] Hierdie brief verwys waarskynlik nie na Ordonnansie 50 nie want Stockenström het sy memorandum op 3 April 1828 aan Bourke gestuur en dit is baie onwaarskynlik dat Stockenström alreeds op 24 April die ontwerp van die Ordonnansie kon besit het. Die ander Ordonnansie waarna Stockenström verwys, is waarskynlik Ordonnansie 50 omdat hierdie ordonnansie juis handel oor passe en leeglêery. Dit kon nie Ordonnansie 49 gewees het nie omdat hierdie ordonnansie op daardie tydstip reeds gefinaliseer was en nog net deur die Britse regering bekragtig moes word. Dit is moontlik dat Stockenström hier verwys na h ontwerp-ordonnansie wat nooit geproklameer is nie. Bourke was naamlik van plan om h proklamasie uit te vaardig waardeur Hottentotte in die nabyheid van dorpe geplaas sou word om as arbeiders beskikbaar te wees, om onder die beskerming van die magistraat en die predikante te staan en om die voordeel van skole te geniet.[80] Stockenström het ook

http://scholar.sun.ac.za

308 /besondere .....

---

79 Bourke's Letter Books, VII: Stockenström - Bourke, 24 April 1828, p. 77. Gemerk Private.

80 Bourke's Letter Books, IX: Remarks by Bourke on a pamphlet written by Chase, pp. 27-28; en Bourke's Letter Books, III: Bourke - Miles, 31 Oktober 1828, p. 144.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besondere aandag aan die behoefte aan arbeiders gegee. In 'n brief gedateer 21 Junie 1828 het Stockenström weer, op versoek van Bourke, sy opinie oor 'n ontwerp-ordonnansie in verband met die slawe gestuur. Die vorige jaar was daar ook 'n noue kontak tussen Stockenström en Bourke oor die formulering van Ordonnansie 49.[81]

In sy outobiografie meld Andries Stockenström dat hy in 1854 tydens die sitting van die Wetgewende Vergadering onomwonde verklaar het dat die idee van Ordonnansie 50 by hom ontstaan het.[82] Terselfdertyd beweer hy dat Burton vir die formulering daarvan verantwoordelik was. In die Bourke-dokumente word verklaar dat die ontwerp-ordonnansie aan Burton gestuur is en dat hy slegs enkele wysigings voorgestel het.[83] Regter Truter het ook die ontwerp bestudeer en enkele veranderinge aanbeveel, bv. dat dit ook op die Boesmans van toepassing gemaak moes word.[84]

http://scholar.sun.ac.za

Intussen het die direkteure van die Londense Sendinggenootskap by die Koloniale Kantoor daarop aangedring dat uitvoering gegee moes word aan die Parlementsbesluit van 15 Julie 1828. Op 13 Oktober 1828 het die direkteure 'n brief in dié verband aan sir George Murray goedgekeur.

309 /Hulle .....

---

81 Bourke's Letter Books VII: Stockenström - Bourke, 21 Junie 1828.

82 Hutton, C.W.: The autobiography of the late Sir Andries Stockenström, I, p. 291.

83 Bourke's Letter Books, VII: Burton - Bourke, 22 Junie 1828, p. 138. Gemerk Private.

84 Bourke's Letter Books, VII: Truter - Bourke, 28 Junie 1828, p. 145. Gemerk Private.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle het toe alreeds van Ordonnansie 50 gehoor, maar nog geen insae daarin gehad nie. Nogtans het hulle verklaar dat dit nie aan die vereistes van die Parlementsbesluit voldoen nie, omdat dit slegs sekere regte aan die inboorlinge toegeken het.[85] Die direkteure het dit nogeens onder Murray se aandag gebring dat Philip vir 'n onderhoud beskikbaar was.

Die eerste stap wat die Minister van Kolonies ná die Parlementsbesluit geneem het, was om die nuwe Goewerneur, sir Lowry Cole, wat in September 1828 sy amp aanvaar het, in kennis te stel dat die Koloniale Kantoor, as gevolg van die verskyning van Researches, baie belangstel in die toestand van die Hottentotte en die Boesmans. Aan Cole is verder opdrag gegee om die proklamasie van 1809 (sic!) wat voorsiening gemaak het vir die inboek van Hottentotkinders wat gebore is terwyl die ouers by 'n boer in diens was, te herroep.[86] Dit gee vir ons 'n aanduiding van hóé sir George Murray van plan was om die Parlementsbesluit uit te voer. Die inligting wat tot sy optrede gelei het, is uit die Researches gekry.

http://scholar.sun.ac.za

Nadat sir George Murray die bepalinge van Ordonnansie 50 bestudeer het, het hy verklaar dat dit ten volle uitvoering gee aan die Parlement se besluit.[87] Philip was egter nie daarmee tevrede nie. In 'n dokument wat hy teen die einde van sy lewe opgestel het maak hy sekere bewerings oor wat

310 /gebeur .....

---

85 C.O. 48/126 (P.R.O.) Letters received from Offices: Hankey - Murray, 5 November 1828.

86 G.H. 1/15 Despatches General received from the Secretary of State: Murray - Cole, 3 Augustus 1828.

87 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B11F3JB: Hay - Hankey, 26 Maart 1829.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebeur het nadat hy van Ordonnansie 50 verneem het:[88] „.... the 50th Ordinance, drawn up by the acting Governor, Sir Richard Bourke, Captain (now Sir Andries) Stockenström, an (sic!) Dr. Wright reached Downing Street, and were sent to me by His Majesty's Ministers.

„Being requested by Ministers to give my opinion on it, and having stated my views, I was allowed time to consult my Friends respecting it". Hy sou toe sy mening op skrif gestel het en o.a. beswaar gemaak het teen die feit dat daar 'n afsonderlike wet vir die inboorlinge gemaak is. Verder meld hy dat die Koninklike Seël, op sý aandrang, op die wet geplaas is. Hierdie uiteensetting is woordeliks deur Macmillan as ware feite oorgeneem.[89]

http://scholar.sun.ac.za

Philip maak hierin drie bewerings wat nie waar is nie. Eerstens het die Koloniale Kantoor in Londen nooit 'n afskrif van Ordonnansie 50 aan Philip gestuur nie.[90] Tweedens is Philip nooit deur enige minister gevra om sy mening oor hierdie ordonnansie aan hulle te gee nie. Philip was, soos ons aanstons sal sien, ook nie verantwoordelik vir die feit dat die Koninklike Seël op Ordonnansie 50 geplaas is nie. Uit 'n skrywe van Hankey aan Murray, blyk dit dat Ordonnansie 50, as komende van die Kaapse regering, vir Philip en sy vriende 'n groot teleurstelling was want dit

311/sou .....

---

88 L.M.S. Africa Odds 87F5 (Philip Papers): Voyage to England - the success and bearing of the Hottentot question on the great slavery question, ff. 6-9.

89 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 219.

90 C.O. 48/132 (P.R.O.) Letters received from Offices: Memo of a conference between Mr. Hankey, Dr. Philip and myself, 13 January 1829.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou die indruk gelaat het dat hul agitasie heeltemal onnodig was.[91]

Op 3 Desember 1828 het Philip sy mening aan die Koloniale Kantoor gestuur.[92] Sy besware teen die ordonnansie was veelvuldig; t.w.:

1. Dit kon beskou word as 'n verbetering op vorige wetgewing, maar ernstige besware is onaangeraak gelaat. Artikel 2 erken bv. die reg van die Hottentotte om presies dieselfde beskerming voor die wet te geniet as die blanke koloniste, maar die besonderhede wat daarop volg, impliseer dat die nieblankes nie volgens die beginsels van die Regsoktrooi („Charter of Justice") van 1826 behandel sal word nie. In die lig van die besluit van die Laerhuis kon die [illegible] dus nie goedgekeur word nie. (Langs die kantlyn is in potlood geskrywe: „No!")

http://scholar.sun.ac.za

2. Sy vernaamste beswaar teen die ordonnansie was dat dit 'n afsonderlike stuk wetgewing vir die nieblankes was omdat dit slegs oor die regte van nieblankes handel. Hy betoog: „It is obvious that any system of separate legislation for the coloured population, however humane many of its provisions might be, would still leave them in the hands of the Colonial Government, and prove as injurious to the Colonists as to the Natives by keeping them in the state of a separate and degraded class of

312/labourers". .....

---

91 C.O. 48/126 (P.R.O.) Letters received from Offices: Hankey - Murray, 5 November 1828.

92 C.O. 48/127 (P.R.O.) Letters received from Individuals: Philip - Murray, 3 Desember 1828. (Macmillan maak slegs vlugtig melding van hierdie besware.); Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 219.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

labourers". Dit sou volgens hom 'n uiters betreurenswaardige toestand van sake wees indien daar in 'n land verskillende wette vir armes en rykes bestaan. (In 'n kantaantekening staan: „Such laws are universal".) Aparte wetgewing, sê hy, is die grondoorsaak van die onder-ontwikkelde toestand van die Kaapkolonie. Omdat die sendingstasies die enigste plekke is waar die inboorlinge vryheid en beskerming kan geniet, moet hulle voortgaan met hul noodsaaklike werk in belang van die Kolonie se vooruitgang. Al die struikelblokke in die weg van die inboorlinge se vooruitgang kan uit die weg geruim word deur aan hulle gelyke regte met die blankes te verleen: „By putting the Natives under the same laws as the Colonists, whether Dutch or English, the British Government will teach the former to respect themselves, and thus by forcing the Colonists to respect them, a foundation will be laid for the amalgamation and the elevation of both classes".

http://scholar.sun.ac.za

Hierdie stelling van Philip word egter in sy volgende paragraaf weerspreek want hy beweer dat die „chicanery of the white inhabitants, especially in reference to agreements for labour etc." bewys hoe noodsaaklik afsonderlike wette vir die nie-blankes is. (Kantaantekening: „How does this consist with the preceding paragraph".)

Philip erken dat 'n sekere mate van afsonderlike wetgewing nodig is, maar dan is dit „..... of still greater importance to abstain from all separate legislation not absolutely requisite, lest the feeling and prejudices of separate <u>caste</u> be thereby fostered and perpetuated". In die lig hiervan is artikel 2 dus dubbelsinnig, beweer hy.

313 /Dit .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het óf ten doel om die Hottentotte te beskerm, óf dit is só bewoord dat dit bloot die ou stelsel van onderdrukking of 'n subtiele wyse bedek. In die volgende sin gooi hy weer die hele redenasie oor wáárom afsonderlike wetgewing nodig is, omvér deur te verklaar dat al wat nodig is, is om die bepalings van die Regsoktrooi van 1826 van toepassing te maak op die inboorlinge. (Kantaantekening: „How can these two sentences be reconciled?")

3. Sedert die Kaapkolonie deur Engeland oorgeneem is, is 'n hele aantal proklamasies uitgevaardig met die doel om die inboorlinge te bevoordeel, maar in die praktyk het daarvan nie veel tereggekom nie. (Kantaantekening: „No. Order of the King in Cl. will forbid it".) Die vraag is nou of hierdie ordonnansie nie dieselfde weg sal volg nie. Dit sal nie kan gebeur as die belange van al die klasse in één oktrooi onder dieselfde wette saamgevat word nie, aldus Philip.

http://scholar.sun.ac.za

Philip was nie 'n voorstander van die gedagte om die Koninklike Seël op die wet te plaas nie, omdat dit slegs 'n sekere mate van beskerming aan die wetlike vryheid van die Hottentotte sou verleen: „ .... but when we consider how former Governors, from the representations of the white Colonists have been exposed to the liability, which future Governors will not be less under, of being deceived in the same way, I am seriously apprehensive that any humane enactments founded on any security short of that on which the rights of the white Colonists rest, would prove a very feeble barrier against the powerful and almost

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

overwhelming tide which would constantly be setting against it".

4. Die blote afskaffing van die passtelsel is vir Philip nie genoeg nie. Wat nodig is, is 'n bepaling „ .... that no restrictions, as it regards the law of passes, is to be imposed upon the Hottentots and other free coloured population to which the white Colonists are not subjected".

5. Philip het dit ook téén die feit dat die ordonnansie voorsiening maak vir spesiale strawwe indien nie-blankes valse klagtes indien. Hulle moet dieselfde strawwe as die blankes kry, sê hy.

6. Hy maak ook beswaar teen die feit dat die ordonnansie nie bepaal dat 'n Hottentot wat in die skuld raak, nie verplig kon word om te werk nie. Die Hottentotte moet ook beskerm word teen beslaglegging op hul eiendom. Artikel 5 van die ordonnansie bepaal wel dat daar nie op sy beeste beslag gelê mag word nie, maar sy persoon word nie beskerm nie.

http://scholar.sun.ac.za

7. Philip kla ook daaroor dat die ordonnansie nie voorsiening maak vir die beskerming van sendelinge teen die inmenging van magistrate nie.

8. Die Kommissie van Ondersoek het aanbeveel dat grond opsy gesit moes word waar die Hottentotte hulle kon vestig met die doel om 'n nedersetting te begin waar ook voorsiening gemaak kon word vir hul onderwys en opvoeding. Dr. Philip se beswaar is nou dat Ordonnansie 50 hieroor niks sê nie.

315/9. .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9. Dr. Philip se laaste beswaar is dat die ordonnansie geen voorsiening vir die naturalisasie van inboorlinge in die Kolonie maak nie.

As ons let op hierdie besware, dan blyk twee dinge duidelik: In die eerste plek dat Philip se eie opvatting mank gaan aan gebreke. Hy was slegs van twee dinge heeltemal oortuig, nl. dat hy die inboorlinge teen die koloniste wou beskerm en dat hy die algehele gelykheid, vryheid en integrasie van die nie-blankes wou verseker. Oor die beste beleid om hierdie doelstellings te bereik, het hy nie 'n duidelike standpunt gehad nie. Dit word o.a. bewys deur sy weersprekings. In die tweede plek word dit duidelik dat Philip nie 'n groot aandeel in Ordonnansie 50 gehad het nie. Stockenström, met sy meer praktiese filantropisme, was nie bereid om so ver te gaan as wat Philip wou doen nie. Dit is dáárom dat Stockenström beweer het: „I confess myself equally remote from agreeing with those who maintain that the Hottentots are unfit to enjoy any extent of liberty, as with their opponents who consider them incapable of doing wrong, provided they were emancipated from the restraints which bind the rest of the community".[93]

http://scholar.sun.ac.za

316/Die .....

---

93 Papers relative to the condition and treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, within the Cape of Good Hope, or beyond the frontier of that Colony, 1835: Brief van Andries Stockenström, 20 Februarie 1827.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meeste geskiedskrywers beweer dat dr. Philip verantwoordelik was vir die feit dat die Koninklike Seël op Ordonnansie 50 geplaas is.[94] Ons het daarop gewys dat Philip self by geleentheid daarop aanspraak gemaak het. In die lig van sy derde beswaar teen Ordonnansie 50 moet hierdie bewering heroorweeg word. Dit blyk ook uit die volgende:

Nadat sir George Murray dr. Philip se besware deurgelees het, het hy dit na James Stephen, die regsadviseur van die Koloniale Kantoor, verwys. Tot 1825 het Stephen hierdie werk saam met sy privaat regspraktyk behartig, maar ná 1825 het dit so veel geword dat hy sy voltydse aandag daaraan moes wy. Sy invloed op die koloniale administrasie het sodanig toegeneem dat hy deur die Wakefieldiaanse hervormers „Mr. Over Secretary Stephen" en „Mr. Mother Country" genoem is. In die twintigerjare het Stephen heelwat met Kaapse aangeleenthede te doen gehad. Hy moes bv. die Koloniale Kantoor van advies bedien oor die talle hofsake tydens Somerset se bewind en veral ten opsigte van die moeilike posisie

http://scholar.sun.ac.za

317/wat .....

---

94 Cory, G.: The Rise of South Africa, II, p. 372; Theal, G.M.: History of South Africa, 5, p. 430; Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II, pp. 275-276; Walker, E.A.: A History of Southern Africa, p. 170; Schutte, C.E.G.: Dr. John Philip's observations regarding the Hottentots in South Africa, p. 109; Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 219; en Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, I (Grundlingh, M.A.S.: Vyftig jaar Britse Bestuur), p. 250.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat ontstaan het weens die verwarring tussen die Engelse en die Hollandse regstelsels. Hy moes ook besondere aandag gee aan wette ter verbetering van die slawe se toestand.[95] Hy was voorts verantwoordelik vir die Regsoktrooi van 1826 en die regulasies van die Raad van Advies.[96] Dit is dus duidelik wáárom Philip se besware na Stephen verwys is.

Stephen het aanbeveel dat die Koninklike Seël op die Ordonnansie geplaas word om te verhoed dat dit maklik herroep kon word.[97] Murray het op 15 Januarie 1829 die direkteure hiervan in kennis gestel. Hulle het eers op 30 Maart 1829 gereageer en h onderhoud tussen Philip en Stephen aangevra.[98] Philip en die direkteure was op daardie tydstip ten gunste van die Koninklike Seël, maar volgens Macmillan is die seël reeds op 15 Januarie 1829 op die Ordonnansie geplaas.[99] James Stephen was dus hiervoor verantwoordelik.

http://scholar.sun.ac.za

Stephen het dr. Philip se besware teen die ordonnansie verwerp, soos alreeds by implikasie blyk uit sy

318/kantaantekeninge .....

---

95 C.O. 48/61 (P.R.O.) Letters received from Offices and Individuals: Stephen - Horton, Julie 1823; C.O. 48/85 Letters received from Offices: Stephen - Hay, 23 Januarie 1826.

96 C.O. 48/73 (P.R.O.) Letters received from Offices: Stephen - Horton, 12 Januarie 1825.

97 C.O. 323/46 (P.R.O.) Original correspondence, Law Officers Reports on Colonial Acts: Stephen - Murray, 9 Januarie 1829.

98 L.M.S. Minutes of the Board of Directors Book 20: Notule van 30 Maart 1829, pp. 467-468.

99 Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question, p. 219.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kantaantekeninge by dié besware. Hy verklaar dat Ordonnansie 50 eintlik ses vorige Ordonnansies wat in belang van die vry gekleurdes uitgevaardig is, saamvat en die wetlike gebreke wat daarin was, uitskakel. Sy kommentaar handel ook oor heelwat van die klagtes wat in Researches[100] geopper is en bestaan uit die volgende opmerkings:

1. Hy gee toe dat die gelykheid van die Hottentotte nie met die hoogs moontlike wetlike presiesheid uitgedruk word nie, maar dit word wel duidelik geïmpliseer.

2. Die ordonnansie skiet te kort vir soverre dit nie vir spesifieke strawwe t.o.v. oortredings wat in die bepalings vermeld word, voorsiening maak nie. Persone wat byvoorbeeld die bepalings in verband met geskrewe kontrakte nie nakom nie, en amptenare wat versuim om rekords van kontrakte te hou, sou nie aan 'n vasgestelde straf onderhewig wees nie.

http://scholar.sun.ac.za

3. Philip se beswaar oor kinders wat ingeboek kon word, is nie heeltemal korrek nie. Dit is moontlik om die betrokke bepaling in die ordonnansie so te lees, maar dit moet ook saam met die ander bepalings gelees word.

4. Philip se beswaar dat die ordonnansie die samelewing in klasse verdeel, kan nie in 'n ernstige lig beskou word nie, omdat soiets noodwendig moet gebeur. As die Hottentotte en die blankes gelyk behandel

319/moet .....

---

100 C.O. 323/46 (P.R.O.) Original correspondence, Law Officers Reports on Colonial Acts: Stephen - Murray, 9 Januarie 1829.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet word, sal die swakker groep aan baie gevare blootgestel word.

5. Philip verwys voortdurend na die regte van die Hottentotte soos deur die Regsoktrooi bepaal, maar uié oktrooi het niks te doen met die beskerming van inboorlinge nie, aldus Stephen.

6. Stephen is ten gunste van die gedagte dat 'n arbeider wat sy werkgewer vals beskuldig, gestraf moet word. Hy gee toe dat die wet in hierdie opsig vir misbruike vatbaar is, maar dan net in dieselfde mate as wat enige ander wet vir misbruike vatbaar is.

7. Stephen gee ook toe dat in gevalle van skuld, die Hottentot se persoon beskerm moet word, maar nie, soos Philip wil hê, ook sy besittings nie, omdat dit die skuldeiser magteloos sal laat. Stephen wil egter nie hê dat die woord „persoon" in die ordonnansie ingevoeg moet word nie omdat dit maklik verkeerd geïnterpreteer kan word.

http://scholar.sun.ac.za

8. Die wet kon nie verhoed dat Hottentotte vir openbare dienste gebruik word nie. As hulle nie voldoende salaris ontvang nie, of mishandel word, dan is dit nie 'n fout van die wet nie, maar 'n leemte in die uitvoering daarvan.

9. Die toekenning van grond het niks met die wet te doen nie, maar word gedoen deur die koninklike prerogatief.

10. Na aanleiding van Philip se laaste beswaar teen Ordonnansie 50 verklaar Stephen dat geen wet of goewerneur die reg van naturalisasie kan toeken nie. Daar is geen rede waarom die voorregte van Britse burgerskap

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegeken sal word aan barbare wat slegs tydelik in die kolonie woonagtig is nie. Alhoewel Stephen baie simpatie met die filantrope gehad het, het hy dus nie hulle strewe blindelings onderskryf nie.

James Stephen se opinie het by die Koloniale Kantoor meer gewig gedra as dr. Philip s'n. Daarom het hulle geen veranderings aan Ordonnansie 50 aangebring nie. Alhoewel Philip nie vir die ordonnansie verantwoordelik was nie, was sy agitasie in belang van die Hottentotte die grootste enkele faktor wat daartoe gelei het dat daar gesoek is na 'n nuwe patroon waarvolgens die posisie van die Hottentotte en ander vry gekleurdes in die Kaapse samelewing bepaal kon word. Dit was sy uitdagende gesprekke met Stockenström wat laasgenoemde, juis omdat hy op sekere punte ernstig van Philip verskil het, geprikkel het om sy idees op skrif te stel en sodoende vir Philip sy opregte bedoelings te bewys.

http://scholar.sun.ac.za

Hóé sommige persone in Engeland oor Ordonnansie 50 gevoel het, word weerspieël in die volgende woorde onderaan 'n brief van John Campbell aan eerw. W. Orme:[101]

„Hottentots, freemen!!!"

„They should give Dr. Philip a golden cup to hand down to his descendents".

Hoewel Philip nie presies kon kry wat hy wou hê nie, het hy dit as bevredigend aanvaar en in 1829 na Kaapstad teruggekeer. Die eerste periode van dr. Philip se verblyf in Suid-Afrika was nou afgesluit. By sy aankoms in Kaapstad het 'n nuwe en stormagtiger periode begin.

---

101 L.M.S. South Africa Incoming Correspondence B11F2JC: Campbell - Orme, 4 Desember 1828.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BESLUIT.

Soos voorheen gesê, word die tydperk 1806-1847 in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekenmerk deur heftige filantropiese aktiwiteite. In die eeu en 'n half sedert 1652 is daar min aandag aan die verhouding tussen blank en nie-blank gegee. Reisigers het daaroor geskryf, maar in Europa en Engeland het dit min aandag geniet. Die koms van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het hieraan 'n einde gemaak. Die sendelinge het uitsluitlik onder die nie-blankes gewerk en weinig kontak met die gevestigde koloniste gehad. In hierdie opsig het hulle verskil van die sendelinge van die Suid-Afrikaanse en Wesleyaanse Sendinggenootskappe. Uit die staanspoor uit het sendelinge, soos Van der Kemp en Read, slegs aan die Hottentotte se belange aandag gegee. Waar dit met ander belange in Suid-Afrika gebots het, het hulle hulle op 'n fanatieke wyse vir die belange van die Hottentotte beywer.

http://scholar.sun.ac.za

Van der Kemp en Read het egter nie daarin geslaag om van hul klagtes 'n imponerende agitasie te maak nie. Dit was Philip wat daarin geslaag het om die strewe na vryheid en gelykheid vir Hottentotte tot die belangrikste aspek van die Londense Sendinggenootskap se werksaamhede in Suid-Afrika te verhef. Hy het verder daarin geslaag om die aandag van die Britse regering en die Britse publiek, en selfs Wes-Europese lande, daarvoor te verseker.

Die vernaamste rede waarom dr. Philip daarin geslaag het om soveel aandag op sy agitasie vir die Hottentotte gevestig te kry, moet gesoek word in die filantropiese gees van daardie tyd. In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat Philip hom alreeds vroeg in sy lewe tot die filantropisme aangetrokke gevoel het. Terwyl hy in Dundee werksaam was, en veral gedurende sy studie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jare aan die Hoxton Kollege het hy sterk onder die invloed van die „Evangelicalism" gekom. Sy ontvanklike geas is daar sterk beïnvloed deur „Evangelicals" soos Thomas Wilson, John Campbell en Thomas Fowell Buxton. Hierdie „Evangelicals", met hul agting vir die primitiewe mens en hul geloof in sy natuurlike goedheid, is gekenmerk deur 'n sendingywer en 'n begeerte om die lot van die slawe te verbeter.

Die moontlikhede wat Suid-Afrika vir Philip gebied het om hierdie ideale uit te leef, was een van die oorwegings waarom hy bereid was om na Suid-Afrika te kom. Philip was iemand met ambisie. Hy het spoedig na sy aankoms in Suid-Afrika besef dat hy sy aandag op die Hottentotte, en nie op die slawe nie, moes toespits. Hy het besef dat indien hy daarin sou slaag om die invloedryke filantrope in die Britse parlement te oortuig dat die Hottentotte hulle in 'n toestand van slawerny bevind, en dat hulle stryd vir die vrystelling van die slawe en sý stryd vir die gelykstelling van die Hottentotte basies dieselfde is, sy saak gewonne sou wees. Tyd en omstandighede het dus vir Philip gehelp om van dit wat oorspronklik die klagtes van sendelinge en Hottentotte was en wat, soos in Hoofstuk 5 aangetoon is, nie op sterk gronde berus het nie, tot 'n agitasie te verhef wat gelyk gestaan het aan die stryd vir die vrystelling van die slawe.

http://scholar.sun.ac.za

Dr. Philip was 'n man met 'n sterk persoonlikheid en 'n vasberade wil om sy doel te bereik. Dáárom het hy volgehou met sy pogings om die direkteure van die Londense Sendinggenootskap oor te haal tot 'n aktiewe deelname aan sy stryd en het hy nie geskroom om die Koloniale Kantoor met briewe en memorandums te oorlaai nie. Dit het egter ook veroorsaak dat hy nie geskroom het om oneerbare metodes en vals gegewens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te gebruik nie. Toe hy besef het dat hy nie vir Donkin en Somerset tot sý standpunt kon oorhaal nie, het hy nie geskroom om hom met alle middele tot sy beskikking teen die Kaapse regering te verset nie. Gevolglik het hy hom in die politiek begeef en daarmee die saak van die Londense Sendinggenootskap groot skade aangedoen.

Philip het nie geskroom om hom teen persone van hoë gesag te verset nie. Hy kon dit doen omdat hy oor die vermoë beskik het om maklik met mense bevriend te raak en ŉ uitgebreide en invloedryke vriendekring op te bou. Dit is opmerklik hoeveel vriende hy aan die Kaap en in Engeland gehad het wat gewillig was om hom op hoogte van sake te hou.

Die meeste sendelinge wat in Suid-Afrika werksaam was, het weinig opleiding gehad. Philip was ŉ uitsondering. As daarby in aanmerking geneem word dat hy oor ŉ buitengewone werkvermoë beskik het, en dat hy die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika só gereorganiseer het dat hy sy vinger op die pols van elke saak gehad het, dan is dit begryplik dat hy ŉ posisie van mag en aansien beklee het. Hy was ook ŉ goeie prediker en ŉ boeiende spreker. Dit het hom in staat gestel om aan die Kaap in die kalklig te verkeer. Omdat hy ambisieus was, het hy hom met baie dinge, soos bv. die biblioteek, die Suid-Afrikaanse Kollege, die pers, die „Literary and Scientific Society" en ander openbare ondernemings wat geen verband met sy werk gehad het nie, besig gehou - ŉ aspek van sy werksaamhede waaraan ons hopelik in ŉ volgende studie aandag sal gee.

Philip was besonder godsdienstig en het streng volgens die nougesette beginsels van sy groep geleef en byvoorbeeld die gebruik van drank en die hou van openbare vermaaklikhede afgekeur.

http://scholar.sun.ac.za

324/Hy .....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy het geen opposisie geduld nie en nie maklik erken dat hy gefouteer het nie. Hy het dikwels geskille wat ontstaan het ten gevolge van foute wat hy gemaak het, of 'n verkeerde standpunt wat hy ingeneem het, oneindig lank uitgerek en dit met 'n omhaal van woorde probeer verdoesel. William Boyce het hierdie eienskap in gedagte gehad toe hy verklaar het dat Philip „has some method peculiar to himself of reconciling a positive denial of facts, previously admitted, with that scrupulous regard to truth, naturally expected from his station as a minister of the Gospel".[1] Philip was ook lief om met woorde te speel en om deur dramatiese voorstellings op mense se gevoel te speel.

Philip is deur baie gehuldig as die kenner van Suid-Afrikaanse toestande omdat hy die land so dikwels deurreis het. Hy was egter 'n swak whttp://scholar.sun.ac.za. Hy was die Hollandse taal nie magtig nie, en die wyse waarop hy die geskiedenis nagevors het, was nie slegs oppervlakkig nie, maar ook onbetroubaar. Hy het self gekla oor die min dokumentêre getuies oor die vroeëre behandeling en toestand van die Hottentotte en het toe hoofsaaklik op mondelinge oorlewering staatgemaak.

Voordat Philip en Campbell uit Engeland na Suid-Afrika vertrek het, het hulle met lord Bathurst 'n onderhoud gevoer. Na aanleiding daarvan het Philip tot die gevolgtrekking gekom dat die opdrag wat aan die deputasie gegee is hulle sou verplig om ook die politieke terrein te betree.[2] Daar was vir hulle net één van twee uitweë oop. Hulle moes óf die Kaapse

325/regering .....

---

1 Boyce, W.: Notes on South African affairs, pp. 9-10.

2 Philip, John: Researches in South Africa, I, p. 200.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

regering en die koloniste gelyk gee en die sendelinge vir die wantoestande verantwoordelik hou, óf hulle moes die Regering en die koloniste die skuld gee en dan in 'n ootsing met die Regering betrokke raak. In Hoofstuk 4 is daarop gewys dat Philip aanvanklik die Regering en die koloniste gelyk gegee het en die sendelinge en die direkteure van die Londense Sending genootskap van wanadministrasie beskuldig het. In Hoofstuk 5 is daarop gewys dat Philip kort daarna geheel en al van opinie verander het en die Regering en die plaaslike amptenare van onderdrukking beskuldig het. Daar is ook aangetoon dat Philip hierdie nuwe opvatting op die sogenaamde Bethelsdorp-korrespondensie gebaseer het. Hierdie korrespondensie was egter nie oortuigend genoeg om so 'n ommeswaai in Philip se houding te bewerkstellig nie. Wat waarskynlik gebeur het, was dat sendelinge van die Londense Sendinggenootskap vir Philip tot ander insigte gebring het deur daarop te wys dat hy, deur die Regering en die koloniste gelyk te gee, hul werk in diskrediet bring, en die Londense Sendinggenootskap, wat soveel lofuitinge oor hul wonderlike werk in Suid-Afrika gepubliseer het, belaglik maak in die oë van die Britse publiek.

http://scholar.sun.ac.za

Voor Philip se vertrek na Engeland in 1826 was hy redelik gewild onder die koloniste, o.m. omdat hy hom beywer het vir liefdadigheidswerk onder Britse setlaars en omdat hy hom aan die koloniste se kant geskaar het in hul stryd teen lord Charles Somerset. Ná die verskyning van sy Researches het hy hom egter in die teenoorgestelde posisie bevind. Die koloniste was nou woedend oor die wyse waarop hulle beswadder is en 'n anti-Philip gevoel het soos 'n veldbrand versprei. Die inhoud van die Researches, en die uitwerking wat dit aan die Kaap gehad het, val egter buite die bestek van hierdie verhandeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LITERATUUR EN BRONNE.

I. ALGEMENE LITERATUUR.

Agar - Hamilton, J.A.J.: The Native policy of the Voortrekkers. Kaapstad, 1928.

Bosman, Dr. F.C.L.: Drama en toneel in Suid-Afrika, I. Pretoria en Kaapstad, 1928.

Bulloch, J.: Centenary Memorials of the first Congregational Church in Aberdeen. Aberdeen, 1898.

Calder, J.W.: Scotland's March Post. Londen, 1945.

Cambridge History of the British Empire, VIII, Tweede Uitgawe. Cambridge, 1963.

Carlyle, J.E.: South Africa and its Mission Fields. Londen, 1878.

Clinton, D.K.: The South African Melting Pot. Londen, 1937.

Cory, G.E.: The Rise of South Africa, II. Londen, 1913.

Dale, R.W.: History of English Congregationalism. Londen, 1917.

http://scholar.sun.ac.za

Dale, R.W.: The Old Evangelicalism and the New. Londen, 1899.

De Kiewiet, C.W.: A History of South Africa. Oxford, 1941.

De Klerk, P.J.S.: Kerk en Sending in Suid-Afrika. Amsterdam, 1923.

Du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa. Londen, 1911.

Du Toit, F.J.G.: Georg Schmidt: The life and work of the first Missionary to the Hottentots in South Africa. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, jaartal onvermeld.

Egerton, H.E.: A Short History of British Colonial Policy. Londen, 1923.

Edwards, I.E.: The 1820 Settlers in South Africa. Londen, 1934.

Edwards, I.E.: Towards Emancipation: A study in South African Slavery. Cardiff, 1942.

Engelbrecht, J.J.: William Parker en die nedersetting van Ierse Setlaars te Clanwilliam in 1820. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch, 1953.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fletcher, I: The Fundamental Principle of the L.M.S. Getikte en ongedateerde manuskrip in biblioteek van Londense Sendinggenootskap.

Ffolliott, P. en Croft, E.L.H.: One Titan at a time. Kaapstad, 1960.

Gammie, A.: The Churches of Aberdeen. Aberdeen, 1909.

Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, 2. Stellenbosch, 1939.

Goodall, N.· The Fundamental Principle of the L.M.S.. Londen, 1945.

Groves, C.P.: The Planting of Christianity in Africa, I en II. Londen, 1948.

Halevy, E.: A History of the English People in 1815, I. Londen, jaartal onvermeld.

Hanekom, T.N.: Die liberale rigting in Suid-Afrika. Stellenbosch, 1951.

Heyns, H.A.: Die Kerklike werksaamhede van Abraham Faure. Opgeneem in Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, I.

Horne, C.S.: The story of the L.M.S. 1795-1895. Londen, 1894.
http://scholar.sun.ac.za
Keet, D.J.: Die Voortrekkers en die Sending. Pretoria, 1939.

Kuyper, Dr. A.: De Crisis in Zuid-Afrika. Pretoria en Amsterdam, 1900. Uit die Frans vertaal deur C.K. Elout.

Latourette, K.S.: A History of Christianity. Londen, jaartal onvermeld.

Lazarus, Z.J.: Die stigting en vroeë jare van die Suid-Afrikaanse Sendelinggenootskap 1799-1830. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch, 1948.

Long, Una: An index to authors of unofficial, privately-owned manuscripts relating to the History of South Africa 1812-1920. Kaapstad, 1947.

Lovett, R.: The History of the L.M.S., 1795-1895, I en II. Oxford, 1899.

Lucas, Charles: A Historical Geography of the British Colonies, IV. Oxford, 1913.

Mackenzie, A.M.: Scotland in Modern Times, 1720-1939. Londen, 1947.

Macmillan, W.M.: The Road to Self-rule. Londen, 1959.

Martin, A.D.: Doctor Vanderkemp. Londen, jaartal onvermeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Muller, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek. Kaapstad, 1948.

Overton, J.H.: The Evangelical Revival in the Eighteenth Century. Londen, 1898.

Pugh, S.S.: Sir Thomas Fowell Buxton. Londen, 1899.

Pullan, L.: Religion since the Reformation. Oxford, 1924.

Raikes, H.: Memoir of the life and services of vice-admiral Sir Jahleel Brenton. Londen, 1846.

Ritchie, L.: Biography of Thomas Pringle. Londen, 1834.

Schkolne, S.: The commission of enquiry at the Cape, 1823-1831. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, 1948.

Spoelstra, C.: Are the Boers hostile to Mission work? Londen, 1902.

Stephen, C.E.: The Right Honourable Sir James Stephen. Plek onvermeld, 1906.

Strauss, F.J.: Die Londense Sendinggenootskap en hul onderwys aan die nie-blankes, 1799-1836. Ongepubliseerde B. Ed-verhandeling. Stellenbosch, 1950.

Telford, J.: A Sect that moved the world. Londen, jaartal onvermeld.

Telford, J.: The life of John Wesley. Londen, 1936.

Theal, G.M.: History of South Africa, 5. Kaapstad, 1964.

Trevelyan, G.M.: England under the Stuarts. Londen, 1922

Van der Merwe, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806. Amsterdam, 1926.

Van der Merwe, P.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842. Den Haag, 1937.

Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1854). Kaapstad, 1938.

Van der Merwe, P.J.: Trek. Kaapstad, 1945.

Van der Merwe, W.J.: The Development of Missionary attitudes in the Dutch Reformed Church. Kaapstad, 1936.

Van der Walt, A.J., Wiid, A.J. en Geyer, A.L. (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, I. Kaapstad, 1951.

Viljoen, P.J.: Barrow en die Kaapse koloniste. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch, jaartal onvermeld.

Walker, N.L. (red.): Religious life in Scotland; from the Reformation to the present day. Londen, 1888.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Williamson, J.A.: A Short History of British Expansion, I en II. Londen, 1936.

Walker, E.A.: A History of Southern Africa. Londen, 1956.

II. BESONDERE LITERATUUR.

Bromley, W.P.: The Administration of Sir R.S. Donkin. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Rhodes Universiteit, Grahamstad, 1941.

Chase, J.C.: Some reasons for opposing the author of the „South African Researches". Grahamstad, 1836.

Davies, H.: A salute to the memory of Dr. John Philip 1775-1851 in three salvoes. Paarl, jaartal onvermeld.

Johnstone, A.M.: The judicial aspect of the 1823 Commission of Inquiry to the Cape of Good Hope. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, jaartal onvermeld.

Key, G.C.O.: Critical study of the administration of Lord Charles Somerset during 1821-1826. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Rhodes Universiteit, Grahamstad, 1935.

http://scholar.sun.ac.za

King, A.H.: Aspects of British Colonial Policy, 1825-1837, with particular reference to the administration of Sir Richard Bourke in Cape Colony and New South Wales. Ongepubliseerde D. Phil-verhandeling. Oxford, 1959.

Liebenberg, B.A.. Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch, 1941.

Liebenberg, B.A.: Vroeë pogings om die hottentotte op te voed. Ongepubliseerde M. Ed.-verhandeling. Stellenbosch, 1943.

Madden, A.F. Mc.: The attitude of the Evangelicals to the Empire and imperial problems, 1820-1850. Ongepubliseerde D. Phil.-verhandeling. Oxford, 1950.

Macmillan, W.M.: The Cape Colour Question. Londen, 1927.

Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1652-1937. Johannesburg, 1957.

Miller, A.K.: Plantagenet in South Africa. Kaapstad, 1965.

Philip, J.: Researches in South Africa, I en II. Londen 1828.

Philip, P.H.: A brief memoir on the origin of the Philip family in South Africa. Kaapstad, 1946.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Raum, W.J.: The Development of the Coloured Community at Genadendal under the influence of the Missionaries of the Unitas Fratrum, 1792-1892. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Kaapstad, jaartal onvermeld.

Roux, H.J.: Die toestand, verspreiding en verbrokkeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika, 1652-1713. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch, 1945.

Schutte, C.E.G.: Dr. John Philip's observations regarding the Hottentots in South Africa. Opgeneem in Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1940, I.

Williams, D.: The Missionary as Government Agent on the eastern frontier, 1818-1830. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van die Witwatersrand, 1953.

Williams, D.: The Missionaries on the Eastern Frontier of the Cape Colony, 1799-1853. Ongepubliseerde D. Phil-verhandeling. Universiteit van die Witwatersrand, 1959.

III. KONTEMPORÊRE WERKE.

http://scholar.sun.ac.za

Authentic copies of a correspondence which took place in consequence of a statement made at the general annual meeting of the Society for the relief of distressed settlers, in Cape Town, August 18, 1824, reflecting on the conduct and character of the Landdrost of Albany. Pamflet. Kaapstad, 1924.

Backhouse, James: A Narrative of a visit to the Mauritius and South Africa. Londen, 1844.

Backhouse, James: Extracts from the letters of James Backhouse whilst engaged in a religious visit to Van Diemensland, New South Wales & South Africa. Londen, 1842.

Barrow, J.: An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I en II. Londen, 1801.

Barrister at Law: An abridgement of Blackstone's Commentaries on the laws of England, in a series of letters from a father to his daughter, chiefly intended for the use and advancement of female education. Londen, 1822.

Bennet, James: The History of the Dissenters during the last thirty years (from 1808 to 1838). Londen, 1839.

Bird, W.W.: State of the Cape of Good Hope in 1822. Londen, 1823.

Blackstone, Sir William: Commentaries on the laws of England, I-IV. Oxford, 1765-1769.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Borcherds, P.B.: Bladen uit de Memoirs van Petrus Bochardus Borcherds. Kaapstad, 1907.

Boyce, W.B.: Memoir of the Rev. William Shaw. Londen, 1874.

Boyce, W.B.: Notes on South African affairs from 1834-1838. Londen, 1839.

Brown, G.: Personal adventure in South Africa. Londen, 1855.

Bunbury, J.F.: Journal of a residence at the Cape of Good Hope, with excursions into the interior and notes on the natural history, and the native tribes. Londen, 1848.

Burchell, W.J.: Travels into the interior of South Africa, I & II. Londen, 1822-1824.

Buxton, Charles: Memoirs of Sir Thomas Fowell Buxton. Londen, 1849.

Campbell, C.T.: British South Africa. Londen, 1897.

Campbell, John: Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society. Londen, 1815.

Campbell, John: Travels in South Africa, undertaken at the request of the London Missionary Society; being a narrative of a second journey into the interior of that country, I & II. Londen, 1822.

Chase, J.C. en Wilmot, A: A History of the Colony of the Cape of Good Hope. Kaapstad, 1869.

Colquhoun, J.C.: William Wilberforce: His friends and his times. Londen, 1866.

Eaton, S.N.: Journal of Sarah Norman Eaton from leaving London, June 22nd 1818, and of a voyage to the Cape of Good Hope. Pretoria, 1953.

Edwards, John: Reminiscences of Early Life and Missionary Labours. Londen, 1866.

Ellis, J.E.: Life of William Ellis. Londen, 1873.

Ellis, William: The History of the London Missionary Society. Londen, 1844.

Fawcett, J.: Account of an Eigheen Months Residence at the Cape of Good Hope in 1835-36. Kaapstad, 1836.

Godlonton, R.: A Brief Memoir of the Rev. John Ayliff, Wesleyan Missionary. Grahamstad, 1862.

Godlonton, R. en Irving, J.: Review of the condition of the frontier Hottentots from 1799-1851. Grahamstad, 1851.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gray, R.: Journals of two visitations in 1848 and 1850, I & II. Londen 1851.

Hutton, C.W.: The Autobiography of the late Sir Andries Stockenström, Bart, sometime Lieutenant-Governor of the Eastern Province of the Colony of the Cape of Good Hope, I & II. Kaapstad, 1887.

King, George: A Brief Historical Sketch of the Congregational Church formerly in George Street, Aberdeen, now in Belmont Street. Aberdeen, 1870.

Latrobe, C.I.: Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816 with some account of the Missionary settlements of the United Brethren. Londen, 1818.

Le Vaillant, F.: Reize in de binnenlanden van Afrika, langs de Kaap de Goede Hoop, in de jaren MDCCLXXX tot MDCCLXXXV, I-V. Leyden, 1791-1798.

Lichtenstein, H.: Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I en II. Uit die oorspronklike Duits vertaal deur Anne Plumptree. Van Riebeeck-Vereniging 10 en 11. Kaapstad, 1928 en 1930.

Merriman, N.J.: The Kaffir, the Hottentot and the frontier farmer. Londen, 1854.

Meurant, L.H.: Sixty years ago; or, reminiscences of the struggle for the freedom of the press in South Africa and the establishment of the first newspaper in the Eastern Province. Kaapstad, 1885.

http://scholar.sun.ac.za

Moffat, J.S.: The lifes of Robert and Mary Moffat. Londen, 1885.

Moffat, R.: Missionary labours and scenes in Southern Africa. Londen, 1842.

Moodie, D.: An inquiry into the justice and expediency of completing the publication of the authentic records of the Cape of Good Hope relative to the aboriginal tribes. Kaapstad en Londen, 1841.

Moodie, D.: Correspondence between Donald Moodie and the Rev. Dr. Philip relative to the production of alleged "official authority" for the statement that in the year 1774 the whole race of Bushmen or Hottentots who had not submitted to servitude was ordered to be seized or extirpated. Kaapstad, 1841.

Moodie, J.W.D.: Ten years in South Africa, I en II. Londen, 1835.

Nicholson, G.: The Cape and its colonists: with hints to Settlers. Londen, 1849.

Percival, R.: An account of the Cape of Good Hope. Londen, 1804.

Philip, J.: Memoir of Mrs. Mathilde Smith. Londen, 182

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip, J.: A reply to a pamphlet printed at the Government Press entitled "Authentic copies of a correspondence". Pamflet. Kaapstad, 1824.

Philip, J.: Case of the Rev. Dr. Philip. Pamflet. London, 1830.

Philip, J. en Clark, W.: Copy of a letter from Capt. William Clark, late of the 6th foot, to the Rev. John Philip relative to a statement made at a public meeting respecting the distress of the Harden family, with comment by Dr. Philip. Pamflet. Hackney, 1825.

Philip, J.: Documents originally published at the Cape of Good Hope. Pamflet. London, 1825.

Philip, R.: The Elijah of South Africa. London, 1851.

Philip, R.: The life, times, and missionary enterprise of the Rev. John Campbell. London, 1841.

Polson, Nicolas: A Subalterns sick leave or rough notes of a visit in search of health to China and the Cape of Good Hope. Calcutta, 1837.

Pringle, T.: Narrative of a Residence in South Africa. London, 1835.

Semple, R.: Walks and sketches at the Cape of Good Hope; to which is subjoined a journey from Cape Town to Plettenbergs Bay. London, 1805.

Reports of the Society for the Relief of Distressed Settlers. Kaapstad, 1825.

Shaw, B.: Memoirs of South Africa. London, 1840.

Shaw, W.: The story of my mission. London, 1860.

Sutherland, J.: Memoir respecting the Kaffirs, Hottentots and Bosjesmans of South Africa, I & II. Kaapstad, 1845-1846.

Sparman, Andrew. Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de landen van de Zuidpool, en rondom de waereld. Leyden, 1787.

Thompson, G.: Travels and adventures in South Africa. London, 1827.

Wardlaw, R.: What is death? A Sermon delivered on occasion of the recent death of the Rev. John Philip. Glasgow, 1852.

Wilson, J.: Memoir of Thomas Wilson. London, 1846.

IV. PERIODIEKE PUBLIKASIES.

Cape Argus, The, 16 Februarie 1928.

Cape Monthly Magazine, VII, Junie 1860.

http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cape Monthly Magazine, VIII, Julie 1860.

Cape Times, The, 10 April 1936.

Christian Magazine, April 1844.

Critic, The, Oktober 1934.

Evangelical Magazine, Augustus 1859.

Graham's Town Journal, The, 1831-1840.

Missionary Register, The, Januarie 1821.

Quarterly Bulletin of the Public Library, VI, September 1952.

Quarterly Bulletin of the Public Library, X, Junie 1956.

Quarterly Bulletin of the Public Library, XII, Junie 1958.

South African Commercial Advertiser, The, 1824-1830.

Transactions of the London Missionary Society, 1799-1829.

V. GEPUBLISEERDE ARBEIDE EN BRONNE.

http://scholar.sun.ac.za

Bird, J.: The Annals of Natal, I en II. Pietermaritzburg, 1888.

Case of Bishop Burnett, printed by Order of the House of Commons, 31 Mei 1826.

De Mist, J.A.: The Memorandum of Commissary J.A. de Mist. Engelse uitgawe versorg deur Kathleen M. Jeffreys, met 'n voorwoord deur S.F.N. Gie. Van Riebeeck-Vereniging 3. Kaapstad, 1920.

Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Kaapstad, 1930.

Moodie, D.: The Record, or a series of official papers relative to the condition and treatment of the Native tribes of South Africa. Fotostatiese reproduksies. Kaapstad, 1960.

Moffat, Robert en Moffat, Mary: Apprenticeship at Kuruman, being the journals and letters of Robert and Mary Moffat, 1820-1826. Uitgegee deur I Schapera. Londen, 1951.

Papers relative to the condition and treatment of the Native inhabitants of Southern Africa, within the Colony of the Cape of Good Hope, or beyond the frontier of that Colony, I en II. Londen, 1835.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Parliamentary Debates of the British House of Commons, 1820-1828. Londen, 1821-1829.

The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhof on the Cape. Transskripsie deur Margaret Ralling. Van Riebeeck-Vereniging, 1. Kaapstad, 1918.

Van Reenen, Dirk Gysbert: Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen, 1803. Geredigeer deur W. Blommaert en J.A. Wiid. Van Riebeeck-Vereniging 18. Kaapstad, 1926.

Wilberforce, R.I. en Wilberforce, S.: The Correspondence of William Wilberforce, I - V. Londen, 1838.

VI. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE.

A. STAATSARGIEF, KAAPSTAD.

1. GOVERNMENT HOUSE (G.H.).

G.H. 1/5 - G.H. 1/15 Despatches General received from the Secretary of State 1818-1829.

G.H. 23/5 - G.H. 23/9 Despatches General to the Secretary of State 1813-1832.

G.H. 26/12 Duplicate Despatches to the Secretary of State 1824.

http://scholar.sun.ac.za

G.H. 28/10 en G.H. 28/11 Enclosures to Despatches to the Secretary of State 1821-1826.

2. COLONIAL OFFICE (C.O.).

C.O. 90 Letters received from Sundry Commissions, Loan Bank, Orphan Chamber, Printing and Post Office and Consistories 1818.

C.O. 102 Letters received from Churches 1819.
C.O. 120 Letters received from Churches 1820.
C.O. 142 Letters received from Churches 1821.
C.O. 163 Letters received from Churches 1822.
C.O. 184 Letters received from Churches 1823.
C.O. 208 Letters received from Churches 1824.
C.O. 224 Letters received from His Majesty's Commission of Inquiry 1824.
C.O. 230 Letters received from Churches 1825.
C.O. 250 Letters received from His Majesty's Commissioners of Inquiry 1825.
C.O. 283 Letters received from Churches 1826.
C.O. 291 Letters received from Agents and Missionaries in the Interior 1826.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.O. 303 Letters received from Consistories Clergymen, Masters of the Grammar School 1827.
C.O. 338 Letters received from Consistories Clergymen, Masters of the Grammer School 1828.
C.O. 369 Letters received from Consistories Clergymen, Masters of the Grammar School 1829.
C.O. 381 Letters received from Consistories Clergymen, and Agents and Missionaries in the Interior 1830.
C.O. 2642 Letters received from Drostdy Uitenhage 1822.
C.O. 4447 Sir Rufane Donkin's collection of Missionary complaints 1820-1821.
C.O. 4448 Complaints against the Missionary Seidenfaden and inquiry into the same 1820 - 1821.
C.O. 4450 Papers relating to Mr. Parker's charges against Col. Bird and the Colonial Government 1824-1825.
C.O. 4838-4855 Letters Despatched General 1815 - 1826.
C.O. 5100 Letters Despatched Ecclesiastical and Schools 1828-1835.

B. PUBLIC RECORD OFFICE, LONDEN. (P.R.O.)

1. COLONIAL OFFICE (C.O.).

http://scholar.sun.ac.za

(i) Despatches received.

C.O. 48/2 Despatches received from Offices and Individuals 1807.
C.O. 48/3 Despatches received from Offices and Individuals 1808.
C.O. 48/8 Despatches received from Offices and Individuals 1810.
C.O. 48/12 Despatches received from Offices and Individuals May-Dec. 1811.
C.O. 48/30 Despatches received from Offices and Individuals 1815.
C.O. 48/38 Despatches received from Offices and Individuals 1818.
C.O. 48/50 Despatches received from Offices and Individuals 1820.
C.O. 48/56 Despatches received from Individuals 1821.
C.O. 48/59 Despatches received from Offices and Individuals 1822.
C.O. 48/61 Despatches received from Offices and Individuals 1823.
C.O. 48/66 Despatches received from Offices 1824.
C.O. 48/73 Despatches received from Offices 1825.
C.O. 48/75 Report on Sir Rufane Donkin's allegations against Lord C. Somerset's administration 1825.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.O. 48/85 Despatches received from Offices 1826.
C.O. 48/86 Despatches received from Individuals 1826.
C.O. 48/87 en 48/88 Mr. Parker's complaints against the Colonial Government and Colonel Bird 1820-1826.
C.O. 48/91 Commissioners of Inquiry - Report and evidence 1823-1826.
C.O. 48/93 Case of the Rev. Mr. Geary 1824-1826.
C.O. 48/94 Cases of Colonel Bird and Mr. Rivers 1824-1826.
C.O. 48/95 Cases of L. Cooke and W. Edwards; Libel on the Governor 1824-1826.
C.O. 48/100 Despatches received from Commissioners and others 1822-1825.
C.O. 48/113 Despatches received from Offices 1827.
C.O. 48/126 Despatches received from Offices 1828.
C.O. 48/127 Despatches received from Individuals 1828.
C.O. 48/132 Despatches received from Offices 1829.
C.O. 48/159 Letters received from Individuals 1829.

(ii) C.O. 324 Entry Books of Correspondence.

C.O. 324/75 Minutes by Earl Bathurst.
C.O. 324/77 - 324/79 Private letters from Hay 1825-1828.

(iii) C.O. 323 Original Correspondence.

C.O. 323/46 Original Correspondence, Law Officers Reports on Colonial Acts 1829.
http://scholar.sun.ac.za
C.O. 323/144 Private Correspondence of Hay.
C.O. 323/151 Private Correspondence of Hay.
C.O. 323/159 Private Correspondence of Hay.
C.O. 323/161 Private Correspondence of Hay.

(iv) C.O. 414 Commissioners of Eastern Inquiry.

C.O. 414/1 Journal of Proceedings and Register of Documents.
C.O. 414/2 Slaves and Slavery.
C.O. 414/9 Laws and Courts of Justice, Police and Goals, Missionary Institutions.
C.O. 414/10 Establishment returns, Civil, Judicial and Ecclesiastical 1823-1826.
C.O. 414/12 Miscellaneous Letters and Despatches addressed to the Commissioners 1823-1829.

(v) C.O. 49 Entry books of Correspondence.

C.O. 49/4 - 49/6 Letters from Commissioners of Inquiry to Miscellaneous Individuals.
C.O. 49/12 Despatches General from the Secretary of State 12 Nov. 1816-30 Des. 1822.
C.O. 49/14 Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals 21 Jan. 1820-27 Mei 1822.
C.O. 49/15 Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals 29 Mei 1822-10 Junie 1824.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.O. 49/17 Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals 10 Jan. 1824 - 23 Aug. 1825.
C.O. 49/18 Despatches from the Secretary of State to Offices and Individuals 23 Aug. 1825 - 30 Junie 1826.

C. ARGIEF VAN DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP, LONDEN (L.M.S.)

(i) L.M.S. South Africa Incoming Correspondence Boxes 1 - 13, 1797-1833.

(ii) L.M.S. South Africa Journals Boxes 1-4, 1798-1892

(iii) L.M.S. Africa South Outgoing Letters Box 1, 1822-1830.

(iv) L.M.S. Africa Odds.

Boxes 1 en 2 Miscellaneous Odds.
Boxes 3 en 4 J.J. Freeman Deputation Papers.
Boxes 5, 6 en 7 Philip Papers.
Box 8 Vanderkemp Papers.
Box 13 Miscellaneous Odds.

(v) L.M.S. Minutes of the Board of Directors 1795-1830. Dele Howeel dit? Aanlig meer as een

(vi) L.M.S. Incoming Correspondence Home Office 1795-1830.

http://scholar.sun.ac.za

(vii) L.M.S. Minutes of the Southern Committee, Africa and Madagascar 1826-1833. (Dit is ál uit hierdie reeks wat behoue gebly het).

D. ARGIEF VAN DIE WESLEYAANSE METODISTIESE SENDING-GENOOTSKAP, LONDEN (W.M.M.S.)

SOUTH AFRICA Box 1 1807-1822.
SOUTH AFRICA Box 2 1820-1825.
SOUTH AFRICA Box 3 1825-1830 Albany.
SOUTH AFRICA Box 4 1825-1830 Cape.

E. RHODES HOUSE BIBLIOTEEK, OXFORD.

(a) Philip MSS. Afr. S216, S217, S218, S219, S219 AB, S219C: Notes of the destroyed Philip Papers in the Library of the University of the Witwatersrand, by Prof. W.M. Macmillan.

(b) MSS. Afr. t7 Bourke, Sir Richard: Correspondence, Letter Books, etc. relating to his administration of the Cape of Good Hope, 1825-1828 (with additional manuscript material 1816-1845), 31 bande.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F. PARLEMENTSBIBLIOTEEK, KAAPSTAD.

(a) Philip MSS. 18103 lêer 12: Briewe van A. Faure aan dr. Philip.

(b) Philip MSS. 18092 lêer 1: Journal of a voyage to the Cape by John Philip.

(c) Philip MSS. 18098 lêer 7: Fragments of an autobiography by John Philip.

(d) Philip MSS. 18104 lêer 13: Documents re Bushmen.

G. SUID-AFRIKAANSE OPENBARE BIBLIOTEEK, KAAPSTAD.

(a) Campbell, John: Manuscript Diary of Travels in South Africa 1818-1819, drie bande.

H. ARGIEF VAN DIE AMERICAN BOARD OF COMMISSIONERS FOR FOREIGN MISSIONS, HARVARD UNIVERSITEIT, BOSTON, V.S.A.

Briewe van Philip aan die Sekretaris. (Fotostatiese afdrukke in besit van prof. dr. D.J. Kotzé).

http://scholar.sun.ac.za